# PREDIKERS EN HUL PREDIKING IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA.

'n Histories-homiletiese studie (1652 - 1860).

deur

HENDRIK DANIEL ALPHONSO DU TOIT
Bedienaar van die Woord te Bronberg,
PRETORIA.

Voorgelê ter vervulling aan die vereistes van Doctor Divinitatis in die fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

1 Desember 1947,
P R E T O R I A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Met dankbare hulde opgedra
aan my vrou
en aan die nagedagtenis van my vader.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

By die voltooiing van hierdie dissertasie is dit my 'n behoefte van die hart om almal wat meegehelp het om my studie met sukses te bekroon, te bedank.

In die eerste plek besondere dank aan my hooggeskatte promotor, prof. dr. D.J. Keet, vir sy simpatieke leiding en hulp in soveel opsigte. Sy fyne onderskeidingsvermoë en historiese sin het my baie gebaat.

Ek wil die teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria bedank vir sekere tegemoetkomings aan my betoon en die Universiteit dat hulle gewillig was om die status van my doktorale eksamen aan die Vrye Universiteit, Amsterdam, te erken. Dit is vir my voorts 'n eer om die eerste promovendus van die Teologiese Fakulteit Afdeling B te kan wees.

Graag dank ek ook prof. dr. S.P. Engelbrecht vir sy persoonlike belangstelling in my studie en vir die leen van boeke uit sy kosbare versamelings.
Ook ander vriende wat seldsame manuskripte ter insae aan my toevertrou het, word hiermee genoem.

'n Woord van waardering aan die bibliotekaris van die U.P., mnr. P.C. Coetzee, en sy personeel vir veel geduld met my. Ek kan ook nie swyg om die Voortrekkeruniversiteit geluk te wens met hul insig en ondernemingsgees om die waardevolle Africana-boekery van wyle prof. J. du Plessis aan te koop nie. Dit het vir die navorser hier in die Noorde onmisbaar geword.

Ek dank verder die Argivaris van die Kaapse kerk, ds. J.A.S. Oberholster, en dié van die Transvaalse kerk, dr. H.S. Pretorius, vir hul opofferende bystand.

Teenoor die kerkraad en gemeente van Bronberg wat my twee keer verlof toegestaan het om my onverdeeld aan die verhandeling te kan wy, bly ek ook innig dankbaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Bo alles my erkentenis aan God die Here wat die lamp van die studie gedurende die besige jare van 'n aktiewe bediening brandende gehou en aan my genade en krag verleen het om die vrug van my wetenskaplike arbeid voltooi te sien.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# INLEIDING.

## DIE OOGMERK EN WAARDE VAN HIERDIE STUDIE.

„Den 10 Maey int jaer 52 is hier gekomen, mit schip die Olifant, Joannes Backerus,[1] utgevaren van die Camer Amstelredam, end heeft hier de eerste predicatie gedaen op den 12 Maey ende ock op die selve tit het Heylige Avontmael des Heeren uthgedeilt."[2] So het die allereerste bediening van Woord en sakramente in Suid-Afrika plaasgevind! En die Kommandeur Jan van Riebeek volg in sy Dagboek die bede daarby: „De Almogende wil Zijnen genadigen segen over ons voor het te doene werk verleenen. Amen!"[3] 'n gebed wat die Here God in sy grote genade verhoor het. Net soos wanneer 'n mens 'n klip in 'n dam werp en die konsentriese kringlope al verder en verder beweeg totdat hulle by die wal wegdein, so het hierdie eerste ampsverrigtinge, hoe nietig by die aanvang, al gaande verreikende gevolge gehad, totdat die Woord verkondig en die Heilige Sakramente uitgedeel is in elke hoek van ons geliefde vaderland.

Veertien jaar later hou ds. Johannes Overney op 13 Oktober sy eerste preek op Stellenbosch oor die teks Jes. 52 v.7. „Hoe lieflijk zijn op de bergen de voeten desgenen, die het goede boodschapt, die den vrede doet hooren."[4] Ons ken die inhoud van sy rede nie, maar hy kon aan sy gehoor verduidelik het wat die agtergrond van sy tekswoord was. Die volk was in ballingskap en nou sien die profeet

in/......

---

1) Hierdie eerste prediker se naam is deur verskillende outoriteite verskillend gespel nl. Broukerius, Boukerius, Gualtherus Backerius, maar Johannes Backerus of Bakker is die juiste vorm. Sien Eerw. A. Dreyer: Jaarboek van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke 1931, 52.

2) Spoelstra: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika I.5, voortaan aangehaal as „Spoelstra".

3) Dagverhaal van Van Riebeek (Werken van het Historisch Genootschap, Utrecht, 1884) I.27.

4) J.I. Marais: Geschiedenis der N.G. Kerk in Z.A. (Stellenbosch 1919), 41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

in sy verbeelding die hardlopers wat met vluggevoet oor die berge kom om aan Israel te boodskap dat hulle verlos en gerepatrieer gaan word. Hy ag die voetstappe van sulke goeie bodes as lieflik. Van agter betrag bemerk ons ook hoe die boodskappers van vrede eers oor die Kaapse vlaktes en later deur die klowe van die bergreekse gedring het om die evangelie van bevryding te bring aan die blanke bewoners van Suid-Afrika en die tienduisende heidene wat hulle omring.

Dit is die oogmerk van hierdie ondersoek om 'n studie te maak van die boodskap wat deur die evangeliedienaars deur die eeue heen gebring is en in die amptelike prediking van die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika teruggevind word.

So'n studie kan sy waarde hê. Die geskiedenis van die evangelieprediking is nie minder leersaam as elke ander geskiedenis van die menslike denke en doen nie. Dit is 'n bydrae tot die kennis van die karakter van 'n volk, wat hom openbaar in die geestelike voedsel wat hy begeer, terwyl die volk in sy karakter ten goede of ten kwade verder deur die prediking beïnvloed word. So'n studie van die geskiedenis van die predikkunde leer ons ook die gehalte van die godgeleerdes ken, soos hulle openbaar word in die predikers wat deur hulle opgelei en voortgebring word. In hierdie navorsing vind ons 'n termometer om te ontdek op hoeveel grade die godgeleerde lewe in die verskillende tydvakke gestaan het en hoedanig die warmtegraad van die lewe van die gemeente was. En terwyl die manier waarop in 'n sekere periode gepreek is die opvatting van die toemalige Christendom laat ken, sowel as die dwalinge en gebreke wat in dié dae geheers het, bring hierdie geskiedenis nog 'n ander voordeel met hom. Dit waarsku ons teen afdwalinge waarin vorige geslagte geval het; dit leer ons die klippe ken waarop die Woordverkondiging kan strand en menigmaal gestrand het en verskerp ons oog om die regte koers te ontdek, waarin dit moet beweeg om die gewenste doel te bereik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

By/........

By hierdie ondersoek kom veral twee vrae te pas, waarin alle andere begrepe is nl. wat en hoe daar gepreek moet word. Die eerste vraag bepaal ons aandag by die inhoud van die preek, welke waarhede dit bevat en beklemtoon het. Die tweede vraag bring ons by die vorm waarin die Christelike inhoud aan die gemeente meegedeel word en die taal en styl waarin die denkbeelde uitgedruk is.

Terminus ad quem en indeling.

Hierdie verhandeling kan nie die hele veld dek van die oorsprong van die Kaapse Kerk tot die hede toe nie, maar behandel die geskiedenis van die evangelieprediking slegs tot die helfte van die neëntiende eeu. As ons die navorsing gerek het tot die toestand soos dit vandag in die Kerk is, sou ons nie tot die dieptes van ons ondersoek kon geraak het en so volle reg daaraan laat geskied het nie. Liewer as om die hele preekveld op te meet, staan ons langer stil by die bodem waarin die boom van ons hedendaagse prediking diepe wortels geskiet het.

As terminus ad quem het ons die helfte van die neëntiende eeu genoem. In die geskiedbeskrywing van die prediking is dit moeilik om duidelike afgebakende periodes te onderskei. Tog wil ons hier 'n nader datum aangee nl. die jaar 1860.[1] Toe het die stigting van 'n eie Teologiese Seminarie in die Ned. Geref. Kerk pas plaasgevind en sou die toekomstige predikers aldaar opgelei word. Voorheen moes hulle na Europa vir hul wetenskaplike vorming en is hulle prediking gekleur deur die kweekplek waar hulle studeer of die kerk waar hulle gestaan het. Die invloede van die buiteland het hulle na Suid-Afrika saamgebring. Toe die Kaapse Kerk egter sy eie Kweekskoollesse in 1860 op Stellenbosch begin en sy eie professore aanstel, is predikers opgelei wat 'n meer selfstandige en eg-Afrikaanse prediking sou laat hoor

al/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

1) Die offisiële opening het 1 November 1859 geskied.

al het 'n een en ander nog gedurig vir verdere bekwaammaking na Europa afgereis. 'n Nuwe periode sou dus aanbreek.

'n Ander beweegrede waarom ons 1860 as sluitsteen van hierdie studie gekies het, is dat die groot geestelike herlewing in daardie jaar in die Kerk uitgebreek het en die Woordverkondiging radikaal beïnvloed is. Die Metodisme het daarna sy spore wesentlik in die kanselwerk laat voel.

As ons nou na ons enigsins afgebakende preekveld terugkom en dit nader wil opmeet, dan vind ons heelwat moeilikhede om waterdigte periodes van mekaar te skei en om vasgestelde data te vind. Die preekwyse van 'n kerk word nie vasgelê en gereël deur sinodale besluite of dekrete van die owerheid nie. Hulle sal sekere homiletiese wense soms gee, maar uiteindelik berus dit by ander innerlike faktore wat die aard van die prediking gaan wees. Veral sal gelet moet word op die geestesstrominge wat van tyd tot tyd op ons universiteite en kerke beslag gelê het, soos die Piëtisme, die Rasionalisme en die Puritanisme. Dit is dan moeilik om te konstateer presies wanneer so'n rigting die geeste begin bekoor en wanneer dit sy invloed verloor het. Verder, al die predikers volg nie 'n sekere stroom nie, maar hou hulle by die ou paaie of volg 'n ander rigting. Tegelyktydig met di. M.C. Vos en H.R. van Lier, vurige Piëtiste, vind ons di. M. Borcherds en J.C. Berrangé, wat Supra-naturaliste was. 'n Ander beswaar wat die afronding van die verskillende tydvakke in ons geskiedenis van die evangelieprediking druk, is die feit dat sommige leraars se lewe en invloed oor 'n baie lang tydperk strek. Ds. Abraham Faure bv. staan met albei sy voete oor die grootste deel van die neëntiende eeu en kan by meer as een van ons tydvakke ingedeel word.

Daarom het ons besluit om vier algemene periodes uit die geskiedenis te vat soos 1652 - 1750, 1750 - 1800, 1800 - 1825 en 1825 - 1860 en dan slegs die hooftrek van die prediking by elkeen na vore te bring.



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Ons open die eerste afdeling met die koms van die eerste sieketrooster na die Kaap in 1652. Die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618, 1619) was in Nederland 'n gebeurtenis van die nabye verlede en het sy invloed in die kerk en sy prediking baie sterk laat voel. Nie dat dié Sinode belangrike besluite oor die verkondiging van die Woord geneem het nie, maar die besliste standpunt teen die Remonstrantisme en sy aanvaarding van die Formuliere van Enigheid het 'n kontrolerende gees uitgeoefen. Die prediking wat na Suid-Afrika oorgekom het, was dus beslis regsinnig en konfessiegebonde. Die analitiese metode het hom ook goed daartoe geleen. Maar die evangelieprediking was intellektueel opgeset en teen die helfte van die agtiende eeu het teen die dorre preekmanier reaksie gekom.

Van ongeveer 1750 af maak die Piëtisme sy verskyning in Suid-Afrika en vind hulle metode van die Skrifwaarhede voor te dra byval. Daar kom nou by enkele 'n merkbare verbetering van die preekwyse, waarin veel meer gloed sit en wat die volk in die gewete aangryp. Die bou van die preek bly nog die ontledende. Hierdie geestesstroming het sy woordvoerders tot binne die eerste kwartaal van die neëntiende eeu gevind, maar om praktiese redes sluit ons die periode af by die jaar 1800.

Die kenmerk wat veral in die tydsgewrig 1800 - 1825 vorentoe tree, is die Supra-naturalisme. Na die belydenisdwang van Dordt wat vir twee eeue heerskappy gevoer het, kom daar algaande 'n sug na vryheid en trap die Verligting sy spore in die kerk. Dit vind sy weerklank in die kansel, waar die sintetiese, maar ook die analities-sintetiese metode van preekbou, nou sy verskyning maak, met agtersetting van die ou Hollandse metode.

Hierdie suurdeeg sou in die tweede kwartaal van die neëntiende eeu nog deurwerk, maar daar is ook ander strominge wat om erkenning aanklop. Teenoor die gees van Liberalisme

sit/......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sit die groep van ortodokses hulle al meer skrap. Die kerk brei hom uit buite sy grense deurdat die Groot Trek na Natal en die Oorvaalse plaasvind. Aangesien predikante baie skaars was, het die Voortrekkers meesal gebruik gemaak van preekbundels en wel preke met 'n sterk piëtistiese inslag. 'n Ander hoofstuk is die toestroming van Skotse predikante van oorsee wat o.a. die bydrae van Puritanisme tot die prediking gelewer het, maar wie se oorkoms nie 'n ongemengde seën was nie. So het die Hollanders, Franse en Skotte elk 'n bydrae gelewer tot die vorming van 'n selfstandige Kerk in Suid-Afrika. Dit tref ons hoedat die dogterkerk al meer van die Moeder in Nederland gespeen word. Ons kenskets die periode 1825 - 1860 as een van oorgang en transisie tot selfstandigheid.

Ons bronne.

Dit spreek vanself dat die primêre bronne van hierdie ondersoek die homiletiese proewe moet wees wat vir ons nagelaat is. Hierdie akker is nie orals ewe dik beplant nie; veral in die sewentiende eeu is die oes baie skraal. Ons moet hier onderskei tussen gepubliseerde preke en dié wat in manuskripvorm bestaan. In Suid-Afrika met sy groot gemeentes en sonnige klimaat is die predikante geneig om in die praktyk van die evangeliebediening op te gaan en hulle meer toe te lê op die pastorale werk en die prediking as op die teologiese studie. Daarom is ons dankbaar vir preekbundels en preke wat in die loop van jare verskyn het en ons iets van die denkarbeid van ons leraars weergee. Hulle is egter nie volop nie, want daar bestaan geen wetsbepaling of argiefreëling waardeur preke vir die nageslag bewaar kan bly nie. Soms het 'n goewerneur of 'n kerkraad die wens uitgespreek dat 'n geleentheidsrede in druk moet verskyn.

In die reël is dit blote toeval dat 'n preek bewaar gebly het. Van twee gevalle weet ons waar die dominees instruksies gegee het om hulle nagelate preke te verbrand.

Da./....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Ds. J. Scholtz ( 1827) van Zwartland het gemeen dat sy opvolgers baie beter as hy sal preek en sy preke dus nie nodig sal hê nie. Sy kinders het twee ballasmandjies met ou predikasies verbrand.[1] Ds. J.J. Beck van Tygerberg is 'n tweede wat so'n versoek aan sy kinders gerig het.[2] Daar moet nog heelwat preke in handskrif by familielede van ons ou predikante en by ander wees, waarvan ons nie weet nie. Ek het 'n oproep in Die Kerkbode gemaak en om ou preke gevra, maar die poging was sonder enige vrug.

Wat ons preeklektuur as bronnemateriaal betref, moet nog twee dinge onthou word. Uit een preek kan 'n mens nie die ware preektrant van 'n dominee leer ken nie, daarom is dit verkiesliker om 'n preekbundel in die hande te kry. 'n Ander oorweging wat vasgehou moet word, is die feit dat die lewende stem en die voordrag, by die beoordeling van 'n predikasie van soveel belang, in ons studie buite rekening gelaat moet word.

As tweede bron van informasie vir ons ondersoek, noem ons ons tydskrifte. Nie alleen word preke hierin aangetref nie, maar allerlei wetenswaardighede word in verband met die kerklike lewe daarin teruggevind. In 1824 verskyn die eerste belangrike Hollandse tydskrif, Het Nederduitsch Z.A. Tydschrift, onder die redaksie van ds. A. Faure. Tot by die blad se sterfuur in 1843 het daarin gereeld preke verskyn. So ook in De Honigby (1838 - 1846), die eerste kerkblad, wat insgelyks uit sy bekwame pen gevloei het. De Gereformeerde Kerkbode sien die lig in 1849, word van 1880 - 1883 as De Christen geken en dra van 1884 af die naam van De Kerkbode of later Die Kerkbode.

Dit is belangrik om 'n klankbodem vir die prediking te vind, om te weet wat die reaksie van die gemeente op die gepredikte/........

---

1) De Gereformeerde Maandblad 1892. 14. Ons besit tog een preek van hom, 'n lykrede gehou by die begrafnis van ds. H.W. Ballot van Tulbagh, N.Z.A.T. 1828. 1 - 12.

2) A. Dreyer: Durbanville Souvenir, 40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gepredikte woord deur die jare was. Maar die tydskrifte kry ons die ou koerante, waar, veral in die korrespondensie-kolomme, die lesers vrye lug aan hul beskouings van die predikasies wat hulle gehoor het, gee. Verder het ons die Dagboeke van mense wat in daardie tyd geleef het, waarin hulle hul gewaarwordinge neerpen en soms aan die intiemste belewinge van die siel uiting bied. Lewensbeskrywinge is verder 'n nuttige bron in dié verband.

'n Mens sou dink dat die offisiële stukke van die kerk, die Acta van die Sinodes, Ringe en Kerkrade, weinig stof vir die geskiedenis van die predikkunde moet oplewer. Ja, dit is jammer dat met die bevestiging of uittree van 'n leraar net die teks van die intree — of afskeidspreek in die notule aangestip, sonder dat daar op die inhoud daarvan gelet word. Hier en daar egter het ons 'n uitspraak van 'n sinode, 'n besluit of 'n Herderlike Brief, wat aantoon hoe die wind in die preekhemel gewaai het. In die Acta Synodi se bylaes vind ons ook die openings- en sluitingsredes van feesredenaars.

'n Ander bron wat ons in hierdie studie aangeboor het, is die handboeke oor die geskiedenis. Die enigste gesaghebbende werk oor die verloop van die prediking in die Nederlandse Hervormde kerk is dié van dr. J. Hartog: Geschiedenis van de Predikkunde in de Protestantsche Kerk van Nederland. As 'n mens onthou dat Hartog 'n Doopsgesinde predikant was en dat sy boek reeds in 1861 die lig gesien het, dan moet ons aanmerk dat die tyd reeds lank aangebreek het om 'n geskiedenis van die Prediking in Nederland van uit 'n gereformeerde oogpunt te skrywe. Handleidings vir die Vaderlandse Kerkgeskiedenis is verder geraadpleeg. Die gedenkboekies van ons Kaapse gemeentes het ook geblyk waardevol te wees. Van tyd tot tyd het navorsers die stof van vergetelheid van die vergeelde dokumente afgeblaas en nog lewende getuies ondervra om die geskiedenis van die gemeente-

like/....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

like lewe vir die nageslag vas te lê. Eerw. A. Dreyer se naam sal in hierdie verband altyd genoem moet word.

Behalwe die preekproewe en die getuienisse omtrent die prediking sal in so'n ondersoek soos hierdie ook die teorieë, wat in die loop van tyd oor die homiletiek in ons vaderland uitgekom het, in aanmerking moet geneem word. Vir die tydsbestek wat ons behandel, is daar vir ons doel byna niks beskikbaar nie. Eers wanneer prof. N.J. Hofmeyr aan die Teologiese Seminarie sy kolleges oor die homiletiek begin gee, kom daar duidelike gedagtes hieromtrent van 'n Suid-Afrikaanse godgeleerde en lug hy soms sy teorieë in De Gereformeerde Maandblad, die mondstuk van die Kweekskool.

Norme vir die prediking.

Rekenskap word vervolgens geëis van die vernaamste homiletiese beginsels wat in hierdie studie in aanmerking kom. Dit sal nie gaan om die struktuur of inhoud van die partikuliere preek nie, maar die groot kenmerke wat al ons verkondiging behoort te dra.

In die eerste plek sal altyd gevra word of 'n leerrede Woordverkondiging is. Immers, dit is tog die wese van 'n preek, die uitlê en toepas van die Heilige Skrif met die oog op die opbou van die kerk. Dit gaan op die preekstoel nie om die prediker se gedagtes, sy menings of ervarings, waaroor hy moet uitwei nie, maar om die diakonia tou logou. Die versoeking is steeds groot om 'n onderwerp te behandel en die Woord daarby in te pas. Saam met hierdie hang die voorwaarde dat die Skrifverklaring belydenisgebonde hoort te wees. Die eksegeet moet die Bybel verstaan en uitlê volgens die konfessie van sy kerk en nie sy eie sienswyse in die preek lug nie. Die regte opvatting van die betekenis van die Heilige Skrif sal sy verkondiging gesag gee en draagkrag bysit. Noodlottig is dit wanneer die prediker se studeerkamer-opvatting van Gods Woord verskil van sy kansel-opvatting.[1]

Van/........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

1) G.B.A. Gerdener: Vereistes vir die Hedendaagse Prediking, in Die Gereformeerde Vaandel, Feb. 1939, p.12 v.v.

Van die preekstoel word ook aktualiteit verwag. Die gemeente moet nie net vir die hemel voorberei word nie, maar toegerus wees vir hierdie lewe. 'n Prediking wat nie met die hede rekening hou nie, hang in die lug. Die prediker staan met sy evangelie in die stroom van die tyd en moet daarom die lig van die Woord laat val op al die verskillende verhoudinge van die menslike bestaan. Hy dien rekening te hou met die gebeurtenisse in sy samelewing en die tekens van die tye, sodat dit soms sy tekskeuse vir die volgende Sondag bepaal.[1] Tydprediking beteken egter nie akkommodering aan die tydgees of aansluiting by alle moontlike beskouings nie, maar 'n wegwysing temidde van die warrelende winde van leer en lewe.

Om die boodskap aan die hart van Jerusalem tuis te bring, moet die leerrede bevattelik wees. Wat baat al die moeite van 'n preek voor te berei en te lewer, as dit nie verstaan word nie? Dwars deur die eeue word die neiging openbaar om op die kansel geleerde woorde en vae formuleringe te gebruik, wat by die hoorder nie inslaan nie. Eenvoud is 'n sine qua non vir 'n goeie prediking.

In die toepassing van 'n preek is dit nodig om onderskeidenlik te werk te gaan. Die predikant mag nie almal oor dieselfde kam skeer nie, maar onderskeid maak tussen hulle wat bekeerd is en hulle wat nog nie tot bekering gekom het nie. Almal is nie Israel wat uit Israel is nie.[2] 'n Goeie preek is sleutelbediening, dit moet die deur van die Koninkryk vir die hoorders óf oop- óf toemaak - oop vir die gelowiges en dig vir die ongelowiges en huigelaars. Die lyn moet duidelik en skerp getrek word sodat elkeen hom aan die prediking kan toets of hy aan die kudde van die Here behoort, ja of nee.[3] Die prediker moet dan weet wat in die siele van die toehoorders omgaan en die aangesig van sy kudde ken. Die ontdekkende/.....

---

1) Van Oosterzee: Practische Theologie I. 309 (uitgawe 1895); vgl. A. van Veldhuizen: Hoe te preeken in dezen tijd.

2) Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 303.

3) J. Overduin: Wat is een goede preek? by Credo, 2 Feb.1940.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ontdekkende karakter van die verkondiging, wat die sondaar aan homself ontdek, deurdat hy in sy gewete aangespreek word, mag dus nie ontbreek nie.[1)]

Die prediking hoort verder evangelies te wees. Nie alleen moet die sondaar op sy doemwaardigheid en sonde gewys word nie, maar die pad na die Kruis moet aan hom verduidelik word. 'n Goeie preek is steeds Christo-sentries. Die hoofdoel van die verkondiging van die evangelie is die opbou van die gelowiges en hulle voortskrydende heiligmaking, maar die bekering van die sondaar bly nie uit nie. Die prediker wat waarlik deur die liefde van Christus gedring is, sal gereeld hierdie oogmerke onthou en nie net tevrede wees met die lerende element van die predikasie nie, maar aandring by sy hoorders om in die regte verhouding met God te kom. Daar sal warmte in sy kanselwerk wees. Hy sal bekerings onder die geklank van die Woord verwag.

Die vorm van die preek moet in ooreenstemming met die inhoud, daar moet harmonie tussen verskyning en wese wees. Aan die uiterlike van die leerrede moet baie aandag geskenk word. Die geskiedenis het getoon dat die analities-sintetiese metode hom op die preekstoel die beste leen om die gedagte van God aan die mens tuis te bring. Die prediker behoort verder rekening te hou met die verhewe stof wat hy verhandel, sodat sy taal en styl nie platvoers is nie, maar verhewe en waar soos dié van die Bybel.

'n Laaste faktor wat in ons navorsing voortdurend op die voorgrond sal wees, is die persoon van die prediker. Dit is so belangrik wie die boodskap aan die gemeente bring, of die instrument rein en bevoegd is. In 'n sekere sin is hy 'n produksie van die waarheid in 'n persoonlike vorm en daarom hang soveel daarvan af of sy persoonlikheid geheilig is.[2)]

Sy/......

---

1) Hoekstra a.w. 307.

2) Van Oosterzee a.w. 269.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Sy agtergrond, sy opvoeding, sy godsdienstige ondervindings sal sy prediking kleur. As hy 'n getuienis het, gegrond op diepe oortuiging, 'n oortuiging gebore uit 'n persoonlike ervaring van Christus deur die Heilige Gees, dan sal hy, deur die instaatstelling van Omhoog, dit ver bring.

Afdeling A/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# AFDELING A.

## DIE PERIODE 1652 - 1750.

## PREDIKERS EN HUL PREDIKING ONDER INVLOED VAN DORDT.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK I.

## DIE PREDIKING IN NEDERLAND (1566 - 1750).

### By die aanvang.

Die eerste om 'n openbare leerrede in die ou Gereformeerde Kerk van Nederland uit te spreek was 'n corffmaecker", Jan Arendtz by name. Hy het op 14 Julie 1566 buite Hoorn sy preek gelewer en daar was 'n skare van toehoorders. Die monnike en die skout probeer om hulle te verjaag, maar sonder om daarin te slaag. „Het volk en ook eenige edellieden, die de preek aanhoorden, waren uitermate voldaan, en verwonderd hoe een mandemaker de Heilige Schrift zoo geschikt en bekwaam verklaarde en in een zoo lang sermoen, hetwelk omtrent vier uur duurde, zulk een goede orde gebruikte."

So lig die eerste Suid-Afrikaanse Kerkblad sy lesers in omtrent die aanvang van die Hervormde prediking in die Moederkerk. [1] Daar bestaan egter verskil van mening wie die eerste prediker was, want 'n erkende outoriteit op die gebied van die geskiedenis van die predikkunde sê dat dit Herman Modet was. Hy het in 1566 net buitekant Oudenaarden opgetree en die hoofinhoud van sy rede was: die verwerping van die dwalinge van die pousdom. [2] Dr. Th. Ruys ondersteun hierdie sienswyse in die Christelijke Encyclopaedie. [3] Hoe dit ook sy, dit blyk dat in die jaartal 1566 'n definitiewe begin gemaak is om die lig van die Woord wat so lank deur die Roomse heerskappy onder 'n maatemmer weggesteek was, aan die soekende skare in die Nederlande te bring. Lekepredikers het orals opgestaan om die Heilige

Skrif/......

1) De Honigby, maandschrift voor Godsdienstminnende lezers, 1839. 189.

2) Dr. J. Hartog: Geschiedenis van de Predikkunde in de Protestantsche Kerk van Nederland (Utrecht 1887), 21.

3) Sien Hagepreek, II. 438; ook Reitsma: Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden, 103. Hie die versamelde Nederlandse getuienisse moet dus voorkeur bo dié van De Honigby geniet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

skrif te verduidelik en op die hart en lewe van die hoorders van toepassing te maak. Hulle was eenvoudige ambagsmanne uit die volk geneem, maar het die kuns goed verstaan om hulle helder uit te druk en verstaanbaar te maak. Die genoemde Arendtz byvoorbeeld het dit eenkeer oor die leerstuk van die doop gehad en al die skriftuurplekke met so'n bekwame skikking verhandel dat die pape, wat uit nuuskierigheid kom luister het, van oordeel was dat hy die predikasie van elders gekry en uit sy hoof geleer het.

Hierdie buitelug-godsdiensoefeninge is hagepreke genoem omdat hulle binne 'n „haag" of omheining - dikwels deur waens gevorm - gehou is, wat as skans moes dien teen die aanvalle van die Spaanse soldate. Vir die voorbereiding en maak van so'n preek was daar nie veel tyd nie, maar die Gees het hulle in daardie uur kragtig bygestaan. Later is van die hagepredikers tot predikante verklaar, maar aangesien die traktement uiters gering was, het hulle getalle klein gebly. Roomse priesters is toe tot die Hervormde Evangeliebediening toegelaat sonder dat hulle egter 'n sukses van die amp gemaak het.[1)]

Die tyd moes aanbreek dat vir die akademiese opleiding van die voorganger degelike voorsorg gemaak word. In 1575 is die Hoëskool van Leiden gestig, as 'n geskenk aan die burgery van die stad omdat hulle hul so heldhaftig teen die Spaanse agressie verdedig het. Willem van Oranje het hulle voor 'n keuse gestel tussen tien jaar belastingvryheid en 'n Universiteit en hulle het die laaste gekies.[2)] Hierdie Hoëskool het van die aanvang af die belange van die Gereformeerde kerk baie bevorder - tot groot ergenis van die Roomse, en sou vir baie jare die geestelike lewe in Holland beheers. Ander staatjies en provinsies het ook later hulle eie akademies opgerig, sodat

in/......

---

1) Hartog a.w. 28.

2) F.A.F.C. Went: Het Universitaire Leven in Nederland (Gravenhage), 2.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

in Friesland Franeker, in Groningen Groningen (1614), in Gelderland Harderwyk en in Utrecht Utrecht (1636) gestig is. Hierdie gewestelike instellings was 'n uiting van partikularisme want elke provinsie het gemeen dat sy seuns en dogters nie ver weg moes gaan studeer nie. In 1815 egter is deur die wet op Hoër Onderwys sekere reëlings getref sodat sommige Hoëskole gesluit en Leiden, Groningen en Utrecht alleen oorgebly het, en Amsterdam bygevoeg is.[1] Hierdie opleidingsentra vir evangeliedienaars, veral die eerste drie, het 'n onberekenbare invloed gehad, ook op die kerk van Afrika. Manne wat hier teologies gevorm is, is deur die Moederkerk na die Kaap uitgestuur en later het Suid-Afrikaanse seuns hul daarheen gewend om aan daardie bronne te gaan drink. Selfs na die oprigting van 'n eie Seminarie in die dogterkerk het die stroom nie opgedroog nie; en het studente hulle verder gaan bekwaam in Leiden, Groningen en Utrecht.[2]

Met die totstandkoming van Leiden en ander Universiteite het die gereformeerde lewe al meer bestendigheid bereik; die kerk is op hegter grondslae gevestig. Die gehalte van predikant egter bly nog swak; hulle is lui en wil nie studeer nie. Met kerkvisitasie word dit ontdek dat sekere leraars nie studeerkamers of boekerye besit nie. Hulle beskouing lui dat die Here dit tog aan Sy beminde in die slaap gee en dat die volk sulke ingewikkelde preke ook nie verstaan nie. In 1655 het die Sinode 'n einde daaraan gemaak dat persone met geen akademiese onderrig toegelaat word.[3]

<u>Kenmerke van die verkondiging</u>.

Toe die tydperk van die Hagepredikers agter die rug is, het daar meer doel en opset in die prediking gekom; van die

sewentiende/......

---

1) Sien dr. G.W. Kernkamp: De Utrechtsche Academie 1636 - 1815 (Utrecht 1936) en Ten Bruggen Cate en H. de Buck: De Ryks Universiteit te Groningen (Groningen 1930).

2) Eers in 1898 het prof. J.I. Marais die Kweekskoolstudente aangeraai om na die Vrye Universiteit van Amsterdam te gaan, Gereformeerde Maandblad 1898.102.

3) Hartog a.w. 38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sewentiende tot helfte van die agtiende eeu kan ons duidelike kenmerke in die preekwyse van die ou gereformeerde kerk onderskei. Die eerste is die kennelike polemiese strekking van die evangelieverkondiging.

Reeds by die hagepreke was die apologetiese element sterk op die voorgrond, waar hulle 'n uitdrukking van die gronde bevat, waarop die evangeliese geloof berus en 'n handhawing van eie beskouing teenoor die dwaling van andersdenkendes. Die konvent van Wezel (1568) het al gevind dat daar diegene is wat „dikwerf in hatelijke en stinckende affectatie, of hoogdravenheijt vervielen.... die met voordracht trachtten duijster te zijn in woorden ende spreuken, op diengelycke wyse meer tot ydele vertooninge als tot stichtinghe, de predikatien aenstelden." 1)

Apologetiek het al meer plek gemaak vir polemiek. Die pas-gestigte Universiteit van Leiden het veral die plek van veel twis geword; in 1603 is Arminius tot hoogleraar benoem en word beskuldig van afwykende leerbeskouinge. Die gevolgelike stryd tussen die Arminiane en Gomariste of Remonstrante en Contra-remonstrante het in heftige woede opgelaai, terwyl die „questien" vry op die kansels bespreek is. Wat die professore met hulle studente in Latijn op Hoëskool behandel, word later in eie taal met die gemeente bespreek. Daar is gedurig in die preke uitgevaar teen die Arminiane, hulle sou „drijvers, wolven, schijnheiligen, adderengebroedsels en pestilentiën" wees.2) Arminius self het nooit op die kansel gepolemiseer nie.

Die predikante het teen die einde van die sestiende en begin van die sewentiende eeu dikwels in die politieke melk gebrokkel en alles behalwe die Woord gebring; hulle

berispe/......

---

1) G.D.J. Schotel: De openbare eeredienst der Nederl. Hervormde Kerk in de zestiende, zeventiende en achttiende eeuw (Haarlem 1870), 408.

2) Hartog a.w. 40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

berispe konings, prinse en hooggeplaatses, sodat die regering soms moes ingryp. Van die studie van die grondtale wou hulle ook niks weet nie, maar lê hulle net toe op die reëls van die logica en dialektica.[1] Hierdie gedurige polemiseer en dogmatiseer het die kudde na dorre weivelde gevoer, sodat die gemeente van Amsterdam kla dat die predikasies „niet genoeg gericht waren tot boete en godtsaeligheit."[2]

Nog droewiger het dit geword in 1660 deur die ontstane verdeeldheid tussen die Voetiane en Coccejane. Die predikante het mekaar verdink en gehaat en was nie bodes van vrede nie. Dit het 'n allernadeligste uitwerking op die gros van die volk gehad, wat rondgeswerwe het soos skape sonder 'n herder.[3]

'n Tweede karaktertrek van die preekwyse van hierdie tydsgewrig was sy langgerektheid. Die Hagepredikers het in die landstaal, platduits, of in vlaams, vrye voordragte in homiletiese vorm gegee wat soms tot vier ure aangehou het. Die Konvent van Wezel (1568) moes dus waarsku teen die al te lange predikasies „die de memorije der toehoorders en hun yver braken, ende alsoo een walghinge der maag voortbragten."[4] In Dordrecht is die leraars telkens vermaan om die gemeentes nie so te vermoei nie en is op boete van drie „stuivers" verbied om 'n preek langer as 'n anderhalwe uur te laat duur. Op elke kansel is 'n sandloper geplaas sodat die prediker gedurig die oog op die deurvallende sand moes hou, en hy hom met die tyd nie bedrieg nie. Aldaar het die predikasie in die laaste van die agtiende eeu twee uur aangehou.

Dit spreek vanself dat geen hoorder sy volle aandag by 'n/........

---

1) Schotel a.w. 410.

2) Hartog a.w. 40.

3) Ypey en Dermout: Geschiedenis van de Hervormde Christelijke Kerk in Nederland III, 32, 36.

4) Schotel a.w. 409.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

'n rede van twee of vier uur kan bepaal nie. Melanchton het gemeen: „das musz ein lieblicher Prediger seyn, die über eine halbe Stunde rede soll, dasz die Zuhörer nicht überdruszig werden, denn unter allen Sinnen ist keiner der eher müde wird als das Gehör." 1) Maar die predikers was toe nie so begaafd nie en daar was baie klagtes oor die slegte gebruik van die godsdiensoefening. Simonides wat in 1652 predikant van Amsterdam geword het, skryf: „Men walgt van 't hemelsch manna en is verdrietelyk in de predicatie, keert zich om en om en verstikt zich, telt de zantjes van 't uyrglas en verlangt als de kinderen in 't school, dat de synagoge sal uijtgaan.... en wil de predikant niet na sijn sin afbreken, men neemt 'n tuckjen op, en sonder 't gorduijn toetesluijten of goede nacht te seggen, stelt men zich onbeschaamlick tot de slaep en knikkebolt de predikant aan, als een stootende bock."2)

Nog boete nog bedreiginge kon die kwaad uitroei nie en tot vandag toe is dit 'n kenmerk van streng gereformeerde predikante dat hulle lang van stof en asem is. Maar in die ou dae het hulle die predikasie veels te veel uitgerek. Natuurlik, die vaders het langsaam beweeg; hulle vergaderings het in die namiddag begin en tot in die nag geduur. Om twee of drie uur in 'n trekskuit deur te bring of tot sewe uur in de komedie te sit, was vir hulle 'n alledaagse saak. So slegs kan 'n mens dit verstaan dat hulle gereed was om soveel tyd af te sonder vir die „langwylige theologische bombast" - soos Schotel die prediking van dié tyd tipeer. Luther tel onder die noodsaaklike vereistes van 'n goeie prediker „zum sechsten soll er wissen aufzuhören"3)

Die prediking het verder gestaan in die teken van regsinnigheid; die strewe na suiwerheid van die leer is 'n derde/........

1) By Schotel, idem.

2) G.J. Vos: Geschiedenis der Vaderlandsche Kerk, 208.

3) J.H. Gunning: Onze Eeredienst (Groningen 1890), 74.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

derde kenmerk. Die Hagepredikers moes hulle handhaaf teen die Roomse dwaalleringe en het hulle goed gekwyt van hul taak. Net daarna het die Remonstrantse gevaar op die gesigseinder verskyn en moes die Sinode van Dordrecht (1618, 1619) uitsluitsel gee oor die gevoelens van Arminius. Hier is die Formuliere van Enigheid as grondslag van die gereformeerde kerke aangeneem en dit spreek vanself dat hierdie duurgekoopte belydenis nie maklik prysgegee sou word nie. Toe die Sinode oor die opleiding van die evangeliedienaars gehandel het, was hul oordeel dat die examinandi gesond in die leer moet wees „'t welk wij bekennen het voornaamste te zijn."[1] Die gees van Dordt het, wat regsinnigheid betref, die prediking beinvloed tot 1795 toe.

Voorbereiding van die predikers.

Soos pas opgemerk was die gereformeerde Vaders voorstanders van 'n strenge en doeltreffende voorbereiding van die leraars. Toe die eerste predikante na Suid-Afrika in 1652 begin kom het, het die Nederlandse Universiteite gebloei en in diens van die regsinnigheid gestaan. Die jong kandidaat het na die Latynse skool by die Universiteit ingeskryf waar hy deur medium van Latyn in die volgende vakke vir vyf jaar onderrig ontvang het: die redeneer- en bonatuurkunde, die Christelike sedeleer; Griekse, Hebreeuse en soms Chaldeeuse, Syriese en Arabiese tale; uitlegkunde, pastoraal, algemene en kerkgeskiedenis en kanselwelsprekendheid.[2] Aan die einde is hulle ondersoek deur die Teologiese Fakulteit, wat die preparatoir eksamen genoem is. Nou is hy proponent en bevoeg om van die kansel te proponeer d.w.s. openbare voorstelle te doen, terwyl die bediening van die Bondseëls hom nog ontsê is. Dit kan eers geskied nadat hy beroep is en die peremptoir eksamen afgelê is by die classis.

Wanneer die proponent begeer om na Indië af te reis, ondergaan/.......

1) Acta, sessie 18.

2) J. de Wet, Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsche Hervormde Kerk, 17-22.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ondergaan hy die ondersoek in die klassikale vergadering van Amsterdam. Hier moet hy 'n teks aangee wat deur hom behandel word, om te sien of hy grondig in die tale onderlê is en of hy allerlei bedenkinge kan weerstaan. Ook op sy godsalige lewe word gelet. Dan onderteken hy die Formuliere van Enigheid en ontvang die reg om Woord en Sakramente in die openbaar te bedien. Met oplegging van hande word hy deur die teenwoordige leraars ingeseen en die Klassikale Akte vir predikante, na Oos Indië, aan hom uitgereik. In hierdie Akte beloof hy o.a. om „de zuivere Predikatie van Godts Woordt" aan die gemeente te bring.[1)]

In die ondersoek is noukeurig gelet op die suiwere leer van die kandidaat, want as hy vrysinnig is mag hy nie toegelaat word nie. In die eerste plek is hy getoets aangaande die Remonstrantse dwalinge; daarna, waar hy staan teenoor Roëll en Bekker, die teologiese verteenwoordigers van die filosofiese rigting van die Rasionalisme van Cartesius. In die Acta van die Amsterdamse classis kom die volgende aantekening klokslag vir baie jare voor (met verandering van naam telkens natuurlik) : „Ds. C.B. Voltelen heeft de veroordeelde gevoelens van Prof. Roël en Docter Bekker gedetesteert, belooft de drie vragen in 't formulier van de H. Doop zonder veranderen te zullen lezen, en eindelijk de Formulieren van Eenigheid onderteekent, en de post acta Synodi Nationalis Dordracenae aangenomen." [2)] In die notule van die classis word gedurig genoteer: „sprekende over Ds. Bekker word tegen desselfs sentimenten gewaakt" en „in het waken tegen desselfs (Prof. Roël) gevoelens volharden wij." [3)]

Die/.......

---

1) Vir 'n afdruk van 'n Klassikale Akte sien een by Spoelstra II. 40; of in Voorberig van die Nagelaten Leerredenen van ds. J.H. von Manger; of dié van ds. J.F. Bode en ds. R.N. Aling in K.S.A. Acc. 129.

2) 12 CL 11 Aug. 1749 Art.12; dieselfde bv. word gebruik van ds. L. le Sueur, 10 CL 4 April 1729, Argief van die Classis, Amsterdam.

3) 9 CL 20 Julie 1705; 12 CL 3 Mei 1741. Adam Tas steur hom maar min aan die feit dat die gevoelens veroordeel is, want aan hom word van die Kaap oorgebring "'t predikatie boeck van de heer Balthasar Becker, gezegender geheugenis", Dagboek, 4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die belofte wat van die aspirant-predikante gevorder is om die liturgiese formuliere onveranderd te lees, spruit uit die formulierafkeer wat by sommige ontstaan het. Die Kerk in die Provinsie van Stad en Lande het in 1649 reeds die drie vrae met die doop nie aan die ouers voorgehou nie. Jodocus van Lodenstein ( + 1677) het beswaar gemaak teen die eerste vraag: „Of u erken dat die kinders in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees", omdat hy gemeen het dat te veel kinders van onwedergebore ouers gedoop word.[1] Hierdie afwykinge het die Kerk skerp teengegaan.

Nie alleen by die toelating van die predikante tot die amp nie, maar dwars deur die ampsverrigtinge self was die ortodokse leer in ere gehou. Die verkondiging van die Woord was dogmaties-gespierd en konfessiegebonde en in so'n tyd van ontwrigting en onsekerheid was sulke prediking vir die gemeente van die Here opbouend en rigtinggewend.

Die metode van prediking.

'n Ander saak waarop ons moet let is die vorm waarin die preke van hierdie dae gegiet was. Deur worsteling en stryd het die vaders in die prediking gekom tot die ontledende metode, wat 'n eienaardig-gereformeerde is en die „ou Hollandse" metode genoem word. Vir meer as twee eeue sou hierdie preekvorm die heerskappy in die kerk voer. Die analitiese metode lê sterk nadruk op die tekstualiteit van die prediking, verklaar die teks, gaan op die onderdele in en ontleed die begrippe, sodat dit duidelik word wat die inhoud van die woorde en sinsdele is. Dit buig hom voor die majesteit van die teks en verset hom daarteen dat die gedagtes van die prediker in die teks ingedra word.

Hierin moet dit hooggeroem word, dat dit Gods Woord aan die gemeente bring en die praktiese Bybelkennis van die volk bevorder het,[2] maar in die sewentiende en agtiende eeu het dit later die analise te veel op die spits gedryf. Die prediker

verklaar/.....

---

1) Ypey en Dermout a.w. 258 v.v.
2) J.J. van Oosterzee: Praktische Theologie (Utrecht 1895) I.437.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

verklaar die teks woord vir woord, nie alleen die belangrike en kenmerkende woorde nie, maar ook die hulpwerkwoorde en koppelwoorde; hy deel mee wat die oorspronklike betekenis van die woorde in die grondteks is; ter adstruksie van sy gevoelens gee hy die afleidinge van die woorde van die Hebreeuse of Arabiese wortels; hy vergelyk die teks met die plekke van die Heilige Skrif, waar dieselfde woord óf in die grondteks óf in die Nederlandse oorsetting voorkom. Die historiese mededelings van die eksegese van die teks word gekruie met kritiese of filologiese opmerkings, waartoe klassieke skrywers soos Herodotus, Vergilius, Plato en Cicero soms geplunder is.[1) Op hierdie wyse het die preek 'n geleerde verhandeling geword, wat die eenvoudige gemeentelid geen ware sielespyse aanbied nie. Die verskil tussen Kanselrede en Kategese tree hier in die skaduwee, terwyl so'n preek meer „onderwysing" as „verkondiging" is.

Ons is besig met die metodologiese en let ook op die taal en styl van die preke. Met hul bedrewenheid in Grieks, Hebreeus en Latyn let die predikers nie veel op die juistheid en suiwerheid van eie taal nie. Dit was eers in 1760 voordat hulle met erns hulle op die studie van die Nederduitse taal gewerp het. Die predikant het hom weinig bekreun oor taalreëls, of oor keurigheid van uitdrukking of oor mannelike deftigheid, om met welvoeglikheid van woorde of spraakvorm die denkbeelde wat hy voordra, te ontwikkel. Dit lyk of daar weinig oog was vir die estetiese, terwyl die teologiese inhoud so swaar geweeg het.[2)

'n Laaste opvallende eienskap van die preekwyse van die Nederlandse Gereformeerde Kerk in hierdie tydvak van ons studie is die gebrek aan moraalprediking. Waar regsinnigheid in die leer as die hoogste en enigste oogmerk gestel word, kan

'n/........

1) T. Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 390.

2) Ypey & Dermout a.w. III, 67.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

'n mens daartoe kom om die praktyk van die godsaligheid gering te skat. Dan is dit jou nie te doen om die mense te verbeter nie en bly daar slegs oor om anderdenkendes te bestry; die polemiek word dan die praktyk. So vroeg soos 1568 het die konvent van Wezel reeds die leemte ingesien en van die kerk verlang dat „met haar predicatiën, so veel doenlijk was, in alle de bedekte voorhangselen ende schuijlhoecken van de sielen der toehoorders te dringen..... ende niet alleen blijven staan op grooven schelmstucken ende blijckelyke sonden, maar ook uijtschudden die verborgene geveijnstheyt des harten."[1] Maar hierdie aanbeveling het nie veel gebaat nie.

Die sedekunde, of die wetenskap wat betrekking het op ons pligte teenoor God en ons naaste, is in die sewentiende eeu veral nie beoefen nie. In 1652 is die kerk deur 'n boek van Amyraud daartoe opgewek, 'n boek getitel „Christelijke Zedekunde", maar hy is verdink van Remonstrantisme en dit was genoeg om sy boek nie te laat lees nie. Van pligsbetragting wou hulle niks weet nie; want dit het net soos die Sedekunde te veel geruik na godsdienstige werke in eie krag.[2]

'n Ander kerklike vergadering wat hom uitgespreek het oor die evangelieprediking is die Sinode van Dordrecht (1618, 1619) wat gemeen het dat die vernaamste kwalifikasie vir die aanstaande predikant regsinnigheid is, maar dat dit goed is om te ondersoek of hy bekwaam is „om de Christelijke Zedeleer voor te dragen, om de zeden der menschen in allerlei soort van deugden te onderwijzen. Want de mensch Gods behoort volmaaktelijk tot alle goede werken onderwezen en niet alleenlijk tot leering en bestraffing, maar ook tot verbetering en onderwijzing, die in de gerechtigheid is bereid te zijn."[3]

Ewaldus Kist, wat in 'n later tydperk bekend was vir sy moraalprediking en wie se preekbundels met graagte ook in Suid-

Afrika/...

1) Schotel a.w. 408.
2) Ypey & Dermont a.w. III. 18.
3) Acta, Sessie 18.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Afrika gelees is, skryf in die Voorberig van deel 5 van sy „Leerredenen over verschillende onderwerpen" dat hy goed kan onthou hoe in sy jeug meer oor die leerstelligs en weinig oor die sedekundige gepreek is. Die leer van die versoening, regverdigmaking en geloof was op die voorgrond, terwyl selde van die leer van die pligte gehoor is.[1] Die meer genoemde geskiedskrywers, Ypey en Dermout, sien dit as volg: „de leerwijze was het eenige, waarover men zich bekommerde, terwyl de leer zelve onaangeroerd bleef, en alzoo geen kracht konde hebben op het hart, tot godzaligheid, tot zedelijkheid, tot plichtsbetrachting en deugd. Dit werd door sommige leeraars zeer beklaagd en bejammerd."[2]

Waar die prediking nie ingegryp het in die lewe van die volk nie, maar meer tot die intellek gerig was, moes dit 'n nadelige uitwerking op die kerk hê. As gevolg van die stryd tussen die Voetiane en Coccejane oor die leerstuk van die Sabbatsrus het daar verder 'n losser opvatting teenoor die heiliging van die Dag van die Here ontstaan. Mense het Sondae op kantoor en in die winkel begin werk, terwyl die namiddag 'n tyd vir rus en ontspanning was. „Wat had men aan versletene formulier-predikatiën?" vra hulle.

Tydens die insameling van die oes is die gemeentes ook verskoon van die middagkerk, omdat die arbeiders liggaamsrus nodig het. Sommige kerke het dus eenvoudig smiddae die deure gesluit.

„Droevig stond, ten tyde van Wittewrongel (+ 1662) het aanschyn van de zedelijke staat der Hervormde Kerk in Nederland..... Men ziet er uit, hoe, en by de gemeenten, en by derzelven leeraars, te tien tyde de ongerechtigheid vermenigvuldigd was. Daardoor moest derhalve de christelijke

broeder-/........

---

1) Hartog a.w. 288.

2) a.w. III. 24.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

broederliefde verkouden. Alle banden van vereeniging waren los. De kerk zelve had de gedaante van een vervallen gebouw, vol reten en scheuren, en stond, naar het zich liet aanzien, eerlang geheel intestorten." 1)

Die prediking in die Nederlandse kerk om en by die helfte van die sewentiende eeu het duidelike kenmerke gedra van skolasties te wees, geleerd, lank, selfs polemies, en was nie 'n kragtige faktor in die lewe van die volk nie. Van hierdie boom is daar 'n steggie gepluk om dit in 1652 op Suid-Afrikaanse bodem te kom oorplant.

HOOFSTUK 2./.......

1) Idem, 32, 36.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 2.

## DIE PREDIKING VAN DIE SIEKETROOSTERS EN VOORLESERS.

**Die Sieketroosters:**

As ons van die sieketroosters se prediking praat, moet hierdie ampsverrigting enigsins gekwalifiseer word. Dit was nie dieselfde as die prediking van die predikante nie, maar leesdiens, soos deur ons ouderlinge vandag nog verrig word. Hulle het in afwesigheid van die leraar 'n predikasie uit een of ander preekbundel voorgelees. Maar of dit nou gelees of ex tempore voorgedra word, dit bly nog die bring van die Woord van God aan die gemeente. In hierdie opsig het die krankebesoekers 'n nie onbelangrike plek in die geskiedenis van die prediking in Suid-Afrika ingeneem nie, veral in die vroegste tydperk van die kolonie se bestaan.

Die Oos-Indiese Kompanjie het nie net aan die handel gedink nie, maar ook die geestelike welsyn van die inwoners van die kolonies behartig. So vroeg soos 12 November 1598 het hulle besluit om die skepe van sieketroosters te voorsien. Later eers sou die kerk in hierdie nuwe onderneming geïnteresseerd raak. In 1601 kom ds. Halsbergen met 'n voorstel voor die Classis: «Of men voortaen niet behoorde omme te sien naer eenige personen daar toe gequalificeert dewelcke als wettelicke predicanten, soo op de reijse onze schipluijden uijtgezonden naar Oost-Indien als oock aldaar te lande door Gods genade aengecomen en de inwoonende Heijdenen mette predicatie van des Heeren woort ende gebruijck der H. Sacramenten voorsien mochten." In dieselfde jaar het die Partikuliere Sinode te Amsterdam die voorstel tot besluit gemaak. Die Kerkraad van laasgenoemde gemeente het vir eers hierdie belangrike werk onderneem totdat twee jaar later

die/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Classis die verantwoordelikheid aanvaar het.[1] Uit hul midde is in 1621 'n Kommissie gekies, die deputati ad res indicas wat in dié verband baie beroemdheid sou verwerf.

Dit was meesal ongeletterde persone uit die mindere burgerstand wat hulle as sieketroosters aangebied het - skoenmakers, turfdraers, bakkers, kleremakers en wewers, sodat daar 'n keuringsproses aangewend moes word. Van hulle is verwag om 'n „propositie" (voordrag of toespraak) te maak „strekkende tot vertroosting eens kranken", waarna hulle ondersoek is na die suiwerheid in die leer, hulle kennis aangaande die vernaamste artikels van die godsdiens en hul ervarenheid in die Heilige Skrif. Die talent om te sing en te lees is ook nagegaan. Hulle moes „de voisen van alle psalmen ken." [2] Is hulle na die ondersoek nie „examinabel" bevind, dan word hulle nie goedgekeur nie. Maar indien hulle goeie getuienis het, en die toets origens goed afgeloop het, dan is die lede van die kommissie tevrede en word hulle tot die Bewindhebbers teruggestuur met die vermelding van die uitslag. Laasgenoemde kom in die agtiende eeu slegs met 'n enkele kwalifikasie in die Acta van die deputati voor, bv.

N.N. ('t leesen - seer wel, wel, tamelick of redelik;
('t singen - slegt, of trefflick;
(Religie - deftig. [3])

Die eksamen het soms haastig geskied en was nie altyd deurtastend nie.

Behalwe die besoek van krankes bestaan hulle werk in die bystaan van die ter dood veroordeelde misdadigers, die skrywe van testamente en die lees van preke. Die sieketrooster het die titel van „dominé" gedra. Aan boord skip het hulle hom „leser" genoem. Sy diens was daar om soggends en/........

1) C.W.Th. van Boetzelaer van Dubbeldam: De Gereformeerde Kerken in Nederland en de zending in Oost Indië, 25, 29.
2) Van Troostenburg de Bruijn, C.A.L.: De Hervormde kerk in Nederlandsch O. Indië onder de O.I. Compagnie, 360.
3) Van Dubbeldam a.w. 116.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en smiddae in die biduur voor te gaan, om begrafenisse ter see te lei, om na die ontkoming van swaar storms bv. Suid van die Kaap of by Mauritius, die dankgebed vir die redding uit die gevaar te doen. Enkele is selfs toegestaan om te doop en huwelike te bevestig.

Maar al noem Van Troostenburg de Bruyn hulle gedurig „nuttige lieden" - en dit was hulle seker - hulle vryheid moes steeds beperkinge opgelê word. Hulle moes hulle bv. stipt hou aan die gedrukte formuliere. 'n Krankbesoeker is in 1654 te Batavia nie weinig kwalik geneem nie, omdat hy die aandgebed aan die Kasteel verander het.[1] Ook was dit hulle verbied om na afloop van die godsdiensoefening die seën uit te spreek. In die Noord Hollandse Sinode word met ontsteltenis verneem dat „aan de Caab" so iets gebeur het en oordeel dat hierdie voorreg alleen wettig geordende leraars toekom. Die sieketrooster moes alleen sê: „Gaat henen in de vrede en in de vreeze des Heeren." [2]

Hulle het nie veel status gehad nie en is deur die mense dikwels vernederend behandel. Ons lees o.a. dat 'n onderkoopman in Tonchien een keer 'n sieketrooster laat roep het om 'n sieke te kom troos. Toe hy daar aankom en vra waar die kranke is, wys hulle na die leë brandewyn-vaatjie en sê: „daar is die sieke!" [3] Soms was hulle self verantwoordelik vir die slegte behandeling wat hulle te beurt geval het, want sommige het hulle aan die misbruik van sterk drank oorgegee, terwyl andere „in hooveerdighen gestaltenisse met lange paruijcken of eijgen lange haijrlocken gingen sweven door de stadt om de siecke ende ellendige te vertroosten." [4]

Vir dertien jaar lank was die „frontier fortresse van Indië"/.......

1) Van T. de Bruijn a.w. 360.

2) Acta Synodi N.H. 1750, art. 44, Ind. Zaken, argief van die Classis, Amsterdam.

3) J.R. Callenbach: Justus Heurnius, een bydrage tot de Geschiedenis des Christendoms in N.O. Indië, 18; S.P. Engelbrecht: Hervormde Teologiese Studies, Jan. 1945.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

4) Schotel a.w. 363.

Indië - soos die Kaap destyds genoem is - sonder 'n vaste leraar. Batavia, Ceylon, Amboina, Formosa en nog ander Indiese gemeentes moes eers van predikante voorsien word, voordat die groei van die bevolking aan die Kaap die aanstelling van 'n eerste leraar regverdig het. Dit het egter nie beteken dat die Kapenaars sonder geestelike versorging gelaat is nie. Dit sou die godsdienstige gees van dié tyd nimmer gedoog het nie. Nee, op een van die skepe, wat onder Van Riebeek se opperbevel die Tafelbaai op 6 April 1652 binnevaar bevind hom 'n krankebesoeker, Willem Barendszoon Wijlant, aan wie se sorg die daelikse godsdiensoefening opgedra was. Dit is hom deur die Kommandeur soms toegelaat om self te preek of 'n preek te memoriseer en dan as sy eie voor te dra. Maar toe dit bekend word, was daar geen geringe ontsteltenis in kerklike en burgerlike kringe nie. Die Kerkraad van Batavia wat toe met die Kaapse sake te doen gehad het, het hom 'n strenge berisping toegedien. Die Hoë Raad van Indië het aan van Riebeek geskryf dat hulle van die kerkraad van Batavia verneem het dat die krankebesoeker aan die Kaap „sich des Sondags veeltijts onderwint enige lessen buijten sijn boek het volck voor te dragen", dat hy daardeur sy „vocatie" en sy instruksies te buite gegaan het, en dat van Riebeek hom dit moes verbied. Nog skerper laat die Kerkraad van Batavia hom hoor: „'t Behoorde hem welbekent te zijn sijnen sickel in eenes anderen oogst niet te slaen, noch aan sich die eere trecken die tot noch toe by manquement van een wettelijcke beroepinge hem niet toe ende comt." In sy antwoord aan die Raad sê die Kommandeur dat hy die sieketrooster beveel het om hom voortaan binne die perke van sy bediening te hou.[1] As verontskuldiging vir sy daad het Wijlant aangegee dat sy oë swak was dat hy sy preek tuis van buite geleer het om nie vas te/........

1) Brief van Van Riebeek aan die Raad, 14 Aug. 1654; Brief van die Raad aan Van Riebeek, 8 Maart, 1654; Brief van Kerkraad aan Van Riebeek, Maart 1654, by Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde kerk in S.A. 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

te steek gedurende die diens nie.[1]

Eerw. A. Dreyer meen uit hierdie voorval te kan aflei dat die predikante van die sewentiende eeu en later nie weinig op hulle eer gesteld was nie.[2] Maar dit was nie die geval nie. Die sewentiende eeu was by uitstek 'n periode, waarin daar geywer is vir die suiwerheid van die leer en hulle wou nie 'n herhaling van die onverkwiklike stryd van voor Dordt sien nie. Daar was 'n gevaar om die prediking aan persone toe te vertrou wat nie behoorlik teologies onderlê was nie. Die geskiedenis sou dit ook herhaaldelik bewys. Afgesien van hierdie aanmatiging, was Wijlant 'n geskikte persoon. Hy was die eerste man wat 'n brief na Amsterdam vanuit die Kaap skryf en was ook die eerste om sendingwerk onder die Hottentotte te begin. In Maart 1656 vertrek hy na Batavia.

Onder die krankbesoekers of „krankbedroevers", soos Adam Tas hulle noem, was daar vele waardige manne van ongeveinsde godsvrug en selfopofferende ywer. So was Pieter van der Stael, die opvolger van Wijlant, 'n ernstige arbeider wat na sewe jaar na Batavia terug is in die hoop om „op Malacqua te geraken, by mijn swager Jan van Riebeek, die daer voor Commandeur-president gesonden is." Alexander Carpius wat in 1672 hier aangekom het, het die graad van kandidaat in die teologie verwerf. Hy was 'n beskaafde en vroom man en is toegelaat om te preek, aangesien hy 'n teologiese opleiding geniet het. Tydens die ongesteldheid van ds. A. de Vooght het hy herhaaldelik voor die gemeente opgetree. Voorts het hy groot vlyt aan die dag gelê in die onderwys van slawekinders

en/.......

1) Brief 14 Aug. 1654, aan ds. Tessemaker, sekr. van die kerkraad Batavia, C. 746, K.S.A.

2) Eeuwfeest Album van de Ned. Geref. Kerk van Z.A. 1824-1924, 30.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en is later in Batavia tot proponent bevorder.[1]

Maar daar was ook swakkes onder hulle. Ernestus Back het van der Stael opgevolg, van wie weinig goeds berig is. Hy het hom aan onmatigheid skuldig gemaak en verdien die verwyt dat menige krankebesoeker ook 'n drankbesoeker was. Die verskyning van 'n komeet word beskou as 'n duidelike vingerwysing om onmiddellik van hom ontslae te raak. Kommandeur Wagenaar skryf aan die Goewerneur in Indië: „Omdat ons God alreeds met zijn rechtvaardige straf over onze vuile en sondige daad nu wel twee maanden alle nachten achtereen door een yzelike steert-sterre aan den hemel is comen te dreigen" besluit hulle om hom en sy familie na Batavia te stuur.[2] 'n Bekende geval was ook dié van Dominé Mankadan van Stellenbosch wat nie die konsulent van die gemeente, die predikant van Kaapstad, eerbiedig het nie. Hy was alleen gelaat en het hom regte aangematig, waarop hy geen aanspraak gehad het nie. Hy het die „ordres" van die predikant nie altoos sonder teenspraak gehoorsaam nie, en „de schranken zijner bediening als Voorleser overtreden" deur kapittels uit die Skrif voor te lees of Psalms te laat sing sonder „voorgaande kennisse" van die predikant. Die fout van baie sieketroosters was dat hulle 'n sekere posisie in die gemeente beklee en te belangrik in eie oë geword het.[3] Adam Tas was nie baie gediend met die leesdiens nie, want in sy Dagboek, Sondag 13 Desember, skryf hy: „Op heden ben niet ter kerk geweest, aangesien de preekmaker op Drakensteijn moeste dienst doen, en leesen hebbe ik self geleerd."[4] Maar selfs die Kerkraad het gewens dat daar 'n beter gehalte van geestelikes uitgestuur sal word en vra aan die/.......

---

1) Theal: Abstract of Debates and Resolutions of the Council at the Cape, 126; Resolutiën 2 C, Leibbrandt: Precis, Dagverhaal 1672.

2) Brief aan die Raad van Indië, 7 Feb. 1665, en Proclamatie 15 Jan. 1665, Moorrees a.w. 22.

3) A.L. Geyer: Die Stellenbosse Gemeente in die agtiende eeu, 29.

4) Dagboek, uitgegee deur prof. L. Fouche, 70.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Classis: „Wij verzoeken ..... dat we hier geen scheeps-krankebezoeder krijgen, maar een man van beproevde deugt en bequaemhede volkomen in staat om de kerk en school te konnen waarneemen; met kranken en ter dood veroordeelde te kunnen omgaen." 1)

Die ampswerk van die sieketroosters word in hul „Instructie" omlyn, maar dan word nie veel in verband met hul prediking bepaal nie. Daar word o.a. benadruk dat hulle die offisiere van die Kompanjie nie in die openbaar moet bestraf nie, maar „in 't particulier" sodat die amptenare nie in minagting by die volk gebring word nie.2) Maar in die Kerkorde van Batavia van 1643 wat sommige meen ook aan die Kaap van toepassing was, word duideliker aanwysinge aangaande die prediking vir hulle gegee. Behalwe die lees van kapittels uit die Skrif moes hulle „eenich goet sermoen uijt de Decades Bullingeri, Ursini Catechismo ofte eenich ander boeck, van eenich leeraer der waere Christelijcke Gereformeerde religie ingestelt, stichtelijck den volcke voor te lesen". 3) Van die „Decades Bullingeri" of sy „Huys-boek" 4) sê Uytenbogaert dat dit in die aanvang van die Hervorming meer gelees is as enige ander boek, uitgenome die Bybel. Heinrich Bullinger was eers onder invloed van die Broeders des Gemeenen Levens, maar het later deur die bestudering van die Kerkvaders en die Loci van Melanchton tot reformatoriese insigte geraak. Hy het die tweede Helvetiese Konfessie opgetrek, een van die belangrike konfessies van die Gereformeerde Kerke.5)

Die Kategismus van Ursinus wat ook in die Kerkorde genoem word, is sy bekende Schatboek, en verklaring van die/........

1) Spoelstra I. 175.
2) Spoelstra II. 544 - 556.
3) idem, 594.
4) Bullingeri: Sermonum Decades, Tiguri 1549 - 51, 3 Tom.
5) Christelijke Encyclopaedie, I. 401.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Heidelbergse Kategismus in 'n reeks preke, wat onder die Voortrekkers so bemind was. Wanneer Willem Barentsz Wylant in sy heel eerste brief aan die Classis rapporteer oor die manier van godsdiensoefening, skryf hy: „Ende Sondaegh so lese ick een predicatie voor, ende dat die een Sondaegh een Evangelisttext, die ander Sondaegh een verklaringe uth Ursinus ofte uth Lansberghius over die Catechismus." [1] Hy was dus getrou in die lees van die Kategismuspreke van Ursinus.

Om die sieketroosters verder te steun, is in 1638 'n lys van boeke opgestel om hulle in die leesdiens te help. In sy kis was die volgende: „1 Bybel, 1 Huijsboek Bullingeri, 1 Catechismus Ursini, 1 postilla bullaj, 1 loff Jesu Christi, 1 boetvaerdicheyt Taphyn, 1 veertig tafereelen des doots, 1 psalmboek op Nooten, 1 practyk der godsalicheyt en skryfbehoeften". Ons het reeds iets van Bullinger se „Huijsboek" en Ursinus se „Schatboek" gesê en moet nou by een en ander van bogemelde lys verder stilstaan.[2]

1. Postilla bullaj:

Justus Bulaeus het die „Huyspostille ofte Predicatien"[3] uitgegee. Hy was in 1603 predikant van Warmond in Nederland. Van Troostenburg de Bruijn beweer dat 'n eksemplaar van hierdie preekbundel alleen in die biblioteek van Haarlem aangetref word. Hierin is hy verkeerd, want die Dessiniaanse Versameling beskik ook oor een. Die titel lui: „Huis-Postille ofte Predicatien over de Zondagsche Evangelien, die men in de Christelijke Kerke 't geheele jaar door van ouds gewoon is te verklaren dewelke uit Gods H. Woord, op de

Toestant/......

1) Spoelstra I. 3.
2) Van T. de Bruyn a.w. 349.
3) Amst. 1642, 5e druk in Catal. Bibl. Harlem, p. 272, No.28

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Toestant dezer Eeuwe, bekwamelik toegepast ende geapplicceert worden." [1] In die Voorwoord sê die uitgewers: „Hoewel hy niet cierlijk en spreekt met spitsvinnige redenen ende diepe arguatien, zo spreekt hy nochtans zo duidelyk, dan den gemeenen man hem wel en gemakkelijk verstaan kan." Dit bevat 'n reeks preekstowwe beginnende met Advent tot Pinkster en dan 26 Sondae na Trinitatis.

In die „Instructie voor sieckətroosters ende voorlesers, gaande op de oorlogschepen" word art. 2[2] aangetref waar die voorganger aangesê word om te lees.... „enig goed sermoen uit de Postille van Johannes Bulaeus." Dit moet wees: Justus Bulaeus.[3]

2. „Loff Jesu Christi." Roelof Pietersz, predikant van Amsterdam, het in 1625 'n „Lof onzes Heeren Jesu Christi" in twee dele uitgegee.

3. „Boetvaerdicheyt Taphijn": Taphyn of Jean Taffin, predikant van Antwerp, het „de boetvaardicheyt des levens, vervaet in vier boecken" in 1614 geskryf.

4. „Veertig tafereelen des doots": Simon Goulart het hierdie werk in 18 dele gelewer wat deur J. Panneel vertaal is en in Amsterdam (1615) verskyn het.

5. „Practijk der godsalicheyt": Die skrywer hiervan is Lodowicus Bayly en die vertaler Everhardus Schuttenius V.D.M. van Oldemarkt. Dit het in Amsterdam in 4 dele verskyn (1627)[4].

Uit bogemelde inventaris van preekboeke kan afgelei word dat die preke, wat die sieketroosters gedurig moes lees suiwer, korrekt en volgens die belydenis was. Daaraan het niks/........

1) Gedruk te Amstelredam, maar geen datum word aangegee nie.
2) Spoelstra II, 544.
3) Sien ook de Bie en Loosjes: Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland, I. 699, 700.
4) Van T. de Bruyn a.w. 351.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

niks gehaper nie. Die voorganger self egter was nie steeds so getrou aan die leer nie en het dikwels aan die hoof van konwentiekels gestaan en vreemde beskouings voorgedra.[1)]

Die Voorlesers.

Van die begin af het die sieketroosters ook diens gedoen as voorlesers by die erediens. Waar daar in 'n gemeente geen krankebesoeker bestaan het nie, is iemand anders as voorleser aangestel, iemand wat goed kon lees en gewoonlik die onderwyser van die dorp was. Die voorleser het voor die intree van die leraar die afkondiginge en die skriflesing waargeneem,[2)] en wanneer die predikant elders vertoef, moes hy 'n predikasie voorlees.

Die Kerkraad van Stellenbosch het bv. dit goedgevind om waar die leraar by „rouleringe" te Drakenstein en Kaapstad diens moet doen, die lede verplig om met mooi weer die leeskerk van die voorleser by te woon „opdat de godsdienst, soveel in haar is, niet mogte in verval en veragtinge kome". Maar dan druk die kerkraad die voorleser dit op die hart „om een stigtelike stoffe te verkiesen" en dit goed in te studeer opdat hy dit sonder aanstoot of ergenis, vaardig en Gode betamelik kan voorlees.[3)]

Daar was rede om te kla oor ergenis en aanstoot, want die voorlesers het nie steeds stigting meegebring nie. A. Zeits, voorleser van Drakenstein, word daarvan beskuldig dat hy „singt en leest alles, wat hem maar behaagt", want in plaas van die hoofstukke uit die Bybel te lees wat die Kerkraad hom voorgeskryf het, lees hy na willekeur.[4)]

Dieselfde gemeente het in 1742 weer moeite met die voorleser, Hermanus Bosman, wat toe al 35 jaar die amp beklee

en/.........

1) Vgl. p.p. 145, 147.
2) Hy het ook soms uit die Skrif voorgelees terwyl die Heilige Nagmaal bedien word, Spoelstra II, 279.
3) Besluit van die Kerkraad, 9 Mei 1726, Spoelstra II, 377.
4) Brief van Ds. van Echten aan Classis, Spoelstra I. 254.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en nou vir hom 'n sitbankie laat maak het om dit „alwaar hy anders gewoon is staande te lesen" te plaas en daarop te sit. Toe ds. S. van Echten hom vriendelik hieromtrent vra, antwoord hy ewe kwaai: „Het schijnt of gy de nukken van den geweesenen predikant Hertzogenrath begint te krygen." Hierdie saak is toe na die Politieke Raad verwys wat dit egter terugstuur na die Kerkraad om te rapporteer oor „dat sitbankje waarover zoo zwaar geklaagd word." 1)

Met die verdwyning van die H.O.I.K. het die persoon van die krankebesoeker ook die toneel van Suid-Afrika verlaat. Maar die voorleser het bly bestaan en is eers in 1862 uit die kerklike erediens verwyder. Die klagtes teen hulle het ook nog nie opgehou nie.

So skryf ds. James Edgar van Tijgerberg aan die Sekretaris van die Goewerment in 1829 2) dat voorleser H.F. Mellet gewoon was „to stand at the side of, or behind, his clergyman and ridicule him, by look, gesture, word or laughing, and sometimes when all the persons were of his party, he has done so before my face. The general bearing of this person in church, especially during the sermon, where he sits as church clerk before the pulpit, I have been told, is sometimes highly indecorous, and may be expressed by saying that, is like Harlequin and his master, whereby signals, chiefly consisting of motions of his eyes, and forms of countenance, understood by individuals who encourage him, he expressed his opinion or his ridicule of the sermon." 3) Selde het 'n voorleser dit so bont gemaak, maar daar was ook baie moeilikhede tussen gemeente en predikant, waarby ons later weer kom.

Toe die kerk selfstandige regering verkry het, is daar voorsiening/......

---

1) J.A.S. Oberholster: Kwart Millenium Gedenkboek van die Ned. Geref.Gemeente, Paarl, 53.

2) Om die beeld in sy geheel te sien, oorskry ons die grens van hierdie tydvak 1652 - 1750.

3) Brief d.d. 15 Des. 1829, C.O. 369 p. 673, K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

voorsiening gemaak vir wetgewing, wat die ampswerk van die voorleser omlyn het. Behalwe die preambele verrigtings in die erediens moes hy „by afwezigheid van den Leeraar des Zondags eene Predikatie en Formuliergebed, volgens opgaaf van den Leeraar of Ouderling voortelezen" en die rol van katkiseermeester vervul.[1] Hy moet voortaan ook die werk van die sieketrooster doen.[2]

In 1857 het 'n leser van Ceres in die dagpers sterk beswaar aangeteken teen die plaaslike voorleser. Dit blyk dat hy hom nie by sy predikasieboek gehou het nie, maar ex tempore gepreek het. „Hy vergast de toehoorders op Stellenboscher Latijn en Klapmutser Hebreeuwsch; en die, zoo zijne drangredenen uw hart niet vermurwen, ten minsten door deel gemakkelyke afwykingen van de Hollandsche taal uw trommelvel aan stukken weet te snijden. Verbeeld u eens wat een genoegen het moet wezen voor de leden dier kerk om na 4 of 5 uur rydens, de plechtigheden te mogen beginnen: „met den zingen van den eersten en tweeden versen van het 42 sten Psalm" en voor de eerste maal in uw leven aangespoord te worden „om met Nehemia te zeggen: Ik en mijn huis, wij zal den Heere dienen." Of ook al te hooren: „van Sinai zijn berg top kruin, enz." die korrespondent konkludeer dat die leegheid van die kerk aan hierdie „laffe, ongezoutene en zinnelooze predikaties" toegeskryf moet word.[3]

In dieselfde jaar het die leraar van Pietermaritzburg in die sinode voorgestel dat die predikant voortaan die Heilige Skrif in die erediens moet voorlees. Die vergadering neem egter die beskrywingspunt nie aan nie, maar besluit dat die predikant en kerkraadslede teenwoordig moet wees wanneer óf die voorleser óf die predikant die skrifgedeelte lees.[4]

Hiermee/.....

---

1) Wetten en Bepalingen van die Ned. Geref. Kerk van Z.A. (1844) artt. 75 - 88.
2) Acta Synodi 1826, sitting 7, S.2. 168, K.K.A.
3) Het Volksblad, 20 Aug. 57.
4) Acta Synodi 1857, Sitting 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Hiermee is die kroon van die voorleser reeds afgehaal.

In 1862 is die pos van voorleser deur die Kerk heeltemal afgeskaf en beveel die Sinode van daardie jaar aan: „dat het voorlezen der H. Schrift door den Leeraar geschiede."[1] Daar word geen motiewe vir die besluit in die Acta aangegee nie, maar dit was alom bekend dat die meeste nie met die tweede gelui kerktoe gekom het en dus die skriflesing nooit gehoor het nie. Trouens, die prelektuur is 'n wesentlike deel van die erediens en behoort nie daarbuite te geskied nie.

1) Idem 1862, Sitting 36. Voorgestel deur dr. P.E. Faure en gesekondeer deur dr. W. Robertson.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK 3.

## DIE KATEGISMUSPREDIKING, KATEGESE EN BELYDENISPREDIKASIE.

### Kategismusprediking.

Kort na die verskyning van die Heidelbergse Kategismus het verskeie predikante in die namiddag-godsdiensoefeninge daaroor begin preek. Hulle volg die voorbeeld van die gemeente van Londen wat sedert 1550 elke Sondagmiddag oor die groot Kategismus en die van die Paltz, wat na 1563 oor die Heidelbergse Kategismus gepreek het. Pieter Gabriel, predikant van die gemeente, Amsterdam, het reeds in 1566 iedere sabbat daaruit geleer. Baie ander leraars het op dieselfde aambeeld begin slaan.

Nou begin die kerklike vergaderings hulle in die saak te interesseer. Eers die Partikuliere Sinode van Alkmaar (1573) en later die van den Briel (1593) het daar 'n pleidooi voor gelewer. Die Sinodes van Dordrecht (1574 en 1578) hou hulle verder daarmee besig. Laasgenoemde vergadering gaan van die veronderstelling uit dat dit reeds ingevoer is, want in punt 68 stel hulle vas dat op die Sondag, wanneer die H. Nagmaal bedien word, ook in die namiddag oor die Kategismus gepreek sal word.[1)]

Die Nasionale Sinode van 's Gravenhage (1586) het voorgeskryf: „De Dienaars sullen allomme tsondachs ordinarelijken inde naemiddachsche predicatien de somma der Christelijker leere in den Katechismo, die teghenwordich inde nederlantschen kerke aangenomen is, vervatet, cortelyk wtlegghen, alsoo dat de selve jaerlyx mach gheeyndicht wordden, volghende de affdeijlinghe des Catechismi selffs, daer op ghemaect." Die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618) neem in sy Kerkorde (art. 68) hierdie bepaling letterlik oor en van toe af tot

op/-......

---

1) Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 369.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

op die helfte van die neentiende eeu is die Kategismus-prediking met nouliks noemenswaardige uitsonderinge 'n deurgaande reël in Nederland gewees.

Die Kerkorde van 1816 het hierdie „gesette" prediking opnuut vir bindend verklaar. Van tyd tot tyd is daar pogings aangewend om die Kategismusprediking deur openbare Bybeloefening af te wissel, maar telkens is die voorvaderlike gewoonte gehandhaaf. In 1863 egter is onder sterk modernistiese invloede besluit om die predikante vry te laat om „na eie oordeel" te rade te gaan met die godsdienstige behoeftes van die gemeente en dienooreenkomstig oor die Kategismus te preek. Dit was die dun kant van die wig.[1)]

As ons na Suid-Afrika kom dan bemerk ons dat daar in die loop van jare ook in die Ned. Geref. Kerk verandering gekom het ten opsigte van die aantal kere waarop oor die Kategismus gepreek word. Die eerste predikante het hulle getrou gehou aan art. 68 van die Dordrechtse Kerkorde en ook aan art. 41 van die Kerkorde van 1643[2)] wat eintlik vir Batavia gegeld het, maar in sommige gevalle ook aan die Kaap van toepassing was. Hierdie laaste artikel het gebied dat oor die Kategismus so gepreek moet word dat dit binne elke jaar afgehandel is. Wanneer die sieketrooster Wylant aan die Classis rapporteer dat hy heel aan die begin een Sondag 'n preek oor 'n „Evangelisttekst" d.w.s. vrye stof, lees en die volgende Sondag 'n verklaring uit Ursinus of Lansberg behandel,[3)] dan wil dit net beteken dat die kerklike toestande na die landing van Van Riebeek nog nie volkome georganiseerd was nie en dat waarskynlik nog nie aanddienste of liewers middagdienste gehou is nie.

Nadat/......

---

1) Van Oosterzee: Practische Theologie I, 360, 361.

2) Spoelstra II. 589.

3) idem I. 7.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Nadat die gereelde gang van die kerklike lewe ontstaan het, is getrou in die môre oor vrye stof gepreek en in die namiddag oor die Heidelbergse Kategismus.

Van die begin af het daar blykbaar 'n verset van die kant van die lidmate teen die Kategismusprediking gekom. Dordt reeds (1618) moes die magistrate aanspoor om met plakkate die mense te verbied dat hulle Sondagmiddae drink en speel; hulle moet kerktoe kom en die rusdag heilig. Al is daar min hoorders in die kerk, miskien net die familie van die predikante, mag die kategetiese leerredene nie versuim word nie, want hul voorbeeld moet die andere tot kerkbywoning opwek.[1]

In Suid-Afrika is daar ook een klaagtoon van begin tot einde oor die „lauheit in het waatnemen van den openbaren godsdienst" in die namiddag. In 1770 moet ds. J.F. Bode as scriba van die kerkraad, Kaapstad, aan die Classis rapporteer dat hy die verflouing in die godsdiens die beste kan bespeur „onder de verkondiging van de Catechetische leerredenen, welke veelal met zugten van ons worden waargenomen, vanwegens het klein getal der gemeente, die zich telkens in de voorhoven des Heeren laat zien." [2]

Hierdie noot word reëlmatig in die verslae na die Vaderland gehoor, sodat die Classis in 1773 dit betreur „dat er, naar gelang van het groot getal der ledematen, geen groter getal zich zien laat in de voorhoven des Heeren, en dat de Catechetische leerredenen zo nuttig als troostrijk van de meeste gering geagt worden." [3]

'n Reisiger wat in 1822 [4] aan die Kaap vertoef het, skryf/.......

1) Acta Synodi, sitting 14.
2) Spoelstra I. 322.
3) Idem II. 158.
4) Die grensperk 1750 word bewus oorskry om kategismusprediking as geheel te behandel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

skryf sy indrukke o.a. as volg neer: „The clergyman at the Cape have been, and are, men of learning and piety, and not without zeal; but none of them appear to have preached conviction to the minds of their congregation, that an attendance on evening service is a necessary part of Christian duty." 1)

Die Sinodes van 1829 en 1842 het hul aandag aan hierdie versuim gewy en die gemeentes gemaan om die middagdiens by te woon. Die Herderlike Brief van 1829 lui: „dat wy u vermanen om u niet te onttrekken aan onze godsdienstige byeenkomsten, wanneer er over onzen dierbaren Katechismus gehandeld wordt, gelyk helaas zoo velen de gewoonte hebben te doen. Verveelt het uwe Leeraars niet, om daarmede onafgebroken, by herhaling voort te gaan; laat het u dan ook niet verdrieten, maar integendeel als een voorregt door u beschouwd worden, deze waarheden telkens te hooren voorstellen." 2)

Al was die leraars dus gewillig om onafgebroke met die gee van Kategismuspreke voort te gaan, het baie lede van die Kerk ongunstig daarteenoor gereageer. Sou dit die oorsaak wees waarom ds. M.C. Vos by sy Kerkraad van Tulbagh voorstel om elke tweede Sondag oor die Heidelberger te preek? 3) Theal sê dat die gewoonte in die kerk teen die einde van die agtiende eeu was om een keer per maand 'n Kategismuspreek te lewer.4)

Toe die kerk nou vaster vorm en eie wette verkry, word in 1826 in die kerkvisitasie deur die Ring van die kerkraad gevra: „wordt er ook gezet over den Katechismus

gepredikt/.......

---

1) „State of the Cape of Good Hope in 1822" Anoniem (London, 1823), 63.

2) Acta Synodi, S. 2.262, K.K.A.

3) Spoelstra II.490.

4) History before 1795 III.375.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gepredikt?" [1] Hier moes dit nog „gezet" of klaarblyklik 52 keer per jaar geskied.

Met die Sinode van 1842 is die bepaling verander van 52 na minstens 12 keer per jaar. Na die eerste Sinode (1824) het die opgestelde wette onveranderd gebly tot 1842, toe gevoel is dat 'n wysiging aangegaan moet word. Eers was daar 'n kommissie van revisie aangestel wat in korrespondensie met die verskillende kerkrade in die interim moes tree om hul advies te vra oor sekere wetsverandering. Min maak daar gebruik van, maar ds. G.W.A. van der Lingen lug heelwat van sy gevoelens. Ongelukkig kom daar uit hierdie korrespondensie en uit die bespreking tydens die Sinode geen motiewe te voorskyn, waarom die wysiging i.s. Kategismusprediking geskied het nie. Want nou lui die vraag in die Kerkvisitasie: „Wordt er ook, ten minste, eens 's maands, gezet, over den Katechismus gepredikt?" [2] Sedertdien word van die leraar van die Ned. Geref. Kerk verwag dat hy nie minder as twaalf maal in die jaar oor die Katechismus moet preek nie.[3]

Die oorsaak waarom die verandering geskied het, bly vir ons onopgelos. Ons het reeds gelet op die min entoesiasme wat die Kategismusprediking oor al die algemeen by die hoorders opgewek het. Hulle wou eenvoudig smiddae nie kerktoe kom nie. Miskien het hierdie konkrete gegewe die kerk gelei om die preekbeurte oor die Kategismus te verminder. Daar is verder geen bewys in die geskiedenis tot

1842/......

1) „Reglement voor het Kerkelijk Onderzoek by de Ringsvergaderingen", S.2.288, K.K.A; ook Dreyer: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerke in S.A., 285.

2) Acta Synodi 1842, S.1.7.972, K.K.A.

3) Dit is opvallend dat die Ned. Geref. Kerk in Amerika in hierdie opsig dieselfde reëling getref het. In 1855 tree die Kaapse Sinode met dié Kerk in korrespondensie en hulle skryf terug: „wy onderhouden getrouwelijk den goeden onder regel van over den Heidelbergschen Catechismus te prediken, zoo dat aan elke gemeente, ten minste eens in de vier jaren ons geheel leerstelsel wordt voorgedragen, zoo als het in dat voortreffelijk leerstuk staat uitgedrukt." K.B.1855. 31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

1642 van enige weersin teen hierdie leerboek van die kant van die predikante nie, sodat daar met die wysiging geen vrysinnigheid van leer gemoeid was nie.

Een rede waarom die gemeente van die Here so weinig belanggestel het in die erfenis van die vaders moet wees die onaantreklike wyse waarop die evangeliedienaars die Kategismuspreke ingeklee het. In Nederland het hierdie soort preke polemies van aard gewees en 'n verdediging bevat van die Gereformeerde leer teen die Pelagiane, Sociniane, Lutherane, Menniste en Remonstrante. Dit was ook baie lank sodat die toehoorders nie selde van twee uur tot half-vyf in die middag in die kerk moes bly nie. „Soms werden er te vier uren nog batterijen tegen dissenters aangelegd." 1)

Om onnodige polemiek op die kansel te bring maak die hoofde wel warm, maar die harte koud. Vreemde vuur word op hierdie wyse op die altaar gebring. Die Bataafse Kerkorde van 1643 het die predikante voorgestel „dat zij soodaenighe leeringen de gemeijnte voor draegen ende inscharpen, die van selve best verstaen ende tot de meeste stichtinge sullen mogen dienen ende haer waechten van alle soodaenighe diputatiën ende vragen, dewelcke onnoodich ofte sonder eenige leeringe ende stichtinge sijn, ende bysonderlijcken in de materie van de praedestinatie ende ander hoogere misteriën." 2) Dit lyk dus of dit nodig was om die kerk in die Ooste daarop te wys dat strydvrae op die kansel in die reël nie stig nie.

Ons besit geen proewe van kategismuspreke in Suid-Afrika van die sewentiende en agtiende eeu nie, en weet dus nie of dit hier ook baie polemies van aard was nie. As ds. Salomon van Echten die Dertigste Sondagafdeling oor „die Nagmaal" as 'n geleentheid gebruik, nie om die Roomse

kettery/.....

---

1) Schotel a.w. 434.

2) Spoelstra II. 589.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

kettery teen te gaan nie, maar om aan sy boosheid lug te gee teen diegene wat 'n „pasquil" in die kerk gewerp het,[1] dan kan geen afleiding van 'n algemene strekking gemaak word nie. Tog lyk dit vir ons, veral wat uit die res van hierdie afdeling oor die prediking gesê word, dat die Kategismus-preke lank, droog en onaantreklik was. Die behandeling van ingewikkelde leerstukke van die kerk lei maklik tot 'n droë voorstelling daarvan en is vir die hoorder dikwels abstrakte begrippe wat nie by die konkrete lewe tuishoort nie.

Tog behoort dit nie die geval te wees nie. In die Kategismus en die Belydenisskrifte kom die Here tot sy volk en ontsluit die heilgeheime van sy genadeverbond aan die gemeente. Die leer moet die gelowige opbou in die aller-heiligste geloof wat aan ons oorgelewer is. Maar dan moet die prediking con amore geskied, sodat die hoorders nie aan slaap val nie.

Hierdie kuns het ds. M.C. Vos blykbaar goed verstaan. Toe hy nog in Woudenberg gestaan het, het hy een Sondagmiddag oor die eerste afdeling van die Kategismus gepreek. 'n Skoon-dogter van 'n waardige christen wat uiters onverskillig was, het nuuskierig na die diens gekom om die nuwe leraar te hoor. Die boodskap oor die vraag: „Wat is ons enigste troos in lewe en sterwe" het haar so oortuig van sonde, dat sy daar en dan tot bekering gekom het.[2] Ons sal later sien dat hy 'n lewendige prediker was.

Mej. Catherina Allegonda van Lier vertel in haar Dagboek welke gewaarwordinge van haar meester gemaak het onder die aanhoor van die prediking oor die Paapse Mis. Haar aandag is bepaal by die groot voorreg wat sy geniet om gebore te wees in 'n land „waar in het Evangelie zuiver wordt ge-

predikt/.........

---

1) Idem I. 254.

2) Merkwaardig Verhaal (B.B.V. uitgawe), 97.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

predikt" en om opgevoed te wees deur ouers, wat haar reeds vroeg in die waarhede van die godsdiens ingelei het. Sy sien haar verpligtinge nou beter in. "De kenmerken van een rechten avondmaalganger, die in het overige van deezen Zondag worden opgegeven, durfde ik mijne ondervinding noemen; waarom ik ook in de mogenheden des Heeren een besluit nam om nimmer, wat het ongeloof hier tegen mogt inbrengen, van de verbonds tafel aftebłyven, maar de dood des Heeren te verkondigen tot dat Hy komt." 1) Wie weet, miskien was die Kategismusprediker haar geniale broer, ds. H.R. van Lier.

Die Kategese.

Die Kategismusprediking is te onderskei van die Kategese. In die sestiende en in die begin van die sewentiende eeu is eersgenoemde soort prediking beskou as 'n publieke Katkisasie; die Kategismus-afdeling is deur een van die Katkisante opgesê, en die toespraak van die dienaar van die Woord het meer die karakter van 'n kategetiese onderwysing dan van 'n preek gedra. Langsamerhand is die Kategismusprediking en Katkisasie van mekaar losgemaak en is die kerk tot 'n verhelderende insig gekom. Die kategese is die onderwys wat deur die dienaar van die Woord aan die onmondige lede van die kerk gegee word, met die doel om hulle op te voed tot mondige lede, die belydenis van die geloof af te lê en die sakrament van die Nagmaal te ontvang. Die Kategismusprediking egter rig hom tot die gemeente as geheel, d.i. tot die mondiges in die eerste plek; dit het tot doel die opbou in die geloof; dit bly nie by die eerste beginsels staan nie, maar dring deur tot die binneste skatkamers van die geestelike kennis.

Al is hierdie twee ampsverrigtinge geskei van mekaar, tog is hulle nou verwant. 'n Gesonde Kategese doen ontsaglik veel om die prediking vrugbaar te maak. Aan die begin van/......

---

1) Dagboek, Gemeenzame Brieven en Eenzame Overdenkingen, 72.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van die Volkplanting het die ouers dikwels na die môrediens in die kerkgebou agtergebly om die publieke katkisasie by te woon en daarvan te profiteer.[1] Van die kinders is verwag dat hulle die Sondag se vrae en antwoorde sou opsê. Gewoonlik het die kinders beurte gekry, en dié wat aan die beurt was moes voor die oud-Kerkraadslede 'n sitplek aangewys word, terwyl die ander kinders deur die Voorleser vooraf (voor die diens begin het) ondervra word.[2]
In die namiddag het die leraar oor die bepaalde Sondagafdeling gepreek en daarna die vrae aan die kinders gestel, terwyl hy self daarna 'n verklaring of uitlegging van die antwoorde gee. Die volwassenes is dus ook in die hoofpunte van die Christelike godsdiensleer by voortdurende onderwys geoefen en bevestig.

Ingram Cobbin vertel aan sy Engelse lesers iets van die invloed van die Kategese op die lewe van Mevrou ds. George Thom. Hy beskryf hoe dat 'n makliker boekie deur 'n swaarder een later vervang word en die katkisant in die dieper waarhede ingelei word. Sy was deur 'n katkiseermeester 3 keer per week vir twee jaar besoek en in daardie tydperk het sy skatte in haar geheue weggelê, waaruit sy later veelvuldig in haar sendingywer geput het. Ook kon sy die geleerde in herinnering bring toe haar oë in die ouderdom te swak was om te lees. Dan voeg hy by: „Catechising is an admirable auxiliary to preaching. When this religious exercise is performed by the pastor of the Church, or by pious catechists, public discourses have a much greater effect on the minds of the young." [3]

Met sy degelike kategetiese arbeid het die Kerk 'n getroue bondgenoot gehad vir die bevordering van 'n vrugbare openbare bediening van die Woord.

Die/.......

1) P.B. Borcherds: An Auto-Biographical Memoir, 181.

2) Spoelstra II. 471, 611.

3) Memoir of Mrs. Christiana Louisa Thom, 3, 4.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die Belydenispredikasie.

'n Ander begrip wat van die Kategismusprediking [o]nderskei moet word, is die belydenispredikasie. Opper[vla]kkig beskou lyk dit of dieselfde soort prediking hier [bed]oel word en tog is dit nie die geval nie.

Die gewoonte om sowel belydenis- as voorbereidings[p]redikasies te hou het sedert die vroegste tye in die meeste provinsies van Nederland tot stand gekom. In Friesland egter is die belydenispreek allengs nagelaat, al is die lede plegtig tot die viering van die Heilige Nagmaal opgewek. In 1580 is te Bolswaard die volgende verordeninge gemaak: (1) dat in die laaste week voor die Nagmaal op die Dinsdag 'n preek sal gegee word, tot opwekking om die sakrament by te woon; (2) dat die volgende Donderdag 'n preek gelewer word, „van die proeve" [1]; (3) dat Vrydag die eksamen in die pastorie afgeneem sal word van diegene wat vir die eerste keer aan die Nagmaal wil deelneem; (4) dat „men des Zaterdags de hoofdsom der Christelijke leere zoude voordragen; dit was de belijdenispredikatie." [2]

Dit is duidelik dat die kerkraad die lidmate telkens opgewek het om met nagmaal te dink aan die vroeër afgelegde belydenis en voor Gods aangesig die verbond te hernieu. Dit het geskied in die vorm van belydenispreke. In sommige groot gemeentes is die nagmaalgangers na die voorbereidingspreek „eenige recht gemoedelyke vragen" voorgehou. Aangesien die bevestiging van „nuwe" lidmate gewoonlik 'n dag of twee voor die bediening van die nagmaalsakrament geskied het, is die belydenispredikasie meesal gehou in 'n diens, waarin die gemeente hom voorberei en waar belydenis van die geloof deur jongmense afgelê is. Dit was 'n geskikte geleentheid om nie slegs die „nuwes" nie, maar ook die „ou" lidmate/.........

---

1) Daarom is dit voortaan proefpredikasies genoem.

2) Ypey en Dermout t.a.p. I. 238.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

lidmate te herinner aan trou aan die belydenis.

Jan van Riebeek teken in sy Dagboek by 27 Febr. 1655 aan: „Er is op dato een voorbereydingh ende belydenispredicatie gedaen door den predicant d° Muis, bescheyden op 't schip 't Wapen van Hollandt".[1] En weer by 28 Augustus van dieselfde jaar: „... door den predicant Leonard Bonj een belydenispredicatie gedoen, ende gedoopt 't kint van den Sieckentrooster met den name van Johannes."[2] Van die begin van die volksplanting reeds dus het die gemeente 'n belydenispreek geken en het dit met die bediening van die sakramente saamgeval. Ons hoor ook telkens van „prouffpredicaties" voor die nagmaalsviering.[3]

Nadat die gemeentes in Sinodale verband georganiseer was,[4] moes met kerkvisitasie geantwoord word op die vraag: „en worden er van tyd tot tyd belydenis predikatien gehouden?"[5] Die Kerkraad van Kaapstad rapporteer in 1826 aan die Ring hierop dat „eene belydenis Predicatie ten minsten eenmaal's jaars" geskied het.[6] Hulle het dit dus nie met elke nagmaal in beoefening gebring nie, maar waarskynlik net toe die jong lidmate bevestig is.

Met die verloop van tyd was daar soms onsekerheid wat presies met belydenispredikasie bedoel word. In 1849 het die Ring van Albanie aan die Sinodale Kommissie geskryf om te vra wat 'n belydenispreek is.[7] Die Scriba van die kommissie stuur toe 'n skrywe aan elk van die lede om hulle advies in te wen en hier het ons nou die antwoorde. Dr. P.E. Faure/.......

1) Dagverhaal van Jan van Riebeek (Werken van het Historisch Genootschap, Utrecht 1884, 3 dele), Deel I. Ds. Petrus Mus word bedoel.
2) Idem I. 525; Ds. Leonard Bonius word bedoel.
3) Spoelstra I, 7.
4) Andermaal word die kerf 1750 verbygegaan, omdat ons tot belydenispredikasies nie weer terugkom nie.
5) Wetten en Bepalingen, 1842.
6) Ring van Kaapstad R 1/1, (Godsdiensverslae) Kaapstad 16/1, K.K.A.
7) K.B. 1852. 341.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Faure, die praeses, beskryf belydenispredikaties as „leerredenen die van tyd tot tyd gedaan moeten worden om alle hoofdwaarheden van de godsdienst in het kort ontwikkeld aan de gemeente voortestellen" en voeg daarby: „in Holland het ik ze herhaaldelyk op eenen Zondag de voorbereiding voor het Heilige Avondmaal voorafgaande hooren uitgesproken." Dr. A. Faure antwoord dat in Kaapstad gemeente so'n preek uitgespreek word die laaste Sondag van die maand September elke jaar. Ds. G.W.A. van der Lingen sê dat 'n belydenispredikasie „de belydenis en korte ontwikkeling van de Christelijke geloofsleer is waar het Calvinistische geloofsbegrip wordt uitgesproken ter voorbereiding voor het Heilige Avondmaal in den vorm van een leerrede." Hy weet verder te vertel dat dit 'n oorblyfsel is van die gebruik om „Amen" te sê op die belydenis, net soos die uitspreek van die seën oor die gemeente 'n restant is van die absolusie. Die ander lede van die kommissie, di. I.W. Scholtz, W. Robertson en A. Murray, Snr het almal met die voorsitter saamgestem. Hierdie adviese is net so aan die scriba van die Ring, dr. Roux, as antwoord gestuur.[1)]

'n Fragment van 'n „belydenispredikatie" verskyn in De Gereformeerde Kerkbode in 1854. Dit is uit die pen van V.D.M. en gaan oor die teks in Ps. 5. v. 7. „Gij zult de leugensprekers verdoen; van den man des bloeds en bedrogs heeft de Heere eenen gruwel". Hieruit is dit

duidelik/........

---

1) Notule van die Sinodale Kommissie, S.2.2. no. 12, K.K.A. In 1888 het die Ring van Lichtenburg 'n beskrywingspunt na die Sinode van die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Transvaal, gestuur om te vra wat onder 'n belydenispreek verstaan moet word. Die Sinode besluit: „deze vergadering geeft als antwoord, dat belydenispredikatien predikatien zyn over belydenis van zonden." Hier was die Sinode die spoor byster en sal hierdie besluit in hersiening moet geneem word. Notulen Alg. Kerkvergadering, N.H. of G. Kerk in Z.A.R. (1888), 40,41.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

duidelik dat 'n belydenispreek 'n opwekking tot lojaliteit aan die belydenis is. Die prediker herinner sy hoorders met geleentheid van die bevestiging van lidmate dat die leuenspreker sal omkom en daarom mag hulle van die belydenis-doen geen gewoonte of sleurwerk maak nie. „Dan zullen wy leeren verstaan dat men geene belydenis te doen heeft om zo doende en daardoor een lid van Christus te kerk te worden, maar dat men eerst een lid dier kerk zijn moet om belydenis te mogen doen. Hy die belijdt zonder te kennen of zonder te gelooven is een huichelaar." 1)

HOOFSTUK 4./.......

1) K.B. VI. 193.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 4.

## POLITIEK OP DIE KANSEL.

### Verhouding van prediker tot die Staat.

Wanneer iemand van die Kaapse Kerk voor 1795 beweer: „Die kerk het staatsbeskerming geniet, hoewel dit inwendig vry was onder sy kerkraad om die evangelie te preek, die sakramente te bedien en die kerklike tug uit te oefen," [1) dan is dit nie heeltemal juis nie. Die predikante onder die Oos-Indiese Kompanie mog bv. nie vry uit preek nie.

Hulle was geheel en al amptenare van die Kompanjie, met die rang van onderkoopman. Hulle het hulle aanstelling te danke aan hierdie owerheid, wat egter met die Classis van Amsterdam steeds te rade gegaan het, en het van hom traktement ontvang. Hulle het ook by wyse van rantsoen 'n seker hoeveelheid brood, vlees en ander mond- en huislike behoeftes geniet wat die salaris van 'n predikant, volgens Valentijn, op plus minus 1800 guldens jaarliks gebring het.[2) Leraars of sieketroosters wat nalatig in hulle werk was, of 'n ergerlike lewe gevoer het, is eenvoudig na die Vaderland teruggestuur. Weliswaar het die aanstelling van predikante in die reël deur die bestuur van die Kompanjie in Nederland geskied, maar dit het selfs gebeur dat die regering aan die Kaap 'n leraar op weg na die Ooste oorhaal om hier te bly, soos in die geval van ds. Overney. Afgesien van die posisie van die predikant was daar ook ander drukkende bepalings wat die staat die Kerk opgelê het en wat die selfstandige ontwikkeling van die Kerk baie belemmer het.[3) So moes die ouderlinge gekies word/.......

---

1) J.V. Coetzee: „Suid-Afrikaanse Calvinisme" in Koers in die Krisis, I.56.

2) In die lys van goedere wat ds. J.F. Bode na die Kaap vergesel het word die volgende genoem: „ 1 Kist met plunje, dog vrouw en kinderen hebbende, 2 kisten, meer als 4 kinderen hebbende nog een kist daar en boven; 1 kist met boeken groot als boven; 3 pypen of ses amen wyn of bier; 4 fleskelders; 12 hammen; 6 stukken gerookt vleesch; 12 kaasen" - Bode-papiere, K.S.A. acc. 129.

3) Sien „Die Politieke Raad en die kerklike lewe" in dr. J.P. Jooste: Die Verhouding van Kerk en Staat aan die Kaap, tot die helfte van die 19e eeu, 49-56 (getikte eksemplaar).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

word deur die kerkraad maar met goedkeuring van die staat en moes 'n dubbeltal name van diakens aan die Politieke Raad opgestuur word wat dan die regte getal aanwys. In die begin van die volgende eeu het die Kommissarisse Politiek in die Rings- en Sinodale vergaderings sitting gehad en moes al die besluite deur die owerheid bekragtig word. Deur die jare heen sou daar 'n groot stryd ontbrand om die kerk van die knellende leiband van die Staat te ontworstel. Dit het dan ook in 1843 geskied, toe die Kerk deur die bekende Ordonnansie sy vryheid verwerf het, maar die predikante het nog hulle traktement ontvang van die Staat tot laat in die neëntiende eeu.

Hierdie knegskap van die Kerk aan die Staat is reeds met die Sinode van Dordrecht verseël. Die Dortse Kerkorde art. 28 lui: „Gelijk het Ampt der Christelijke Overheden is, den H. Kerkendienst in alle manieren te bevorderen, den selven met haar exempel den onderdanen te recommanderen, en de Predikanten, Ouderlingen en Diaconen in alle voorvallende nood de hand te bieden en by hare goede ordeningen te beschermen; alsoo sijn de gantsche Gemeente vlijtelijk en opregtelijk in te scherpen de gehoorsaamheid, liefde en eerbiedinge, die sy den Magistraat schuldig sijn: en sullen all kerkelijken personen met haar goed exempel in desen de Gemeente voorgaan, en door behoorlijk respect de gunst der Overheden tot de Kerken soecken te verwekken en te behouden". En op dieselfde sinode is die Nederlandse Geloofsbelydenis tot reël van die geloof verklaar, wat in art. 36 sê: „En hun (die Owerhede) ambt is, niet alleen acht te nemen en te waken over de Politie, maar ook de hand te houden aan de heilige kerkedienst: om te weren en uit te roeien alle afgoderij en valse godsdienst...... om 't Woord des Evangeliums overal te doen prediken". Dit was dus vir die Oos-Indiese Kompanjie 'n dood natuurlike saak om sy hand gedurig bo die hoofde van die predikante te hou.

Wanneer 'n leraar deur die Bewind na die Kaap uitge-

stuur/......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

stuur was, het hy 'n klassikale akte in sy besit gehad, wat sy geestelike ampswerk beskrywe het. Daarin was hy o.a. verplig om „door de zuivere Predikatie van Godts Woordt, wettige bedieninge der Sacramenten, openbare aanroepinge van den name des Heeren, en wat voorts tot den rechtmatigen Godsdienst gehoort" die Koninkryk van God uit te brei. Maar daarbenewens was hy bewapen met 'n „Instructie voor de Predicanten ende sieckentroosters, die hun in den dienst van de Vereenichde Oost Indische Comp$^{e}$. sullen willen begeven." 1) Art. 1 hiervan lui dat die predikante in die bediening van hulle amp, hulle moes hou aan die „Particuliere Instructie" wat aan hulle deur die Classis, met toestemming van die Bewindhebbers gegee is. Maar in siviele sake moes hulle „gelijk alle andere officieren en dienaars der Kompanjie" hulle onderwerp aan „de overheden zoowel te water als te lande" en aan die voorskrifte van die „Generalen Artikelen-brief" wat die algemene reglement vir die dienaars van die Kompanjie was.

Verder word die predikante en sieketroosters baie duidelik daaraan herinner om hulle met „geenderhande saecken (te) bemoeijen oft aantrecken, de regeringe van de schepen, Comptoiren, Forten oft ander plaetsen van de Comp$^{e}$. concernerende, nochte generalijck met yets buyten haer beroep ende vocatie wesende, maer alleenelijck met den Godsdienst" (Art. 5). Hulle was dus bloot amptenare vir wie voorgeskryf was op welke terrein hulle mag beweeg. En tog moes hulle 'n Woord bring wat lewendig was en wat, volgens Paulus, hom nie laat bind nie.

Dit is as of die Here XVII hierdie laaste waarheid besef het, want vervolgens probeer hulle nader omskryf wat op die kansel nie mag gebeur nie. Hulle was bevrees dat die evangeliedienaars die oortredinge van die amptenare openlik sal bestraf en dat laasgenoemde „daerdeur in spotende

cleijnachtinge/.....

---

1) Spoelstra II. 544 v.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

cleijnachtinge van de ondersaten" gebring sal word. Dit sou seker ook die goeie orde van Jan Kompanjie se sake gesteur het, wanneer die predikant van die privilege van die kansel gebruik maak, en as onderkoopmaan die opperkoopman bv. in die openbaar in diskrediet bring. Daarom word die vermaning tot vier keer in die „Instructie" herhaal dat hulle „de Commisen, schippers ende andere Overheden, nochte in haer predicatiën ofte vermaningen, nochte oock elders ofte andersints voor den volcke ende in 't openbaer, oft met soodanige aenwysinge ende particularisatie van 't feyt, personen oft ampten, niet en bestraffen."[1] Hulle gee aan die hand dat die predikant liewers die oortreder „in 't particulier" of privaat moet gaan spreek en daar met hom afreken, as om in die openbaar die sonde te bestraf.

Dit is goeie homiletiese smaak wat aan die dag gelê word. As een gemeentelid oortree het dan pas dit nie om gedurig van die kansel daaroor te skimp nie, want die hele gemeente moet dan ly vir die sonde van die een. Hulle word net onnodig verontrus. Die curia generalis hoort nie op die kansel nie. Veel beter is dit om die persoon onder vier oë te kry en hom daar die Leviete voor te lees. Maar die Bewindhebbers het verder gevoel dat daar ook 'n gevaar in hulle stipulasie skuil. So maklik kan terwille van die gesag van die indiwidu die mond van die leraar gemuilband en die reg skade aangedoen word. Daarom voeg hulle heel floutjies art. 11 by: „Sonder dat wij nochtans hiermede de Predicanten ende sieckentroosters willen verbieden, alle ydele oft Godslasterlijcke propoosten, oft oock eenige ontuchtinge ende onbehoorlijcke acten, in 't openbaer oft in haer bywesen gedaen, ter verscher daet, naer gelegentheyt van saecken, met bequaeme vermaningen ende berispingen te straffen" opdat hulle stilswye nie die skyn sal skep asof hulle die oortreding goedkeur nie.

Tussen/.......

1) Sien artt. 2, 9, 10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Tussen hierdie twee horings van die dilema sou die prediker in die toekoms gedurig dwaal. Aan die een kant staan die bepaling dat hy sondes nie by die naam mag noem en die Owerheid nie te na mag kom nie. Die spreuk lui: „Wiens brood ik eet, wiens woord ik spreek". Hy was 'n betaalde amptenaar van die Staat. Kommissaris-Generaal de Mist het dit later so uitgedruk toe hy strenger staatstoesig oor die predikante wou sien: „De Regeering betaald de Geestelijkheid, de Geestelykheid gehoorzaamd de Regeering." 1) Dit het natuurlik tot groot misbruik gelei. „Die verkeerde wat hulle sien en waartoe hulle moes meewerk, durf hul nie luid afkeur nie. Hulle was in 'n sekere sin pandelinge van die toemalige goewerment." 2) So het ds. P. Kalden die Tien Gebooie nooit laat lees wanneer die Goewerneur W.A. van der Stel in die Kerk is nie „om desselfs gemoed niet t' ontrusten." 3)

Aan die ander kant is daar die hoë roeping van die evangeliedienaar dat hy aan God meer gehoorsaam moet wees as aan die mens. Hierin word die predikant van die Kompanjie gedeeltelik gerugsteun deur Art. 11 van die Instruksie dat hy soms bestraffend moet optree.

<u>Ds. E.F. le Boucq</u>.

Engelbertus Franciscus le Boucq was een van die predikers wat met die staat gebots en daarom in moeilikhede beland het.

Hy was vroeër 'n Bernardijner Monnik in die Abdy Boneffe (België), maar het tot die Protestantisme oorgekom. Toe die Edikt van Nantes in 1685 herroep word, vlug hy saam met ander Hugenote na Nederland. In Dordrecht aangekom, wil die/......

---

1) „Verhandeling omtrent het geene gedaan behoort te worden" by J.P. van der Merwe: Die Bataafse Republiek, 224.

2) Van Troostenburg de Bruijn a.w. 647.

3) Kolbe: Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop (Amsterdam 1727) II. 392.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Waldensiese Protestante hulle nie opneem nie, sodat hulle 'n afsonderlike gemeente vorm.[1] Dr. le Boucq[2], van Franse afkoms, het hier as hul prediker opgetree en toe na enige maande die Hugenote die stad weer verlaat - tot vreugde van die orige Waalse gelowiges - het hy sy „Afscheid-Predicatie van Dordt" uitgespreek, 'n leerrede wat later uitgegee is.[3]

Hierdie buitengewone geleerde maar heftige dominee het in 1703 na Batavia vertrek, waar hy tot 1706 vertoef om Portugees te leer en die beurte van siek predikante waarneem. Hy word nou na die Kaap verplaas om die Hugenote in Drakenstein te bearbei, maar met sy weiering om daar te bly, vind hy eindelik 'n tuiste in Kaapstad self.

Die land was toe juis in twee politieke partye skerp verdeel, die een ten gunste van die Regering, die ander nie. Toe le Boucq hier aankom was dit 'n paar weke voor die besluit van die Here Sewentien oor die klagtes van die burgers bekend gemaak sou word en die hele samelewing het in spanning verkeer. In plaas van 'n bedarende invloed te wees, kies hy meteens party vir die ontevrede burgers en lug sy gevoelens van die kansel.

Op Sondag, 28 Augustus 1707, preek hy in Kaapstad en kies tot teks Spr. 29 vers 1: „'n Man van baie bestraffing wat sy nek verhard, sal onvoorsiens verbreek word sonder dat daar genesing is." Waarnemende Kommandeur d'Ableing

vertel/..........

---

1) de Bie en Loosjes: Biographisch Woordenboek I.537.

2) Hy was 'n doctor in die regte van die Utrechtse Universiteit.

3) Ander werke uit sy pen was die volgende: 1) Dwalingen van het Pausdom, geskrywe na sy oorgang tot die Protestantisme; 2) Het bedriegelijk aanloksel na de Babelsche Hoere door den blinden drift van den Heer P.H. Junctimme in een brief vertoond, wat ook in Latyn verskyn het Fallax allectatio ad meretricem babylonicam; 3) Gevaarlijken afkeer van 't superstitieus pausdom; 4) Ydele Syrenesang, Warnest der Papisten; 5) Succincta et dulicida Heidelbergensis Catechesias ecclesium (sic) reformatorum explicatio, 'n boek wat in sommige Latynse skole gebruik is om leerlinge te oefen in die weerlê van andersdenkendes se gevoelens. Van T. de Bruyn, a.w. 600.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

vertel dat le Boucq nie in staat was om ex tempore te preek nie, maar gewoonlik sy predikasies afgelees het en dat hy in die laaste tyd die gewoonte vertoon om allegasies te maak op persone wat nie in sy smaak val nie - tot ongenoeë en weinig stigting van die gemeente.[1] Ook nou verklaar hy sy teks sodanig dat dit ten gunste van dié burgers val wat reeds lank vir hulle vryheid stry, maar „met influentie van zeer hatelijke expressiën" ten nadele van die Goewerneur, wat sy nek sou verhard het.

Met lewendige kleure skilder die kerkraad die toneel aan die Classis: „Maar taxeerd aanstonds in publieke predicatien, de gewese opperhoofden, en ontsiet niet de regeerende over te halen, en andere met natte vingeren aan te wijsen, op een manier, die een dienaar van het Evangelium, die gehijligde plaats en tijd, tot beschouwingh van God en goddelijke waarheden toegewijt, 't minst past en affvordert."[2]

Aan die einde van die diens kondig hy aan dat die onlangs gekose ouderling, Abraham Poulle, en die diaken, Jan Oberholster, uit hulle betrekking ontslaan is. Hulle was albei Regeringondersteuners.[3]

Die opskudding wat hierdie aankondiging te weeg gebring het, was groot. Een vrou het flou geval en moes na die siekehuis uitgedra word. Die sekretaris van die Politieke Raad, Willem Helot, 'n swaer van Poulle, het so opgewonde geraak dat hy met sy hoed teen die preekstoel slaan en die predikant toevoeg: „Daar sul je van hooren". Kolbe sê: „ Een iegelijk toehoorder stond verbaasd over de nieuwigheid en stoutmoedigheid van den Prediker", maar dat hulle net so verbaas was oor die „nieuwe kerktugt in vorige jaren gansch vergeten, en achter stoelen en banken gewurpen".[4]

Die/.......

1) Leibbrandt: Precis of the Archives, Letters despatched 1669-1708, p. 367.
2) Spoelstra I.116.
3) Hy het beweer dat Poulle 10 jaar tevore te Batavia weens laster gevonnis is en dat Oberholster eers nadat hy as diaken gekies is, belydenis van die geloof afgelê en nagmaal gebruik het.
4) Kolbe II.397.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die koeël was nou deur die kerk: politiek het op die kansel gekom! Maar die wêreldlike swaard was magtig en sou die oproer gou in die kiem smoor. Die Politieke Raad hou nou sitting op dieselfde dag en belet ds. le Boucq om die namiddagdiens te hou. Hieroor was hy briesend kwaad en verkeer onder die indruk dat hy vir goed die swye opgelê is. Hy ontken dat die owerheid reg het om hom in suiwer kerklike sake in te meng en toon uit regsgeleerde outoriteite dat die sensuur 'n suiwer kerklike saak is.

Intussen begaan hy 'n taktiese fout om op 6 September 'n brief aan die Gesaghebbers te skryf dat hy nie weer sal preek voordat hy in sy eer herstel is nie. Dit gee die Raad 'n opening om met die beslissende stem van d'Ableing te besluit om hom sy traktement te onthou.

Dr. le Boucq weet egter om simpatie by die onte vrede burgers te ontlok. Reeds die feit dat hy vir Poulle wat die sekretaris van die Justisie was, gesensureer het, was 'n riem onder hulle hart. Hulle beskou hom selfs as 'n martelaar. Self ry hy rond met 'n sabel aan sy sy en voorsien van 'n paar pistole, terwyl twee slawe met swaar stokke hom vergesel, om die gemoedere op te rui. Hy skroom nie om Stellenbosch en Drakenstein ook in die twis in te sleep nie, terwyl hy di. H. Beck en P. Kalden verder verkleineer. Van der Heiden, Adam Tas en drie ander egter onderteken 'n verklaring dat Poulle tydens die vervolging van die burgers valse geskrifte vervaardig het en dus onwaardig was om as ouderling te dien.[1)]

Toe sy saak min of meer totaal verlore was, stuur hy aan die Stellenbosse kerkraad sy lesing van die hele kwessie tussen hom en die Regering om self 'n oordeel te vorm. Op hierdie eensydige inligting stuur oud-ouderling Grevenboek/.......

---

1) Moorrees a.w. 121 - 139.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Grevenboek, ouderlinge van der Heiden en Wessel Pretorius en oud-diaken Adam Tas hom 'n vleiende getuigskrif.[1] Maar dit verwonder ons nie dat die Raad besluit om hom na Batavia te stuur nie, met 'n opdrag aan die Regering aldaar om sy saak te laat ondersoek. Die oordeel van die kerkraad van Batavia is byna gelykluidend met dié van die Classis, dat le Boucq berispe moet word omdat hy „veel beroering in die kerk aan die Kaap gebracht had." [2]

Ds. le Boucq was ongetwyfeld baie onversigtig en ongebalanseerd in sy oordeel en optrede, maar hy en ander sou leer dat die owerheid van daardie dae geen inmenging van kerklike kant in politieke sake geduld het nie.[3]

Ds. Ruardus Cloppenburg.

Ook uit die geval van ds. R. Cloppenburg blyk dit dat die prediker nie volkome vry was om te preek nie.

Hy het in 1746 by die Kaap aangekom om op 7 Augustus sy intreepreek te hou. Hy was 'n student van Leiden[4] en is deur sy vader in die gemeente Meerkerk in sy amp bevestig. Daar het hy 'n leerrede voorberei vir die sinodale sitting wat hy egter nooit uitgespreek het nie.[5]

Alles/........

---

1) A.L. Geyer: Die Stellenbosse Gemeente in die agtiende eeu, 40-45.

2) Spoelstra I. 63 - 119.

3) In 1711 bevind hy hom in Batavia om via Ceylon en Onrust daar in 1748 as predikant van die Portugese gemeente te sterwe. Daar het hy 'n leidende aandeel gehad in die stryd van 80 jare oor die skeiding van die sakramente, of die volwasse-dopelinge dadelik tot die nagmaal toegelaat moet word en of gewag moet word totdat hulle eers daarna verlang. Die Indiese Regering moes later ingryp om 'n einde aan die twis te maak. Van T. de Bruyn a.w. 600, de Bie en Loosjes a.w. I. 537.

4) Album Studiosorum Academiae Lugduno Batavae 1575-1875, Kol. 871.

5) Paulus afscheidt van de kerke van Ephezen, vertoont in een afscheidts Leerreden over Eph. vi:23, 24 voor de hoogeerw. Christelijke Vergadering van Zuidthollandt vergadert binnen de stadt Gorinchem, den 13 July 1736, gescheiden. Opgestelt, doch niet uitgesproken door Ruardus Cloppenburg, Gerard Zoon, bedienaar van 't Heilig Evangelie te Meerkerk ('s Gravenhage, uitgever Frederik Boucquet 1736), de Bie & Loosjes a.w. II. 122, 123.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Alles was vir hom rustig in die nuwe gemeente vir 'n anderhalwe jaar, toe hy deur die kerkraad in sy amp geskors word, omdat hy sy vrou sou mishandel het. Dit blyk dat hy baie gelukkig met sy eerste vrou was, wat hom te Meerkerk ontval het. Die tweede huwelik was nie so'n groot sukses nie, sodat hy besluit om na Suid-Afrika te verhuis in die hoop dat sake sal verbeter. Reeds in Nederland het sy alkoholiese neigings begin toon, maar haar man het haar verder getart deur haar te herinner aan die voorbeeld van „mijne seer geliefde, godvrugtige, nu salige huijsvrouw Jacoba Sijmons." [1]

Aan die kerkraad ontken ds. Cloppenburg nie dat hy sy vrou geslaan het nie, maar hy het haar op allerlei maniere probeer tereg bring. Sy drink, verkwis, verwaarloos haar kinders, gebruik „canaljeuse Haarlemmersdijkstaal" en hinder hom sodat hy hom nie behoorlik vir die kansel kan voorberei nie.[2] Die saak word nou na die Classis verwys en die Politieke Raad besluit om hom „huistoe" te stuur. Die Classis vra die Here Majores om sy appèl in Holland in plaas van in Batavia te verhoor, maar al word die Classis hierin selfs deur die Sinode gesteun, word daar geen gehoor aan gegee nie. Voordat die saak behoorlik ondersoek kan word, het hy gesterf.

Daar is 'n gerug in die land dat Ruardus Cloppenburg gedeporteer is deur die Politieke Raad „wegens zijn al te grooten ijver, en omdat het quaet al te zeer bestrafte." 'n Moeder het haar proponentsseun juis daarom aangeraai om liewers in Holland te bly en nie na Suid-Afrika te emigreer nie „omdat een predikant hier het quaet niet mogt bestraffen." Die Gekombineerde Kerkvergadering rapporteer

egter/........

---

1) Molhuysen en Blok: Nieuw Nederlandsch Biographisch Woordenboek I. 614.

2) Spoelstra I. 225.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

egter aan die Classis dat dit niks anders as „een leugenachtig uijtstrooysel" is, dat hulle hier volkome vryheid het, net soveel as in die vaderland, om op 'n betamelike wyse alles te sê wat hulle nodig oordeel „en dat wij hier het ernstig zijn, en ernstig prediken, nae een goede orde, zeer beminnen, en ons niemant daarin hinderlijk is; de Regering, in plaets van ons te beletten, voorgangers zijnde, in eene talrijke gemeente." 1)

Waar daar egter 'n rokie is, daar is 'n vuur. Selfs die Classis gaan uit sy pad om terug te skrywe hoe bly hulle is dat daar werk van gemaak word om „met alle magt het ernstig zijn en ernstig prediken te behartigen en voor te staen" en dat die Regente ondersteuners van die godsdiens is en die vryheid volkome laat om „behoudens betamelijke eerbied en onderwerpinge, met voorsigtigheid des volks ongeregtigheden bekend te maeken en te bestraffen." 2) Ons let op die nadruk van die woorde „betamelike eerbied en onderwerpinge, met voorsigtigheid." Die predikers moes baie versigtig wees om sondes reguit te striem en veral die regente op hul sondes te wys, want dan beteken dit dat politiek op die kansel kom!

Stomme honden.

Wanneer ds. J.F. Bode in 1760 3) aan die Classis skryf: „Dan sijn de leeraren niet meer als stomme honden, die niet bassen durfen", wil hy nie in die eerste plek hierdie laaste stelling ondersteun nie, maar sinspeel op die praktyk van die Bewindhebbers om 'n predikant om geen besondere rede van een staanplek na 'n ander te verskuiwe, sonder/.......

---

1) Spoelstra I. 239.

2) Idem II. 97.

3) Die lyn word verder as 1750 deurgetrek omdat die verhouding van die prediker tot die staat nie spesifiek weer behandel sal word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sonder om hom daarin te ken. Dit was die geval met hom toe hy van Kaapstad na Waveren willekeurig verplaas word. Sy beroep op die Classis is dan ook gehandhaaf. Maar om klem by sy pleidooi te sit, sê hy „niets gepredikt hebbe als Kristus en dien gekruijst en geloov en de bekeering, en my nooit, volgens myn gelofte, het Evangelium van Kristus geschaemt.[1] Ook nooit sonden willen goed noemen of ze willen bewimpelen, maar nooit hebbe ik geparticulariseert, maar althos in 't gemeen gesprooken. Nooit hebb ik ook de hooge Overheyd gekwest of hunne heerlykheit by het gemeen veragtelijk gemaakt.[2]" Ds. Bode was m.a.w. getrou aan sy Instruksies om die Staat in sy prediking nie aan te rand nie!

Die Kolonie het intussen twee keer van besitters verwissel; eers was dit in die hande van die Engelse en toe weer onder die regime van die Bataafse Republiek. Nog was die posisie van die prediker nie veel verbeter nie. Art. 5 van die Kerkorde van de Mist (1804) het o.a. bepaal: „De Leeraars zijn verpligt in derzelver openbare of byzondere onderwijzingen, zich aan de besluiten van het Gouverment ten dezen opsigte te onderwerpen", terwyl die Regering hom „de onvervreemdbare magt" voorbehou om die uitwerking van die leerstelsels op die burgerstaat, op die gees en die gedraginge, te beoordeel. As dit dus 'n verkeerde uitwerking het, dan beland die predikante weer in die moeilikheid. Art. 30 sê verder dat van die leraars verwag word om minstens vier keer per jaar in die buitedistrikte te gaan preek en by alle geleenthede die lidmate aan te spoor tot nakoming van die landswette en tot eerbied jeens hulle owerheid. Die predikant is dus deur de Mist beskou niks anders as 'n handlanger van die Gowwerment te wees nie, ook in sy

preekdiens/......

---

1) Hy sinspeel op sy intreepreek oor Rom. 1 vers 16.

2) Spoelstra I. 283.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

preekdiens[1]

Met die oorneem van die Kaap deur die Engelse in 1806 is die status quo van die godsdiens gehandhaaf. Paragraaf 8 van die kapitulasie lui: „dat er geene verandering gemaakt worde in de publieke eerdienst," [2] en die Kerkorde van 1804 sou in die toekoms ook van toepassing wees. Die kerk word nou algaande niks meer as 'n departement van die Staat nie, verplig om die instruksies deur die Regering uitgevaardig te gehoorsaam. So word teen die einde van 1811 'n bevelskrif uitgevaardig dat daar „voortaan elken Zondag voor Zijne Majesteit den Koning George III, Hare Majesteit de Koningin Charlotta en Hare Koninklijke Hoogheden de Prins en Prinses van Wales, alsmede de geheele Koninklijke familie zou gebeden worden, in den opentlijken Godsdienst." [3] Hierdie dwang sou nie alleen in die kanselgebed bespeur word nie, maar ook in die kansel self, al was dit nie 'n uiterlike dwang altyd nie.

Reeds met die eerste Engelse okkupasie het ds. J.H. von Manger dit sy plig geag om die burgers van die Graaff-Reinetse Republiek te oorreed om die nuwe heersers te erken. Met die uitroep van die Republiek wou hy nie meer daar bly nie, want, sê hy, hy het 'n eed van getrouheid aan die Koning van Engeland afgelê, en so is hy dus in 1796 Kaap-toe. Selfs na die oorgawe van die Graaff-Reinetters wou hy nie daarheen teruggaan nie. Dit word vertel dat terwyl hy in sy preek besig was om die gemeente tot vrede aan te spoor, hy in die rede geval is deur een van die hoorders wat uitroep: „Kleine Manger, ga maar aan, vandaag is het jouw beurt, maar morgen of overmorgen zal het onze

beurt/.......

1) Dr. H. van Broekhuizen sê: „Die Kommissaris het probeer twee onmoontlike dinge in hierdie Kerkordening reg te kry; aan die een kant het hy Kerk en Staat van mekaar geskei, en aan die ander kant het hy die Kerk heeltemal ondergeskik gemaak aan die Staat." Wordingsgeskiedenis van die Hollandse Kerke in S.A., 31.

2) Records 5. 264, 301.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

3) Moorrees a.w. 477.

beurt zijn." [1]

Om die oproer aldaar te stil word 'n ander evangeliedienaar nou gestuur, omdat hulle weet dat die predikante groot invloed oor die volk uitoefen. Ds. M.C. Vos van Waveren word gevra om na die grensdistrikte af te reis om te sien of hy nie moontlik „meer goeds aldaar ter herstelling van de rust konde uitwerken, dan zijne Excellentie door zijn politieke en militaire magt, tot hiertoe had kunnen doen." [2] Gen. Craig in 'n skrywe aan die Engelse Minister (29 Augustus 1796) noem enige persone wat in die openbaar aktief opgetree het ten gunste van die belange van Sy Majesteit en onder hulle: „Mr. de Vos (sic), the minister of Waveren, who exhorted himself in a very particular manner, and openly from the pulpit called upon the people to return thanks to God for affording them that powerful protection, which could preserve to them their Religion, their lives and their property." [3] Vos skryf dat hy so goed as hy kon, sy plig uitgevoer het. Trouens, hy is net betyds deur die Voorsienigheid daar gebring, anders sou daar 'n bloedbad plaasgevind het. Maar deur sy bemoeiinge en deur die feit, dat „onze vaderlijke Goewerneur" 'n verandering in Magistraat aangebring het, is die rebellie in die kiem gesmoor.

Veral tydens die Groot Trek het Evangeliedienaars van die Hollandse kerk hulle dikwels geleen om die kansel te gebruik teneinde die saak van die owerheid te steun. Maar dit behoort tot 'n later hoofstuk.

Politiek op die preekstoel is 'n verskynsel wat in ons kerkgeskiedenis reeds baie oud is. Die leraars is

deur/......

---

1) Theal: Records 3.263. Vgl. De Honingby 1839. 221.

2) M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal, 141.

3) Theal: Records 1.448.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

deur die Hollands Oos-Indiese Kompanjie baie streng verbied om hulle in te meng in die sake van die Staat, want die skoenmaker moet hom by sy lees hou. Al die predikante was nie aan hierdie instruksies gehoorsaam nie en het hulle vingers lelik verbrand. Dit tref ons egter dat wanneer die prediker hom met staatssake bemoei en wel ten faveure van die Regering, dit dan, soos in die geval van di. Vos en von Manger, nie as politiek beskou word nie. Dan neem die Goewerment daar selfs genoeë mee.

Die liefdeboodskap van God rig hom tot die hele menslike werklikheid. God het hom lief in sy liggaamlike, geestelike en religieuse gesteldheid, in sy betrekking met ander mense op hierdie drie terreine. Hy bemoei Hom nie alleen met die „geestelike" vraagstukke nie, maar ook met die „materiële". Die prediker moet sy boodskap dus so inklee dat hy sy lidmate nie slegs voorberei vir die hemel nie; maar dat hy hulle voorlig oor die huidige gelukkige bestaan.[1] So kom hy in aanraking met die volkssondes en die oortredinge van die Regeerders, waarteenoor hy nie mog swyg nie, al kos dit vir hom die konsentrasiekamp. As profeet moet hy gedurig getuig: so sê die Here Here! As Calvinis moet hy die lig van Gods Woord op elke terrein van die lewe laat val, ook op gebied van die staatkunde. Hy moet die evangelie daar indra. Maar dit beteken nie dat hy, soos ds. le Boucq, kant moet kies tussen twee politieke partye nie. Partypolitiek moet van die kansel geweer word!

HOOFSTUK 5/..........

---

1) A.M. Brouwer: De Taak van de Kerk in de Nederlandsche Volks- en Staatsgemeenschap, 9.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 5.

## DIE PREDIKING ONDER DIE HUGENOTE.

### Ds. Pierre Simond.

Die enigste preek in die sewentiende eeu op Suid-Afrikaanse bodem uitgespreek en nog in ons besit, is uit die Hugenote-tydperk afkomstig. Afgesien van sy intrinsieke waarde, is dit dus van groot historiese belang. Die Franse predikant, Pierre Simond, was daarvoor verantwoordelik.

Toe die Edikt van Nantes in 1685 herroep word, het baie Franse Protestante na Holland gevlug. Daar is hulle orals by die Waalse gemeentes ingelyf. In Amsterdam het 16 Franse predikers hulle gevestig, in Leiden en Rotterdam 8, in Holland en Dordrecht 7, in Delft 6 en in Gouda 5. Trouens, binne die eerste ses weke was daar van hulle 108 leraars in Nederland en op die Sinode van Rotterdam in die volgende voorjaar was daar nie minder as 202 Franse predikante nie. Die besondere bekwaamheid van dié manne trek vele se aandag. Jean Claude bv. het vir die bekende Bossuet nie ondergedoen in kennis en kanselwelsprekenheid nie. 1)

Die predikante moes hier, behalwe die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls, ook nog in 1686 die sesde artikel van die Handelinge van die Waalse Sinode van Rotterdam onderteken. Amyraud het verkeerde leringe gehad in verband met die verkiesing en Pajon omtrent die verdorwenheid van die menslike natuur, sodat Art. 6 daarteen moes waak. Die Waalse kerk wou nie besoedel word deur wanbegrippe van elders nie, maar wou die regsinnige leer van Hervormde kerk in Nederland ongeskonde bewaar. „De Waalsche kerk was van de eerste tyden af echt Kalvijnschgezind gewee st/........

1) W. Loeb: „Die Hugenote in Holland" in Die Huisgenoot, 15 Sept. 1939.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

weest, en was het toen nog." Tydens die twiste tussen die Remonstrante en Contra-remonstrante het hulle hulle verenig met die gevoelens van laasgenoemde, al het hulle nie aktief in die stryd gewees nie. „Hunne theologische wyze van denken en prediken voor het overige was veel eenvoudiger, ook door het eenvoudige veel krachtiger, dan dié der Voetianen, welke party zij het meest schenen toegedaan te zijn." 1)

Die leraars van die Waalse Kerk was dus regsinnig en die toevloed uit die Hugenote-geledere sou geen afbreuk doen aan daardie hoë standaard nie. Hulle het groot leed verduur aan die hand van Lodewyk XIV, maar het gelouterd en gehard uit die vuur van vervolging gekom. Terwille van die goud van die kosbare geloof het hulle alles feil gehad. „A French Protestant clergyman in those days was of necessity a man of earnest faith, of great bravery, of entire selfdevotion, and such a man naturally inspired strong attachment." 2)

So iemand was Pierre Simond ook gewees. Gebore in Nion in Dauphiné het hy 'n groot deel van sy lewe in Suid-Frankryk geslyt. Hy het in die teologie te Die gaan studeer, nie ver van sy geboorteplek af nie. Voordat hy in 1684 na Embrun in die Hoë Alpe by die Italiaanse grens gegaan het, was hy predikant te Montjoux, ook in Douphiné.3) In sy genoemde preek sê hy: „Ek is as't ware gebore en opgevoed in die Huis van U Edele Hoogheid. My grootvader van moederskant het die voorreg gehad om sy werkkrag te stel in diens van die Huis van U Edele Hoogheid en wel met soveel ywer en gevolg dat Prins Frederik Hendrik, roemryke nagedagtenis, hom/.........

---

1) Ypey & Dermont a.w. III. 66 v.v.

2) Theal: Chronicles of the Cape Commanders, 283.

3) Bulletin de la commission pour l' Histoire des Eglises Wallones by J.L.M. Francken: „Ds. Pierre Simond" in Die Huisgenoot, 15 Sept. 1939. Die biografiese besonderhede het ons van hom ontleen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hom die eer aangedaan het om in 'n skrywe sy voldoening aan hom uit te spreek, „hom 'n brevet te verleen en 'n nie geringe jaarlikse toelae toe te ken." Toe die groot eksodus na Holland plaasvind het hy saam met ander vlugtelinge in Zieriksee beland. Weens die oorstroming van 1682 was die omgewing verwoes en kon die stede van Goes en Zierikzee geen predikant bekostig nie. Daar is toe orals gekollekteer vir daardie doel en so kon op 18 Februarie 1688 „twee predicanten Mess[s] N. Reij en Pierre Simont die hier in haere predicatien en ommegangh goet contentement en satisfactie geduijrende haer aanwesen hebben gegeven" aangestel word teen 'n traktement van f400 per jaar. Hulle kontrak het twee jaar geduur „ten waere haer een ordinairise plaats ofte beroep moghte gebeuren ofte andere merckelijck voordeel moghte overcommen." Voordat die twee jaar verby was, het Simond aan die voorwaarde voldoen, deurdat hy 'n aanstelling aan die Kaap gekry het met 'n salaris van f90 per maand.[1] Saam met sy vrou "Anne de Berault", het hy in Augustus 1688 in Suid-Afrika aangekom.

Om die nuwe element so spoedig moontlik in die ou bevolking te laat saamsmelt, moes die aankomelinge tussen die Hollandssprekende Koloniste versprei word. Enige is op Stellenbosch, terwyl die grootste meerderheid langs die valleie van Drakenstein, Franschhoek en Wagenmakersvallei geplaas is. Die Franse dominee sou 'n stuk grond tussen Stellenbosch en Drakenstein kry om te bewoon en „uijt 't gemak om ter preke te gaan" sal hy „wisselinx d'eene Sondag an Stellenbosch en d' andre an Drakensteijn praediken, guns in de kerk, hier in 't best gelege en bekwaamste vrijmanshuijs, ten tyde toe dat God middelen en gelegenheid tot 't bouwen van sijn/..........

---

1) Notule van die Zierikzeese Raad (1681-89) by Francken a.w. 78.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sijn huijs sal verleenen." Die sieketrooster Mankadan moes in sy afwesigheid 'n predikasie voorlees. Wanneer ds. van Andel eenmaal in die drie maande die dienste op Stellenbosch waarneem, was sy Franse ampgenoot gehoue om sy plek in die Kaap te vul. Voorts is bepaal dat ds. Simond sitting sou hê in die kerkraad van Stellenbosch, en ewe-eens in dié van Kaapstad, indien hy hom daar bevind.[1]

Net soos die Hugenote in Nederland as 'n onderdeel by die Waalse gemeentes ingelyf is, so is hulle ook in Suid-Afrika as 'n deel van die gemeente Stellenbosch beskou en het onder die toesig van daardie Kerkraad gestaan. Daarmee het die Franse nie genoeë geneem nie. In November 1689 vaardig hulle Simond en andere af na die Goewerneur om 'n selfstandige gemeente aan te vra. Die Landshoof het gedurende die debat ongeduldig en onbillik gepraat van „eenige Fransche gewaande vlugtelingen... welke onder schyn van den geloovsdwang hares Konings t' ontgaan, haar, na dat 't sig het aansien, uyt Frankryk elders heen en voornamelyk na Holland hadden begeeven, ten einde om onder den dekmantel als yveraars ledemaaten en voorstanders van 't Protestantsche geloof, een luy en vodsig leven te leiden."[2] Nou wil hulle 'n gemeente hê, later seker 'n eie Magistraat, Opperhoof en Prins van die Lande. Die Politieke Raad besluit om die „Francoisen impertinentiën in te teugelen en alle comploterie in tijds voor te komen", en stuur die deputasie met 'n skrobbering huistoe.

Daarop skryf ds. Simond direk na die Here Majores om te vertel van die groot afstand tussen die plekke van aanbidding „dat seer groote incommoditeyt geeft tot het hooren van Godes Woort" en om hulle eis weer te stel. Sy ander pleidooi is dat in Batavia aparte gemeentes vir die Hugenote

gevorm/.......

---

1) Resoluties Pol. Raad, 8 Nov. 1688 by Spoelstra II. 599.

2) Moorrees a.w. 93.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gevorm is. Die Bewindhebbers het aan hom gunstige ore verleen; die reg vir 'n eie Franse gemeente word toegestaan, mits die kerkraadslede so ver moontlik tweetalig is, belangrike besluite deur die Kaapse kerkraad bekragtig word, een of twee Kommissarisse Politiek in die Raadsvergaderinge sitting kry, ens. Die Hugenote-predikant het 'n oorwinning oor die Goewerneur behaal! [1]

Ons vertoef 'n oomblikkie langer by hierdie Franse prediker. Hy het al die eienskappe van 'n sterk leier besit, 'n yster wil met 'n helder verstand, sodat sy kudde 'n vaste vertroue in hom gestel het. Hy wis om baie vergunninge vir sy gemeente by die owerheid te verkry en in elke opsig vir hulle as kampvegter op te tree. Daarby het hy ook, net soos meeste leiers, gebreke gehad en het sy ywer in bemoeisug en sy vasberadenheid in halsstarrigheid oorgeslaan. Hierdie laaste kenmerke sou duidelik blyk uit sy moeilikheid met Jacques de Savoye.

Moeilikhede met de Savoye.

Ons het reeds ds. Simond se streng Kalvinistiese agtergrond gadegeslaan. Hy was self 'n man wat hoë eise vir die toepassing van die tug gestel het. Hy verneem dat een van sy lidmate, wat vroeër 'n welgestelde koopman in Gent was, failliet verklaar was en weier om hom aan die nagmaaltafel te ontvang.[2] Hy moet eers 'n bekentenis by sy leraar kom aflê. De Savoye het ook geen attestaat uit die buiteland meegebring nie. Om die pot te laat oorkook wil die dominee nie hê dat de Savoye as „parrain" of doopgetuie van sy kleinkind optree nie. Die familie de Savoye bars in die kerk los en skel Simond uit vir 'n huigelaar, 'n „tartufle", 'n priester, 'n Jesuiet, 'n Judas, 'n „caffre", 'n valse herder, 'n onwaardige dienaar van die Woord, wat die

teen-/.......

1) Resoluties Pol. Raad, 28 Nov. 1689; Resoluties H.H.XVII by Spoelstra II, 600.

2) Moorrees a.w. 97.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

teenoorgestelde doen van wat hy preek. Agt-en-veertig lidmate verklaar dat ds. Simond dit alles met die grootste kalmte aangehoor het.

Twee dae later skryf hy aan Savoye: „Ek streef alleen ter wille van u verbetering na my eie regverdiging. Dat u afbreuk doen aan my eie goeie naam, is van minder belang, maar u het u skuldig gemaak voor God en u stel u bloot aan 'n ewige verdoemenis as u dit nie voorkom deur 'n opregte berou nie." De Savoye skryf aan vriende in Patria dat Simond hom gedra soos 'n potentaat en oor sy gemeente heers soos 'n pous en dat hy niemand goed genoeg ag om ouderling te wees nie. Wanneer die saak voor die kerkraad dien, regverdig die dominee hom in 'n uitvoerige vertoog, waarin hy hom, net soos le Boucq, 'n meester in die dialektiek toon. Maar van die toepassing van sy Kerkwette wou hy nie afsien nie.[1]

In 'n kerkraadsvergadering van Stellenbosch waar verklaringe moes afgeneem word in verband met die saak, was hy ontevrede met die opstel van die notule deur die Stellenbosch-se skoolmeester, Mankadan, en toe laasgenoemde weier om dit te verander, het hy „in colere uijtberstende, den deposant in tegenwoordigheijd der Leden van den Kerckenraed over de handen" geslaan. Pierre Simond was nie baas oor sy humeur nie. Toe Mankadan later ook sekere afskrifte nie wou korrigeer nie, uit vrees vir die kommandeur, roep hy uit: „Wat Commandeur, wat Commandeur, ick stae onder de magt en de chergie van 't Vaderlandt, daar sal ick my adresseren; hier werd men meer getiranniseert als men oijt in Vryankrijk getiranniseert is."[2] Dit is seker jammer dat ds. Simond oor so weinig liefde beskik het teenoor diegene wat van hom verskil/......

1) Francken a.w.

2) Verklaring van Mancadan voor die Raad van Justitie, C.J. 220. 637 - 639. K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

verskil het. Ten dele moet dit beskou word as die fout van die eeu, eerder as die fout van die man.

Hy het 'n „une force morale, et aussi une force intellectuelle" hier verteenwoordig. Hy staan kop en skouers bo die ander Hugenote uit. Sy meerdere beskawing het hom later laat terughunker na die beskawing en geestelike erfenis van Europa.[1] Dit is interessant om te weet dat hy hom in Suid-Afrika beywer het vir die gee van tiendes aan die saak van die Here. De Savoye het gemeen dat hy as dwingeland die mense daartoe wou verplig, maar Simond het geantwoord dat dit nie 'n nuwigheid is nie, aangesien die gewoonte van tiendesgee 'n bekende in die Franse kerk was. As denker het hy ook 'n bydrae gelewer op sendinggebied. In 'n brief van 15 Junie 1689 sê hy: „beskaaf nie afsonderlik nie, maar groepsgewyse. Die bekering moenie vooropgestel word nie, maar die verandering van lewenswyse. Gee aan die Hottentotte beter wonings om in te woon, brood om te eet, klere in plaas van velle „dan sal hulle hulle stel onder die gehoorsaamheid van die Edele Kompanjie en hulle vervolgens rig na die gebod van die Evangelie."[2] Al is hy baie oorspronklik in sy sendingbeleid, klink dit baie na die „Social Gospel" van vandag.

Die Psalmberyming in verouderde Frans het die predikant van Drakenstein nie bevredig nie. Aangesien die Waalse Sinode ook 'n nuwe bewerking daarvan verlang het, het hy hom aangegord om sy talente daaraan te wy. In die eensame omgewing van die „Bange Hoek" brand hy die middernagtelike olie met sy wetenskaplike arbeid op om later sy oorsetting van die Psalms van Dawid te betitel: „Les Veillées Africanes", die Afrikaanse Waakstondes. Nou wil hy met alle

mag/......

---

1) Vgl. Deherain: „Le Cap de Bonne Esperance" oor L'extinction le la langue francaise au Cap.
E. Conradie: Hollandse skrywers uit Suid-Afrika, 43.

2) Francken a.w.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

mag weg na Europa om sy beryming voor die Waalse Sinode vir goedkeuring te gaan lê en verkoop ook somar al sy besittings. Dit het egter nie alles voor die wind gegaan nie, want die Owerheid wil dat sy opvolger eers moet opdaag, voordat hy die kus kan verlaat. Op 13 Maart 1702 arriveer sy plaasvervanger, ds. H. Beck, aan die Kaap, preek ds. Pierre Simond in Kaapstad vir die laaste keer en reis met die „retourfluijt Abbekerk" na Holland. Tot sy groot teleurstelling egter keur die Sinode daar sy oorsetting, sowel as dié van Scalberg, 'n Londense dokter, af, maar vind hierdie troos dat hulle verwondering uitspreek vir die godvrugtige ywer wat deur die here aan die dag gelê is.

Sy preek.

Toe hy in Amsterdam was het hy met geleentheid 'n preek in die Waalse Kerk gelewer wat hy reeds in 1699 in Kaapstad uitgespreek het.[1] In sy Voorwoord van die uitgegewe preek sê hy dat 'n „ancien du Consistorie" hom verwittig het dat „un homme de tres grande consideration, qu'il me nomma" die wens uitgespreek het om 'n afskrif daarvan te besit. Die prediker het beloof om aan die eis te voldoen, maar hy is so besig dat dit vir hom veel makliker is om dit te laat druk as om 'n kopie daarvan te maak. Op dié manier het dit vir ons bewaar gebly; maar dit toon ons dat hy baie maklik geld bestee het. Sy psalmberyming was waarskynlik ook uit eie sak finansieer. Geen wonder dat hierdie strenge herder, wat eens 'n lidmaat gesensureer het omdat hy insolvent geraak het, self 2 jaar later boedel moes oorgee. Met sy boerdery in Drakenstein het hy veel praktiese

sin/..........

---

1) La vraye Adoration, Et les vrais Adorateurs ou Sermon jur ces paroles du Cap. 4 le l'Evangile jelon St. Jean v. 23 & 24. Prononcé au Cap. de bonne Esperance le 25 Janvier 1699, et depuis à Amsterdam le 17 Octobre 1706 (H.F. Buys, Haarlem 1707). Die oorspronklike rus in die Bibliothegue Wallone, terwyl 'n afskrif in Frans en Nederlands in die Kaapse Kerkargief is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sin aan die dag gelê en 'n groot sukses daarvan gemaak, maar in Europa was die beheer oor sy tydelike sake hopeloos.

Waar ds. Simond sy gehoor wil inlig omtrent „die ware aanbidding en die ware aanbidders" vind hy aanleiding daartoe in die geskiedenis van Jesus en die Samaritaanse vrou (Joh. 4). Die Here het aan haar meegedeel dat die stryd tussen die Jode en die Samaritane in verband met die plek van aanbidding, spoedig oorbodig sal word, omdat dit nie meer nodig sou wees om na die berg Gerizim of na Jeruzalem te gaan vir aanbidding nie, maar dat dit oral sou kan plaasvind. Hy sê aan haar dat die ware aanbidders die Vader sou dien in gees en waarheid en stel dit teenoor die diens wat God vroeër aan sy volk beveel het en wat nog onder die Jode in ere was. Hoofsaaklik bestaan die teenstelling hierin dat die eerste aanbidding as't ware die vlees, die uiterlike en die skaduwee van die tweede was, en dat die tweede weer die siel en gees, die waarheid en die werklike kern van die eerste was.

Dit alles bring die prediker te pas op die Roomse wyse van aanbidding. Hy wil nie spreek van die teenstelling tussen die ware godsdiens en hulle interpretasie daarvan ten opsigte van die <u>leer</u> nie, maar net met betrekking tot die erediens.

„Car la Religion du Seigneur a enserelie toutes les ceremonies de la loi", gaan hy voort, „et nous ordonne d'adorer Dieu en esprit et en verite. Mais la Religion de Rome fait revivre les ceremonies, elle en ordonne une infinité, et y fait consister son culte presque tout entier; car elle commande de s'abstenir de certaines viandes, en

divers/.......

1) Hy het hom van 1703-1705 in Amsterdam gevestig, waar hy telkens gepreek het. Dit was egter geen vaste verdienste nie, sodat hy broodsgebrek gely het. Hy wend hom na die Stategeneraal om 'n pensioen, maar word gelukkig vir vyf jaar as tweede predikant van Ryssel aangestel. Hy keer na den Haag terug, waar sy spoor verloor word. In 1726 vra sy vrou van uit Londen die doopseëls van haar kinders aan sodat hulle miskien ook daar gewoon het. Bulletin des Eglises Wallones; Spoelstra II.448.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

divers temps de l'anneé, elle ordonne d'aller en pelerinage, de visiter certaines Eglises, qu'elle estime plus sacrées, de se donner la discipline, de dire le Rosaire, ou le chapelet, de repeter je ne scai combien de fois par jour le Pater et l'Ave Maria, deporter sur le corps de grains benits, des Agnus Dei, des reliquaires, des scapulaires avec une ou plusieures croix, de se ceindre d'une corde, de baiser la terre, de s'habiller d'une certaine maniere, et d'une certaine couleur, de marcher piés nuds, de porter des sandales, d'aller en procession, et je ne sçai combien d'autres choses de cette nature. Encore tout cela n'est rien au prix de cette multitude presque infinie de ceremonies, que Rome a introduites dans son culte public, desquelles ceremonies on a fait de gros livres, et dont l'étude peut occuper un homme, toute sa vie."

Hierdie seremonies veroordeel hy as in stryd met die rede, en verder volkome ongeskik, kinderagtig en belaglik. Dit bots met Gods Woord en is net geskik om mense van die ware godsdiens af te keer. Kortom, die seremonies van Rome is in stryd met die aanbidding van God in gees en waarheid.

Ons begryp dit volkome dat die Franse predikant wat saam met sy geloofsgenote soveel ontberings aan die hand van die Roomse oorheersers moes deurmaak, maklik tot hierdie tema gelei was. Maar hy staan nie daarby stil nie en het 'n boodskap vir hulle wat reeds verlos is van die seremonies. Is hulle godsdiens ook nie nog uitwendig en vormelik nie? Nie meer stiere en bokke nie, maar ons liggaam en gees moet as 'n lewende offerande aan Hom gewy word. Ja, hulle hele lewe moet as 'n heilige fees aan Hom gegee wees.

Hierdie preek is merkwaardig in meer as een opsig. Dit is 'n historiese oorkonde. Dit is 'n weerspieëling van die preekmanier van die martelaarskerk. Hier is geen uitgerekte filosofiese bespieëling of filologiese haarklowery oor die afleiding van woorde nie, maar hier is de ene aktualiteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Dit/......

Dit is 'n boodskap uit die hart van die herder tot die kudde, soos hy dit put uit die bronwel van die ewige Woord. As dit 'n bewys moet wees van die deursnee-prediking in die Val du Charon, dan moet ons aflei dat die verhouding tydens die Hugenote-periode van 'n besonder uithaler karakter was.

Ds. Henri Beck.

Frans as kanseltaal in die Ned. Geref. Kerk sou 'n kort tydperk belewe. Ds. H. Beck wat as opvolger van Simond moes dien, het instruksies ontvang om alleen in die Hollands te preek, alhoewel hy hom van Frans mag bedien by die besoek van bejaardes, wat geen Hollands kan verstaan nie „om door dat middel die taal (Frans) mettertijt te krijgen gemortificeerd en als van daar gebannen." Dit was die beleid van die Owerheid om die Franse element so gou mootnlik saamgesmelt te kry met die res van die bevolking. Ds. Beck het spoedig gevind dat die instruksie sy werk erg belemmer. Hy skryf aan die Classis dat dit te wense was dat die gemeente „die meer als twederdepart Fransen sijn, de Duytse taal, immers in een leerreden"[1] beter sou verstaan het, opdat daar nie 'n traagheid in die openbare godsdiens allengs inkom nie. Om dieselfde rede kon die kinders nie gekatkiseer word nie.

Geen wonder dat die Franse hieroor onvergenoegd was nie. Hulle rig 'n memorie aan die Politieke Raad om daarop te wys dat hulle oor die honderd volwassenes tel waarvan slegs vyf-en-twintig 'n Hollandse preek kan verstaan. Hulle versoek dat ds. Beck toegelaat sou word om eenmaal om die veertiendae in Frans te preek.[2] Die antwoord van die Here XVII, waarheen die versoekskrif gestuur is, was teleurstellend vir die gemeente van Drakenstein. Hulle kan nie „goetvinden te consenteren" dat in Frans ook gepreek sal word nie en laat die/.......

---

1) Spoelstra I.33.

2) Precis, Letters Despatched 1696-1708, 228.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die saak aan die diskresie van die Goewerneur oor.

Toe ds. Beck hom op Stellenbosch gaan vestig (1705), het hy soveel moontlik om die veertien dae die dienste onder die Hugenote waargeneem. Soms moes hy deur storms en oor slegte paaie ry om sy bestemming te bereik en tref eenkeer net tien of twaalf mense in die kerk aan. Hoewel hy geen verlof van die Bewindhebbers daartoe gekry het nie, was hy in die begin gewoon om op aandrang van die kerkraad eenmaal in die maand in Frans te preek, omdat so baie hom andersins nie kan verstaan nie. Toe hy op Saterdag, 23 Januarie 1706, te Drakenstein aankom om die volgende dag die Woord in die Franse taal te bedien, vind hy dat vele „misnoegd en schimpende spraken" en besluit hy om in die vervolg nie meer in hulle moedertaal te preek nie „willende voor de moeite en toegevenheyd geen ondank behalen." Hy het die voorleser 'n Franse predikasie laat voorlees en aan die einde van die diens sy voorneme aan die gemeente bekend gemaak.[1)]

Adam Tas weet om die episode in 'n baie ongunstige lig te stel, want hy en ds. Beck was nie goeie vriende nie: „Voorts verklaarden zy (d.i. sekere mense uit Drakenstein) dat den sogenaamden preeker Bek op heeden zo goeden predicatie niet hadde gedaan, want hy hadde al weer niet geleeraard, maar een predicatie door den voorlezer laten leesen en daarop hadde hy 's Heeren Avondmaal uijtgedeelt, slegte tijdingen en droevige zaaken, ik hebbe de Franse niet wijnig over de paap hooren klaagen." [2)]

Die nuwe predikant, ds. E.F. le Boucq, het in 1707 van Batavia in Suid-Afrika aangekom en het dadelik na sy nuwe staanplek vertrek. Hy vind daar nóg skool, nóg kerk, nóg pastorie en weier om daar te bly. Om die gemeente nie geheel sonder geestelike versorging te laat nie, kom hy met die kerkraad/.....

1) Spoelstra I.61.

2) Dagboek, 116.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

kerkraad ooreen dat hy die gemeente vier maal in die jaar sal besoek om die Woord en die Sakramente te bedien. Hy sê in sy rekwes aan die Raad dat „hy niet in 't open velt wonen, of in een vuijl en van de huijsen afgelegen hok prediken kan." 1) In hierdie laaste was hy nie verkeerd nie. Die kerkgebou waarin die Hugenote die lewende Brood al die jare moes ontvang was nie 'n sieraad nie. Ds. P. Simond het destyds „een stukie land" verkry, waar hulle self 'n „hokie" getimmer het om die godsdiensoefeninge in te hou. Die „huttie" het egter te klein geword deur die gedurige groei van die gemeente. Peter Kolbe gee 'n beskrywing van die „Drakensteensche kerk of 't gevaarte, dat voor een kerk verstrekt" en sê dat dit erg beknop en laag was, met mure van klei, omtrent drie of vier voet hoog, waarop die dak onmiddellik staan. Ook ds. Valentijn meen dat die kerk „beter 'n schuur dan een kerk gelijkt." 2)

Deur die weiering van ds. le Boucq was die gemeente weer vakant en moes die getroue voorleser en onderwyser, Paul Roux, die gelowiges met sy Franse preekboek ter hulpe kom. Vir 'n groot deel was hulle van hom afhanklik vir die onderwysing in die verborge waarhede. In die jaar 1723, toe hy sterf, nadat hy sy betrekking as voorleser vir vyf-en-dertig jaar beklee het, was daar nog slegs vyf-en-twintig ou mense wat Frans praat. 'n Honderd jaar later, in 1828, het enige Franse sendelinge in Suid-Afrika aangekom en onder geleide van dr. Philip die Paarl 'n besoek gebring. Hulle het daar 'n diens gehou en die kerk was te klein om al die mense te bevat. Hulle rapporteer aan hulle hoofkwartiere dat sedert 1739 'n diens in Frans nie daar gehou is nie.3)

Die/........

1) Spoelstra I.68.

2) Kolbe a.w. 238; Valentyn a.w. v. 36.

3) Journal des Missions evangeliques: Jaargang 5, 105 - 110, by A.N.E. Changuion: Geschiedenis der Fransche Protestantsche Vlugtelingen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die eerste ongelyke taalstryd op Suid-Afrikaanse bodem is vroeg in die agtiende eeu ten einde geloop. Die prediking in Frans vul 'n interessante bladsy in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk, maar het geen belangrike bydrae tot die preekwese as 'n geheel bygedra nie.

HOOFSTUK 6/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK 6.

## DIE PREEK IN DIE EREDIENS.

### Die Groote Kerk.

Jan van Riebeek het gesorg dat daar van die eerste Sondag af godsdiensoefening gehou word. Aanvanklik het die gemeente in die groot saal van die Kommandeur se huis in die fort bymekaar gekom. Die interieur het nie veel na 'n kerk gelyk nie, want die mure was behang met die trofees van die trotse jagter. Daar was pragtige velle van leeus en tiers, terwyl bo die deure en vensters die horings van groot wild gepryk het. Gewoonlik het 'n mens by die ingang 'n opgestopte sebra teengekom, maar dit is tydens die erediens verwyder.[1] Intussen het die saal te klein geword vir die toenemende bevolking. Toe in 1665 'n begin gemaak is met die bou van die kasteel, „de Goede Hoop", wat die ou fort moes vervang, is daar besluit om 'n houtgebou, op die plein van die nuwe kasteel op te trek, vir 'n kerk in te rig en is dit van 'n steenvoorgewel en vloer voorsien.[2]

Simon van der Stel het die behoefte van 'n doelmatige kerkgebou later ingesien en het die eerste sooie daartoe omgekeer. Onder die regime van Willem Adriaan van der Stel kon dit eers voltooi word en is die gebou in 1704 met veel reklame ingewy. Hierdie kerk het die bewondering van baie wêreldreisigers afgedwing. Valentijn gee 'n beskrywing van die preekstoel: „In het Westen staat een seer nette agtkantige predikstoel, op een swarte ebbenhoute dikke fraei geslingerde enkelde stijl, 4 of 5 voeten hoog, en 5 duimen over 't kruis dik, welke stoel op yder hoek met 8 swarte fraai geslingerde pilasters, op welke een mooije kap rust, verciert; behalven dat de stoel, en de kap, overal met/........

---

1) Theal: Chronicles of the Cape Commanders, 139.

2) Hoorrees a.w. 23.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

met ebbenhoute lysten omzet is.... Deze stoel is zeer lugt, alzoo hy overal open is." [1] In die skip van die gebou het die pragtige stoele van die vrouens, die Goewerneur en Raadslede die oog gevang. Die dak was van riete vervaardig, wat dikwels van Suid-Oostelike winde aansienlike las ondervind het.

Ds. Petrus Kalden was die redenaar by die inwydingsplegtigheid. Bo die kerkdeur wat teenoor die siekehuis gekyk het, het hy 'n Latynse vers [2] aangebring, wat Valentyn as volg vertaal het:

„Ik ben tot troost van al de zielen, en vermoeide
De Bron des Heils, zoo g'u maar tot dit Hemelsch Bad,
Verlegen over uw bedrijven heen spoeide;
Gy waart behouden door 't bezitten van dien schat."

En bo die deur van die Suid-Oostelike kant was 'n ander Latynse vers, ook deur dieselfde skrywer vertolk:

„O Geestelijke Bruid! die de Heilige Paleizen
Bezoekt, en met veel ernst den Heer bid om genа;
Ontfang de panden des Verbonds, u hier te wijzen.
En neemt ze met een hert vol yver vroeg en spa.
Beschouwer, wie gij zijt, gewoon voorby te gaan,
Hier ziet gij klaar de weg ten hemel voor u staan." [3]

Wanneer 'n mens 'n Roomse kerkgebou binnestap dan tref die altaar hom dadelik. Immers die sakrament is die middelpunt van hul erediens. Hoe anders by die Protestante! Die Hervormers het die Woord na vore gehaal en 'n ereposisie gegee. In die Gereformeerde kerk vang die kansel gewoonlik eerste die oog. Valentyn sien in die Kaapse kerkgebou dadelik die Bybel „op een koperen lessenaar, zoo fraai, als ik 'er al/........

1) Valentijn: Beschrijving van de Kaap der Goede Hoope, 15.

2) Kolbe: Naaukeurige en uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop II. 392.

3) Valentijn a.w. 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

al zeer weinig gezien heb." Nie dat die ander liturgiese elemente in die erediens geminag word nie. Nee, hulle is die raamwerk vir die predikasie en verhoog die gees van aanbidding tydens die diens.

Liturgiese elemente.

'n Mens kan begryp dat die samestelling en orde van die erediens van die Nederlandse kerk na die Kaap heelhuids oorgeplant was. In die loop van die eeue sou dit ook hier weinig veranderinge ondergaan.

Met die tweede gelui het die voorleser sy werksaamhede begin. Hy lees die huweliksgebooie, ander gemeentelike afkondiginge en 'n skrifgedeelte. 1) As die derde gelui gehoor word, word 'n psalm gesing en maak die leraar sy verskyning. Hy vertoef eers 'n paar oomblikke op die trappe van die kansel om stil die bystand van die Allerhoogste af te smeek. Gedurende die sewentiende eeu het die predikant geen offisiële ampsgewaad geken nie, maar tevrede gewees met die deftige drag van die burgerstand. Teen die middel van die agtiende eeu was hy gekleed in 'n swart manel met groot knope, breë omslae en pante, met die broek onder die knie, lang sykouse en lae skoene met silwer gespes. 2) Op die preekstoel het hy met mantel en bef verskyn, eersgenoemde 'n breë strook laken met 'n breë boorsel van sy of satyn, wat met hakies aan die kraag van die manel of rok vasgemaak is. Later is dit deur 'n toga vervang. 3)

Die liturg sit die diens voort met 'n kort gebed of votum en maak onmiddellik 'n begin met sy preek. Na die aankondiging van sy teks behandel hy die voorafspraak. Hierdie/.......

---

1) Vir sy geskiedenis en aandeel in die erediens, sien p. 29.

2) Schotel: De openbare Eeredienst der Nederl. Herv. Kerk in de 16, 17 en 18 Eeu, 379.

3) S.P. Engelbrecht: Oor 'n vroeëre predikante-kleredrag, in Almanak van de Ned. Herv. Kerk van Afrika 1946, 43.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die eerste exordium was gewoonlik voorsien met 'n selfstandige teks en het die doel gedien om aan te kondig wat in die preek verwag kan word en om verder die gehoor vir die voorgebed voor te berei. Hierdie gebed was gewoonlik kort, het die seën op die verkondiging afgesmeek en het met die „Onse Vader" afgesluit.

Na die aangee van die verdelings van die leerrede word die kollekte aangekondig wat onder die sing van 'n psalm opgeneem word. Die aanbeveling om ruim by te dra was min of meer as gevolg: „Voor ons verder gaan, laat ons nou dink aan die armes en behoeftiges wat die Here Jesus aan ons sorg toevertrou het. Gee vryelik, gee ruim, gee met liefde. Die Vader van alle genade, die Trooster van ons smarte, sal elkeen loon wat uit die goedheid van sy hart die ellendiges versorg." [1] Die diakens gaan rond met fluwele sakkies aan 'n lang stok vasgemaak en onder aan elke sak hang 'n silwer klokkie om die ontydige slaper tot die werklikheid terug te bring. [2]

Die preek het baie tyd in beslag geneem, sodat die manslidmate toegelaat was om soms op te staan en as afwisseling vir 'n tydjie staande te bly. Die susters het in die winter hulle voete verwarm by die voetstofies, waarin warm kole gesmeul het. [3]

Die erediens was met die „Amen" van die predikasie nog nie ten einde nie. Die doopouers word nou voor die kansel geroep om die sakrament aan die kleines te laat bedien. Daarna kom die troupare aan die beurt en word hul huwelik bevestig. Die nagebed was bekend vir sy uitgerektheid, want daar/......

---

1) Mentzel: Beschreibung des Vorgebirges der Guten Hoffnung (Vertaling van Mandelbröte, V.R.S.) I. 123.

2) P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds, 180.

3) C. Graham Botha: Social Life in the Cape Colony in the 18th Century, 47.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

daar moes gebid word vir die hooggeplaatses, krankes, armes en baie ander sake. Die stigting van menige mooi preek het verlore gegaan omdat die reeds moeë aanbidder gemartel is deur 'n al te lange dankgebed. Die manne moes nogal staan, met die hoed voor die oë, terwyl die vroue gesit het met die gesig agter hul waaiers. 1)

Na die slotsang spreek die liturg die seën uit en gaan die gemeente na huis. Die rytuie van die gegoedes wag vir hulle voor die deur, terwyl ander in die kerk agterbly om die kategetiese onderrig van die kinders by te woon. Op Stellenbosch het die twee kerkvoogde, met die opbrengs van die kollekte in hul besit, deftig in swart gekleed met wit das, pruik en driekantige hoed, elk aan die kant van die dominee na die pastorie gestap, waar hulle soms bly om die middagmaal te geniet. 2)

Die Gereformeerde erediens was in daardie tyd lank, ordelik en statig. Tog is daar getuienis van sommige dat die godsdiensoefening weinig geesdrif by die hoorders opgewek het. Die jongmense het die ingewikkelde verdelinge van die preek nie gevolg nie en vir hulle het dit weinige betrekking met die praktiese lewe gehad. 3)

Ons sal in die verdere verloop van hierdie studie nie weer na die karakter van die erediens terugkom nie, sodat ons die vryheid neem om die grense van die tydvak onder behandeling te oorskry. Die aard van die erediens het in die Kaapse kerk in die loop van die eeue min verander. In 1862 het die Sinode aanbeveel dat die pos van voorleser afgeskaf moet word en het daar 'n merkbare verandering ingetree, want die dominee het nou as liturg al die elemente van die diens behartig. Die bevestiging van die huwelike is ook nou uit die gewone erediens verwyder. Die orde van die/.......

1) Borcherds a.w. 180.

2) Idem, 181.

3) Theal: *History before 1795*, III. 377.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die liturgiese bestanddele was min of meer as volg: votum, benediksie, lofsang, dekaloog, apostolicum, prelektuur, voorgebed, sang en kollekte, preek, dankgebed, slotsang en seën. Die voorgebed het later meer die kleur van die nagebed aangeneem, het lank geword en was nie slegs 'n voorbereiding vir die preek nie.

Tydens die helfte van die neëntiende eeu het die erediens nog dieselfde gedaante gehad soos in die vorige bladsye beskrywe. Die preek was die belangrikste deel en die hoorders weinig aktief meelevend. Geen wonder dat hulle soms aweregse afleiding gesoek het: In die gemeente Zwartland het ds. J.C. le Febre Moorrees een keer in die kerk 'n kalbas gesien wat met 'n bakkie die ronde gedoen het om die dors van die aanbidders te les. Die voorganger het in sy rede pouseer en gebied dat die kalbas na die kansel gebring moet word. [1]

'n Mens sou verwag dat die belangstelling onder die prediking van ds. G.W.A. van der Lingen, as welsprekende redenaar, beter sou gewees het, maar ons lees dat die susters reukwater en eaudecologne gebruik en selfs klontjies, peperment en „bokkomo" geëet het. Maar dan moet ons onthou dat 'n gewone erediens in die Paarl van nege uur tot twaalf uur in die môre geduur het! [2] En daar het 'n ou bepaling van die kerkraad bestaan dat, aangesien sommige die gewoonte het om tydens die diens in en uit te loop, die koster die kerkdeure moet sluit. [3] Uitkomkans gedurende die preek was daar nie!

HOOFSTUK 7/.........

---

1) Gereformeerde Maandblad 1892. 14.

2) Albertijn: Leven en Preeken van Ds. J.R. Albertijn, 24 - 26.

3) Kwartmillenium-gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente, Paarl, 46.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 7.

## DIE PREDIKING EN DIE STAAT VAN DIE GODSDIENS KLAGTES OOR GEBREKKIGE GEESTELIKE LEWE.

Volgens die eerste Gereformeerde homileet, Hoornbeek, is die preek actio sacra explicans Dei verbum et applicans ad aedificationem ecclesiae. 1) Omdat die doel die opbou van die gelowiges is, bestaan daar 'n noue band tussen die Woordverkondiging en die staat van godsdiens in die gemeente. Vooruitgang van 'n kerk word nie gewaar slegs in die toeneem van sy lidmate nie, maar ook of die prediking van die evangelie vrugte dra tot waaragtige verandering en verbetering van hulle wat uitwendige belyers van die Christendom is, en of daar wasdom in die kennis van die geloof en vordering op die weg van heiligmaking gesien kan word.

Van meet af was daar diegene wat die getroue kerkgang versuim het. In die eerste maande van die volkplanting het die Kommandeur teen die sorgeloses opgetree deur te dekreteer dat by die eerste oortreding die lidmaat se wynrantsoen van ses dae hom onthou sal word; as hy 'n tweede keer uit die kerk bly, word een maand se salaris daarbenewens weggeneem; en by 'n derde oortreding moet hy 'n jaar lank „sonder gagie in de Kettingh aen de gemene wercken te arbeijden gebannen worden." 2) Hierdie maatreël klink baie hard, maar ons onthou dat almal aan die Kaap toe staatsamptenare was en dat bogenoemde verordening 'n deel van hul pligte geraak het.

Dit was nodig vir die latere Regering om bestaande proklamasies teen die ontheiliging van die Sabbat te vermeerder en te verskerp. Die burgerlike bestuur van Stellenbosch, nadat hulle verneem het dat sommige die vermetelheid gebruik/.......

---

1) Hoekstra a.w. 163.

2) Leibbrandt: Precis of the Archives II, 365.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gebruik om onder die godsdiens verby die kerk te jaag en hard met die sweep te klap „waardoor niet alleen de Eerw. Predicant, maar ook zelfs de toehoorders in hunne aandacht gestoord werden", besluit om hierdie ongereeldhede te laat ophou en biljette daarteen aan te plak. [1]

Valentijn skryf dat toe hy in 1714 aan die Kaap tot die nagmaal gaan, nie meer as veertig mans en agt-en-dertig vroue aan die tafel kom aansit het nie, en daaronder was nog ettelike van die retoervloot. Onder die nagmaalgangers was daar geen enkele lid van die Politieke Raad nie, en waarskynlik het nie een van hulle nog lidmaat van die kerk gewees nie. Landwaarts in was die toestand nog slegter. „Waaruit men kan zien, hoe weinig zoo vele Predikanten in al dien tijd met hunnen arbeid onder deze ingezetenen van de Kaap gevordert hebben, dat geenzins aan den ijver der zelve, maar zekerlijk aan de dofheid en traagheid dezer Burgers, zal gehapert hebben", [2] 'n oordeel wat ons nie onbepaald durf onderskryf nie, veral wanneer dieselfde outoriteit sê dat die predikant net twee maal Sondags gepreek en Katkisasie gehou het, en daarmee was sy dienswerk gedaan!

Gereeld het die kerkraad van Kaapstad aan die Classis omtrent die staat van godsdiens in die gemeentes verslag gedoen en byna altyd het dit voor die wind gegaan. Van Stellenbosch word vertel dat die gemeente in rus en vrede verkeer. [3] Dit klink byna na sarkasme wanneer in 1742 van dieselfde gemeente en van Drakenstein gerapporteer word „hunne opzienderen genieten thans, nevens de gemeintens...... een diepe ruste." [4] Dit kom 'n mens egter voor asof dit die rus van die kerkhof was en dat tintelende geloofslewe in die kerk ontbreek het.

Baron/......

---

1) Moorrees a.w. 72.
2) Valentyn a.w. 157.
3) Spoelstra I.182.
4) Idem, 192.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Baron van Imhoff het veral van die grensboere 'n uiters ongunstige indruk ontvang toe hy in 1742 daardeur op reis was. Hy sê dat daar weinig werk van die publieke godsdiens gemaak word, sodat groot sorgeloosheid en onwetenheid die mense beetgepak het en „dat het aldaar eerder na eene versaameling van blinde heijdenen als naar eene Colonie van Europeërs en Christenen komt te gelijken." 1)

Uit hierdie paar gegewens en andere is dit af te lei dat die bediening van die Woord nie die volle vrug gelewer en dat daar 'n kerklike insinking plaasgevind het.

Oorsake.

Daar kan o.a. drie oorsake vir die agteruitgang van die godsdiens teen die helfte van die agtiende eeu onderskei word. Die eerste is die geografiese uitgestrektheid van die gemeentes wat die landwaartse trek van die grensboere onvermydelik meegebring het. Oor 'n tydperk van byna honderd jaar sedert die stigting van die volkplanting het daar slegs drie gemeentes bestaan: Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein, terwyl die trekkers hulle reeds anderkant Graaff-Reinet gevestig het. Dit het beteken dat die lede van die kerk buite bereik van die gewone kerklike voorregte en aan die verwaarlosing oorgegee was.

Die prediking van die evangelie werk by uitnemendheid soos 'n krag tot beskawing, ook waar dit nie soos 'n krag tot bekering deurbreek nie. 'n Goeie preek wek die gedagtes, aandoeninge, begeertes en voornemens van die hoorders op en laat die lewensstroom in 'n breër bedding vloei. Hierdie onmisbare invloede moes die trekboere mis en is sommige in niks anders as in die christelike naam van die omgrensende heidene onderskei nie. Dit was goed dat Baron van Imhoff aan die hand gedoen het dat dadelik twee nuwe/.........

---

1) Resolutiën Pol. Raad, No. 35, p. 135, K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

nuwe kerkplekke opgerig word nl. Waveren en Graaff-Reinet.

Toe die predikante le Sueur en van Gendt, aan wie van Imhoff oor hierdie noodtoestand gerapporteer het, met die Politieke Raad onderhandel, noem hulle naas die uitgestrektheid van die gemeentes 'n tweede oorsaak vir die kerklike insinking van daardie dae nl. „de luijheid en de quaade opvoeding der bejaarde menschen." 1) Dit spreek vanself dat so'n jonge kolonie wat langsaam ontwikkel en van 'n ver afgeleë Moederland vir alles afhanklik was, nie dadelik oor die beste skoolfasiliteite beskik het nie. Reeds ds. le Boucq skryf in 1708 aan die Classis: „Wat de scholen aanbelanght, daer ist seer sleght mede, wijl deselve van gheen goede meesters versien en sijn." 2) Peter Kolbe wat in 1705 - 1713 hierlangs gereis het, bevestig sy stelling deur te sê dat dit sleg staan met die kindertug en nog slegter met die algemene skole. Dit is nie toe te skryf aan die nalatigheid van die Kompanjie of die ouers nie, maar aan die luiheid en traagheid van die onderwysers.3) Laasgenoemde was in baie gevalle weggelope soldate en matrose. So laat soos 1790 het ds. C. Fleck nog aan die Patria omtrent die onderwys in die grensdistrikte geskryf: „dat wij helaas! onder onse schoolmeesters weinigen, en wij mogten wel schrijven, er geene hebben, die in staat zijn, om door gepast onderwijs deselve (de jeugd) behoorlijk te kunnen ontwikkelen." 4)

Weliswaar was die skoolonderrig van die agtiende eeu veral toegespits op die Gereformeerde godsdiens, op die aanneming tot lidmaatskap van die kerk, sodat die Bybel en predikasieboeke/.....

---

1) Resolutien Pol. Raad, no. 34, K.S.A.

2) Spoelstra I. 65.

3) Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van De Kaap, II. 318.

4) Spoelstra I.569.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

predikasieboeke gelees kon word, maar die onderwys het geen besondere verstandelike ontwikkeling meegebring nie. 'n Mens wonder hoeveel van die gemeente, veral op die voorposte, 'n preek van die leraar na reg kon waardeer, 'n preek van iemand wat in die universiteite van Holland sy hoëre onderwys geniet het.

'n Derde oorsaak o.i. waarom die frisse stroom van geestelike lewe in die meeste gemeentes versand het, sodat baie lede later „het ware leven, lieven, loven" in konventiekels gaan soek het, was die groot skaarste aan leraars en aan geskikte leraars. Van die begin af het die deputati ad res indicas moeite gehad om kandidate vir die diens in Indië en elders te vind. Die seereis daarheen was lank en gevaarlik en soms moes die evangeliedienaars 'n ruwe behandeling aan die hand van die seeliede ondergaan. Daar was verder in Nederland self 'n tekort aan teologiese studente en die meeste is na tuisgemeentes beroep. Op die predikers wat na Indië gaan, het daar ook 'n stigma gerus, omdat sovele deur benarde omstandighede en omdat hulle gesensureer was, daarheen gedryf was.

Hierdie laaste beswaar was seker nie denkbeeldig nie. Daar is selfs in die Indiese kerke gekla dat nie die geskikste manne hulle toegestuur word nie. In 1745 skryf die kerkraad van Batavia aan die Suid-Hollandse Sinode: „dat het senden van zulke lieden het schadelijkste middel was, hetwelk bedacht kon worden, strekkende om het Christendom in de gewesten van Indië ten eenenmale te doen vervallen." [1] Die feit was dat om in die behoefte te voorsien, nie so streng gelet is op die leer en lewe van die kandidate wat hulle aangebied het vir Oos-Indië nie. [2]

Die Kaapse kerk het met die toestand ook nie genoeë geneem nie. In 1738 vra die Kaapse kerkraad van die Classis

om/..........

1) Van T. de Bruyn a.w. 282, 283.

2) Van Duddeldam a.w. 114.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

om meer en bekwamer predikante uit te stuur, aangesien daar persone aangeneem is wat deur hul gedrag meer ergernis gee as stigting, soos hulle hier reeds ondervinding van het. 1) Toe die gemeentes vermeerder en die behoefte aan leraars groter word, vind die Classis nog meer moeite om in die gebrek voorsiening te maak, omdat die bewindhebbers voorkeur gee aan ervare predikante bo onbeproefde proponente vir die Kaapse gemeentes. Beproefde predikante egter wat gewillig sou wees om hul staanplekke prys te gee om na Suid-Afrika te reis, was nie maklik verkrygbaar nie. Die Gekombineerde Kerkvergadering kon nie verstaan dat die Here Majores die voorkeur gee aan dominees wat tevore in die Vaderland in diens was nie, want - so skryf hulle aan die Classis: „Wij moeten betuijgen, dat wij, zoo degeene, die hier geweest zijn, als die wij nae Batavia hebben zien vertrekken geenszins onder de waerdigste hebben konnen tellen." Hulle meen tog dat proponente gevind sal word van goeie studie en goeie gedrag wat in hierdie uithoek 'n gemeente sal verlang, sodat die owerhede nie genoodsaak sal wees om „onkundige vossen te gebruijken die de wyngaert des Heeren bederven, gelijk 'er zich thans teveel opdoen." 2)

Die geestelikes van die land het nie steeds die nodige geesdrif vir hul werk openbaar nie. Dikwels het die lang afstande en moeilike weë 'n ekskuus gewees om die herderlike sorg nie na te kom nie. 3) Sommige het hul roeping as 'n beroep gaan beskou. „De geestelijken vatten in veel gevallen hun bediening op, of het een wereldlik ambt was, en beschouwden zoals de meeste ambtenaren van de kompanje, de Kaap slechts als een doorgangshuis naar een betere/....

1) Spoelstra I.183.

2) Idem 239, 240.

3) A.L. Geyer, a.w. 73.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

betere betrekking." [1] Andere het in tydelike aangeleenthede begin belangstel en so hulle dienswerk verwaarloos. Die geval van ds. P. Kalden is bekend, hoe dat hy beskuldig was dat hy hom meer met sy landerye as met die preekstoel bemoei; dat hy dikwels veertien dae en meer op sy plaas deurbring, wanneer daar 'n preek in sy afwesigheid voorgelees moet word en die kinders agt dae op die doop moet wag; dat hy in plaas van die huisbesoek behoorlik waar te neem die lidmate deur 'n ouderling en die voorleser, soms deur 'n dronk koster, of 'n hottentot, met 'n briefie tot die nagmaal laat nooi. [2]

Die predikante se traktement was nie genoegsaam vir hul onderhoud nie, sodat 'n stuk grond vir boerderydoeleindes aan hulle geskenk was, om hulle te help. Die landbou het dikwels hul aandag van die preekwerk afgelei. So moes ds. J.W. Hartzogenrath van Stellenbosch deur die Politieke Raad oor sy hoof kry, omdat hy hom te veel bemoei het met erfpag en leningsplase. Hulle besluit „dat hy vry wat beter soude doen sig met sijne studie, om de gemeijnte naar behooren uyt des Heeren Heylig Woord te onderwijsen, waarvoor hem d' Edele Compagnie eygentlijk aangenomen heeft, dan met diergelijke saaken, dewelke hem gantsch niet aangaan.... te bemoeijen." [3]

Om eerlik te wees moet ons egter aan die ander kant beklemtoon dat daar ook baie bekwame predikante in die Kaapse kerk was wat deur die edelste beweegredes gedring hulle vaderland en maagskap vaarwel gesê en hulle van hul geliefde gemeentes losgemaak het om in die verafgeleë lande die evangelie te gaan verkondig. Niemand kan bepaal wat die/.......

1) Dominicus: Het Huiselyk en maatschappelyk leven van de Zuid-Afrikaner, 86.

2) Kolbe a.w. II. 309.

3) Extract Resolutie Pol. Raad, 8 April 1732, K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die juiste invloed was wat hierdie hooggeleerde en beskaafde manne in Suid-Afrika uitgeoefen het nie. Dit was groot gewees. En tog het die beste van hulle die hemelse skat in erdekruike gehad.

Die feit dat die kerk oor 'n wye oppervlakte uitgestrek en die opvoeding van die kinders uiters gebrekkig was, saam met die feit dat daar heelwat minderwaardige predikers aan die Kaap van tyd tot tyd was, plus andere moontlike faktore, het 'n akkumulatiewe effek gehad om 'n starheid en doodsheid op kerklike terrein te weeg te bring. Die prediking was nie sterk genoeg om verandering daarin aan te bring nie. Daarteen sou in die volgende periode verset kom.

HOOFSTUK 8/.........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 8.

## PROFIELE VAN ENIGE PREDIKERS.

(a) Ds. Salomon van Echten.

Teen die einde van 1732 mog Stellenbosch, nadat hulle sewe jaar herderloos was „tot groot nadeel zoo der gemeente en der aanwassende jeug, alsook tot schade der diaconie", hom verbly in die ontvangs van 'n nuwe leraar, Ds. Salomon van Echten. Hierdie jong prediker was 'n alumnus van die Universiteit van Leiden [1] en het na volbragte studie sy dienste aan die kerk in Suid-Afrika aangebied. Van sy dienswerk op Stellenbosch weet ons weinig, maar dit blyk dat hy veral daarvan werk gemaak het om die tug in ereherstel te bring. Die kwaad van die onsedelikheid het hy teengegaan „ten eijnde dese plaats niet meer verontheijligt mogte worden door schandelijke hoererije", maar dit sou nog lank duur voordat die euwel aan bande gelê sou word.

Dit lyk verder of die dominee baie op sy eer gesteld was. Toe ds. J.W. Hartzogenrath van Drakenstein enige lidmate uit die distrik Stellenbosch aanneem, bring hy „in alle bescheidenheid" die vraag in die kerkraad ter sprake, of dit nie nodig was om sy Eerw. vriendelik te versoek nie „van zulks in 't vervolg te willen menageeren". Die kerkraad voel soos hy oor die saak en besluit om 'n „minnelijke brief" aan ds. Hartzogenrath daaroor te skryf. Nadat Ds. van Echten sy afskeidspreek van Stellenbosch in 1738 gehou het, bied hy sy dienste elke laaste Sondag van die maand aan solank as die vakature mag duur, mits hulle hom op Drakenstein kom afhaal. Die oudste ouderling, Mnr. van der Byl, stuur toe eendag 'n rytuig om hom te haal, maar die dominee was erg onthuts dat hy nie persoonlik meegekom

het/.......

1) Alb. Stud. Kol. 913.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

het nie en laat die rytuig teruggaan met 'n skriftelike betuiging: „dat hij sig grootelijks geaffronteert hielt." Daarop besluit die Kerkraad om die volgende keer nogmaals 'n rytuig te stuur sonder 'n kerkraadslid, en indien ds. van Echten weier om te kom, hom aan die Goewerneur te rapporteer. Hulle was nie gediend met sy wispelturigheid nie. 1)

Ds. van Echten het op 7 April 1738 sy „intreespredicatie" in die gemeente Drakenstein gedoen „waarop met eenparig genoegen ZijnEerw. als predicant deser gemeente van alle broederen is erkent geworden." Maar sy dienstyd hier was nie alles voor die wind nie. Hy het eers met die voorleser, Hermanus Bosman, 'n standjie gehad oor 'n sitbankie wat laasgenoemde voor die kansel wou plaas. Maar daar het 'n ernstiger onaangenaamheid vir hom aangebreek, wat hom genoodsaak het om sy ontslag te vra „om het ongenoegen en verongelykingen geleden, en smaad van eenige menschen hem aangedaan." Het hy hom nie laat ompraat om nog langer te bly nie, dan was hy al die verdriet gespaar.

Dit het so gebeur. Hy het van sekere geloofwaardige persone verneem dat die vrou van die Voorleser Andries Zeits haar aan dronkenskap skuldig maak en die man met vriendelike woorde aangespreek om haar te vermaan om so'n slegte gedrag te „dehorteer", anders sal sy voor die Kerkraad moet „compareer" en „gesuspendeer" word van die nagmaal. Zeits het hierop boos die huis uitgestap. Hy laat hom weer hoor en eis dat die persone wat die gerug versprei het voor die kerkraad gedaag word. „Om hem de maate vol te meeten" word dit toegestaan maar die uitslag was vir hom nie gunstig nie. Sy vrou word gesensureer „waarop hy als een halsterrig en opvliegend mensch de

vergadering/.....

---

1) Spoelstra II. 381.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

vergadering is uytgegaan," met 'n bedreiging dat hy die saak verder sal laat ondersoek. Nou gebeur daar weer iets, wat die vlam heftig laat oplaai. Die koster ontdek in die heemraadsbank in die kerk 'n geskrif wat aan die predikant gerig is „contineerende een overwigte van gantsch bittere galle en samenknopinge van ongeregtigheid." En Zeits tree verder vreemd op in die erediens „om sy ongeregtigheid te bedek", want in plaas van die kapittels te lees wat deur die leraar opgegee is, lees hy net wat hy wil - tot ergernis van die gemeente.

Die leraar meen dat hy op hierdie tydstip sy stem van die kansel moet laat hoor en die dertigste Sondagafdeling van die Kategismus, handelende oor die Nagmaal en wie daarvan weggehou moet word, bied 'n geleentheid daarvoor. In sy rapport aan die classis gee hy ons 'n proewe daarvan. [1)] „Maar wat sal ik thans seggen van de sleutelen des Evangeliums, ende der kerkelijke tugt, daar godvergeetene booswigten niet ontsien, om opentlijk tegen den bestraffer op te koomen; dog een man, die dikwels bestraft sijnde, den nek verhard, sal schielijk verbroken werden, dat er geene genezen aan en zij. Toen ik voor vertien dagen predikte over de woorden van Eliphas uyt Job: Cap. 4 vs. 8: „die ondeugt ploegen en moeite zayen, maayen deselve;" weinig wiste ik, so weinig als het uur des doods, dat er sulk een godloos lasterschrift hier in de kerk, in dit tempelhuys des Heeren, voor my in gereetheid gezait lag; waardoor op dese gemeente een schandvlek gelegt is, die niet ligt werden uytgewist, en waarvan de gerugten sig welhaast in Nederland sullen verspreiden; dog wie de brenger of brengster van dit geschrift is, weet ik niet, maar God weet het. Gemeente van Draakensteyn! hebbe ik sulks verdient? is dat voor de liefde, waardoor ik nog vijf jaaren boven mijn tijd gebleven ben,

waare/.......

---

1) Idem. I. 252 - 260.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

waare het mogelyk tot uwer aller stigtinge geweest; maar nu de maate der boosheid alhier. so vol word, so word my reden gegeven van te verhuysen."

Hierdie Kategismuspreek het nie 'n vriendelike ontvangs geniet nie; die gemeente was erg onthuts. Waarom hou hy die hele gehoor skuldig vir 'n daad wat 'n enkele persoon aangerig het? „Zijne uytdrukkingen waaren te generaal," sê hulle. Ja, die leraar het dieselfde fout as ds. le Boucq begaan nl. om die curia specialis en die curia generalis te verwar. Die sielsorg in sy besonderhede hoort nie op die kansel tuis nie; as hy gemeen het dat dit Zeits was, moes hy hom privaat daarom gaan vra het.

Ds. van Echten voel die angel van hierdie kritiek. Dikwels skuil daar diep waarhede in die reaksie van die gelowiges op die bediening van die Woord. Hy ag hom genoodsaak om in sy volgende boodskap 'n verduideliking te gee dat hy geensins „goede en welmeenende christenen" bedoel het nie, en dat hulle sy preek misverstaan het. Hy protesteer teen die kwaadaardige verdraaiing van sy woorde. Dit was diegene „die fabriqueur en strooier van een godvergetene schendschrift was geweest," wat hy die oog op het. Dan gaan hy voort: „Nu verklaar ik voor God en menschen, dat ik dese beschuldiging houde voor een atrocissima injuria, door welke ik beschuldigd werde van het allersnoodste, dat er byna in de waereld sijn kan. Opdat nu hierdoor niet verder de gemeene samenleeving mag ontrust, nog swaerdere onheilen en ongeregeltheeden veroorsaakt worden, so segge ik voor het laatste, tot gerustatellinge van swakke gemoederen, en alle welmeenende lieden onder U in dese gemeente, dat ik niemand anders in myn voorige aanspraak tot U daardoor gemeent hebbe, dan die de aucteur van sulk een gruwelstuk is geweest."

Met hierdie verduideliking is die ontevredenes egter nie gediend nie, en wend hulle tot die Gekombineerde Kerk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

vergadering/........

vergadering. Om te voorkom dat die onaangename saak te veel publisiteit kry, tree die twee predikante, F. le Sueur en P. van der Spuy, as bemiddelaars op. Voor die vergadering ontmoet hulle die dominee en stel 'n dokument op wat hy onderneem om van die kansel te lees. Daarin betuig hy dat hy die hele gemeente hou vir 'n „brave gemeente" en dat Mevrou Zeits 'n onskuldige en goeie lidmate van die kerk is. Hierdie laaste deel egter wou hy ter elfder uur nie aflees nie, sodat ds. van der Spuy as gekommitteerde van die algemene Kerkvergadering in die onderlingsbank uitroep: „Hy voldoet niet" en toe die prediker van die preekstoel afklim, herhaal hy: „Mijn Heer, gij hebt niet voldaan!" Daar was groot beroering onder die saamgeskaarde lidmate. Dit alles volgens sy eie verslag aan die Classis. Dr. van der Spuy en le Sueur rapporteer dat hy wel die volle erkentenis afgelê het en dat hulle na 'n gulle maaltyd die middag van hom geskei het.

Op 7 Januarie 1753 neem hy afskeid van Drakenstein en vertrek na Holland om in persoon sy saak voor die Classis te gaan pleit en versoek om na „voorafgaande justific atie" weer na die Kaap te mag kom. Hy het in sy sak 'n getuigskrif van die kerkraad dat hy „een seer yverig leeraar is geweest" en dat hy sonder aansien van persoon die sondes van die gemeente aan die kaak gestel het. Ons mag ook nie die karakter van ds. Salomon van Echten alleen in die lig van die moeilikheid met die ontdekte „pasquil" gaan bekyk nie. Dit sou onbillik wees. Vir veertien jaar het hy 'n geseënde bediening in die Paarlvallei geniet. Ook die Gekombineerde Kerkvergadering getuig van hom dat hy „gezond is in de leer, overeenkomstig de Canones Syn. Dord. en die formulieren van eenigheid" en dat sy gedrag en wandel godvrugtig was.

Voordat die Classis 'n oordeel kon uitspreek, neem hy 'n benoeming aan tot predikant in Oos-Indië, waarop die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hele/.....

hele saak geskik word. Van 1755 - 1764 het hy te Malakka gestaan totdat hy emeritus geword en in 1771 gesterf het.

Ons beskik oor te weinig gegewens om 'n helder beeld van hom as prediker te vorm. Wel bemerk ons terloops die vreemde woorde wat hy besig en wat vir die gemeente moeilik verstaanbaar was. Die bedoeling was om deftigheid aan die preek te gee. Verder tref dit ons dat ds. van Echten opgekom het vir die eer van God, om iemand van die tafel van die Here te weer wat syns insiens daar nie gepas het nie. Die prediking van hierdie tydvak was streng Calvinisties en het die sleutelmag van die kerk van Christus beklemtoon.

Die reisiger Mentzel gee ons nog verdere besonderhede aangaande hom. „'n Baie aangename, beminlike en agtenswaardige, daarby ook beleefde predikant, van Echten genoem, het hierdie gemeente (Stellenbosch) in my tyd gehad. Met gepoeierde hare en wit handskoene het hy altoos op die kansel gestaan. Sy stem het 'n baie aangename tenoorklank gehad. Sy rede was beknop, bondig en stigtelik, ook vir ieder verstaanbaar. Ek het eenmaal 'n preek van hom gehoor oor die weinige woorde: „Zijn bloed kome over ons en onze kinderen", wat ek my lewe lank nie sal vergeet nie, en ook nie wens om te vergeet nie." [1] Op 'n ander plek sê hy; dat as hy die geestelike here Kok, le Sueur en Van Echten in aanmerking neem „so würde viel Geschicklichkeit erfordert werden, diesem Kleeblatt der würdigsten Diener des Evangeliums, eine Lobrede zu halten die ihren Verdiensten angemessen wäre." [2]

(b)/..........

---

1) Mentzel: Vollständige und zuverlässige Geographische und Topographische Beschreibung des beruhmten und in aller Betrachtung so merkwürdigen Afrikanischen Vorgebirges der Guten Hofnung (Glogan, 1787) II, 57.

2) Idem, I. 106.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

(b) Ds. Wilhelm van Gendt.

Die gemeente van Stellenbosch het teen die helfte van die agtiende eeu oor een van die bekwaamste en geleerdste predikers beskik. Wilhelm van Gendt was in 1714 op Schenkenschans gebore en het sy universitêre opleiding waarskynlik in Utrecht geniet. [1] In 1722 ontvang hy 'n beroep na Harderwyk waar hy die herderstaf swaai van 1723 tot 1738. Sy afskeidspreek oor Efese 6 vs. 10, 11 wat op Sondag, 16 Februarie, geskied het, het dieselfde jaar in Amsterdam in druk verskyn.

Hy het 'n aanstelling aan die Kaap gekry, maar sy vertrek is uitgestel tot na Paasfees, omdat sy vrou siek geword en later ook gesterf het. Intussen verskyn uit sy welversnede pen 'n verhandeling wat hy as volg betitel: „Onderzoek der Paapsche Misse met der zelver compleete vereischtens; in haaren oorsprong, voortgang, vdtooyinge, en deszelfs Vervolging van 't zoo genaamde Feest van het Ligchaam des Heeren ende Paapsche Roosen-kransen: door Wilhelm van Gendt, leeraar der Gereformeerde Gemeente, Cabo de Goede Hoop." [2]

As 'n verklaring van die „Tytelprint" kom die volgende digvers op die eerste bladsy voor:

„Komt lezer die met hart en hand
Het blinde Pausdom wil beschouwden,
Van Gendt in een verstaanbre trand,
die zal het uw hier klaar ontvouwen."

Ons sal ds. van Gendt ook leer ken as 'n baie erkentlike en tewens getroue onderdaan van sy Regering. Daarom dra hy sy/.......

---

1) In „Die Huisgenoot" van 5 Nov. 1943 sê Dr. C.L. Leipoldt dat van Gendt in Maastricht gebore was, wat foutief is, vgl. die Bie en Loosjes: Biographisch Woordenboek, III, 210. Verder, volgens die studente albums van Groningen en Leiden het hy nie daar studeer nie. Leipoldt beweer dat hy student in Groningen was.

2) Verskyn by A. Olofsen, T'Amsterdam, Tweede druk, 1738. Die eerste druk het in 1734 die lig gesien en gou uitverkoop. Die derde uitgawe (1742) het 'n byvoeging van sy „Affscheidts-Predikatsie van Harderwyk". 'n Eksemplaar van die tweede druk is in die Dessiniaanse Versameling.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sy werk op aan „de Edele Agtbare Heeren, de Heeren Bewindhebbers van de Geoctroijeerde Oost Indische Maatschappye, ter Kamer Amsteldam" en getuig van sy dankbaarheid dat hulle hom verwaardig het om na Suid-Afrika te mag reis en 'n betrekking daar te beklee. Hy, met sy twee seuns en dogter, ag hulle gelukkig om „onder het bewindt en gezag te staan van zodanige regtvaardige Heeren en Meesteren, die altijdt gewoon zijn de redelijkheidt tot eenen grondslag van alle hunne handelingen te leggen en de zuivere gehoorzaamheidt dier geene, over wien zy gebieden, met alle blijken van gunste, grootmoedig te beweldadigen." Dit sal veral sy glorie wees om in elke opsig aan sy Bewindhebbers onderdanig te wees en in die besonder „dat ik u Ed. Agtb. regtmatige verwagtingen in het opbouwen van Jezus diergekogte Kerk - gemeente aan de Caap, my toebetrouwt, door Prediken, Catechiseeren, en wat des meer is (door Gods genade) mag beantwoorden."

In die „Paapsche Mis-offer" handel hy oor die misklere, altaars, kelkies, die verdelinge van die mis en die taal waarin dit bedien moet word en probeer dan om te bewys dat die mis, soos in die Roomse Kerk gevier, van later oorsprong is; verder trag hy om die verskillende Roomse skrywers teen mekaar af te speel en bewys dwarsdeur dat hy goed op hoogte van sake was met die bronne van die Katolieke teoloë.

Ds. van Gendt was dus 'n man van geen geringe betekenis nie. Die Classis maak spesiaal melding van sy talent „dat al vry groot is" en berig dat hy op Stellenbosch geplaas sal word. „De Heere begelijde Zijn Eerw. op syn weg en maeke deselve voorspoedig, en doe hem in goeden welstant tot U Eerw. aenlanden, opdat Zijn Eerw., die nog een man op het best van zijn leeven is, syne goede bekwaemheden tot inwinning van veele zielen in U Eerw. gewest mogt kunnen aenleggen, en nog voor een geruymen tijt besteden." [1)]

Reeds/......

1) Spoelstra II. 65.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Reeds op 3 Desember 1738, agt maande na die vertrek van ds. S. van Echten, kon die nuwe leraar sy intrek in Stellenbosch neem. Ons lees dat hy in die kerkraadsvergadering hartelik verwelkom is en 'n kragtige gebed gedoen het. [1] Van sy pastorale arbeid in die gemeente weet ons heel weinig. Toe die kerk sterk beswaar teen die optrede van die Morawiese sendeling George Schmidt geopper het, was hy een van die predikante wat saam met di. F. le Sueur en S. van Echten aan die Classis skryf om Schmidt na die Vaderland te ontbied. [2]

Veel beter is hy ons bekend deur sy letteroefeninge. Hy was 'n man wat nie in sy praktyk opgegaan het nie, maar wat gedurig gestudeer en teologiese werke in die lig gestuur het. Tydens sy verblyf op Stellenbosch het hy geskryf „Middel der Vergelyking tusschen de Evangelische, die sich onderscheiden door den Naam van Gereformeerde en Luthersche; opgehelderd met overtuigende zinryke aantekeningen." [3] 'n Tydjie vantevore het die Goewerneur, Hendrik Swellengrebel, sy traktement van 100 gulden maandeliks tot 120 verhoog, en nou dra hy die werk in dankbaarheid aan hom op. „Dit gunstbewys hebben my meer dan eens doen denken, om voor de geheele wereld openbare blijken van een nederige en pligtschuldige dankerkentenisse te geven; te meer, gemerkt ik met die vermeerdering ben beweldadigt, na dat het Leraarsampt niet langer dan een groot halfjaar in de gemeente van Stellenbosch had waargenomen." Hy kan hom nie in munt terugbetaal nie en wy daarom die werkie „hier in Africa opgestelt" aan die Goewerneur. Hy herinner hom nog hoe verheug en bly „Africaas-volk" by die benoeming van Swellengrebel as Goewerneur was en bid nou „dat de Koning der Koningen/........

1) Idem I. 382.

2) Idem I. 196.

3) by A. Olofsen, Amsterdam 1740; by Dominiaanse Versameling verkrygbaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Koningen en de Heer der Heeren u voorspoedig make" en dat die land mag bloei.

In sy verhandeling sê hy dat baie reeds gepoog het om die Gereformeerdes en Lutherse te versoen en dat die onderneming nie prysgegee moet word nie. Hy meen dat die verskilpunte meesal op misverstand en verdraaiing van mekaar se woorde berus en dat hulle in die grond van die saak tog met mekaar eens is. Die stuk is minder geslaag as sy geskrif oor die Paapse Mis, terwyl sy styl stroef en die redenering onduidelik is. Uit die veelvuldige aantekeninge blyk dit dat die skrywer vertroud was met die geskiedenis van die Protestantisme en dat hy 'n geleerde van gewig is.

In 1743 het 'n preek van hom in druk verskyn wat na dié van ds. Pierre Simond die oudste is wat op Suid-Afrikaanse bodem uitgespreek en in ons besit gekom het. Dit dra die gewone omslagtige opskrif van daardie tydperk: „Predicatie over Jesaia XLV:1-8, gedaan ter Gelegentheid dat syn Hoog-Welgebore Gestrenge de Heer Baron Gustaaf Wilhelm van Imhof is aangestelt tot Hoog Edele Gouverneur Generaal van Neerlands Indien en de onderhorige Landen door hun Hoog-Mogende, de Heeren Staten Generaal der Zeven Vereenigde Nederlandsche Provintien en de haar Agtbare Heeren Bewinthebbers ter Kamer van Seventiene der Nederlandsche Indische gewettigde Maatschappije, en syn Hoog-Edele Hoog-Welgebore Gestrenge aan Cabo de Goede Hoop gelukkig uit Nederlandt met het schip den Herstelder is aangekomen, en aldaar voorgestelt in die aensienlyke staatsbediening, met zijn Cierlyke aanspraak aan de hooge Regeerders aldaar op den 26 January 1743 gedaan, door Wilhelm van Gendt, bedienaar des Goddelyken Woords te Stellenbosch aan Cabo de Goede Hoop in Africa, den 10 February 1743." [1]

Baron/..........

1) Gedrukt by Jan de Roever, tot Nymegen en A. Olofsen, tot Amsterdam, Boekverkopers; in die Staatsbiblioteek van Kaapstad verkrygbaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Baron van Imhoff wat twee jaar vantevore reeds in Suid-Afrika was het intussen promosie in die staatsdiens ontvang en bevorder tot Goewerneur-Generaal van Nederlands Indië en onderhorige lande. Hy is op pad na Batavia om die betrekking te aanvaar, maar verpoos eers aan die Kaap om daar in sy nuwe amp aan die Regeerders voorgestel te word. Op 26 Januarie maak hy 'n aanspraak in die Kasteel, waarin hy hom vergelyk by Josef wat deur die Midianiete verkoop moes word om beide Egipte en Kanaän in 'n groot nood tot hulp te wees. En dan refereer hy na die agteruitgang van die O.I.K. en praat van „deze noodtlydende Maatschappye" wat in 'n „droevige gesteldheydt" verkeer. „Want deze noodt is niet gelyk doenmaals nog voorhanden, zij is reeds en wie kan daarvan onkundig zyn? Zy is reeds tot zoo verre, dat men wel haast geen broodt meer soude hebben, gelyk eertyts Kanaan en Egypte; zy is reets zoo verre, dat men al radeloos is geworden, niet wetenede waar men soulaes zoeken zal." Daarom is hy ontbied om te help en soek sy hulp alleen by God.

As 'n antwoord hierop en ter ere van die hooggeplaatse gas in die land het ds. W. van Gendt 'n rede uitgespreek. Ons het hom reeds ontmoet as 'n uiters gevoelige en getroue onderdaan en dit lyk of die moment amper vir hom te groot is, want hy sê: „Ik ben dier woorden vol en de Geest mynes buyks benauwt mij, ik moet spreken, opdat ik voor my lugt kryge." En wanneer hy die Baron bedank vir sy „cierlijke, bondige, welgepaste en minnelyke aanspraak", dan getuig hy dat dit „myn hart en siel geheel en al verrukte, en in eene blyde verwonderinge deedt opgetogen staan en daar in zulke diepe wortelen geschoten, dat geen verloop des tyds myn leven lang nog iets in staat is, de aangename wedergedagtenis daar uyt te roeyen". Waar die nuwe Goewerneur-Generaal God eer in die uitoefening van reg en geregtigheid roep hy sy gemeente nou toe: „ Alle zyn

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

getrouwe/.......

getrouwe Onderdanen juychen thans, en wy met hem, en weergalmen met verheffinge hunnen keelen malkanderen toe: Zyn Hoog Edele Hoogwelgeb: Gestr: de Heer Gustaaf Wilhelm, Baron van Imhof, leve! ja leve lang!" 1)

Die teks was geneem uit Jes. 45 v. 1 - 8 en die verdeling as volg:

Inleiding: A. Aangaande die Voorsegging, dit is
(a) vertroostend vir Gods volk;
(b) oortuigend ter wederlegging van die berispers van Gods weë;
(c) bestraffend van die ydelheid van die afgodsdienaars.

B. Die persone hier ingevoer:
(a) die Allerhoogste God;
(b) die Koning Kores;
(c) die Heidene word aangespreek;
(d) die koor wat die kerk van God toejuig.

C. Die tyd van die profesie;

D. Die plek van die profetiese vertoninge:

1. vss. 1 - 21 handel oor die verwoesting van Babel;
2. vss. 22-25 die roeping van die heidene tot Gods gemeenskap.

Inhoud van die teks:

'n Aanspraak van God aan Kores om die volk te verlos uit ballingskap, waartoe hy die nodige gawes ontvang.

Aanprysing van die teks:

Veral met die oog op die aanwesigheid van die Baron en die lede van die Politieke Raad.

Die/......

---

1) a.w. 2, 38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

**Die verklaring van die teks:**

I. **Die weldaad wat God deur Kores vir sy volk sou bring, (vss. 1 - 3).**

A. **God spreek Kores aan:**

א. Die spreker is die Here;

ב. die aangesprokene is Kores.

(a) God vat sy regterhand;

(b) die einddoel daarvan: om nasies neer te werp;

(c) die heupe van konings word losgegord;

(d) deure word oopgemaak;

(e) God sal voor hom uitgaan, ens.

(f) hy sal skatte ontvang.

B. **Die eindoorsaak van Gods raad (vss. 4 - 7).**

α. Die besondere doel (4, 5)

(a) terwille van Jakob, sy Kneg;

(b) om Gods volk te verlos.

β. die algemene doel (6, 7): daar is geen ander God nie.

II. **Die gevolg van die weldaad tot vertroosting van Gods Volke (vs. 8):**

α. 'n Groter vereniging tussen hemel en aarde;

β. geregtigheid sal onder die mense versprei word;

γ. hulle word berei om die gawe te ontvang;

δ. Sy heil word verbrei;

ε. Hemel en aarde span saam om die produk te bevorder.

א. Kores kon die geregtigheid meegebring het;

ב. Miskien beteken dit die verlossing uit Babel;

ג. In Kores kan Christus versinnebeeld gesien word

A. die weldade bogenoem behoort tot Gods volk;

B. die geregtigheid beteken die vergiffenis van sonde;

C. die voorbereiding van die hart geskied deur geloof en bekering.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

(a)/......

(a) die vervulling van die profesie geskied in Messiaanse tyd;

(b) hierdie woorde (8b) is óf 'n profetiese wens van die kerk óf 'n bevel van God aan die hemele om die geregtigheid te laat drup.

In die toepassing wat feitelik los van die liggaam van die preek staan, kom hy tot Baron van Imhoff om hom te vergelyk by Kores, wat sy volk moet uithelp en red. Om 'n idee te gee van die deftige styl en taal van die prediker gee ons die volgende sitaat: „Moeten we het niet voor een groot geluk en zegen schatten dat onze Hooge Magten en Souveraine Gebieders, hun Hoog-mogende, de Heeren staten-Generaal, der zeven Verenigde Nederlandsche Provintien en der onderhorige Landt-schappen, de Vaders des Vaderlandts, en Voedster-Heeren van Godts kerke: Als ook de Wel Edele Grootagbare Heeren Bewindhebbers van Neerlandts-Indien en de Ressorten van dien, door Gods wyze en aanbiddelyke bestiering, hun oog hebben laten vallen op zyn Hoog Edele Hoog-welgebore Gestrenge, den Hoog Welgeboren Heer Baron, Gustaaf Wilhelm van Imhof, om zyn Hoog Edele, Hoog Welgebore te verkiezen en werkelyk aantestellen tot Gouverneur Generaal van Neerlandts Indien, en de daar onderhorende landen? Wie uwer die een Patriottisch en eerlyk hart in zynen boesem voedt, verheugt zich niet met my, en dankt Godt, dat onse oogen Zyn Hoog Edele Hoog Welgebore Gestrenge, hier thans aan deeze plaatse (waar naa alle welmenende zoo lang hebben verlangt en gewenscht) nevens de Edele Agtbare Heeren, de tweede persoon der Regeeringe van Africa, en den Fiscaal, medelidt van Politie, en andere aansienlyke Heeren van syn gevolg meugen aanschouwen?"

Die gemeente word vermaan om dankbaar te wees dat hulle so rustig onder hulle wynstokke en vyebome nog kan woon en aangemoedig om getrou die erediens by te woon, „want

hoe/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hoe opregter christen, hoe getrouwen onderdaan". Natuurlik, dit was nie hulle dag nie, maar dié van die Baron en daar was dus nie veel aandag aan hulle belange gegee nie. Maar tog kom die swakheid van hierdie preekbou, waar die toepassing so definitief geskei is van die res van die preek, duidelik aan die lig. Die hoorders sit dikwels verveeld en wag net tot die breedvoerige verklaring van die teks verby is, om hulle ore te spits vir die toepassing.

Hierdie leerrede van 50 gedrukte bladsye is deur en deur analities soos aan die skets gesien kan word. 'n Teks bestaande uit agt verse leen hom ook maklik daartoe om woord vir woord en sin vir sin uitgerafel en verduidelik te word en die luisteraars se skrifkennis kan op die manier baie vermeerder word. Maar die vraag is of hulle, waar hulle die skets nie in skrif voor hulle het nie, al die onderverdelinge kan volg en of dit nie 'n verbasende toets vir die geheue was nie.

Ds. van Gendt se rede gee 'n goeie voorbeeld van die preekwyse van hierdie tydperk. Hy was ook 'n geleerde en bring dwarsdeur die profane of „uytheemsche" geskiedenis by om die profesieë van die Bybel te bewys of voor te lig.

Behalwe die genoemde werke het hy hom verder aan vertalings gewy: [1] (1) G. van den Busch: De Wonderbare en zegepraalende Heirtogt van Koning Christus in vier en dertig Predikatien over den 68 Psalm, nevens een Aanhangsel over Zach. 9:13 - 15 en Ps. 20:7; [2] en (2) Afdeelings-Predikaatsien van Jablonsky. [3] Verder het hy met ander leraars saamgespan om versamelwerke uit te gee: (a) Een keurlyke versameling van Afscheids-, Intree-, Inzegening- en Bevestigingpredikaatsien door F.A. Lampe, Joh. de Bruine, W. van/.......

1) de Bie en Loosjes: Beographisch Woordenboek III. 210.
2) Nymegen, 1733.
3) Amsterdam, 1738.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

W. van Gendt en A. Heymans; [1] en (b) Dagelijksche Offerhanden, bestaande in stigtelijke Aandagten en Korte Gebeden..... waar agter het Gereformeerde Honigmerg..... door P.J. Tileman, S.S. Theol. Prof. en W. van Gendt, Predikant aan Cabo de Goede Hoop; waar agter zyn Geestelijke Balsem voor een klagende Christen. [2]

Dit is vir ons van belang dat van Gendt gewillig was om met F.A. Lampe, 'n Duitser, die Keurlyke Versameling uit te gee, want laasgenoemde het Coccejus „tot geestelike vader" gehad. Hy het van 1720 - 1727 hoogleraar in Utrecht gewees en het met groot krag in die stad gepreek deurdat hy die gewete van sy hoorders aangespreek het. Hy het geglo in onderskeidenlike prediking en die gehoor in groepe verdeel. [3] Uit die gegewens voorhande is dit duidelik dat van Gendt geen Coccejaan was nie.

Na 'n gelukkige sesjarige arbeid in die gemeente Stellenbosch het Ds. Wilhelm van Gendt op 10 Oktober 1744 die tyd met die ewigheid verwissel. [4]

(c) Ds. Eduard Arentz.

Dat al die prediking van hierdie tydsbestek formeel, intellektueel en los van die alledaagse lewe gestaan het, kan ook nie aangeneem word nie. Dit word onder andere duidelik bewys deur 'n preek wat in 1749 op Stellenbosch uitgespreek is.

Ons is baie gelukkig om fragmente van hierdie leerrede te besit. Een van die afstammelinge van ds. Eduard Arentz het dit sorgvuldig in manuskripvorm bewaar en aan die/......

1) Amsterdam, 1745.
2) Amsterdam, 1745. 'n Eksemplaar hiervan is in Dessiniaanse Versameling. Die „daelikse offerandes" bestaan uit kort dagstukkies, gevolg deur gebede. Die „heuningmurg" is 'n reeks gebede oor elke gebed van die Onse Vader. In die „geestelike balsem" behandel hulle die vraag waarom 'n christen soms nie vordering maak nie. Hierdie stukkies getuig van die innige vroomheid van die skrywers.
3) Hartog a.w. 123.
4) Spoelstra I.207.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die redaksie van De Gereformeerde Maandblad vir publikasie oorhandig. Die redakteur, Prof. J.I. Marais, hoogleraar in die Kerkgeskiedenis aan ons Teologiese Seminarie, het die kosbare stuk met smaak behandel en benewens enige aanmerkinge, die grootste deel van die preek letterlik laat afdruk. 1) Hy sê dat dit 'n voorbeeld van netheid en sierlikheid in skrif is. Getrou aan die preekwyse van daardie dae was dit ook baie lank gewees, want die manuskrip beslaan vyf-en-veertig paginas groot formaat. Die inleiding was breed opgeset, gevolg deur net so'n lang verklaring van die teks.

Eduard Arentz was 'n seun van Holland wat na 'n degelike opleiding in sy moederland, slegs vir agtien maande toegelaat was om sy preekgawes te laat hoor. 2) Geädmiteer deur die Classis Amsterdam, word hy as leraar op 26 September 1747 in die gemeente Stellenbosch aangestel, waar hy 'n intreerede hou op dieselfde dag by welke geleentheid hy deur die kerkraad „onder toewensinge van Godes zegen over zijn persoon en betuijginge van hun respect en behulpsaamheijd verwellekomt wierd." Kort was sy arbeidstyd egter want op 5 Julie 1749 is hy deur die dood weggeneem. 3)

Die bogemelde preek was in dieselfde jaar van sy heengaan uitgespreek. Daaruit blyk dat hy sy taak as herder b aie ernstig beskou het. Hy het vir 'n geruime tyd reeds gebuk gegaan onder die sondige gewoontes en ydelhede van die land, waaraan die jongelingskap en die pas gehudes, maar selfs die oues van dae, deelgeneem het. „Ik hebbe voornamentlijk het oog op het kaartspel, ende andere lotspeelen, als ook in 't besonder op die ijdele en ligtveerdige danserijen, die onder ons geoefent worden." Hy

antisipeer/......

---

1) De Gereformeerde Maandblad, 1910. 173 v.v.

2) Student in Groningen, Album Studiosorum Academiae Groninganae (uitgegee deur die Historisch Genootschap van Groningen), Kol. 180.

3) Spoelstra II. 386.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

antisipeer dat 'n storm gaan losbars en dat vele hulle haat op hom sal oplaai as hy die onderwerp aanraak, want nie alleen is hierdie sonde baie algemeen nie, maar selfs sekere leraars keur dit nie af nie, maar beskou dit as 'n middelmatige saak. Hy egter is gedagtig aan Esegiël 3 v. 17 - 20, waar die wagters gemaan word dat die bloed van die goddelose van hulle hand sal geëis word, indien hulle nie vir hulle betyds waarsku nie. As die gemeente dus vir hom kwaad word „wij sullen ons des weegen niet bekreunen, liever dan u alle tot vijanden, als wij god maar tot vriend mogen hebben en in onzen dienst getrouw zijn, dan u allen tot vrienden en god tot vyand." Ons sien dus dat ds. Arentz die moed besit het om sonder aansien van persoon te straf en te vermaan.

Sy teks is Prediker 12 v. 1(a) „Gedenkt aan uwen schepper in de dagen uwer jongelingschap", wat hy op 'n natuurlike wyse in twee verdeel:

1. Die groot werk wat die Prediker aan sy jongeling voorskryf nl. dink aan jou Skepper en
2. die bekwame tyd, waarin die werk verrig moet word nl. in die dae van sy jongelingskap.

In sy toepassing vra hy: „Soude gij aan god, uwen Schepper gedenken, die liever met romans, en ander ydele schriften u tyd verkwist, liever als met gods heijlig woord, ofte goede boeken van stigtinge te door lesen. Soude gij aan uwe Schepper gedenken, die u selven zoo ydel optooijd, en soo hovaardig aanstelt, als oft gij over u eijgen selfs verwondert waard......" As hulle maar kon bedink dat hulle liggame „zoohaast een wormaas zullen worden" sal hulle nie alleen minder aandag aan hulle self gee nie, maar hulle verneder voor God.

Ewe kwaai tree hy teen die lotspelers op. Trouens, die euwel was so erg dat baie op Sondag daaraan gedoen het en dat die godsdiensoefening „voor deesen dienst des duijvels moet/

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

moet agter staan en wyken." Knaphandig ruim hy hul verontskuldiginge een vir een weg, om uit die Kerkgeskiedenis, die Nagmaalsformulier en die Etiek te bewys dat „Gereformeerde Christenen" daarin geen behae mag skep nie. „Hetgeen men wint, ontstelt men zijnen naasten en kan voor geen eerlijke winst gehouden, nog justo titulo, met een regtverdige tijtel beseten worden." Meer as een keer word Latynse woorde gebesig om 'n toon van geleerdheid aan die preek te gee.

Die dominee is egter eers reg op sy stukke, wanneer hy die dansers die Leviete voorlees. „Beschouwen wij onse hedendaagse danserijjen, wat is het niet eene oneerbare ijdelheijt, ende ligtveerdige dartelheid, als men de gangen van de dansers en danseressen aanmerkt, de omdraaijjen, de kapriolen, de boks of geijte sprongen, en dat hant-geklap!" Hy vra dat hulle self moet oordeel of dit nie na mal mense lyk nie „waarom de Koning Alphonsus tusschen een danser, en een kranksinnige mensche geen onderscheid stelde, als dat de een meer sodanig was, soo lange als hy danste, maar de andere voor altoos!" 'n Mens wonder wat sou die prediker se oordeel gewees het, as hy uit die graf kon opstaan om ons moderne danse gade te slaan!

Die preek is ook vol skriftuurplekke: een vir een teks word aangehaal, verklaar en toegepas. Maar hy is verder gereed om 'n illustrasie by te bring, van die oorlewering omtrent Herodias se dogter, hoe dat sy op 'n bevrore rivier gedans het totdat die ys onder haar voete gebreek het. Maar sy moes ongelukkig op die water bly voortdans, totdat die ysblokke, deur 'n sterk vloed gedrywe, haar die hoof afgeneem het en sy tot 'n spektakel voor die wêreld alleen op die ys moes bly staan. So'n opheldering is dikwels 'n verposing vir die aandag van die hoorders, maar dit word selde in die ou preke aangetref.

Tenslotte/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Tenslotte maak ds. Arentz 'n beroep op almal om hierdie kwaad te stuit; die leraars, ouderlinge en diakens moet daarvan wegbly, terwyl diegene wat daaraan verslaaf is, die versoening in die bloed van Jesus moet soek. Hy verwys na die oordele wat op die land rus: die sprinkane, die stormwinde en buitengewone hael wat die wingerde bederf het (en vir die Boland is hierdie plae buitengewoon) en die ruspes wat die koring groot skade veroorsaak het. Dit alles is bewyse dat God nie tevrede is met hulle ligsinnigheid nie.

Maar nie alleen het ds. Arentz sy gemeente goed laat deurloop nie, ook hy self moes voor die vierskaar verskyn. In die vergadering van die Gekombineerde Kerkvergadering in 1749 het ds. A.M. Meyring van Waveren besware daarteen ingedien dat ds. Arentz op sy reise in die buitedistrikte enige kinders gedoop het wat tot die gemeente Waveren behoort en dit wel „op ongewone plaatsen en buiten tegenwoordigheid van eenig lid des Kerkraads". Dit was teen 'n besluit wat die vorige jaar geneem is. Die vergadering sien in dat uit so'n handelswyse heelwat verwarring kan ontstaan en dat ouers wat weens wangedrag sensurabel is, daarvan gebruik kon maak om die kerklike tug te ontduik. Hulle oordeel dat ds. Arentz in stryd met die bepaling gehandel het en besluit om hom „ernstig te recommandeeren zich in het toekomende van diergelyke onbehoor lijke handelwijze te onthouden, en den Heer Meiring per missive behoorlijke satisfactie te geven." Die predikant van Stellenbosch is egter van oordeel dat hulle die mense wat so moeilik die kerk kan bereik, moet tegemoet kom en wend 'n poging aan om die bepaling verander te kry. Die vergadering verwerp die voorstel en besluit dat geen predikant zal vermogen onder een ander distrikt te preeken of kinderen te doopen, als in de gewone predikplaas en met voorkennis van den predikant in loco."[1]

So/......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

1) Moorrees a.w. 171, 204.

So'n onderlinge reëling is natuurlik onmisbaar vir die goeie orde van die kerklike lewe in 'n streek wat dig bevolk en geestelik goed bearbei is. Maar die vraag is of die Vergadering hier genoeg rekening gehou het met die belange van die destydse so verstrooide lidmate in die Overbergse en ander buitedistrikte. Met ds. M. Borcherds mag ons wel twyfel „of de bepaling omtrent het prediken niet te ver getrokken zij, en menig Leeraar dus van vele gunstige gelegenheden beroofd werd om door zijne predikatiën nut te stichten." 1)

(d) Ds. Johannes Fridericus Bode.

Die Groote Kerk is gevul met 'n groot skare. Gedeeltelik nuuskierig maar ook gedeeltelik innig belangstellend het hul na die bedehuis gekom om hulle nuwe leraar, so pas van Holland met „De Eendragt" aangekom, te sien en te hoor. „Ik sta in dit uur voor u, om my, als zulk een gezant, met de lastbrieven van ons grooten Zender voorzien, u voor te stellen en my heden, als uw herder en leraar, te verbinden" klink die helder stem van die jong dominee deur die ruim van die gebou. Hy het begin om in sy „Voorafspraak" Mk. 16 v. 16 aan te haal: „Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom!" Vervolgens lei hy sy gemeente na die Troon van Genade in die voorgebed om daarna sy teks bekend te maak. Die waarheid van Rom. 1 v. 16 „die evangelie van Christus 'n krag van God tot saligheid" is nie alleen van die lippe van ds. J.F. Bode daardie dag gehoor nie, maar is die hooftema van die prediking van die Ned. Geref. Kerk vir byna 300 jare reeds.

Hierdie intreerede het in druk verskyn en is aan die vergetelheid ontruk. 'n Eksemplaar hiervan word in die/.........

1) N.Z.A.T. 1828. 281.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Staatsargief, Kaapstad, aangetref, [1] terwyl ds. A. Faure dit ook in die tydskrif De Honigbij laat verskyn het. [2]

Wanneer ds. Bode in die toepassing van sy preek enige biografiese besonderhede van sy persoon verstrek, dan wil dit nie beteken dat hy hom aan bevindelike prediking skuldig gemaak het nie. Dit het meermaal gebeur dat 'n leraar in sy intreepreek vertel van sy loopbaan, die moeilikhede van sy oortog uit Nederland hierheen of van die weg van sy bekering. Nee, ds. Bode sê baie duidelik dat die inhoud van sy prediking sal wees Christus en die krag van die evangelie tot saligheid en nie sy persoon nie.

Hy deel sy hoorders mee dat hy reeds vroeg deur sy teerbeminde ouers opgewek was om sy lewe vir die heilige diens van Christus af te sonder. Vir ses jaar het hy in die hoëskool van Groningen [3] aan die voete van bekwame manne, beroemd in die godgeleerdheid, taalkunde en wiskunde, gesit. Hy word deur die Classis van Groningen tot proponent aangeneem en gaan preek op Delft vir tien maande. Daarna word hy beweeg deur 'n Amsterdamse leraar om na Afrika te reis en na 'n magtige worsteling in sy binneste, het hy die „knieë van sy hart" gebuig en die oorwinning behaal.

Uit 'n ander bron weet ons dat hy meteens 'n goeie indruk gemaak het. Hy gee van meet af „goede gronden van hope om te verstrekken tot een gesegend werktuijgh in Gods hand, ter uijtbreidinge van Jesus Koninckrijke in dit gewest; als sijnde niet ontbloot van die gaven die dienstigh sijn

om/........

1) „De Heerlykheid en kragt van 't Evangelium van Jezus Christus, voorgesteld en aangedrongen uit Paulus woorden, Rom. 1 vs. 16 door Johannes Fridericus Boode. Ter gelegenheid zyner Intrede als Bedienaar des. H. Evangeliums aan Cabo de Goede Hoop, den 3 December 1758." Te Amsterdam by Dirk Schuuring, Boekverkooper agter de Beurs op de hoek van de Heremite-steeg over het Zeelands Comptoir, 1761. Acc. 129, K.S.A.

2) 1844. 161 v.v., 185 v.v.

3) Sien ook Alb. Stud. Acad. Gron. Kol. 203. In die Bode-papiere word 'n getuigskrif deur die Universiteit aan hom gevind, Acc. 129, K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

om 't herders- en leeraarsampt heerlijk te maken." [1] Hy was hier baie gelukkig totdat ds. J.P Serrurier in 1760 uit Europa aan die Kaap arriveer en hy deur die owerheid na Waveren verplaas word. Ds. Bode was al te verontwaardig hieroor en weier om sy staanplek te verlaat op grond daarvan dat Waveren 'n mindere pos is en daar kan niks teen sy gedrag ingebring word nie. Die Politieke Raad besluit om hom tydelik te ontslaan en sy traktement terug te hou. Gelukkig was die Here Sewentien aan sy kant en is hy spoedig in sy amp in die moedergemeente herstel. [2] Hier het hy gearbei tot 29 Julie 1784 toe hy „na eene korte onpasselijkheid" sy ewige rus ingegaan het „een verlies" skryf die Kerkraad na Nederland „dat de gemeijnte gantsch zeer treft nadien zyn WElEerw. uithoofde van zijne uitmuntende hoedanigheeden sig de liefde en hoogachtinge van groot en klein verworwe hadde. Zyn nagedachtenis beruste in lengte van dagen onder ons in zeegen."

Na die formele pas die genoemde preek in die kader van die tyd. Dit bevat 11,616 woorde m.a.w. tien bladsye van ons huidige „Die Kerkbode". So'n diens moes die hoorders verbasend lank in die kerk gehou het. Die metode is analities en die teks word tot in die fynste besonderhede onderverdeel. Hy verval selfs in onnodige herhalinge, waar hy twee keer oor die bekering handel, maar gebruik gelukkig nie allerlei vreemde woorde of 'n hoogdrawende styl nie. Hy is eg skriftuurlik nie alleen deur die teks volledig te hanteer nie, maar elke stelling met 'n skriftuurbewys te staaf.

Om 'n beter begrip van sy preekmanier te gee, volg hier die skets:

Inleiding/........

---

1. Spoelstra I. 278.

2. Theal: History before 1795 III. 227.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Inleiding.

I. Die gemoedsgesteldheid van Paulus in die prediking van die evangelie:

A. א. Die evangelie van Christus;

ב. Dit is die evangelie wat Jesus self verkondig het.

B. Paulus skaam hom nie oor die evangelie nie.

II. Redes waaruit die vrymoedigheid spruit:

A. Die evangelie is 'n krag tot saligheid;

א. Dit is 'n krag;

ב. Dit is 'n krag tot saligheid;

α. by die bekering;

β. vir ons heiligmaking;

γ. vir ons heerlikmaking.

a. Om hierdie laaste te kan bereik is nodig:

a. bekering;

b. die gewillige aanname van die Here;

c. die saligheid word nou reeds geniet.

B. Die evangelie is 'n krag van God tot saligheid alleen vir die wat glo:

א. Geloof as vereiste;

ב. Die wyse waarop die genademiddels uitgedeel word.

α. Eers die Jood;

β. dan die Griek.

In sy toepassing, wat uit 10 van die 22 paginas bestaan, gee hy eers enige besonderhede omtrent sy voorgeskiedenis, dan wat die inhoud van sy toekomstige kanselwerk gaan wees, om hom dan te rig tot (1) die onverskilliges; (2) die naamchristene; (3) die bekommerdes en (4) die gelukkige erfdeel van die Here. Voordat hy sy lange vertoog met 'n „Amen, ja Amen" afsluit, wend hy hom eers tot die Goewerneur wat weens ongesteldheid nie aanwesig was nie, tot die lede van die Politieke Raad, tot sy ampgenoot ds. Kronenburg, tot die kerkraadslede en die gemeente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Al/......

Al is die leerrede baie intellektueel opgeset, was ds. Bode nie 'n koue intellektualis nie, maar is sy bekommering en verleentheid hoe om „vele zielen van een eeuwig zielsverderf te redden, en den Heer vele geestelijke zonen en dochteren toe te voeren tot den berg zijner heiligheid." 1)

Om proewe van sy styl en tegelyk van sy lofwaardige strewe te verskaf, laat ons hom aan die woord: „Wij zullen u het koninkrijk der zonden, den traanwaardigen staat eenes vervreemden stervelings, zoo als het Evangelium van Christus, dien in alle zijde deelen voorstelt, levendig zoeken uit te beelden, en ik zal mij bijzonder toeleggen, om tot den verborgenen wortel aller zonden, tot het verfoeilijk grondbeginzel aller onreinigheid in te dringen; dan zullen wy u het middel der Verzoening voorhouden, den Heilandt Jezus levendig tragten voor oogen te maalen, in zijne verscheidene ampten, schoonheden, en verlokkende bekoorlykheden ..... Onze loop en pad zal zich uitstrekken van het Paradijs, daar deze heilgeheimen eerst geopend zijn, tot in Patmos, daar ze gezlooten, en verzegeld zijn. Wij zullen het altoos onzen pligt agten, u niets agter te houden van den raad Gods, en in al onze Leerredenen op geloof en bekeering aandringen."

Dit het nie slegs by belofte gebly nie, maar hy het dit in die praktyk waar gemaak. In sy godsdiensverslae blyk hy gedurig bekommerd te wees oor die loue toestand van die belydende lidmate en voel dat so'n slapheid slegs deur 'n oorvloedige uitstorting van Gods Gees oorwin kan word! 2) ... 1773 lui dit: „O! dat de Groote Christus eens een ruime mate van zijnen Geest mogte uitstorten, opdat er vele door gebragt worden onder den band des verbonds, en, als nieuw geborene kinderkens, begeerig gemaakt worden naa de onvervalste/........

1) p. 16.

2) Treffend is ook sy gebruik van hierdie term „uitstorting" van die H. Gees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

valste melk Zijns Woords! Dan zoude zijn Naam in 't midden van ons worden groot gemaakt en zijn roem met hart en mond worden verkondigt." 1)

Hy het die eer van God in sy bediening gesoek. Die uitverkiesing word deur hom geleer waar hy aksentueer dat die evangelie 'n krag van God tot saligheid is vir die wat glo, vir die wat deur God na sy voorneme geroep is. 2) Ds. Bode was 'n bode van goeie tyding!

(e) <u>Ds. Petrus van der Spuy</u>.

Dit was op 6 April 1752 presies 100 jaar dat Jan van Riebeek aan die voet van Tafelberg geland het. Die Goewerneur, Rijk Tulbagh, het besluit om 6 April, die eerste dag van samekoms van die Raad, tot die openbare godsdiens af te sonder en die geboortedag van die Volkplanting feestelik te herdenk. So het dit gebeur dat ds. P. van der Spuy in die Kaapstadse kerk 'n geleentheidsrede uitspreek „ter gelegentheid van de honderdjarige possessie van Cabo de Goede Hoop," wat die gebeurtenis sekerlik waardig was.

Die titel lui as volg: „Dank-altaar, Gode ter eere opgericht; of eene Plegtige Redenvoering ter gelegentheid van 's Ed. Comp^s Hondert Jaarige Possessie des Gouvernements van Cabo de Goede Hoop; In eene Verklaaring, en Toepassing van Ps. CXLVII vers 12, 13 en 14; Uitgesprooken den 8 April des Jaars 1752, door Petrus van der Spuy, bedienaar des H. Evangeliums aan Cabo de Goede Hoop." 3) Fragmente hiervan het vir ons verder bewaar gebly deurdat 'n seun, P.M. van der Spuy, die manuskrip aan dr. W. Robertson met die oog op die eeufees in 1852 oorhandig het, wat dele daarvan in <u>De Gereformeerde Kerkbode</u> herdruk het. 4)

Dit/...

1) Spoelstra I.330.
2) De Heerlijkheid en Kragt van 't Evangelium, 9, 10.
3) Utrecht, Gysb. Tieme van Paddenburg, en Abraham van Paddenburg, Boekverkopers 1753; in die openbare biblioteek, Kaapstad, verkrygbaar.
4) 6 Maart 1852.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Dit was die laaste jaar van sy dienstermyn in die hoofstad toe ds. van der Spuy die feesrede uitgespreek het. Hy dra die onderskeiding weg dat hy nie slegs die eerste seun van Suid-Afrika is wat hier predikant geword het nie, maar dat hy ook die eerste dokter-predikant was. Sy ouers het uit Holland gekom om hulle aan die Wynberg mettervoon te vestig. Die jonge Petrus is in 1722 gebore en is na sy voorbereidende studies in die Kaap na Europa gestuur om hom in die medisyne te bekwaam, waarin hy reeds enige vorderinge gemaak het. Hy volbring hierdie studie aan die Universiteit van Groningen, 1) maar besluit in 1744 om hom as student in die teologie in Leiden te laat inskrywe. Na sy eksamens en ordening aldaar, is hy deur die bewind van die H.O.I.K. as leraar van Kaapstad aangestel, waar hy 1746 - 1752 diens gedoen het. Toe hy eenkeer die dogtertjie van Carel Maximilliaan Arleda, direkteur van die Goewerment se slawe Loge en Houtmagazijn, doop, sê hy op „boertende" wyse dat die vader die dogter vir hom as vrou moet grootmaak. Op sestigjarige leeftyd trou hy met haar! Vir tien jaar het hulle gelukkig saamgeleef, toe sy in 1793 oorlede is. 2)

Die genoemde leerrede is 'n indrukwekkende voorbeeld van die hoogstaande kulturele opleiding van die predikante aan die hoëskole van Europa. In sy Voorrede is hy baie beskeie en maak apologie dat sy werk in druk verskyn „vooral in zo een keurige en kiese eeuw, waar in wij leeven, en waar in zo veele beknibbelende Artistarchen en vittende Momussen gevonden worden." Sy preek was egter van hoogstaande karakter. Hy dra dit op aan die Goewerneur wat die dag tot feesdag verklaar het en roem hom vir sy voorbeeldige wandel. „Uwe voorbeeldige Godsvrugt die den iever uwer Onderdanen

ontvonkt/......

---

1) Stud. Album Kol. 1003.

2) K.B. 1852. 71 - 74.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ontvonkt, om met een groot aantal tot het Huis des Heeren op te gaan, verpligte mij tot een ongeveinsde dankbaarheid."

'n Kenmerk van dié tyd was dat alle kerklike geskrifte deur die Classis goedgekeur moes word as 'n bewys dat daar niks aanstootliks of ketters in die stuk voorkom nie. Al het Nederland destyds lankal die sensuur op die pers afgeskaf, het die Protestantse kerk, in navolging van Rome, nog steeds die sensuur toegepas op gedrukte geskrifte. Die formulier waarin die „approbatie" gewoonlik gegiet was, is feitelik die vertaalde navolging van die Roomse »imprimatur« (d.w.s. laat dit gedruk word). Die geval van van der Spuy is besonders dat nie die Classis nie, maar die Universiteit dit goedgekeur het: »De professoren en Theologische Faculteit van 's Landts Hooge School te Utrecht aendagtig gelesen en nauwkeurig onderzogt hebbende eene Leer-rede, waarvan het opschrift is, Dank-Altaar Gode ter eere opgericht, enz. verklaren daer in niets gevonden te hebben dat strydig is met de leere van Godts Woort, of de Formuliere van Eenigheidt, die in de Gereformeerde Nederlandtsche Kerk zyn aengenomen, maer integendeel velerhande blycken van 's Mans ervarenheidt in de Heilige Schriften, uitteleggen, en welgepast toetesigenen. Weshalve wy dit werkje als nuttig, stichtelyk, en mer tyts gelegendtheidt seer wel geschikt aen desselfs dezers aenpryzen, wenschende dat de Heere den Persoon en arbeidt des Aucteurs met zynen milden en genade ryken zegen bekroone. Utrecht den 11 May 1753 - Uit naam en last der Faculteit, Franciscus Burmannus ss Theol. Doct. et Profess."

Die teks wat vir die geleentheid gekies was, is gepas en het die redenaar ruim kans gebied om soms in liriese ekstase oor die vooruitgang van sy Vaderland te raak. »O Jeruzalem, roemt den Heere: O Sion, loof uwen God: want Hy maakt de grendelen uwer poorten sterk; Hy zegent uwe kinderen binnen in u: die uwe landpalen in vrede stelt; Hy verzadigt u met het vette der tarwe." (Ps. 147: 12-14).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Hy/.....

Hy het nie soveel verdelinge en onderverdelinge soos di. Bode en van Gendt nie en praat in hoofsaak oor (1) die aanmaning om God te loof en (2) die seëninge wat Hy aan sy volk gee. In die besonder dink hy aan die seëninge van die verloë honderd jaar wat „Kaapsch Israel" te beurt geval het.

Met sy toepassing volg hy elke sin van verse 13 en 14 om die weldade te beskrywe.

1. „Hy het die grendels van jou poorte sterk gemaak."

Ds. van der Spuy vertel nou hoe „de beroemde Maatschappy" sy besittings bevestig, sy grenspale beskerm en sy vastighede versterk gesien het. „Ik zoude het bestek van eene Leerrede te buiten gaan, indien ik my zoude uitlaten in eene breedvoerige beschryving van de gesteldheid dezes uithoeks" maar tog veroorloof hy hom 'n hele aantal feite uit die geskiedenis.

2. „Hy het jou kinders binnen-in jou geseën." Die vermeerdering van die bevolking word geskets. „Begon niet, na verloop van weinig tyd, dit Tafelbaai te naauw en te klein gevallen, om aan zovele inwoners onderhoud te verschaffen, die diensvolgens genoodsaakt werden zich verder uit te breiden en de naastgelegene dalen en valleyen te bezetten zoodat zy naauwelyks meer den naam van eene colonie voeren mag. Zoo zijn onze honderden geworden tot duizenden en onze duizenden tot tien-duizenden." [1)]

3. „Hy wat aan jou grondgebied vrede verskaf." Geen vyand het tot dusver hulle vrede gestoor nie. Net onlangs egter was daar 'n bedreiging van elders en hulle „goederen, godsdienst en vryheid" was in gevaar gewees. „Doch Gode zij gedankt, die strik werd gebroken door middel

van/..........

---

1) Die redakteur van De Gereformeerde Kerkbode het hierby 'n nota gemaak dat dit 'n oordrywing is, want in 1756 was die bevolking 4,822 in getal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van een onzer bondgenoten." 1)

4. „Hy wat jou versadig met die beste koring." Die Here het die land so geseën dat dit 'n ware koringskuur van die vetste tarwe geword het, sodat na die buiteland uitgevoer is. Maar ook die Brood van die Lewe word hier uitgedeel - „de zuivere Evangelie-leer segepralen over het antichristendom."

Dié leerrede is in teenstelling met dié van ds. van Gendt 'n deurgaans welsprekende, goed beredeneerde betoog, al het hy nie dieselfde skrifverklaring nie. Dit wil egter nie sê dat hy nie genoeg aandag aan sy teks gegee het nie. Hy gebruik selfs die verskillende Hebreeuse woorde vir „God" om die betekenis helder na vore te bring. Trouens, dit blyk dat ds. van der Spuy goed vertroud was met die ou tale en nie skroom om dit aan sy hoorders op te dis nie. Wanneer hy oor die vrede in die landpale handel, gaan hy voort:

.................. Pax optima rerum
Quas homini novisse datum est, pax una triumphis
Innumeris potior ...................

maar vertaal dit gelukkig ook:

„De/.......

1) Die prediker sinspeel hier op die Oostenrykse Suksessie-oorlog wat van 1740 - 1748 geduur het. In hierdie stryd was Frankryk weer die aloue teenstander van Holland, wat toe reeds in 'n tamelike staat van politieke verval verkeer het. Franse magte het dwarsdeur die huidige België opgeruk om die Hollandse stede Maastricht en Bergen-op-Zoom te verower. 'n Klein aantal Britse troepe het saam met die Hollanders teen die Franse geveg, maar dit was veral ter see, waar die Franse nie teen die Britte opgewasse was nie. In 1745 het die Britse vloot van sowat 25 oorlogskepe Tafelbaai onder bevel van Admiraal Boscawen ingevaar. Van die Britse troepe is 'n tydlank naby Kaapstad gevestig en die vyand is afgewend. As Ds. van der Spuy egter van „een onzer bondgenoten" praat, maak hy hom aan 'n tweede oordrywing skuldig, want daar was net een bondgenoot.

So ingenome met die oorwinning en met die bondgenoot was hy dat hy „without demur" toestemming aan Boscawen verleen om in die Hollandse kerk 'n erediens in Engels, volgens die ritus van die Staatskerk, te laat hou. Op 20 April 1749 is dus die eerste Engelse diens in 'n Ned. Geref. Kerkgebou gehou! Die tweede sou spoedig volg, nl. 9 Febr. 1751. Theal: History before 1795, III. 13, 14.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

„De Vreed' is d' allergrootste schat,
Die God den mensch op aard' kan geeven
Schoon iemand veel triumphen had,
Nog beeter is 't in vreed' te leven."

En as hy dit oor die beste van die koring het, vloei dit uit sy mond: „Wel teregt zeide eens Seneca, de beste leermeester van den slegsten der Vorsten lento gradu ad vindictam sui divina procedit ira, tardidatem que supplicii gravitate compensat, God straft wel langzaam, maar zyn straf is gewis."

Die lewe was vir hom nie altyd 'n bed van rose nie. Sy moeilikhede het begin toe hy in 1752 na die gemeente Drakenstein verskuif is. Aanvanklik was daar nog die vrede, waarvan hy so pas in sy rede gesing het en kon die kerkraad selfs sewentien jaar na sy intree getuig: „dat het getal der ledemaaten door belydenisse des geloovs grootlyks vermeerdert; de lievde en ijver tot het bywonen van het openbare godsdienst meer en meer toeneemt en ook al eenige goede eerstelingen van den lievlijken Evangeliedienst onder hun bespeurt wordt. Voorwaar, een lovlijk getuygenisse, hetwelk te wenschen was, dat op alle d' overige gemeyntens in dit gewest konde toegepast worden." 1)

Toe bars in 1771 die storm oor die sg. Theronkwessie los, wat vir veertien jaar die gemeente tot sy fondamente geskud het. Ds. Petrus van der Spuy het in die middel van die stryd gestaan. In 1781 was hy reeds so moeg van dit alles dat hy, ook weens verswakking van sy geheue en toenemende ouderdom, sy ontslag van die Politieke Raad vra, wat met behoud van salaris aan hom toegestaan word „ter consideratie zyner veeljarigen dienst, voorbeeld in

leven/.........

---

1) Spoelstra I. 318.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

leven en stigting in leeve." [1)]

Na aanvaarding van sy emeritaat, is hy getroud en het op Stellenbosch gaan woon. Vroeër reeds het hy met hierdie omgewing kennis gemaak toe hy van die Paarl af tussen 1772 - 1777 hierdie gemeente ook moes bedien. Eenkeer doop hy daar kinders en by die uitgaan sê iemand aan 'n ouderling: „Julluij bent ouderlingen en moet daarvoor zorgen dat de kerk zuijver word gehouden," daarby voegende dat ds. van der Spuy „van ons onwaardigd is verklaard, dat hy geen kinders doopen, nog het Bondzegel uitdeelen mag." Die kerkraad was egter verstandig genoeg om die Drakensteinse twiste nie na Stellenbosch oor te plant nie en het die stoornis gou in die kiem gesmoor.

Die beproewinge van die dominee het hom baie diep getref en deur die swaarkry het hy 'n dieper insig in sy boodskap en 'n nouer betrekking met die ewige gevoel. Hy het hom onverdeeld aan Christus oorgegee. „Als toen leerde hy eerst als zondaar zynen God en Zaligmaker kennen, en aan zijn eigen hart de kracht van het Evangelie gevoelen, dat hy vroegen verkondigde." [2)]

BESLUIT/.......

---

1) Kwart Millenium Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente, Paarl, 58.

2) K.B. 1852. 70.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## B E S L U I T.

Die Ned. Geref. Kerk het sy ontstaan te danke aan die Hervormde Kerk van Nederland en die dogter toon dus sterk wesenstrekke van die Moeder, veral in haar ampsverrigtinge. Aangesien die stigting van die Kaapse Volkplanting so kort na die Sinode van Dordrecht (1618, 1619) geskied het, staan die prediking beide in Holland en in Suid-Afrika in die teken van regsinnigheid en dogmatisme. Die sieketroosters en voorlesers moet preke voorlees, maar aan hulle word voorgeskryf dat slegs preke van goedgekeurde gereformeerde predikers gebruik mag word. Kategismuspreke wat die leer van die kerk aan die volk verduidelik en belydenispredikasies wat hulle herinner om getrou te wees aan die afgelegde lidmaatsbelofte, is aan die orde van die dag. Selfs die preke van ds. Pierre Simond tintel nog van reformatoriese lewe en hy is besig om die erfgoed van die vaders teen die Roomse te verdedig.

Die prediking was skriftuurlik, geleerd, deftig en na die letter korrek. Die predikasies was volgens die analitiese vorm saamgestel en het uit allerlei verdelings en onderverdelings bestaan, sodat die hoorder soms moeilik die gedagtegang kon begryp. Trouens, die praktyk van die godsaligheid het veel skade gely deurdat die evangelieprediking nie bevattelik en aantreklik genoeg ingestel was nie. Meesal was dit 'n dorre intellektuele verhandeling wat aan die gehoor voorgedra is, terwyl die siel gesmag het na die lewende waters. Daar was hier en daar gunstige uitsonderings. Oor die algemeen egter moes die gemeente na al te gerekte predikasies luister en kon hulle die aandag moeilik by die voordragte hou. Algaande het die geroep al sterker in die kerk geword: Sal U ons nie weer lewendig maak, sodat u volk kan bly wees in U nie?

AFDELING B/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK 9.

## DIE PIËTISME IN NEDERLAND.

### Die Voetiane.

Teen die starre ortodoksie en eensydige beklemtoning van die intellektuele in die prediking moes daar noodwendig 'n reaksie kom. Die eise en behoeftes van die menslike hart kan nie verloën word nie; na 'n dieper bevrediging sou heilbegeriges al meer gaan soek. Die reaksie het veral op drie maniere uiting gevind: wysgerig, teologies en eties en wel deur middel van die Cartesiane, Coccejane en Piëtiste. Die filosofiese kant val buitekant ons bestek, maar ons let in die besonder op die teologiese en etiese uitwerking in die Nederlandse Hervormde Kerk.

Die naam „Piëtisme" ( pietas) het deur die geskiedenis 'n geykte term geword. Sy oorsprong lê in die „Collegia Pietatis" van die Duitser Spener, vergaderings wat deur vroomheidsoefening onderlinge stigting beoog het. Spener het in 1670 daarmee begin en sekere vromes twee keer per week in sy huis vergader om die preek van die vorige Sondag te bespreek en stigtelike lektuur saam te deurlees. Maar die verskynsel is ouer as die naam. In Nederland het hierdie geestesrigting wat 'n meer praktiese en mistiese godsdienstige belewing soek, reeds tussen die jare 1600 - 1650 ontstaan. 1)

Die Nederlanders het die Piëtisme ook nie van hul oostelike bure ontvang nie, maar van oorkant die Engelse kanaal is dit na hulle oorgewaai. Die werke van die Engelse Puriteine soos Whithaker, Perkins, Hooker, Taylor, Adams en Bunyan is vertaal en het die geeste begin bekoor. Veral

die/.......

---

1) Reitsma a.w. 289.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## AFDELING B.

## DIE PERIODE 1750 - 1800.

## PREDIKERS EN HUL PREDIKING ONDER INVLOED VAN DIE PIËTISME.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die twee broers, Willem en Ewoud Teelinck, is kenlik deur hulle beïnvloed en eersgenoemde het dadelik deur prediking en geskrif 'n nuwe geluid in die vaderland laat hoor. Willem het aan innige vroomheid die voorkeur gegee bo blakende ywer vir die suiwere leer. Daar is geen skolastiek, wysgerige bespieëlinge of controversiae in sy prediking nie, maar hy dring enkel aan op 'n godsalige lewenswandel en die beoefening van die geloof. Gedurig strooi hy toepaslike aanmerkings tussen die verklaring van sy teks deur en pak die hoorders oorweldigend. Voetius was so ingenome met Willem Teellinck se optrede dat hy dit as die begeerte van sy hart uitspreek dat hierdie manier van preek algemeen in die land mag word. Hy is dan ook die Gereformeerde Thomas á Kempis genoem. 1)

Die twee rigtings van die Mistisisme en Skolastisisme word deur die geskiedenis heen naas mekaar gevind. Die Mistiek laat hom deur die gevoelige hart lei, liewer as deur die verstand, en sien allerlei verborgenhede in die letterlike sin van die Heilige Skrif raak. Die Skolastiek beklemtoon die rede en kan baie droog wees. Hulle het egter nie altyd naas mekaar gebly nie, maar in die sewentiende eeu vriende gemaak. Veral in Gysbert Voetius het die twee strominge 'n eenheid gevind. 2) Voetius het in Leiden onder Gomarus studeer en hartelik kant gekies vir sy leermeester in die stryd teen Arminius. In 1618 woon hy die Nasionale Sinode van Dordrecht by. Hy sou hoogleraar aan die Universiteit van Utrecht word waar hy sedert 1634 'n leidende rol vir baie jare speel. Sy inougurale rede gaan oor „de pietate cum scientia conjugenda", waar sy teologiese rigting die verbintenis tussen die skolastieke godgeleerdheid en die beoefeningsleer reeds helder uitstraal. Regsinnig en streng soos/.........

1) Schotel a.w. 411; Reitsma a.w. 289.

2) Ypey & Dermont a.w. III. 82.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

soos hy was, kon hy tog steeds die mistieke ook aanvoel; hy het baie sterk geneig na 'n asketiese reinheid van sedes. Voetius het byvoorbeeld, net soos Spener, ook sy collegia pietatis gehou en geen kwaad gesien in die vorming van „oefeninge" nie mits dit onder toesig van die kerkraad staan. Ebrard het van hom gesê dat sy innige vroomheid en wetenskaplike godgeleerdheid in hom „unvermittelt neben einander lagen". In sy groot werk „Politica Ecclesiastica" het hy baie duidelike gedagtes vir 'n goeie preekwyse gehad.[1]

Die volgelinge van Voetius het egter wat hulle van hom geleer het, nie altyd getrou nagekom nie. Onder mekaar het hulle heelwat verskil van leerwyse openbaar: een het van 'n breë teksverklaring gehou, 'n ander van 'n breë toepassing en 'n derde van polemiek. Die meeste Voetiane het hulle nie bekommer oor 'n degelike skrifverklaring nie, maar liewers 'n uitgerekte redenering oor die teks en 'n mikroskopiese ontleding daarvan gegee. Hierdie anatomisering het as gevolg gehad dat een prediker 'n lang reeks preke oor een teks kon maak. Bernardus Smytegeldt ( + 1739) van Middelburg het 145 predikasies gehou oor „Het Gekrookte Riet" (Matt. 12 v. 20, 21), waar 'n „wansmakelyk vergeestelijken" [2] aan die orde is en die teks - al is die metode streng analities - net tot spyker vir die preak dien. Hy het verder „Des Christens eenige troost in leven en sterven, of verklaring over den Heidelbergsche Catechismus" en „Des Christens heil en cieraad, voorgesteld in 45 predicaties over Phil. 4:7 en Col. 1:22" uitgegee. Hy self het geen preekbundel persklaar gemaak nie, maar sy bewonderaars het die gehoorde neergeskryf en uitgegee.[3] Smytegeldt was 'n geliefde „outeur" onder die/.......

1) Hartog a.w. 79.
2) Schotel a.w. 414.
3) Van Oosterzee a.w. 201.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

die Voortrekkers en ander christene in ons land.

Ds. Goltzius het 64 preke oor die tweede brief van Petrus gelewer, terwyl Becius „een dikken kwartyn" met predikasies oor die geskiedenis van Sodom en Gomorra nagelaat het.

Abraham Hellenbroek ( + 1731), in Suid-Afrika vroeër bekend vir sy vraeboekies, die dubbele en klein Hellenbroek, [1] het met „Bybelsche Keurstoffen" en „Kruistriomph van den Vorst Messias" talle tydgenote na sy kerk getrek. As prediker was hy 'n groot figuur, iemand met 'n natuurlike welsprekendheid en 'n innige Mistiekgetinte gees. Tog is sy preke deurspek met ongewyde sitate en hinderlike geleerdheid, terwyl sy „Hooglied" alles wil vergeestelik, wat aan die ware stigting veel afbreuk gedoen het. [2]

Jacobus Borstius ( + 1731), die Dathenus van sy tyd, het ook met sy uitmuntende preekgawes groot invloed uitgeoefen; nie alleen in die gemeente Dordrecht nie, maar in die ganse land was hy „een lichtende flambouw". Wanneer hy sou optree was die kerk reeds ure tevore gevul en onder sy gehoor is die kollekte vertiendubbel. Hy spreek tot hulle in die „gemeyne" taal en ontleen sy beelde aan die gewone lewe van die volk. Die bestraffing van die sonde, meen hy, moet in elke prediking voorop staan en stuur verder af op 'n lewende geloof, wat in 'n voorbeeldige wandel tot openbaring kom. Sy preek oor „het lange hair" (1 Kor. 11 v. 14) was egter minder verstandig. Sy uitdrukkinge is dikwels al te plat en daar kom dinge voor wat 'n mens liewers in 'n handboek oor obstetrie sou gaan soek as in 'n rede voor 'n gemengde gehoor. Vir die res was Borstins 'n opregte Voetiaan. [3]

'n/.........

---

1) J.C. Coetzee: „Hellenbroek" as Katkisasieboek in Suid-Afrika, in Die Kerkblad, 5 Feb. 1943.

2) Van Oosterzee a.w. 202.

3) Schotel a.w. 413.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

'n Besondere vertakking van die Voetiane was die Brakelse rigting. Wilhelmus á Brakel, predikant van Rotterdam ( + 1711), was een van die uitmuntendste verteenwoordigers van die ou skool. Sy ampgenoot Hellenbroek teken hom as 'n volmaakte redenaar, 'n skriftuurlike prediker; hy kon „als een Boanerges donderen, dan als een Barnabas troosten, dan als een Paulus onderwyzen, en dan als een Johannes liefelijk streelen en lokken." [1] As 'n mens egter sy predikasies nasien, bv. „de ware Christen," dan ontdek jy dat hy seer selde by die teks bly en telkens afdwaal van die hoofsaak om allerlei sake by te bring wat by die onderwerp nie pas nie. À Brakel staan veral daarvan te beskuldig dat hy die beoefeningsleer van Voetius, reeds nie vry van Mistiekery nie, meer gekleur het met Labadistiese begrippe. Hy self was eers bekoor deur die Labadisme, maar het na vyf jaar hom teen hulle en alle separatisme verklaar. Van hulle begrippe het hy egter nooit volkome losgekom nie. Vir hom bestaan die kerk alleen uit beproefde gelowiges, hoe braaf en deugsaam die ander ook mag wees; die meeste lede van die Hervormde Kerk het syns insiens geen deel in die genadeverbond nie. Hierop het hy sy hele beoefeningsleer gebou. Sy „Redelijke Godsdienst" wat in 1700 verskyn en 'n twintigste herdruk beleef, is 'n populêre dogmatiek en het in Suid-Afrika ook 'n dankbare afset gevind. Van die duisende wat dit gelees het, het baie „Labadistiese hervormde vromes" geword! [2]

Voetiane met 'n Brakelse kleur, was Johannes á Marck, Aegidius Francken en J. Wisselius, al het hulle in sommige opsigte ook van hom verskil. Daar is onder die skool 'n besondere/......

---

1) de Bie en Loosjes: Biographisch Woordenboek van Protestansche Godgeleerden in Nederland, I. 563.

2) Ypey & Dermont a.w. III. 287, 385.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

besondere kenmerk nl. dat hulle die psigologiese element bygebring het, dat hulle, net soos Borstius, wis om die verborge skuilhoeke van die menslike hart bloot te lê. Hulle het met ontdekkende prediking voor die dag gekom en was as gevolg daarvan baie gewild. [1] Die Coccejane het die Voetiane uitgekryt vir „muggesifters, schoonmakers of anatomisten van het hart," omdat hulle alles so sorgvuldig kon uitpluis. Hulle anatomisering van die tekswoord was ongetwyfeld wanstaltig, maar die analisering van die hart van die sondaar het heilsaam ingewerk. Daarby het die Voetiane die hardheid van die analitiese metode van die prediking enigsins versag deur 'n misties-praktiese sin.

Die Coccejane.

Toe die Piëtisme teen die einde van die sewentiende eeu by die Voetiane flouer word, het die Coccejane meer na vore gekom. In 1636 is Coccejus as hoogleraar in Hebreeus aangestel en het hy sy aantekeninge oor Prediker uitgegee, waarin hy sy nuwe stelsel ontvou het. Hy was bekommerd oor die Skolastiek in die teologie en het die waarde van skrifverklaring beklemtoon. Coccejus het baie van Cartesius geleer en kan die vader van die federaal-teoloë genoem word. Hy wou weg van die letter van die belydenis, en het die Heilige Skrif as hoogste rigsnoer vir die lewe onderstreep. Sterk is hy deur Voetius teengestaan vir wie die waarheid volstrek een met die leer van die kerk is en wat skolastieke vorme liefgehad het. 'n Hewige stryd het tussen die Voetiane en Coccejane ontstaan, wat 'n tagtigjarige oorlog onder die godgeleerdes genoem word. [2]

Die Coccejane word in twee groepe verdeel, die Leidse of/........

1) Hartog a.w. 98.

2) Reitsma a.w. 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

of Ernstige Coccejane. Die Leidse teologante (ook Groene Coccejane genoem na hul leier Hendrik Groenewegen) meen dat hulle egte kinders van Coccejus is, maar het hulle terdeë misgis. Hy wou wegkom van allerlei strydvrae en ydele spekulasies en hom toespits op die saligheid van die mens, terwyl hulle verdwaal raak in die doolhof van die uitlegkunde. In plaas van die kudde te lei na die grasige weide van die Woord, bring hulle die skape na die dorre distelvelde van die filologiese eksegese. 1) Die allegoriese interpretasie word deur hulle verder aangehang, sodat die profeties-tipiese element sterk na vore kom. Dit word onder ander deur hulle taal wat geswolle en hoogdrawend was, verraai. Hulle praat van die Bybel as „de rollen van Gods ewige waarheden" en die tekswoorde is geskep „uit den oceaan van Mozes, de vierde springbron, den vyfden emmer, den twaalfden druppel." Hulle noem hulself: „lyfstaffieren en rykstrawanten van Vorst Jezus, door Vorst Messias geregtigd om hier op aarde onmiddelbaar tot God te naderen." Salomon van Til en Cornelis van Rie is representante van die Leidse Coccejane, wat bekend daarvoor was dat hulle die fakkel van geleerdheid op die kansel geswaai het, en hulself in 'n rookwolk gehul het, sodat dit onmoontlik was om die prediker te sien. 2)

Hier was 'n kanselontluistering wat nie tot sieraad van die kerk gestrek het nie. Die Sinode van Harlingen (1726) was gedwonge om die predikante te maan om meer op die behoefte van die volk te let, om die kerk nie te gebru tot 'n gehoorsaal, en die gemeente nie te voed met subtiele divisies en subdivisies nie, maar 'n taal te praat wat die hoorders kan verstaan. 3)

Die/........

---

1) Van Oosterzee a.w. 203.

2) Schotel a.w. 415, 416.

3) Hartog a.w. 113.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die Ernstige Coccejane het 'n verbetering aangebring en hul prediking word baie geskik vir hierdie tyd beskou. F.A. Lampe, 'n Duitser is een van die edelste verteenwoordigers van die rigting. Hy was vir sewe jaar (1720 - 1727) Utrechtse hoogleraar en al was hy nie pastor loci nie, het hy elke veertien dae in Duits daar gepreek. Al die skatte van sy geleerdheid het hy vir die kansel diensbaar gemaak. Selfs in die wetenskap was die wedergeboorte vir hom hoofdoel. 'n Besondere kenmerk van hom en sy skool was dat hulle nie in algemene toepassinge geglo het nie, maar voorstanders was van 'n onderskeidenlike prediking. Hul toepassing het bestaan uit twee of drie toesprake aan die nie-wedergeborenes, heilbegeriges en bevestigde Christene. [1] Dit is van belang dat F.A. Lampe saam met ds. W. Gendt, later van Stellenbosch, 'n preekbundel in die lig gestuur het.

'n Ander Piëtis met wie ons moet kennis maak, is Willem Schortinghuis. Hy was eers predikant te Weener waar hy onder invloed van sy ouere Kollega, Klughist, 'n voorstander word van die inwendige christendom. Toe hy in Midwolda gestaan het, het hy in 1704 sy bekende werk „Het innige Christendom...." geskryf, ook wel die boek „van die dierbare vijf Niete" genoem (ek wil nie, ek kan nie, ek weet nie, ek het nie, ek deug nie). [2] Schortinghuis het o.a. geleer dat Bybelkennis op die onbekeerde mens geen invloed het nie. Alleen geestelike kennis is nodig vir die bekering, wat herkomstig is direk van God en in afsondering verkrygbaar is. Die mens is sonder hierdie geestelike kennis in sy sedelike betrekkinge onkundig en

sleg/.........

---

1) Idem 123.

2) Christelyke Encyclopaedie V.116.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sleg. [1] Schortinghuis se werke het jare daarna Thomas Burgers, later staatspresident van die Transvaal, in sy jong lewe beïnvloed.

Die metode wat deur beide Voetiane en Coccejane gevolg is was die analitiese, met al die splinterige onderverdelings van die A.A.'s en B.B.'s, terwyl die letters van die Griekse en Hebreeuse alfabet soms bygehaal is. Die taal en styl was nie orals dieselfde nie. Die stof was by die predikers weloorweeg en bearbei, maar ingeklee in wonderbaarlike woordvoeginge, valse vernuftige spelinge en lae onkiese spreekworme. Alles het geleerdheid geadem, al te grote geleerdheid; dit was gevul met Griekse en Latynse gesegdes, spreekwoorde, ens. en deurspek met klein of groot brokstukke uit die geskrifte van die ou heidense filosowe en van die christelike Kerkvaders, soms vertaal, maar dikwels in die oorspronklike. Frans het ook al meer die beskaafde taal van die wêreld geword en sy spore duidelik in die prediking afgedruk. [2] Die Engelse Piëtis, Hervey, wie se vertaalde werke in ons land telkens weerklank gevind het, het verder in dié tydperk bygedra om die preekstyl vol valse vernuf te maak. In 'n later tyd is hierdie soort styl „dolgeworde prosa" genoem. [3] Die preke is gememoriseer en behendig voorgedra, maar later het hulle nie omgegee nie en onbedek van die manuskrip gelees. Verblydend is dit egter te konstateer dat sedert 1760 'n beter dag aangebreek het, omdat op die studie van die moedertaal toegespits is en die heilige waarhede nie meer in 'n slordige gewaad geklee is nie.

Konwentiekels.

Ons het tot dusver die reaksie teen die droë verstandsprediking/...

1) S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 15.
2) Ypey & Dermout a.w. III. 370, IV. 74.
3) Hartog a.w. 208.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

standsprediking by sommige predikante en professore nagegaan en gesien hoe die Piëtisme al meer en meer by die breë lae van die volk veld gewen het. Ook op 'n ander wyse sou hierdie teenwerking openbaar word. Om van die offisiële openbare godsdiensoefeninge weg te kom het sommige konwentiekels gevorm en daar die Woord onder mekaar verkondig. So het hulle voedsel vir hul siele gesoek. Gesaghebbende woordvoerders, veral uit die Voetiane, wie se suiwerheid in die leer onverdag was, en wat baie gekant teen die separatiste (o.a. die Labadiste) gestaan het, het op voetspoor van hul leermeester self die konwentiekels in beskerming geneem. Met die opkoms van die klerikalisme egter is die „sluipvergaderingen" gesmaad en is kerklike en politieke maatreëls getref om dit te onderdruk.

Jac. Koelman wat 'n ywerige voorstander van die private byeenkomste was kla dat „men haat en bestryd alle de private toevergaderingen van vroome, waar in men van Godt ende zyn Woordt tot stichting spreekt, waar men eens samen bidt, en zingt ende elkander verwakkert, hoewel zulke byeenkomsten zeer weynige zijn." Op 'n ander plek sê hy: „Synodale besluijten worden somtydts gemaekt om de handen van de vroomste en yverigste Leeraars te binden, datse niet zoo veel Particuliere Catechisatien ende Huysoeffeningen, ende Collegiën mochten hebben." Hierdie klag was nie ongegrond nie, want die State van Friesland het bv. op versoek van die Sinode Wilhelmus á Brakel verbied om in sy eie huis private katkisasies en samekomste te hou. 1)

Dit kan nie ontken word nie dat die „oefeninge" baie gevare ingehou het. Die oefenaars was dikwels waanwyse, onwetende, selfverheffende lui uit die geringe volkstand, wat as leraars van die evangelie die aandag van die hoorders geboei/......

1) Van Veen: Voor 200 jaren, 39, 55, 40.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

geboei het deur gebed, prediking oor 'n bybelteks, deur vermaning en opwekking. Dikwels het hulle van die belydenis afgewyk. Almal wat nie met hulle saamstem nie word uitgekryt vir goddeloses, of vir kinders van die hel, terwyl die gevestigde predikante veral skerpe kritiek moes verduur. Hulle het voorgegee om 'n groot aandeel van die Heilige Gees te besit en werk op die sinnelike gevoel van die hoorders deur valse orakeltaal, deur hartstogtelike beweginge, deur 'n gesug en gekreun. Die konventiekels het soms groot ergenis verwek, sodat streng teen hulle deur kerk en staat opgetree is.

Afgesien van die uitwasse wat voorgekom het, was daar egter ook seën aan die „sluipvergaderinge" verbonde en het selfs sekere predikante dit ondersteun. Dit was in baie opsigte kweekplekke van kennis en geloof en 'n toevlug vir die kudde wat verstrooid was. In 1629 reeds het die Suid-Hollandse Sinode op advies van Cloppenburgh, Walaeus en Voetius die volgende besluite geneem: „de christenen zijn niet alleen gehouden Gods Woordt te hooren, te leesen, en by haar selven te overdenken; maar hebben ook de vryheid om daar van met malkanderen te spreken en te confereeren tot onderlinge onderrichtingh, vertroostingh, en vermaaningh; doch met die conditie, dat sulcks niet en geschiedde op tijden, tot den publijcken Godsdienst, ofte publijcke catechisatiën verordineert." Wanneer sulke konferensies gehou word moet die „exercenten" die name van die personeel en die plek aan die kerkraad verstrek, wat toesig daaroor sal hou. Die kerkraad sal iemand kommitteer om die oefening by te woon of te lei. Alle punte van verskil moet na die kerkraad gebring word en hulle sal gehoue wees om onderworpe te bly aan die kerkraad se uitspraak. Verder moet die voorgangers gebruik maak van predikasieboeke alleen van onverdagte Gereformeerde

outeurs/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

outeurs. [1]

As hierdie gesonde denkbeelde in die Akte vervat, orals gevolg was, sou die konwentiekels nooit soveel las gegee het nie, maar 'n heilsame uitwerking in die kerk gehad het. 'n Mens wonder of die kerklike leidsliede altyd die regte takt teenoor die onderlinge byeenkomste openbaar het.

Wanneer ons aan die einde van hierdie hoofstuk 'n oorsig probeer vind van die geestelike toestand en die preekwyse van die Moederkerk in Nederland in die tweede helfte van die agtiende eeu, dan konstateer ons dat waar die meerderheid van die volk vasgehou het aan die ou dogma, hulle ware stigting gaan soek het onder die meer of minder mistieke predikers. In die sewentiende eeu het die Calvinisme van Dordt vir 'n groot deel die koers aangegee, maar nou het, veral deur die Coccejane, 'n meer Bybelse rigting na vore gekom. Die Piëtisme het sy goeie reg van bestaan, waar dit die etiese element van die Protestantisme benadruk en dit aandring op persoonlike bekering en goeie werke. Deur egter te veel aandag op die weg van saligheid te vestig, verval dit tot Metodisme en ander subjektiewe geesdrywery. Die Mistiekery van die Piëtisme is net so nadelig as die dorheid van die Skolastiek.

Toe ds. Sprenger van Eyck, predikant van Rotterdam 'n resumé van die prediking van dié tyd wou gee, het hy sy boek betitel: Kanselontluistering in Nederlandse Hervormde Kerk in die 17, 18 Eeu! [2] Voorwaar die prediking het seker nie beantwoord aan die gesonde reëls van die homiletiek nie. By die Voetiane was daar geen

skrif-/........

---

1) Vos a.w. 241, 242.

2) Hy skryf onder die skuilnaam „Sinderus".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

skrifverklaring nie, maar slegs toepassing - vrugte sonder wortels. By die Coccejane was daar skrifverklaring, maar geen toepassing nie - wortels sonder vrugte. By die Lampeane is én skrifverklaring en toepassing gevind, maar so versplinterd dat die hoorder reeds die preek vergeet het voordat hy weet in welke rubriek van die toehoorders hy val. As 'n mens die drie kon saamsmelt sou jy 'n stigtelike preek kan laat ontstaan: die skrifuurlikheid van Coccejus verdryf dan die skolastiek van Voetius, terwyl die praktiese en gemoedelike van Voetius die Coccejaanse koelheid besiel en die psigologiese van die Lampeane aan die prediking nadruk en afwisseling gee en dit geskik maak vir die lewe.

HOOFSTUK 10/.........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 10.

## PIËTISTIESE REAKSIE - VERSKYNSELS AAN DIE KAAP.

### Toestande waarteen gereageer is.

Die louheid op kerklike terrein tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het aan die Kaap gedurende die tweede helfte vir 'n groot deel voortbestaan. Ds. J.P. Serrurier rapporteer in 1765 aan die Classis van Amsterdam omtrent die gemeente aan die Hoofplaas: „De uitwendige bloei derzelver, in getal van ledematen en lust tot den openbare godsdienst, schijnt meer toe- dan aftenemen; dog wat het wezenlijke van den godsdienst des harten aangaat, moeten wij veelvuldige laauwheid, zorgeloosheid en steunen op nietige rietstaven betreuren."! 1).

In 1773 skryf ds. J.F. Bode aan die Classis dat die kerkraad van Kaapstad geen stof tot roem het met betrekking tot die bywoning van die erediens nie, maar dat daar 'n „lauwheit en onverschilligheid" daaromtrent bestaan, veral wat die bywoning van die kategetiese leerredes betref. 2)

Een van die oorsake vir die geestelike insinking aan die Kaap was die verwoestende gees van die oorlog, waaraan hierdie suidhoek selfs nie ontkom het nie. Eers was dit die sewejarige oorlog tussen Engeland en Frankryk (1756 - 1763) en later dié van 1780 - 1784. Franse troepe stap aan wal met vreemde sedes en vreemde geld en bring onder die volk 'n verandering van lewenswyse. Daar heers 'n kunsmatige welvaart wat die mense tot allerlei weelde verlei. Reisigers verbaas hulle oor die heersende luxe en praat van die Kaap as „een Parijs in 't klein". En dit het bly voortduur nadat die troepe die kuste verlaat en die tydelike bron

van/........

1) Spoelstra I.305.

2) Spoelstra I.330.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van voorspoed opgedroog het. [1)]

Daarom dan dat die kerkraad hulle genoodsaak ag om te kla dat „het gedruis der wapenen, en inwooning van zoovele vremde troupes, juist de zeden der menschen niet verbeetert, maar van veelen wel verslimmert hebben" en hoop slegs dat alles weer spoedig op die ou voet geplaas sal word. Maar oor 'n jaar skryf hulle aan die kerkraad van Batavia dat „hoogmoed, pragt, dartele weelde, ongebondenheid, overtredinge van goddelijke en menschelijke wetten, nemen eer de bovenhand, dan dat zij zouden verminderen." [2)]

In 'n brief d.d. 10 Mei 1787 vertel hulle weer van „die deurbrekende verderf, die verregaande weelde, dartelheid, onverskilligheid omtrent die godsdiens, ja selfs openlike vyandskap daarteen." Die slawe ontwy die Rusdag op straat en in die publieke huise deur allerlei werk te doen. Die kerkraad wil dat die Regering die plakkate teen die Sabbatsontheiliging moet vernuut. [3)]

Die O.I.K. was reeds uitgedien en het sy laaste snikke gegee. Dit alles het met die sedelike verval ten nouste saamgehang. En as toestande in die hoofgemeente nie so gaaf was nie, wat van die buitedistrikte? Goewerneur Janssens het die prentjie daar baie donker geskilder: die koloniste is onvergewingsgesind, haatdraend, elkeen wil die ander verteer „deze wijnig godsdienst hebbende menschen", soos hy hulle tipeer. Hy sê dat hy gedurig met hulle praat oor liefde en vrede, maar dit is om in die woestyn te roep. [4)]

Generaal Burn wat 'n besoek aan ons land in 1779 gebring het, getuig dat „their religion is Dutch Calvinism,

but/.......

---

1) Rapport van het Departement tot Indische Zaken, 47; vgl. Requesten I.288 v.v. II.450; Theal II.224, 259, 283.

2) Spoelstra I.512, 527.

3) Idem I.544, II.328, 330.

4) Theal: Belangryke Historische Documenten III.240.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

but I fear they are in general strangers to true vital Christianity." Dit lyk of hy die spyker op die kop slaan; by die uiterlike godsdienstige pligspleging het die innige belewing van die waarhede by vele ontbreek. „Their behaviour at church seemed decent and serious. The minister preached above an hour ex tempore with great warm and fluency..... But what makes me think they have little true religion is their abuse of the Sunday: the instant they leave the church they play, sing, dance and game, and have no idea of keeping the Sabbath holy." [1]

Dit lyk of dit nie slegs die leemte by die gewone kerklidmaat was nie, maar dat sommige voorgangers ook nie „true vital christianity" besit het nie. Die goddelike boodskap wat hulle aan andere moes bring was nie deel van hulle ondervinding nie. Ds. P. van der Spuy, wat die eeufeespreek in 1752 gelewer het, het tydens sy emeritaat, nadat hy deur baie beproewinge heen gegaan het, sy Saligmaker persoonlik leer ken. Toe eers het hy die krag van die evangelie gevoel, wat hy vroeër verkondig het. [2]

Mev. Magdalena Jonker, wie se bekeringsgeskiedenis deur dr. W. Robertson opgeteken is, vertel hoe dat sy in 1782 na die nagmaal in Waveren opgegaan het, onder oortuiging van haar doemwaardige toestand. Sy soek haar leraar op [3] om met hom oor haar ellende te onderhandel. Sy antwoord was dat hy wens dat sy hele gemeente môre in so'n toestand die heilige sakrament sou nader. Sy protesteer toe dat die dominee seker nie verlang om al sy mense verlore te sien gaan nie. „Hy zeide echter tot mij, met tranen in zijne oogen: Van alles daar gij van spreekt, heb ik geene de minste ondervinding gehad; maar volgens de leer van den

Bijbel/........

---

1) Cobbin: Memoirs of Mrs. C.L. Thom, 60.

2) K.B. 1852. 70.

3) Ds. A.J. Kuys het toe in Waveren gestaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Bijbel, bezit gij den wortel der zaak." 1)

Mev. Hester Venter skryf weer in die relaas van haar bekering dat 'n predikant by haar op huisbesoek gekom het om aan te dring op allerlei uiterlike pligte; dat sy moet volhard in goeie werke wat uit eie geregtigheid en sonder die ware grond bestaan. Sy kon haar hart nie daarmee verenig nie en het in vertwyfeling tot die Heer gevlug. Sy sê: „Ik schrik van valsche schynleer die met eenen blaam van eigengerechtigheid een Heer en de Mammon te gelijk willen dienen, ik meene, de wereld." 2) Dit is die steun op „nietige rietstaven" waarvan Serrurier gepraat het. 'n Mens kan verstaan dat sulke predikers nie goed daarin sou geslaag het om die ewige waarhede aan die hoorders tuis te bring nie.

Met hierdie staat van die godsdiens sou meer as een gevoelige gees nie genoeë neem nie.

Sieketrooster Louis van Dyk.

Een van die eerstes by wie die reaksie teen die dooie formalisme te bespeur was, was die sieketrooster Louis van Dijk, wat in 1743 van die skip, De Eendragt, gelig is om diens in een van die buitedistrikte te lewer. Daar het klagtes teen hom ingekom dat hy hom nie hou volgens sy instruksies nie, maar in die openbaar „in plaats van een goede predikatie uijt een boek het volk voor te lezen, en het voor en nagebed insgelijks uijt een boek te doen, uit zijn verwaende hersenen verwarde reedenvoeringen voortbrengt, waaruijt de eenvoudige geen vrucht konnen trekken, maar daar en tegens zeer aanstotelijk voorkomen." 3) Hierdie

be/........

1) K.B. 1850.120.

2) J.D. Ackermann: De Ondervindelijke Bekeringsweg van de zalige vrouw Hester Venter (Kaapstad 1853), 62.

3) Speelstra I.201, Leibbrandt: Requesten II.527.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

beskuldiging het reeds by die eerste sieketrooster, Wylant, voorgekom en sou in die toekoms by sulke semi-teologies opgeleide persone gedurig 'n bron van moeilikheid wees. Van Dyk het allerlei „aanstootelijke nieuwighede" geleer en nie alleen die buitemense nie, maar ook die lidmate aan die Kaap het na hom getrokke gevoel. Dit is oorvertel dat hy sê dat 'n onwedergeborene God nie as Vader mag aanspreek nie en daarom eindig hy sy gebede ook nie met die gebruiklike „Onse Vader" af nie, want anders sê die onbekeerdes hom dit na en besondig hulle teen God. Hierin staan die sieketrooster nie alleen nie, want in Nederland is meermaal deur die Piëtiste beswaar aangeteken teen formuliergebede. Ds. Jac. Koelman bv. wou dit nie besig nie, aangesien sulke gebede onbekeerdes sowel as bekeerdes uitdrukkinge in die mond lê wat alleen by ware gelowiges pas. [1)]

Na hierdie gerugte is Louis van Dyk deur die Kaapse Kerkraad vermaan om hom binne die perke van sy beroep te hou en die gebede volgens die Formuliere uit te spreek. Nieteenstaande dit alles het hy geblyk 'n veragter van alle herderlike vermanings te wees en verklaar dat hy ex professo 'n verhandeling in 'n aandoefening in die Kaapse gemeente sou hou. Ds. le Sueur, pastor loci, en ds. A.M. Meyring van Waveren wat toevallig in die stad was, besluit om die konwentiekel by te woon en is verbaas oor die menigte van mense wat hy weet om bymekaar te bring. Hulle merk op 'n paar dinge: (1) dat hy nie skroom om sy oefening te begin met 'n lang gebed uit sy hoof nie en afsluit met 'n gebed sonder die „Onse Vader"; (2) dat hy 'n toespraak ex tempore lewer oor die weglaat van die „Onse Vader"; (3) dat hy die natuurlike betrekking tussen God en die mens

wegneem/........

---

1) Ypey en Dermout I, die aantekeninge, 216.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

wegneem deur te leer dat die mens geheel van Hom deur die sonde weggeval het en dus God alleen as Vader kan aanroep kragtens die skepping; (4) hy haal die name van goeie gereformeerdes ontrou aan en meen om daardeur in 'n goeie reuk by die eenvoudiges te kom; en (5) hy daag almal uit wat anders dink om die teendeel te bewys.

Hy word voor die kerkraad geroep, maar het in plaas van hom te onderwerp „de onbeschaamste assurantie betoont." Toe ds. le Sueur hom vra of hy nie onder die geselskap van die dwalende Hernhutters behoort nie, aangesien hulle hom die sogenaamde „Hottentots bekeerder" 1) sien omhels het, antwoord hy dat hy hom nie bemoei oor die gevoelens van die man of dit goed of kwaad is nie, maar dat hy sy vriendskap op prys stel omdat hy iemand is wat Jesus innig lief het. Hieruit meen die kerkraad af te lei dat Van Dyk beken dat 'n dwaling in die verstand geen sonde is nie en dat „deze siekentrooster by den Graeve van Sintsendorph en zijne dwalende menigte t' huys behoort." Hulle verbied hom om verder te preek „om hierdoor den vrede der kerke en de regtsinnige leer onvervalst te bewaren," want die valse leer kruip soos 'n kanker voort, wanneer die noodsaaklikheid van die kennis van die waarheid gering geag word. 2)

Die kerkraad besluit om hom na Batavia te stuur met 'n opdrag aan die kerklike owerheid aldaar om hulle „beswaarpoincten" te ondersoek. Dit was 'n maklike oplossing om die lastige krankebesoeker na die buiteland te deporteer, maar dit het die situasie as 'n geheel nie verhelp nie. Baie van die stilles in die land het nie genoeë geneem met die offisiële prediking van die kerk nie en het bevrediging in die oefeninge van sieketroosters en andere gaan soek.

Sieketrooster/.....

1) George Schmidt, die eerste Morawiese sendeling word bedoel.

2. Spoelstra I.201.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Sieketrooster Willem Raassel.

Twee jaar later sou byna dieselfde moeilikheid opduik en hierdie keer met Willem Raassel wat as krankebesoeker hom op een van die retoerskepe bevind het en in verskeie huise hom oor geestelike sake uitgelaat het. Veral het hy die eer van die predikante te na gekom en het hulle hom gou ter verantwoording geroep. Hy het dit veral teen die manier van prediking van daardie dae. Die gewoonte het bestaan om in algemene terme die sondes van die gemeente van die kansel te bestraf „sonder den mensch aan sigself, soveel mogelijk is, te ontdekken." 1) Hy noem dit „een gevaarlijk stuk" maar druk homself verder al te skerp uit deur te beweer dat die predikante op die manier die mense uit die hemel in die hel preek. Sy eis was billik, want die ontdekkende karakter mag die prediking nooit mis nie. Veral in tye, waarin die sondebewussyn verswak en die liefde tot die enige Saligmaker Jesus verflou, moet die prediker steeds weer die boetbasuin aan die mond sit om tot inkeer te roep. 2)

Verder het hy die eis gestel dat daar 'n afgesonderde priesterdom, net soos in die Ou Testament moet bestaan, wat van hulle wedergeboorte oortuig is m.a.w. die prediker moet bekeerd wees as hy vir andere bekering wil preek. As dit nie die geval is nie moet die gemeente maar liewers tuis bly. Hy self matig hom die oordeelsvermoë aan om te sê wie weder-gebore is en wie nie; hy sal net drie of vier keer met 'n persoon gesprek voer om hom te plaas. Op hierdie manier het hy groteliks in die estimasie van die oningewydes gestyg en vir die gemeente as geheel ergenis veroorsaak. Voor die Kerkraad geroep het hy ontwykende antwoorde gegee en is daarop vermaan om hom stil te gedra soos dit iemand pas wat

slegs/.......

---

1) Spoelstra I.208 v.v. II. 79 v.v.

2) Hoekstra a.w. 307.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

slegs 'n tydelike bestaan hier voer en om nie „sulke schaedelijke lessen te geeven." In plaas van te gehoorsaam maak hy dit nog erger deur die hele kerkraad vir louenaars te verklaar. Daarop het die kerkraad hom na die Goewerneur gewend, wat op sy beurt die saak aan Admiraal Suchterman van die retoervloot oorgedra het. Raassel word gebied om na sy skip terug te gaan en sy diens na behore aldaar uit te voer instede van „sulke discoursen" onder die gemeente te hou.

Die Kerkraad het gemeen dat hy 'n gevaarlike mens is en versoek die Classis om hom nie weer as sieketrooster te gebruik nie. Die Classis lê die gewone omsigtigheid aan die dag en gee Willem Raassel 'n kans om 'n verdediging te lewer. Hy verklaar dat hy geen „oefeninge" gehou het nie, tensy 'n mens daaronder 'n geselskap van 'n halfdosyn mense wil verstaan, waar 'n stigtelike onderwerp in plaas van tydelike sake bespreek word. Hy het nie geweier om voor die kerkraad te verskyn nie, dog alleen geëis dat sy beskuldigers ook teenwoordig sal wees. Hy self het die openbare godsdiens nooit in veragting gebring nie, maar „tot op den tyd van rusie" gereeld na die kerk gegaan. Die Classis het nie geweet hoe om te oordeel nie, want, soos ons reeds gesien het, sy eis om ontdekkende prediking was 'n geregverdigde en sy opmerking dat die prediker wedergebore moet wees was nie 'n onbillike verwagting nie, want hoe kan 'n blinde 'n ander lei. Sy ywer om 'n meer doeltreffende preekwyse was selfs prysenswaardig, maar Raassel het op 'n onversigtige wyse te werk gegaan en het 'n sekere piëtistiese inslag gehad, wat vir meer regsinniges 'n doring in die oog kon wees. Daarom laat die Classis hom gaan met slegs 'n sagte teregwysing om hom voortaan „met voorzichtigheid, bescheidenheid en behoorlyk respekt" te gedra. Die kerkraad kry egter ook 'n raps met die waarskuwing om 'n gees van groter sagmoedigheid aan die dag te lê.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Ds./.......

Ds. Harmen Haike van der Veen.

Hierdie gees van ontevredenheid met die heersende regsinnige maar dorre vorm van godsdiens sou baie duidelik ook na vore kom in die optrede van ds. H.H. van der Veen. In 1750 het hy met die skip Slooten en route Indië hier aangekom en enige weke vertoef om sy gesondheid weer op te knap. Hy tree twee keer voor die gemeente op met voorkennis van ds. P. van der Spuy, die plaaslike leraar. Dit was nie al nie, hy hou „sluyp-vergaderingen" met enige heilbegeriges in privaat wonings. Sy skip is later al weg, maar hy bly nog agter omdat hy nie gesond voel nie. Toe wou hy meermaal preek, maar ds. van der Spuy weier om hom toe te laat, aangesien 'n groot deel van die „gemeinte" kla oor sy „enorme uijtdrueckingen en onhebbelijk prediken." 1)

Die twis ontvlam toe ds. Voltelen van Zwartland na Kaapstad moes kom om die voorstelling van die nuwe Goewerneur, Ryk Tulbagh by te woon en verneem dat ds. van der Veen wat na die platteland moes reis vir sy herstel en om „boerkost" te eet, in die gemeente van Zwartland gaan preek sonder om die pastor loci te raadpleeg. Ds. Voltelen beveel sy ouderlinge om hom nie toe te laat nie op grond van 'n vorige besluit van die Gekombineerde Vergadering dat die Kerkraad in so'n geval eers sy toestemming moet verleen. Ds. van der Veen neem hierdie optrede baie kwalik omdat „Zyn Eerw. uijtgesonden was om overal, zoo te water als te lande, te mogen prediken, waar en wanneer hy wilde," en openbaar daarmee 'n houding wat deur die sektes en ander buitekerklike predikers deur die eeue heen ingeneem is. Hulle wil deur geen bande van enige aard geperk word nie, terwyl die Apostel aan sy gemeente beveel het dat alles welvoeglik/.........

1) Spoelstra I. 241, 246 en II. 98.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

welvoeglik en ordelik moet toegaan. 1 Korinthé 14 v. 40 sou nog die sinspreuk van die Kaapse Kerk word.

Ds. van der Veen soek uiting vir sy griewe by die Kaapse kerkraad, maar hulle het ds. Voltelen volkome in die gelyk gestel. Hy wend hom daarop na die burgerlike owerheid, wat sy saak ook nie gunstig gestem was nie, met die gevolg dat hy met die eerste die beste skip na Batavia moes vertrek. Harmen Haike van der Veen was egter nie 'n kat om sonder handskoene aan te durf nie. Hy antwoord „met groote obstinatie" dat hy nie skeep sal gaan nie en vind dit goed om „wederom zich ziek te vijnsen." Die Goewerneur stuur twee geneeshere om hom te ondersoek, maar hy wil deur allerlei trekkinge en onbehoorlike bewelinge in sy pols voorgee asof dit met hom erg ongesteld is. „Dit is zeer fraaij voor zoo een predicant als ds. van der Veen voorgeeft te zijn" kommentarieer die Kerkraad. Nog volhard hy by sy koppigheid. Daarop stuur die Goewerneur 'n offisier met enige manskappe om hom aan boord skip te bring, maar hy gee ter verskoning „uijthoofde zijner indisposisie daartoe buyten staat te zijn." Die offisier antwoord dat die Goewerneur van die teendeel oortuig is deur die dokters. „Wie kan tegen geweld?" roep die dominee uit en onderwerp hom aan die sterk arm van die wet. 'n Dertig of veertig manne en vroue het by sy huis aangekom om van hom afskeid te neem. Dramaties spreek hy hulle toe: „Vrienden, ik roep U altemaal voor God tot getuigen dat het niet uit mijn eygen is dat ik U verlaat maar dat ik met geweld van hier gedreven word, om de getuijgenisse der waarheyd." Dit is opmerklik hoe baie mense wil vaar onder die vlag van die Waarheid, terwyl hulle leed gebore is nie uit die stryd met die leuen nie, maar uit temperamentele karaktergebreke en onhandige optrede. Van der Veen vermaan sy aanhangers verder om steeds in die geloof volstandig te bly en hulle nie deur geweld te laat aftrek nie. Nadat hy ook verdere oproerige woorde geuit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

het/........

het, begeef hy hom aan boord. [1]

Dat dit nie enkel persoonlike insigte en optrede by hom was nie, maar dat sekere beginsels met die hele opskudding gemoeid was, blyk uit die verdere verslag van die kerkraad. Hulle hoor reeds baie gepraat van „dat eensame stille wagten in den Heere." Die Piëtisme lê groot klem op die subjektiewe belewing van die godsdiens en gee voorkeur aan die inwendige lig van die Gees bo die objektiewe norm van die Woord. Daarom moes die gelowige ook die stille gebed betrag om die stem van die Here in sy hart op te vang. Onder invloed van ds. van der Veen het sommige Kapenaars hulle reeds aan hierdie praktyk oorgegee.

'n Tweede aantyging wat die Kerkraad by die Classis teen hom maak is dat hy slegs so iemand vir 'n ware christen hou wat die dag en datum van sy wedergeboorte kan aanstip. Dit klink weer baie na die Wesleys wat met hulle Metodisme die bekering vir almal op dieselfde wyse wil voorskryf. Tereg sê die Kerkraad dat dit nie in die Bybel geleer word nie, want Timotheus het nie soos Paulus met 'n harde skok tot inkeer gekom nie, maar met die Woord van die Here opgegroei. Die Piëtisme het dieselfde fout begaan om die bekering van almal deur een keurslyf te wring, nl. deur die weg van die Busskampf.

Die kerk was ook nie tevrede met sy „sluypvergaderingen" nie, want dit was in stryd met die heersende denkwyse in die meeste Europese lande dat private samekomste naas die gereelde bediening van die Woord plaasvind. Die vrees was gedurig aanwesig dat die konwentiekels uiteindelik tot fanatisme en separatisme sal voer en die geskiedenis het laat blyk dat die vrees nie ongegrond was nie. Die Kaapse kerk het ook gewaak vir die „suijverheyd der leere"

en/.......

1) Moorrees a.w. 235.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en kort proses met ds. van der Veen en sy afwykinge gemaak, maar blote regsinnigheid in die leer is nie die enigste waarna 'n kerk moet streef nie; die pols van die geloofslewe moet ook warm klop.

(d) Mevrou Susanna de Vries.

'n Ander stem wat baie duidelik teen die helfte van die agtiende eeu waargeneem word, 'n protes teen die dorre intellektuele prediking, is dié van die weduwee Susanna de Vries, 'n dogter van die bekende voorleser van Drakenstein, Hermanus Bosman, die stamvader van al die Bosmans in die land. Sy sit aan die Suidhoek van Afrika, ses duisend myl weg van die Moederland en betrag die kerklike lewe rondom haar. Sy voel nie tevrede met die godsdienstige toestande van die Kaapse kerk nie en verlang intuitief na Holland, na die ou bakermat vanwaar vroeër soveel geestelike genietinge reeds gevloei het. Sy soek kontakt met ds. Theodorus van der Groe van Kralingen en tree in uitvoerige korrespondensie met hom, soos dit die gewoonte in daardie tyd was. Hy was 'n baie knap leraar en het heelwat werke oor die kerkreg die lig laat sien. 1) Die Voetiane veral het hom in ere gehou, want hy was een van hulle rigting, skolasties in denke, maar Piëtisties vroom van hart.

In 'n brief, gedateer 5 Oktober 1749, skryf sy aan hom: „Wat is dat anders als afgodendienst en wel de gevaarlijkste, terwijl ze zoo uiterlijk niet zigtbaar is, wanneer men in plaats van den Zoon des levendigen Gods den menschen voor te stellen, om tot Hem in 't verborgene te gaan, met geloovig bidden en smeeken.... veeltijds en meest

zoo/......

---

1) „Klare en grondige wederlegging van het nieuwe verzonnen hollandsche Kerkelijk beroepingsregt"; „Toetsteen der waere en valsche genade". Sien Ypey & Dermout a.w. III. 584.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

zoo handelt, dat men de menschen doode werken in de handen bestelt, om daarmede voor den heiligen God te verschynen. Het is regel op regel, gebod op gebod, werken die op zichzelven wel goed zijn, maar zonder geest of leven en die daarom eene hongerige en dorstige ziel niet kunnen voeden of nut doen, omdat zij niet genomen zijn uit de fontein des levens, die alleen springt tot in het eeuwige leven." Dit lyk of haar groot beswaar is dat die prediking nie christosentries is, dat die mense nie gewys word op Jesus Christus as die enigste Middelaar nie, maar dat meer klem gelê word op die „dooie werke", op die plig om kerktoe te gaan, hulle private godsdiensoefeninge gereeld waar te neem en werke van barmhartigheid te verrig. Die kar word m.a.w. voor die perde gespan. Daardeur kan die hongerige siel nie versadig word nie, want dit wil die lewende Christus hê. Sy skryf verder dat die leraars aan dié dwaling oorgegee is dat alle godsdienspligte beweegredene is waarom God barmhartigheid aan sy volk bewys en dat hulle op dié manier bou „op de oude afgebrokene en vervalle muren van het werkverbond." 1)

Gelukkig kan sy aan van der Groe rapporteer dat daar vir die laaste vyf of ses jaar herlewing aan die kom is. Die Here begint sy kerk in hierdie woeste streke op te bou. Verskeie mense, oud en jonk, „overtuigd en werkzaam geworden zijn op een ongehoorde en ongewone wijze, zoocals wij namelijk alhier in deze woeste landstreek voorheen nooit gehoord hadden van innige godsvrucht." Die woord „werkzaam" is 'n woord in Piëtistiese kringe baie bekend. Dit is duidelik dat die beweging wat deur Louis van Dijk, Willem Raassel en ds. van der Veen voortgestu is, heelwat veld

gewen/.........

---

1) De Laatste Woorden van wijlen den heer Hermanus Lambertus Bosman, Stamvader van al de Bosmans in Zuid-Afrika geboren, beschreven door zijn Eds. dochter Elizabeth Bosman, suster van Mejufv. Susanna Bosman, weduwe de Vries, wier brieven aan den weleerw. Theodorus van der Groe, in leven dienaar der Gemeente van Jezus Christus, te Kralingen, als Aanhangsel bygevoegd zyn. Uitgegeven op verzoek van den Heer Frans Petrus Bosman, uit stukken door zyn ed. bezorgd by N.H. Marais, 1855, Kaapstad, Aanhangsel 4 v.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gewen het. Mev. de Vries lewer dan 'n verdediging vir die rigting deur te verduidelik dat die „werksaamheid" van die mense ooreenkom met die Woord van God, wat die toetsteen van alle sielswerkinge moet wees. Andere noem dit wel dweepsug, maar die arme natuurling noem alles geesdrywery omdat hulle „de ware geestdryverij niet deelachtig zijn." Hierom word diegene wat getrou vir die saak van Jesus uitkom gehaat, bespot en belaster „doch Hy zal zelf zijne zaak verdedigen."

Sy verlang baie sterk na predikante wat „door Hem zelven geleerd zijn" en wat nie vreemde vuur op die altaar bring, soos baie van die Kaapse leraars nie. Daar is twee vakatures, een in die hoofstad en een op die platteland en nou bid sy innig dat die Here die regte manne sal stuur. Toe haar siel gehonger het na 'n geestelike bediening en na sulke voorgangers wat op die Here se krag en Gees wag, het Hy een Sondag in 1750 besondere woorde aan haar gerig: „Gylieden hebt nu wel gebrek aan brood, doch gedenkt dat Jezus nog leeft, ook is Hy Koning over gansch Zion." Haar siel het in haar binneste opgespring en sy het geglo dat die Heer besluit het om „haast onzen honger naar eene geestelike bediening zijns woords te vervullen." 1) Toe di. H.R. van Lier en M.C. Vos in Kaapstad en Waveren respektiewelik later geplaas is, manne wat net soos sy oor die sake gevoel het, moes mev. de Vries baie in haar skik gewees het.

Aan ds. van der Groe vra sy ook om leesstof te stuur. Langs hierdie weg het die Piëtisme vir 'n groot deel in Suid-Afrika 'n vrugbare bodem gevind deurdat die volk vertroud geraak het met boeke van daardie strekking. In 'n brief, gedateer 5 September 1750, skryf sy dat sy „Biddags-predikatien" vir haar tot seën was en ook sy „voorredenen". Sy sluit so af: „Alle Uw Eerw. geschriften en/........

---

1) Idem 16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en omstandigheden, alhier ter hand gekomen, dat wy moesten zeggen: de Heer werkt voor ons, laat ons stil zijn en zien het heil des Heeren." Verder verlang sy na enige boekies oor die herlewing van Cambuslang in Engeland, geskrifte van die Piëtis Erskine en selfs werke „van de Lutherse Confessie" vir diegene wat daar behoefte aan het. Op hierdie wyse het baie vroom siele ook vergoeding gesoek vir dit wat hulle in die amptelike prediking gemis het.

Interessant is die antwoord van ds. van der Groe op haar briewe. „Wy wisten tevoren niet, dat de grooten Herder der schapen nog eenige van zijne lammeren had weiden op dien woesten Leeuwenberg, en dat Hy nog zulke grazige beemden en zeer stille wateren en springende fonteinen voor hen had in de dorre Afrikaanse wildernissen." Hy is dankbaar dat daar reeds 'n werk aan die gang is „in het land van Cham, dat zoo vele eeuwen onder den vloek gelegen heeft," maar sy moet groot geduld beoefen in haar sielsverlange, aangesien die Here sy tyd ken. Intussen het hy darem ook haar epistels aan invloedryke leraars in Nederland getoon om te sorg dat geskikte predikante uitgestuur word. Hy stuur twee boeke oor Job uit sy eie pen, 'n traktaat van Flavel en werkies van Luther, Durham, Bunyan en Binning. Hy sluit af met die volgende gebed: „Laat de oliekruik van de arme weduwee steeds overvloeijen van genade en maak hare spijze en die van hare kinderen vet in het midden van den hongersnood. Ach! of uw nietige knecht haar, uit een ver gelegen land, den zegen van Elias mogt toebrengen, geen vergankelijken, maar eenen hemelschen zegen van het eeuwige Zoutverbond. En dat ook de andere ellendige zielen, aan gene zijde van de zee, in het dorre land her Heidenen, van dien zegen mildelyk mogten bevogtigd worden. Amen! Amen!" [1] Dit is kenmerkende taal van hierdie rigting.

Hoofstuk 11/....

---

1) Idem. 38, 39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 11.

## DS. HELPERUS RITZEMA VAN LIER.

### Studiejare en bekering.

Ds. H.R. van Lier was 'n meteor aan die homiletiese hemel van Suid-Afrika. Skielik het hy sy verskyning gemaak om vir ses luttele jare aan die Kaapse firmament helder te skitter en net so skielik het hy van die toneel verdwyn. Maar in daardie korte tydsbestek het daar 'n geweldadige invloed van hom uitgestraal en het hy 'n bydrae vir die evangelieprediking in ons land gelewer, waarmee altyd rekening gehou sal moet word.

Geboortig uit 'n deftige stand in Assen in 1764 het hy as seun baie voorregte geniet. Sy Vader, Mnr. Johannes van Lier, was Ontvanger-generaal van die landskap Drente en sy Moeder, Rolina Johanna Hofstede, was die jongste suster van die beroemde Rotterdamse predikant-digter, Petrus Hofstede, wat invloed op sy neef se geestelike vorming uitgeoefen het. 1) Reeds op die Latynse skool in Groningen het hy blyke gegee van buitengewone bekwaamheid en sy Oom verklaar dat hy behoort tot die mense, wat die Romeine genoem het: praecoquia ingenia, vroegrype verstande. Hy het sonder hulp begin om te lees en het allerlei geskrifte met sy oë verslind tot laat in die nag sodat sy Moeder stilletjies sy boeke moes wegsteek, opdat sy verstand nie dalk later aangetas word nie. Latyn en Grieks word deur lesse geleer, maar hy bekwaam homself in die Franse taal. Hy hou van die redekunde en lê homself daarop toe om lange redevoeringe van/........

---

1) Vgl. Karaktersketa deur P. Hofstede voorin Eenvoudige Leerredenen van H.R. van Lier (2de druk Amsterdam 1836) en herdruk in N.Z.A.T. III. 404; J. du Plessis: A History of Christian Missions in S.A. 61 - 64; Dr. E. Conradie: Hollandse skrywers uit S.A. 121 - 127; Eerw. A. Dreyer: Die Kerkbode, 23 Nov. 1932, 955 v.v.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van buite te leer, wat hom later goed te pas gekom het. Toe hy in 1779 die skool verlaat, het hy 'n toespraak gehou: „de Laudibus Historiae" en wel met soveel sukses dat die "Boekzaal der Geleerde Wereld" van hom gewag gemaak het as „een zeer uitmuntend jongeling." 1)

Aan die Universiteit van Groningen 2) waar hy in die Teologie gaan studeer het, het hy hom toegelê op wiskunde, wysbegeerte en Oosterse tale. Op agtienjarige leeftyd is hy tot Meester in die Vrye Kunste en Doctor in die Filosofie bevorder na 'n openbare verdediging van sy „uitgewrochte en weldoorkneedde verhandeling:" De officiis erga nosmet ipsos aliosque e causis finalibus, ob quas genus humanum est creatum, et summa nostra indigentia repetendis. 'n Jaar tevore het hy reeds 'n ander stuk 3) van minder gewig uitgewerk en openlik onder voorsitterskap van Prof. Wilder, verdedig en daardeur naam verwerf. Vervolgens het van Lier hom as teologiese student by die Universiteit van Utrecht laat inskryf en word in 1775 op die lys van kandidate vir die heilige bediening geplaas.

Op hierdie stadium is dit goed dat ons 'n kykie in sy sielelewe kry. Sy innerlike geestelike ontwikkeling het nie eweredig tred gehou met sy skitterende universitêre prestasies nie, want daar was baie struikelblokke op die pad wat hom dikwels van sy verhewe mikpunt afgevoer het. Hierdie stryd het hy later toe hy reeds as predikant aan die Kaap gestaan het in 'n reeks van ses briewe onder die skuilnaam van „Christodulus" aan Johan Newton bloot gelê. Die Engelse digter, William Cowper, wat langs Newton gewoon het en/.........

---

1) Vgl. Boekzaal 1779, II.101.

2) Alb. Stud. Kol. 234 en 491.

3) Dissertatio, in qua disqueritur qualem necessitatem voluntati Creaturarum intelligentium fatum morale divinaque praescientia adferat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en 'n geesverwant van hom was, het die Latynse briewe vertaal. [1] Daaruit haal ons die volgende besonderhede: As jongman het Helperus van Lier in allerlei sondes verval, maar het hom nooit skuldig gemaak aan growwe uitspattinge nie, omdat hy van nature skugter en skaam was. Versot op die lees van allerlei romans het dit tot die aanprikkeling van sy vleeslike luste gelei. Daarby het intellektuele twyfel gekom om hom verder los van sy ankers te woel; aan die Universiteit van Utrecht begin hy aan die bestaan van God te twyfel. Hy was innerlik trots op sy akademiese onderskeidinge en daarby uiters gevoelig vir die heuningkwas van sy professore, sodat hy niks uitspattigs wou doen om hulle te leur te stel nie en hom sedig gedra het. Langsamerhand egter het 'n stem hom oortuig dat so'n huigelary en so'n verdraaide lewe nooit op die kansel sal pas nie en wou hy, soos 'n Jona, van die evangeliebediening wegvlug, maar sy ouers weier beslis dat sy teologiese studies gestaak sal word. „In schyn was ik zedig," skryf hy „maar zonder godsdienst." Hy het selde na kerk gegaan, die Bybel min gelees en het geen trek vir die geestelike dinge gehad nie. Hy haat die godvrugtiges en spot met die Metodiste wat alles onder „leiding doen. Hy ondervind dat sy pendulum heen en weer swaai; dan is hy Deïs, dan weer Sociniaan. Die geskrifte van Enicdenus en Voltaire betower hom nou. As hy saans egter op sy bedstede rus, bid hy saggies: Here, bekeer my en ek sal bekeerd wees!

Sy/......

---

1) „Power of Grace, illustrated in six letters from a minister of the Reformed Church to the Rev. John Newton;" 'n Nederlandse vertaling het in 1854 namens die Z.A. Christelijke Boekvereeniging by N.H. Marais, Kaapstad, verskyn: „De kracht der Goddelyke Genade, in een aanmerkelyk voorbeeld vertoond in zes brieven van een leraar der Hervormde kerk (wylen den weleerw. H.R. van Lier). Uit het oorspronkelijk Latijn vertaald door William Cowper Esq. en met eene voorrede uitgegeven, door John Newton (predikant te Londen) aan wie deze brieven in het oorspronkelyk geschreven waren."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Sy bekering was nou nie meer ver weg nie. Die Here het hom nie alleen gelaat nie, maar ernstige roepstemme tot hom laat kom. Eenkeer was hy deur 'n ernstige siekbed neergetrek en toe het hy weer 'n paar noue ontkomings op die ys gehad. 'n Derde beproewing het gevolg toe sy vriendin krank geword het. Om afleiding vir sy gedagtes te soek, besluit hy om 'n leerrede te skryf en dit in die kerk ter plaatse te lewer. Hier vind ons enige aanwysinge hoe hy as student reeds met die voorbereiding van sy preke te werk gegaan het. „Ek het my teks gekies en enige dae deurgebring om daaroor te peins; ek het my gedagtes op papier gestel en alles van buite geleer. Op die bestemde tyd het ek op die kansel geklim. Die Here het nie toegelaat, soos ek om my voorbarigheid en oneerbiedigheid regmatig verdien het, dat ek beskaam daaruit gekom het nie; ek het met veel toejuiging gepreek en miskien nie sonder seën nie."

Die kwaal van Mej. E. het bedaar, maar later het sy tog die tyd met die ewigheid verwissel.

Daar is sekere geskrifte wat in hierdie stadium aan hom rigting gegee het. Hy koop Lavater se „Uitzigten in de Eeuwigheid" en enige preke van Walker en Blair, waarvan hy veel stigting geniet. Maar dit was, vreemd genoeg, die werk van 'n Sociniaan wat die aanleiding tot sy bekering gegee het - wonderlik is die weë van die Here! Toe hy een middag die „Overdenkingen" van 'n Sociniaanse skrywer lees, gaan sy oë meteens oop en daag die Lig vir hom. Hy getuig van 'n verbasende verandering wat by hom te bespeur was, want hy besef dat hy die wedergeboorte deelagtig geword het. Een van die onmiddellike gevolge daarvan was dat hy aan twee persone briewe skryf en restitusie doen vir kwaad aan hulle berokken. Tog was sy intellektuele lewe nog baie verward, want die gif van die Ariaanse en ander denkers het diep deur sy sisteem getrek en hy kon hom geen helder denkbeeld van die Saligmaker voorstel nie; dit was asof Jesus sy oë hou sodat hy Hom nie

ken/....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

kan sien nie. Tereg merk hy op dat die beginsels van sy wedergeboorte inderdaad verskil van die ondervinding van dié van die meeste christene. Hy beklemtoon verder dat hy niks van die angste en twyfelmoedigheid ervaar het, waarvan ander gelowiges so dikwels melding maak. Hy het nie gebeef voor die troon van God of angsvallige gedagtes van verdoemenis en ewige rampsaligheid gekoester nie. Trouens, hy het met niemand anders oor geestelike sake innig gespreek nie en was baie onkundig omtrent religieuse gestaltes.

Dit is vir ons van belang. Helperus Ritzema van Lier was geen Nederlandse of Duitse Piëtis nie; hy was nie in aanraking met daardie soort mense en het hulle konwentiekels nie bygewoon nie. Hy het ook nie hulle ondervindinge met die bekering, bv. die Busskampf, deurgemaak nie. Trouens, eensaam soos sy sielsworsteling was, is dit moeilik om te weet welke invloede op hom toe ingewerk het en hoe 'n Sosiniaanse boek die instrument vir sy bekering kon wees. Hy self besluit: „Gods wil het dit vir my wyslik beskik."

Maar al is hy geen Piëtis in die eintlike sin van die woord nie, sorteer hy tog onder hierdie groep van predikers. H.R. van Lier het net na sy bekering in aanraking gekom met die „Evangelical Movement" van Engeland en het dwarsdeur sy latere bediening sterk verwantskap met hulle getoon. Toe sy begrippe nog in die maalstroom van verwarring was, lees hy die „Cardiphonia" van John Newton „the St. Francis de Sales of the Evangelical Movement, the great spiritual director of souls through the post." 1) Soos ons reeds opgelet het, het hy van die Kaap later met hom in 'n briewewisseling getree en hom vereenselwig met daardie rigting. Toe John Wesley met die Staatskerk van Engeland gebreek het om die Wesleyaanse Metodiste kerk te stig, het baie wat die opwekking ewe gunstig was/........

---

1) Balleine: History of the Evangelical Party, 51, 107.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

was geweier om met die afskeuring saam te gaan. Hulle bly binne die Engelse kerk en ontvang die naam van „Evangelicals". Een van hulle leiers was Whitefield wat o.a. van Wesley in die leerstuk van die predestinasie verskil het. Hieraan moet ons dit toeskrywe dat Van Lier, alhoewel die evangeliese rigting toegedaan, met albei voete op die leer van die uitverkiesing gestaan het.

'n Ander merkwaardige figuur onder die „Evangelicals" was John Newton van Olney. As skeepskaptein het hy 'n ruwe lewe eers gelei, maar deur die lees van Thomas á Kempis se „Navolging van Christus" tot die geloof in die enige Saligmaker gekom. Hy het baie jare te Olney in Engeland in die gees van die Wesleyaanse opwekking gewerk, maar ook veral deur middel van korrespondensie siele van heinde en verre oor die wêreld tot seen gewees. Die evangeliese rigting was veral gekenmerk deur hulle ywer vir die evangelisering van die individu, hulle eerbied vir die Bybel as die Woord van God en die beklemtoning van die versoening deur Jesus Christus. 1)

Hierdie eienskappe is reeds vroeg by van Lier ook aanwesig. Hy skryf aan Newton dat sy vernaamste begeerte en toeleg na sy verandering, of dit nou al in sy lees, sy gebed, sy oordenkinge of prediking is, die innige versugting was om Christus groot te maak in alles; elke uur soek hy net die eer van God. As kandidaat begin hy reeds te preek en hiervan getuig sy Oom: „Deszelfs leerredenen waren met zout gesprengd, wys en tevens eenvoudig (een kunst die meer geprezen dan beoefend wordt); beide het verstand en het gemoed vonden er voedsel in. Hoe lang ook de stof magt zijn die hy behandelde, het evangelie was er de ziel van, en het voorstel zoo ernstig en tevens zoo uitlokkend en aandoenlijk, dat er velen door bewogen werden en niet twyfelden of de spreker

gevoelde/......

---

1) Prof. J. du Plessis: Godsdienstige Richtingen der Laatste Honderd Jaren, in De Gereformeerde Maandblad 1920.39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gevoelde en proefde in zijn eigen hart hetgeen hy anderen zocht smakelyk te maken." 1) Meer as een gemeente in Holland het 'n oog op hom geslaan, maar hy het besluit om die aanstelling na die verre Afrikaanse kus aan te neem. Eers het hy die peremptoir eksamen afgelê en in die Acta van die Classis van Amsterdam staan opgeteken: „Hy heeft de veroordeelde gevoelens van Doctor Bekker en Prof. Roëll gedetesteert, heeft de formulieren van eenigheid ondertekent, belooft de drie vraagstukken in den doop onverandert te lezen: geen Theologische boeken zonder approbatie uit te geven in correspondentie met deze Classis te houden." 2)

Sy bediening in Kaapstad.

Die goeie reputasie van ds. van Lier het hom in sy nuwe vaderland vooruitgeloop en hy is met blydskap ontvang en met geskenke vereer. Hy sou na die gemeente Zwartland, na sy uiteindelike bestemming, voortreis, en hy was baie ingenome met die vooruitsig om daar in die oopveld ruimte te gee aan sy filosofiese bespieëlinge en terselfdertyd die evangelie aan die heidene te bring. Maar toe hy 'n preekbeurt aan die Hoofplaas waarneem - soos nuutaangekomene predikante gewoonlik gedoen het - vind sy prediking soveel byval by die Goewerneur en die res van die gemeente, dat skikkinge getref word om hom in Kaapstad te hou in die plek van ds. M. Borcherds, wat na Stellenbosch vertrek het. Ds. C. Fleck bevestig hom op 15 Oktober 1786 as derde leraar van die gemeente en van Lier hou sy intreepreek na aanleiding van 1 Kor. 2 v. 2 „want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde," wat ongetwyfeld die ernstige hartewens van hierdie toegewyde jong leraar was. Sy latere bediening het dit ook bevestig. Hierdie eerste preekproewe het 'n goeie indruk/......

---

1) Eenvoudige Leerredenen: Voorrede, 18.

2) 15 Cl. Acta A'dam 1786, Klassikale Argief, Amsterdam.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

indruk geskep, want die Kerkraad skryf aan die Classis: „De eerstelingen van den arbeid deeses jongen, dog teffens welbegaavden en ieverigen leeraars geben gegronde hoop dat Zyn Wel Eerw. onder de medewerking der genade van den Heere des oogstes, een gelukkig werktuig zal kunnen zijn ter bevorderinge van de belangen van het Koninkryk der genade." [1] Die Classis op sy beurt spog teenoor die Here Sewentien dat „de hoofdplaats de Caab thans roemen mag leeraars te hebben, die voor de beste van de hoofsteden van gantsch Nederland ten aanzien van derzelver bondige geleerdheid, bevallige talenten, en een voorbeeldig gedrag, niet behoeven te wyken." Di. Christiaan Fleck en J.P. Serrurier was die kollegas van ds. van Lier.

Met 'n brandende ywer het hy sy bediening aanvaar. Teen die einde van die agtiende eeu het die kerklik-godsdienstige lewe aan die Kaap 'n ebgety geken en van Lier het onmiddellik gestuit teen baie heersende misbruike. Weliswaar het dit uiterlik baie goed gegaan, want die gemeente het in ledetal aangegroei, sodat die kerk telkens verruim moes word; die gemeente was bekend vir sy liefdadigheid en goeie werke aan almal wat gebrek gely het. Hulle neem wyle ds. Croeser se drie kinders onder hulle sorg totdat hulle die mondige leeftyd bereik; hulle laat onvermoënde bejaardes wat lus het om te leer en skrywe verniet onderwys gee by die onderwyser; en hulle stuur selfs 'n geskenk van 2,000 gulde na die noodlydende gemeente van Gulick in Duitsland. [2]

Maar die Heer kon aan hulle ook toegevoeg het, net soos aan die gemeente Sardis: „Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood." Innerlik was daar nie veel gevoeligheid en geestelike krag nie, nee, daar was selfs dartelheid/........

---

1) Spoelstra I.538.

2) Moorrees a.w. 279 - 281.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

dartelheid en uitspattigheid te vinde.

Met die bedroewende staat van die godsdiens saam met die feit dat die Oos Indiese Kompanjie sy tyd uitgedien het en besig was om sy laaste snikke te gee, moet 'n mens rekening hou om die optrede van ds. H.R. van Lier goed te kan verstaan.

Die jonge twee-en-twintig-jarige prediker het nie gras onder sy voete laat groei om teen die openbare euwels sy stem te laat hoor nie. Hy wil dat die kerkraad die tug moet handhaaf al is dit net aan die begin deur 'n broederlike vermaning aan die ongehoorsames gerig. Die kerkraad laat hulle egter deur die ywer van die jonge broer nie dadelik wegvoer nie. Wel is hulle gewillig om die kerklike ordonnansies in observasie te hou maar hulle moet in sulke sake met groot omsigtigheid te werk gaan, teneinde opskudding in die gemeente te vermy. Almal kan nie kerktoe kom weens hulle besighede nie, maar daarom is hulle nog nie ongodsdienstig nie. 1) Die jonge entoesias met sy skone ideale vars van die kweekskool en sy drome van wat 'n gemeente behoort te wees, sou nog baie teleurstellinge moes ontvang. Aan die ander kant het hy die Here seker later nog baie moes dank vir 'n kerkraad wat met rype ervaring die remme kon aanslaan, waar onbesonne ywer vrye teuels wou neem.

Hy gee die moed egter nie op nie, maar beraam „efficacieuse middelen" hoe om die breuke in Sions mure te heel. Een oplossing wat hy aan sy Raad noem is: meer huisbesoek. Tot op daardie tyd is daar wel huisbesoek gedaan, maar dit was baie styf en formeel. Vier keer per jaar net voor die nagmaal het die ouderling die wyke deurgegaan om die lidmate uit te nooi na die Bondsdis en soms het die predikant hom vergesel. 2) Dit lyk of die leraar net verplig was om een keer per jaar die lede te gaan besoek,

want/.........

---

1) Spoelstra I.544, II. 328, 330.

2) A.L. Geyer a.w. 11.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

want ds. van Lier stel nou voor dat dit twee keer in 'n jaar moet geskied, 'n ou gewoonte wat met die jare verloop het. [1] Hulle wou dit eers nie aanneem nie maar het die voorstel telkens op die lange baan geskuif, totdat hulle moes toegee omdat hulle ingesien het dat dit 'n kwessie vir die predikante self was. Hy pak die huisbesoek ook heeltemal anders aan as wat dit voorheen verrig was. Hy beweeg vryelik onder sy mense, besoek die krankes, hou bidure in hulle wonings - wat iets heeltemal nuuts was - en doen 'n handreiking aan die armes. „Hy strekte de blinden tot een oog, de lammen tot een voet, en de nooddruftigen tot een vader. Dus opende hy voor een ieder, naar mate van deszelfs geestelijke behoeften, den goeden schats zijns harten; nam dagelijks toe in de mensch en zielkunde; leerde het aangezicht zijner schapen nader kennen, en weidde die met de staf der lievelykheid." [2]

Hierdie laaste is vir die prediker van groot belang, om die sielkunde van die mens en die aangesig van sy skape te ken. Met die oog op die voorbereiding van sy preke moet hy nie alleen vertroud wees met die Woord van God nie, maar ook die behoeftes van sy gemeente weet. Daardie kennis kom alleen wanneer hy met sy lede vrye omgang het en wanneer hy hulle onder die kansel ontmoet. En hulle op hulle beurt wil graag na die dominee wat by hulle aan huis was, in die kerk gaan luister, omdat hulle voel dat hy in hulle sieleheil belangstel. Ds. van Lier het sy gemeente besoek en sy kerk was gewoonlik goed gevul.

Behalwe die vermeerderde huisbesoek onderneem hy verder om, behalwe sy gewone preekbeurte, op Sondag 'n vrywillige weeklikse predikasie op hom te neem en sodoende die mense nog meer te leer aangaande die ewige waarhede. Gedurig was

hy/..........

---

1) M.C. Vos, met dieselfde gees as Van Lier besiel, onderneem om Waveren drie keer in die jaar te besoek, maar nieteenstaande alle inspanning was dit twee jaar voor hy hulle een maal kon besoek, Merkwaardig Verhaal, 126.

2) P. Hofstede in Eenvoudige Leerredenen: Voorredenen, 19.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hy besig om „oefeninge" in die huise te hou en te katkiseer. Dit kan nie anders nie of hierdie veelvuldige bedrywighede moes onder die seënende hand van die Here tot vrugte lei. Mev. Machteld Smith (geb. Combrink) wat later so'n groot rol aan die Kaap, op Tulbagh en langs die grensdistrikte in sending- en ander liefdadigheidsaangeleenthede gespeel het, noem hom haar „vader in Christus," [1] en Jan Jacob van Zulch wat omstreeks 1796 in die Wagenmakersvallei sendingwerk doen, het onder sy arbeid tot bekering gekom. [2] Daar het werklik nuwe lewe in die doodsbeendere gekom en 'n gees is openbaar wat vroeër aan die kerk vreemd was.

Van Lier was 'n warme sendingvriend. Die ernstige strewe om die evangelie aan die heidene te bring was een van die kenmerkende van die Piëtisme en die „Evangelicals". Met die eerste preek in sy eerste bundel gaan dit om Mark. 16 v. 15, 16 en sê hy: „Groot is de liefde en ontferming van Jezus, dat Hy van nu af aan ook de Heidenen, ook de meest afgodische en ruwste volkeren, wilde verwaardigen met de prediking van het Evangelium; ja dat Hy niemand wilde uitsluiten, en zulk een onbepaalde last gaf aan zyne Apostelen om het zalig licht des Evangeliums alom te verbreiden." [3] Dit is dan ook aan sy invloed te danke dat twee jaar na sy bevestiging sestig ernstiggesinde lidmate onderneem het om sekere dae van die week die slawe en Hottentotte te evangeliseer, 'n werksaamheid wat hom later tot die buitedistrikte uitgebrei het. [4] Toe sy Oom, Prof. P. Hofstede, 'n plan ontwerp om 'n Genootskap en Seminarium ter uitbreiding van die Christelike godsdiens onder die Heidene en Mohammedane te stig teneinde jongmanne op te lei vir die diens van die

Indiese/.......

---

1) Dr. John Philip: Memoir of Mrs. Matilda Smith, 32.
2) De Zuid-Afrikaan, 30 Nov. 1841.
3) Eenvoudige Leerredenen, 11.
4) Nachtigal: De Oudere Zending, 121, 122.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Indiese kerke, was hy 'n warme ondersteuner daarvan. Hy skrywe aan sy Oom dat hy gereed is om vyftig duisend gulde hier te vind vir die saak. Maar daar het van die hele skema eventueel niks tereg gekom nie, veral omdat politieke toestande in Nederland nie bevorderlik daartoe was nie. [1] Saam met ds. M.C. Vos het hy ook die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap hartelik welkom geheet in die stad en alles in werking gestel om hulle missie te bevorder. Van Lier het verder 'n plan bedink hoe om die heidene in sy eie gemeente beter te bereik, maar deur sy vroegtydige dood moes dit in die doofpot gewerp word. [2]

Ook in die opvoeding en onderwys het hy groot belang gestel. In daardie tyd was die skoolgeriewe nog uiters beperk en moes die jeug baie voorregte mis. In 1791 skryf hy namens die kerkraad na die Moederland: „Met zeer veel genoegen vernamen wij dat U Eerw. alle hunne pogingen zullen aanwenden om bekwame schoolmeesters herwaarts te doen komen en wy wenschen vuriglyk dat deze pogingen met een gewenschten uitslag mogen bekroond worden, daar de opvoeding der jeugd, een zaak van zooveel gewicht, hier ten hoogste verwaarloosd is." [3] Veral die gemis aan hoëre onderwys word baie gevoel, maar intussen beywer ds. van Lier hom om jongmanne te beweeg om na die buiteland te gaan teneinde hulle studies daar te voltooi. Van die Afrikaners wat hom in dié opsig later dankbaar was word J.C. Berrangé, die dominee, P.J. Truter, die geneesheer en J.A. Truter, J.P. de Wet en M.A. Smuts, doctors in die regte, genoem.

Sy letteroefeninge.

Temidde van al hierdie menigvuldige pastorale bedrywighede het hy nog student gebly en sy letteroefeninge nie versuim nie, al moes hy 'n deel van sy nagtelike slaap opoffer/.........

---

1) Eenvoudige Leerredenen. Voorberig, 21.
2) Vos: Merkwaardig Verhaal, 123.
3) Spoelstra I, 571.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

opoffer. Hy het 'n gelukkige pen gevoer en maklik geskrywe. Die Haagse Genootskap ter verdediging van die suiwere godsdiens het gereeld prysvrae uitgeskryf en die van 1790 is deur die Kapenaar van Lier verower. Sy verhandeling is bekroon met 'n silwer medalje: „Verhandeling ter aanwyzing van 's menschen oorspronklijke verplichting en den aard der gehoorzaamheid, die Gods wet vordert." Die volgende jaar word sy antwoord met goud bekroon oor: „Opgave der beste middelen om den gemeenen man het belang van den Godsdienst te doen gevoelen en hem ter verkryging van rechtmatige begrippen omtrent deselve bevorderlijk te zijn." Maar selfs uit nog 'n ander land het hy onderskeidinge ontvang; die akademie van Sienna, in Toscanen, het hom 'n gedenkpenning aangebied op grond van 'n studie oor: „Die verskillende soorte van lug." 1) Waarlik, wat van Voetius gesê was, kan ook hom toegevoeg word: pius et doctus. Hy was nie alleen innig vroom nie, maar ook baie geleerd. En hierdie twee eienskappe word nie altyd in een persoon aangetref nie.

Hy moes egter ook ondervind dat sy gees wel gewillig, maar die vlees swak was. Met al sy senuslopende werk kon sy tenger gestel dit nie hou nie. Die teringlyer Christodulus skryf aan sy vriend Newton dat hy gekwel word met 'n hewige hoesbui, maar as hy berig ontvang van sy dood moet dit hom nie tot droefheid nie, maar tot blydskap stem, want die dood sal in sy geval wins wees. Op 'n sekere dag is hy met 'n bloedstorting oorval en moes geneeskundige hulp aangewend word. Nog een keer wou hy die kansel beklim en al het almal hom probeer verhinder, nee, hy moes, hy wil preek! Om die evangelie van saligheid te mag verkondig, was vir hom soos medisyne. Wie weet of dit God nie behaag om nog 'n woord in sy mond te lê, wat al hortende en wroegende uitgespreek, 'n

siel/.........

---

1) Eenvoudige Leerredenen: Voorrede, 23.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

siel tot oortuiging of bemoediging kan lei nie? En gebeur dit, wat 'n wins vir die ewigheid! Steunende op die Allerhoogste het hy nog 'n keer voor sy geliefde gemeente verskyn en met behulp van 'n aantal tussensange deur sy preek gekom.

Nou was dit vir hom egter duidelik dat die einde nie ver weg was nie. Sy huis het toe 'n kerk en sy siekbed 'n kansel geword. Na mate die dood nader word hy voller van die Gees van die Here wat met krag in hom werk. Sy eggenote met 'n suigeling op haar skoot en drie jong kinders was daar, terwyl ander hom gedurig opsoek. 'n Rivier van vertroostinge, geskik na elkeen se staat en omstandigheid, vloei van sy bleek lippe. In sy laaste ure roep hy gedurig uit: „Salige oomblikke! Christus is my deel! Triomf! Triomf! Ek het oorwin." Hy versoek een van sy ampsbroers om aan die gemeente te vertel dat hy nie die saligheid alleen verwag het nie, maar dat hy dit reeds aanvanklik geniet.

Hy was slegs agt-en-twintig jaar oud toe hy die tyd met die ewigheid verwissel het. Soos die son het hy hom ook nie groter getoon as by sy ondergang nie. Hy het so godsalig gesterf as wat hy geleef het, met die versoeningsleer in die mond, die kroon in die oog, en die hemel in die siel. 1)

Maar ook na sy dood sou hy as prediker nog tot sy gemeente spreek. „Een hartelijke begeerte, om aan mijn gemeente, ook na mijn overlijden, nuttig te zijn," 2) noop hom om 'n bundel preke persklaar te maak, wat hy „Eenvoudige Leerredenen" 3) noem en wat vir die eerste keer in 1796,

drie/.......

---

1) Sy begeerte was om nie binne die kerk begrawe te word nie, maar op die buitegoed „het ronde hout", waar 'n gedenknaald ter ere van hom opgerig is.

2) Sien Voorwoord aan die lesers.

3) „Verzameling van Eenvoudige Leerredenen aan de gemeente van de Hoofdplaats van Kaap de Goede Hoop ter gedachtenis toegewyd door haar medeleraar H.R. van Lier" te Utrecht by W. van Yzerworst; tweede druk, Utrecht 1802; derde druk Amsterdam 1834 en by N.H. Marais, Kaapstad 1852. Vir verdere referensie word hierdie laasgenoemde uitgawe gebruik en verkort tot E.L.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

drie jaar na sy dood, verskyn. Dit is uitgegee deur Cornelis van der Leeuw, predikant van Hoorn, wat in 'n Voorrede daarvan skryf: „Leerredenen, in welken men eenen ryken voorraad van nuttig onderwys, van gewigtige herinneringen, van nadrukkelijke waarschuwingen, van krachtige opwekkingen en van hartversterkende bemoedigingen aantreft." Volgens die belofte by sy legitimasie is die bundel kerklik geapprobeer deur die Visitatores Librorum van die Classis van Utrecht „in hetzelve niets gevonden te hebben, strydig met de aangenomen leer der Gereformeerde kerk, vervat in hare Formulieren van eenigheid, oordeelende hetzelve veeleer uitnemend geschikt te zijn ter bevordering van waar geloof en godzaligheid." Dit was 'n maatreël deur die kerk geneem om alle ketterye te voorkom.

Hierdie boek is van groot historiese belang deurdat dit die eerste en oudste preekbundel is wat uit Suid-Afrikaanse bodem ontstaan het! Dit het ook 'n dankbare en wye leserskring geniet tot in lange jare toe. Die „Eenvoudige Leerredenen" was een van die preekbundels wat die Voortrekkers saam met hulle die huilende wildernis ingeneem het en wat saam met die Bybel hulle tot troos was. [1] Sulke welkome leesstof het dit aangebied dat 'n tweede bundel die lig in 1806 gesien het: „Eenvoudige Leerredenen, nagelaten door Helperus Ritzema van Lier, in leven predikant te Cabo de Goede Hoop. Uitgegeven door Johannes Jacobus Hofstede, predikant te Breda." [2] Ds. J.J. Hofstede was 'n neef van hom.

Hierdie bundel het waarskynlik nie so'n geredelike afset gevind soos die eerste nie en word vandag selde aangetref.

Uit/.........

---

1) 'n Eksemplaar word saam met ander Nederlandse bundels in die Museum in die Voortrekkerkerk van Pietermaritzburg bewaar.

2) Eerste druk, Breda; tweede druk, Amsterdam, 1836, met 'n lewensskets deur Hofstede, oorspronklik in die „Boekzaal" van 1793 geplaas. Die Tweede Druk word voortaan gebruik en verkort tot N.L.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Uit hierdie twee preekbundels kan ons 'n goeie insig kry in die aard en inhoud van die evangelieprediking van ds. van Lier. Ons kan die volgende kenmerke onderskei:

Bevattelike prediking.

Wanneer hy self 'n voorwoord aan die lesers in sy eerste bundel skryf, dan verseker hy hulle: „Geleerdheid zou men hier tevergeefs zoeken. Al konde ik zou ik echter niet durven geleerd prediken; ik predik om verstaan te worden; en ver het grootste deel myner toehoorders bestaat uit ongeleerde en eenvoudige lieden, die mij naauwelijks verstaan wanneer ik meen mij zeer klaar en duidelik te hebben uitgedrukt." [1] Wat 'n fris windjie waai ons hier teen! Ons het op die vroeëre prediking gelet, hoe ingewikkeld, swaar en deurspek met vreemde woorde, sodat min hoorders opgewasse daartoe was om dit ten volle te waardeer en gestig te word. Van Lier sê: „Ik wensch met Paulus, liever vijf woorden in de gemeente te spreken met mijn verstand, dan tien duizend in eene vreemde taal." [2] Geen wonder dat sy bediening van die Woord, in teenstelling met die van sy voorgangers, so diep by die gemeente ingeslaan het. Augustinus het destyds gesê: „melius est ut reprehendant nos grammatici, quam non intelligant populi. [3]

Waar van Lier se vername doel en strewe was om die boodskap van die Kruis te bring, om te onderwys en te stig, daar het hy dit feitelik as sonde beskou om met lange uitweidinge die aandag van die hoorders af te lei van die ware oogmerk. „Wy durven den predikstoel niet misbruiken tot geleerde/........

1) E.L., xxxi.

2) Idem.

3) By Van Oosterzee: Practische Theologie I (Utrecht 1895) 125. Dat van Lier 'n gans nuwe element in die prediking gebring het, in teenstelling met die vorige preekmanier, getuig byna al die historici. Vgl. J.I. Marais: Geschiedenis der N.G. Kerk in Z.A., 49; G.B.A. Gordener: Die Boodskap van 'n Man, 153; A. Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in S.A., 279.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

geleerde verhandelingen of twiststukken, die geen nut doen. Wij durven ons niet veroorloven, om met zwierige woorden van menschelijke wijsheid, kunstige welsprekenheid en hoogdravende spreekwijzen, uwe ooren te streelen, en uwe harten af te leiden van het eenvoudig Evangelium." 1)

In 'n ander preek sê hy verder dat waar die vernaamste stukke van die godsdiens nie suiwer verkondig word nie of waar die waarhede „met beweeglijke woorden van menschelijke wijsheid, met hoogdravende menschelijke welsprekenheid" voorgedra word, daar word selde van die werkinge van die Heilige Gees verneem. Dan besluit hy: „Gewoonlyk zal de Geest eerder met een eenvoudig gebrekkig voorstel van de zuivere leer zijne kracht paaren, als met de verhevendste en hoogdravendste redevoeringen." 2)

Niemand was meer bevoeg as hy om in geleerde bespieëlinge te verval nie, want hy het 'n ryke wetenskaplike vorming en agtergrond gehad, maar hy het dit terwille van Christus skade geag. Wanneer hy besig is met sy vervolgpreek oor die ondeurgrondelike grootheid van God (Job 36 v. 26) en handel oor die wonderlike skepping van die Allerhoogste, kon die veroweraar van die gedenkpenning miskien hom 'n uitweiding oor die verskillende soorte van lug veroorloof het, maar nee, hy skilder die ryke skepping met sobere kleure; 3) hy preek om verstaan te word.

Dr. A.N. Changuion het eenkeer 'n reeks voorlesings oor vername kanselredenaars gehou en van Lier gereken by vermaarde manne soos E.A. Borger, J.H. van der Palm, E. Kist, J. Clarisse, A. de A. van der Hoven, W.A. Hengel en L. Egeling. 4) Hy het veral groot ooreenkoms tussen die Kaapse

prediker/........

1) Eerste preek oor Mark. 16 v. 15, 16, E.L., 13.
2) N.L. 191.
3) E.L., 74.
4) De Honingby 1844.373.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

prediker en Lucas Egeling, die skrywer van „De Weg der Zaligheid", gesien. Egeling het destyds 'n ondersoek ingestel na die redes waarom die prediking van sy tyd die doel mis en tot die slotsom geraak dat (1) die verkondiging gewoonlik bokant die vatbaarheid van die hoorders is; (2) dis nie ingerig na die behoefte van die mense nie; (3) dis nie Bybels genoeg nie; (4) met die afhanklikheid van God word nie genoeg rekening gehou nie. 1) Lucas Egeling het self uitgeblink in sy bevattelike en ontdekkende prediking. 2) Dit is nie onwaarskynlik nie, dat hy die student van Lier tydens sy verblyf in Leiden beïnvloed het.

Onderskeidenlike Prediking.

Ek meen dat dit die vernaamste kenmerk van van Lier se kanselwerk en die geheim van sy sukses was, dat hy sy hoorders se behoeftes verstaan en sy preekmateriaal na die nood van hul siele ingerig het. Hy het hulle direk aangespreek en die gemeente in groepe van luisteraars verdeel. In leerrede No. 9 van sy tweede bundel onderskei hy in sy toepassing tussen skynchristene en ware liefhebbers van Christus. 3) In elke preek het hy hom eers besig gehou met die onbekeerdes en naam-christene om hom dan ten laaste tot die „kinderen Gods" te wend.

Dit is jammer dat hy hom streng by hierdie reël gehou het, want sy toepassing kry hiermee 'n geforseerdheid, wat nie natuurlik aandoen nie. As 'n preek tot so'n slot lei, moet die geleentheid seker te baat geneem word, maar „not in every sermon can the preacher force himself to be the evangelist, as he must aim at variety, adaptation, progress in teaching." 4)

In/........

---

1) Hartog a.w. 232.
2) Christelijke Encyclopaedie II.48.
3) N.L., 248, 252.
4) A.E. Garvie: The Christian Preacher, 341.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

In dié opsig het hy met die Voetiane veel gemeen dat hy 'n ware anatomis van die hart is. Luister net hoe ontleed hy hul gewaarwordinge en ontbloot hy hul sieletoestand aan hulself: „Uw hart heeft geen behagen in Hem, die als de onwaardigste der menschen aan het Kruis Zijn leven eindigde. Gy ergert u aan de geringheid van de meesten Zijner vrienden. Zijn leer is u in vele opzichten een steen des aanstoots...... De wedergeboorte, waardoor wij alleen in Zijn rijk kunnen ingaan, komt u onnoodig en onaanneemlijk voor..... De heiligheid en het gezag van Gods Wet is voor uwe oogen verborgen..... Wanneer wij over de verborgenheden des geloofs en de ondervindingen der vromen spreken, zoo houdt men ons, gelyk Ezechiël, voor de verdichters van gelykenissen..... De openbare Godsdienst is u tot een last. Het verveelt u in Gods Woord te lezen. Het gebed is voor u eene zeer onaangename bezigheid." 1)

Maar dan kan hy weer in die kleed van die Coccejaan verskyn met sy onderskeidenlike prediking. Trouens, hy oordryf dit soms. In sy nabetragtingspreek oor die ongenoegsaamheid van die uiterlike belydenis onderskei hy sewe soorte naambelyers: hulle wat growwe sondes doen, hulle wat die sakramente verwaarloos, hulle wat nie 'n hartelike liefde vir Jesus omdra nie, ens. 2) Die hoorder raak soms verward met al die ingewikkelde nuanseringe en luister dan ook nie met aandag nie, of hy spits sy attensie slegs wanneer die groep behandel word waaronder hy sorteer.

Ds. van Lier het geweldig op die man af gepreek. Die ontdekkende element was dan ook gedurig op die voorgrond. Met 'n hamer het hy altyd op die aambeeld geslaan, totdat dit weerklink het in die ore van almal: 'n uitwendige belydenis/........

---

1) N.L. 17, 18, 19.

2) N.L. 41 - 49.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

belydenis is nie genoegsaam nie, want die Here sien die hart aan! Hoe rewolusionêr moes hierdie prediking, in teenstelling met die vroeëre, vir die Kapenaars geklink het! „Het is waar, gy zijt gedoopt, gy draagt den naam van Christenen, gy zijt misschien ledematen van de kerk, maar met dit alles kunt gij grootere vijanden van Jezus zijn als velen, die openlijk Zijnen Naam verloochenen. Gij leeft veellicht, althans in het openbaar, vrij zedig en eerlijk; gij wordt geacht als nuttige leden van de maatschappy. Het is ons aangenaam dit te mogen vernemen. Maar hieruit blijkt het nog niet, dat gy Jezus liefhebt." Dan trek hy die kring selfs nouer: „Gy zijt misschien zeer godsdienstig; gy verzuimt niet licht de kerk; gy leest veel in Gods Woord; gy bidt dagelyks vir morgen- en avondgebeden," [1] maar nog is die liefde vir Christus nie aanwesig nie. Dat die wedergeboorte 'n conditio sine qua non vir die hemel is, het hy tydig en ontydig gepreek. [2]

Op hierdie wyse het hy die hoorders hulle behoeftes laat ken en hulle op Christus as Verlosser gewys.

Bevindelike prediking.

Nie dat van Lier hom skuldig gemaak het aan Woordverkondiging wat berus op die ervaringe van die prediker met agtersetting van die Bybel nie. Nee, dan word dit bediening van die lewe en nie van die Woord nie. Van Lier sê in sy Voorberig van Bundel No. 2: „nimmer hoop ik te vergeten dat ik niet my zelven moet prediken, maar Christus Jezus, den gekruiste." [3] Nergens vind ons dan ook dat hy in 'n leerrede vertel van wat sy eie subjektiewe ondervindinge was nie.

Weliswaar is sy prediking terdeë gekleur deur die ontmoetinge/.......

---

1) N.L., 226.

2) N.L., 13, 14; ook sy 2 preke oor Joh. 3 v. 1 - 3 in N.L.

3) N.L., Voorrede xxxi.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ontmoetinge wat hy op die heilsweg gehad het. Nooit sou hy sy eie worsteling teen die versoekings en die aanprikkeling van die vlees kan vergeet nie. Die staat van die onwedergebore hart kon hy in besonderhede skilder. „Wij allen worden geboren naar het beeld van onzen oproerigen stamvader, zonder verlicht verstand, zonder een hart aan onzen Schepper toegewyd ...... De dwaasheid en ydelheid wassen met ons op, vergezellen ons in de lente onzes levens, door den mannelyken ouderdom.... zoo besteden wy denzelven tot lichaamlijke uitspanningen, nutteloos onderzoek, beuzelachtige gezelschappen, overleggingen voor het toekomende, enz........ Wij lezen in onzen onbekeerden staat in Gods Woord, doch zonder ontzag, zonder begrip, zonder gevoel..." 1)

In sy onbekeerde toestand het die vrees vir die dood hom telkens ongemaklike oomblikke besorg, soos hy aan John Newton berig. As prediker vergeet hy dit nie en herinner sy gemeente gedurig daaraan dat met die feit van die dood gereken moet word. In sy leerrede oor Joh. 3 v. 1 - 3 verwyt hy hulle dat hulle die genademiddels verwaarloos en vervolg dan: „Ach! wat zal het u baten, in het naderend uur des doods, uwen tijd in aardsche beslommeringen, in ijdele uitspanningen, nuttelooze gezelschappen, te hebben doorgebracht..... Vertegenwoordigt u het bange sterfuur, vertegenwoordigt u de ontzachlyke eeuwigheid, als gij gebracht zyt tot aan de poorten des doods, tot aan de oevers der eeuwigheid!" 2) Hy was geneig om hulle bang te maak vir die hiernamaals, maar daardeur het hy die verantwoordelikheid en erns van die lewe beklemtoon.

Ons bestempel dit verder as bevindelike prediking omdat hy daarmee 'n pleidooi lewer vir so'n uitdrukking van die godsdiens. In sy „Eenvoudige Leerredenen" gee hy twee preke oor „de noodzakelijkheid van de Geestelijke en Bevindelijke/.....

---

1) N.L., 146; sien ook 24 - 26.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

2) N.L., 159; ook N.L., 31, 286.

Bevindelijke Godsdienst", waarin hy hierdie lieflingsonderwerp van hom behandel. In die eerste deel vertel hy wat hy onder so'n godsdiens verstaan nl. dat dit deur die Heilige Gees in die hart bewerk en deur die mens ondervind moet word. Hier sê hy dat die ware godsdiens „een hartelijke erkentenis of gevoel van Gods oneindige deugden" is en vra dat, as ons Hom nie erken nie „hoe zouden wij dan betamelijke aandoeningen van eerbied, ootmoed, onderwerping, blydschap, vertrouwen omtrent God kunnen ondervinden". En verder „als Gods oneindige heerlykheid in Christus hartelyk wordt erkend en gevoeld, dan wordt de ziel in aanbidding en bewondering opgetogen." 1) Die „ware religie" vertoon hom na buite in 'n geestelike wandel.

In die vervolgleerrede behandel hy die besware wat gewoonlik teen die ondervindelike godsdiens ingebring word.

(i) „Dat zij vooral in dweepachtige aandoeningen bestaat, en aanloopt tegen de redelyke godsdienst." Van Lier begin om alle dwepery soos valse openbaringe en gesigte af te keur; maar wanneer 'n diepe droefheid oor die sonde en 'n blydskap in God vir „Schwärmerei" aangesien word, dan protesteer hy. Die Bybelfigure, soos David en Job, het ook die diepste aandoeninge openbaar. 2)

(ii) 'n Tweede beswaar is dat die „ware godsdiens" net uiterlik „in den mond, in de kleeding en gebaarden", meer as in die hart sit. Ds. van Lier antwoord dat as Christus waarlik in die hart kom, dan loop die mond daarvan oor en wil die mens oor ewige dinge praat. Hy rig sy kleding ook na Gods Woord. 3) Hier sien ons die duidelike Piëtistiese kenmerke van 'n sobere kleding!

(iii) Verder word die aantyging gemaak dat hierdie nuwe rigting hoofsakelik bespieëlende waarhede behandel en die

goeie/..........

1) E.L., 153 en 156.

2) E.L., 171.

3) Idem, 172.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

goeie werke versmaad en onnodig beskou. Hierteen is sy beskeid dat die „ware christenen" terdeë veel maak van die skrifwaarhede, soos die Godheid en voldoening van Jesus, die regverdigmaking deur die geloof sonder die werke en die inwoning van die Heilige Gees; maar hulle skat die goeie werke ook hoog en probeer om oorvloedig daarin te wees, sonder om dit te stel in die plek van Christus. 1)

(iv) 'n Ander beskuldiging wat dikwels die Piëtiste ten laste gelê is, was dat hulle afsydig staan teenoor hulle burgerlike en huishoudelike pligte. Van Lier het dit ook in sy tyd gehoor. Hy sê egter dat hierdie houding deur die Skrif nie goedgekeur kan word nie en keur dit self af, maar hy breek darem 'n lansie vir diegene wat vir die eerste keer tot bekering kom en so verruk is met die nuwe lewe dat hulle nie veel aandag aan wêreldse belange skenk nie. „De billijkheid vordert dat wij hem eenigzins verschoonen." 2)

(v) In die vyfde plek word teen die „ware godsvrucht" ingebring dat hulle „treurig, eigenzinnig, en ongenegen zijn tot onschuldige vermaken en uitspanningen, die zij liefdeloos veroordeelen." Hier wil die gevierde Kaapse prediker nie toegee nie, maar meen dat die wêreld so boos en die tye so ernstig is, dat die christen hom nie behoort te gee tot allerlei ydelhede nie. „Mogen wij niet volgens Gods bevel, suchten en uitroepen over de gruwelen, die ons omringen?" roep hy uit. „Er zyn maar al te veel ydele tydverdrijven, die, hoezeer ook daar de wereld onschuldig en geoorloofd genoemd, inderdaad strydig zyn met Gods gebod en den vrede der ziel." 3) Die Piëtiste was altyd geneig om „Weltfremd" te wees.

(vi) Eindelik is die „geestelike godsdiens" daarvan beskuldig dat dit 'n gedurige bron van verdeeldheid is en dat selfs/......

1) Idem, 173.
2) E.L., 173.
3) Idem, 174.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

selfs huisgesinne daardeur ongelukkig gemaak is. Ds. van Lier beroep hom op die woord van Jesus, dat Hy nie gekom het om vrede te bring nie, maar die swaard. 1)

Ons het lank by hierdie preek stilgestaan omdat dit sy opvatting van die bevindelike godsdiens duidelik weergee, asook die kenmerke van die Piëtisme aan die Kaap aan die einde van die agtiende eeu. Ds. van Lier oorskry seker sy regte wanneer hy sy interpretasie en inkleding van die christelike godsdiens as die alleen „ware" bestempel en alle teenstand as „vyandschap tegen God en Zijne saak" en as 'n „ergenis des Kruises" uitkryt. 2) Luister na hom: „Ei lieve, myne vrienden! waarom beschimpt gy het volk van Jezus? Het is waar, hun gedrag veroordeelt u...... Zy bidden om de behoudenis uwer zielen. Is dit uwe erkentenis, dat gy hen uitmaakt voor guiten of krankzinnigen, voor dwepers of geveinsden? Bedenkt dat gy door Gods volk te vervolgen, Jezus zelven vervolgt..... Gaat voort om ons te versmaden; om ons met verachting, fynen, 3) dweepers geveinsden, en ik weet niet wat al meer te noemen." 4)

Dit was nog steeds die neiging van buitekerklike en sektariese strominge om hulself as die „volk van God" te beskou en andersdenkendes as die „vervolgers". Dit is jammer dat van Lier hierdie weg ingeslaan het, waar sy boodskap andersins tot soveel nut vir die Koninkryk van God was.

Evangeliese Prediking.

Nie dat hy die Wet tersy gestel het nie, want sy Oom getuig van hom in die karaktersketse: „Wet en Evangelie, Geloof en Deugd waren sedert by de bediening onder ons aanvaardde/.....

1) Idem, 175.

2) Idem, 164

3) Die skeldnaam „fynen" vir die Piëtiste was algemeen ook in Nederland.

4) E.L., 175, 176.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

aanvaardde altyd het inmengsel Zyner Leerredenen. [1] Maar die evangelie was steeds die siel van sy boodskap omdat hy geglo het dat dit 'n krag van God is vir elkeen wat glo. [2] Daarom ook dat sy prediking so skerp tot die individu gerig was.

Die bediening van die Woord was by van Lier streng Christosentries. „Dat wij dan, als wij gelegenheid hebben om met onze verblinde evenmenschen over den Godsdienst te spreeken, toch niet met beuzelingen of min gewigtige stukken onzen tyd doorbrengen; maar dat wij vooral ons bepaalen tot dat fundament, buiten hetwelk 'er geen ander kan gelegd worden, nl. Jesus Christus," [3] sê hy in sy preek oor Paulus se prediking voor Felix en Drusilla. Dit het hy toegepas in sy eie kanselwerk. Hy kan met welke geleerde betoog besig wees, maar hy sluit af met Christus en die Kruis.

Hy was 'n man met 'n boodskap. Hy staan voor sy gemeente net na die nagmaal en begin sy leerrede oor Matt. 7 v. 21: „Wij hebben een blijde boodschap tot u......." dat hulle wat die naam van die Here reg aanroep, salig sal word. [4] Die noodsaaklikheid van die wedergeboorte, ook vir die sedige kerkmens, word steeds deur hom beklemtoon. [5] Die tyd is kort, al te kort, na sy oordeel, [6] en dit is sy boodskap dat hulle almal tot bekering moet kom. Die satan sal hulle toefluister: „Het is voor u te laat; uwe zonden zijn te groot; gy hebt God te zeer en te lang getergd; er kan voor u geene genade zyn", maar hulle moes geen oor aan sy listige omleidinge verleen nie. [7]

Dit is een ding om die noodsaaklikheid van die harts-

verandering/......

---

1) E.L. xxvii.
2) E.L., xviii. (3) N.L. 266.
4) N.L., 35.
5) E.L., 162.
6) Idem, xxi.
7) Idem, 103.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

verandering gedurig te stel, maar 'n ander om aan die gemeente te kan verduidelik hoe hulle daartoe moet kom. Ds. van Lier bly hier nie in gebreke nie en hy wys vir hulle die weg aan. In sy toepassing van die preek oor „die voleindiging van die wêreld" raai hy die hoorders aan: „Vlugt dan tot Jezus...... Bidt om de verlichting des Geestes, en gebruikt naarstig de middelen. Verzuimt toch de openbare godsdienst niet. Leest biddende Gods Woord in uwe huizen. Verbant toch niet langer alle ernstige indrukken....." 1) Hierdie raad: „vlug tot Jesus" het soos 'n refrein telkens in sy preke teruggekeer.

Om 'n indruk te kry van sy evangeliese aandrang en sy welsprekenheid veroorloof ons ons 'n enigsins lange aanhaling. Let op die korte forse sinne. „De meesten uwer, dit wil ik gaarne gelooven, zijn geen openlijke ongeloovigen; gy belydt het Evangelium; gy hoopt daardoor zalig te worden; maar zoudt gij wel kunnen rekenschap geven van de hope die in u is? Gij meent dat gy geloofd, maar kan u geloof den toets doorstaan? Gy zyt gedoopt, gy belydt het Evangelium. Simon de toovenaar was ook gedoopt; hy was ook belyder; maar Petrus vond in hem een gansch bittere galle en zamenknooping van ongeregtigheid, en verklaarde hem, dat hy geen deel had in de zaligheid. Gy stemt toe dat Jezus de eenige en volkomene Zaligmaker is. De duivelen gelooven het ook, en sy sidderen. Gy komt misschien vlytig in de kerk. Zoo kwamen ook de Joden ten tyde van Jeremia vlytig in het huis des Heeren, dat naar Gods naam genoemd was, zeggende: wy zijn verlost om alle deze gruwelen te doen. Gy laat u misschien steeds by het Heilige Avondmaal vinden. Judas Iscariot ontvang veelligt het brood en den drinkbeker uit Jezus hand, en hy ging

echter/........

---

1) Idem, 88.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

echter verlooren. Gy zyt misschien in aalmoezen en andere godsdienstige werken overvloedig. De Phariseën vasteden twee maal in de week, en gaven tienden van alles wat zij bezaten, maar zy waren den Heere een gruwel. Gy verkeert veelligt met Gods volk; gy acht leraars hoog, en luistert eenigzins naar hunne vermaningen, maar wat baat het Herodes Antipas, dat hy Johannes in waarde hield, hem gaarne hoorde, vele dingen deed en liet om zynen wil? Gy wenscht zalig te worden; gy kunt verzekeren dat gy den hemel begeert; maar gy weet het ongelukkig lot van Bileam, en echter hy wenschte vurig: myne ziele sterve den dood des opregten. Gy belydt uwe zonden. Kaïn, Saul, Achab, deden desgelyks. Gy wordt miskien ontroerd als er ernstig gepredikt wordt. Even zoo werd Felix ...... Gy staat misschien somtyds op het punt, en hebt het ernstig voornemen om uwe zonden te verlaten, uwe ydele gezelschappen vaarwel te seggen, en u by Gods volk te voegen. Maar Koning Agrippa werd byna bewogen om een christen te worden; en hy bleef echter die hy was."

So klink dit uit die mond van die vurige boeteprediker, van wie dit gesê word, dat dit soms gelyk het asof hy uit die kansel wou spring. Om hulle dan toe te roep: „Uw geloof is ydel, myne vrienden! en uwe hoop bedrog! Het is niet genoeg by vlagen godsdienstig te zijn..... Nu nog wordt u het Evangelium gepredikt. Nu nog is het voor u de welaangename tyd, de dag der Zaligheid." 1)

Die formele aspek.

Dit is opvallend dat die Piëtiste nog nie die analitiese metode prysgegee het nie. Ds. H.R. van Lier maak ook hiervan gebruik en het sy leermeester,

P. Chevallier/......

1) E.L. 30, 31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

P. Chevallier, wat die Engelse metode voorgestaan het, dus nie gevolg nie.

As voorbeeld van sy preekbou neem ons sy tweede leerrede oor die gesprek van Jesus met Nikodemus.

<u>INLEIDING: 1.</u>

<u>Teks</u>: Johannes 3 v. 4 - 8.

<u>INLEIDING 2</u>.

I. <u>Nikodemus se teenbedenking</u>:

A. Hy beskou 'n tweede geboorte onmoontlik.

B. Hy is ope vir oortuiging.

II. <u>Noodsaaklikheid van die nuwe geboorte</u>:

A. (a) Geestelike aard daarvan: water en gees.

1. Water sien op bloed van Jesus;

§ Onmag van die mens om hom te wederbaar;

§§ God gebruik die Woord daartoe.

2. Die ongehoorsames beërf die Koninkryk nie.

(b) Bewyse vir die noodsaaklikheid van die wedergeboorte:

1. Die vlees beteken die sondige natuur.

2. Noodsaaklikheid van 'n geestelike natuur.

B. Wyse waarop die H. Gees werk.

(a) Nikodemus vermaan om sy vooroordele af te lê.

(b) Ongegrondheid van Nikodemus se geloof.

1. Die wind waai waarheen hy wil.

2. So is elkeen wat uit die H. Gees gebore is.

§ H. Gees laat Hom nie deur wette bepaal nie.

* Verskeidenheid in die bekering.

** Verskeidenheid in aanleidende omstandighede.

*** Verskeidenheid in die wyse waarop.

§§ Die geluid word gehoor, die uitwerking nie.

Toepassing/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

TOEPASSING:

A. (a) U sê dié waarheid is onbegryplik.
   (b) U sal dit glo as u dit ondervind.
   (c) Hoekom weet sommige nie dat hulle wedergebore is nie?
   (d) Gaan die vryheid van die mens verlore?

B. (a) Vele van u is onwedergebore.
   (b) Moenie u bedrieg nie, 'n ganse verandering is nodig.
   (c) Moenie u hieroor verwonder nie.
   (d) Godvrugtiges, U geluk is groot!

Ons sien hier dat van Lier hou van die elementêre verdeling d.w.s. (1) die verklaring; (2) die bewys of staving van die teksgedagte en (3) die toepassing, 'n verdeling wat die oudste in die Christelike Kerk is. 1)

Hy maak verder gebruik van die dubbele exordium nl. om te begin met 'n inleiding, aan die hoof waarvan 'n gans andere teks staan, om na die aangee van sy tekswoord, 'n tweede inleiding af te handel. 2)

'n Mens vra jouself die vraag af hoe van Lier in hierdie lompe struktuur soveel lewe kon inblaas en soveel stigting kon meebring. Hy was te veel van 'n geniale persoonlikheid om hom aan bande te laat lê deur vaste vorme en het hom bv. nie by die slottoepassing alleen bepaal nie, maar dwarsdeur die ontleding van sy stof soms saadkorrels uitgestrooi. So sal hy na die aanstip van sy verdelings hom direk rig tot sy gemeente: „Gewigtige stof inderdaad! Wy hebben allen in dezelve een onmiddelijk belang..... Och of wij allen een hart

hadden/.......

---

1) Hoekstra: Gereformeerde Homiletiek, 404.

2) Sien verder leerredes Nos. 2, 4 en 5 in Nagelate Leerredenen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hadden om op te merken!' De Heere opene ons verstand en onze harten." [1] In die verklaring van sy teks het hy dikwels sy hoorders direk aangespreek.

Wat sy taal en styl betref het ons vroeër daarop gewys dat hy baie eenvoudig en sober in die uitdrukking van die verhewe waarhede was. Om verstaan te kan word het hy alle geleerde woorde vermy, ook alle digterlikheid. Hy sê in sy Voorwoord aan die leser: „Even zoo min zou ik my in gewone Leerredenen, welker oogmerk is te onderwyzen en te stichten, eene verhevene dichterlyke taal veroorloven, al ware ik ook bekwaam om met dezelve te schitteren." [2] Dit lyk nie vir my of hy digterlik aangelê was nie. J.J. Hofstede het ook gemeen dat vir die kiese smaak van die neëntiende eeu dié leerredes aan taal, styl en spelling heelwat kortkom. Dit word egter deur die gewig van die sake wat hy behandel, ryklik vergoed. [3]

Sy teologiese rigting.

Voordat ons hierdie vermaarde prediker verlaat, wil ek nog na die materiële van sy leerredes kyk om sy rigting nader te bepaal. Dit blyk duidelik dat hy geen Remonstrant of Metodis is, wat die eer van God nie tot sy volle reg laat kom nie.

Die leer van die predestinasie, wat as die hart van die kerk beskryf is, onderskryf hy hartelik. „Maar 'er zijn eenige gelukkige, die van eeuwigheid voorwerpen waren van Gods verkiesende liefde, die de Vader gaf aan zijnen Zoon, van voor de grondlegging der waereld en voor welke de Heiland niet alleen eene volkomene verzoening van alle hunne zonden aanbragt, maar ook den

Geest/........

---

1) E.L., 3.

2) E.L., xxxi.

3) Voorrede, N.L., ii.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Geest des Levens verwierf." [1] Dit is God wat van ewigheid af gekies het.

Die sondaar staan magteloos daarteen oor. „Hy werkt by allen onwederstandelijk, elk zondaar ontvangt het eerste beginsel van een nieuw leven, geheel lydelyk, zonder zyn eigen toedoen. De Geest werkt in allen, overeenkomstig hunne vrye natuur. Hy dwingt niet, maar door het verstand te verlichten doet hy het hart vrywillig de deugd en Godsvrucht verkiezen." [2] Daar kan gevra word „of de vryheid van den mensch geheel verloren gaat, als men stelt, dat wy door Gods almachtige kracht tot de bekeering gedwongen worden. Wij antwoorden dat Gods Geest werkt overeenkomstig den redelyken aart der ziele. Hy dwingt den wil niet......" [3]

Maar tog dryf hy die leer van die uitverkiesing nie eensydig op die spits nie, maar gee die uitnodiging aan almal om na Jesus te kom. „De uitnodiging is algemeen. Niemand kan zeggen, dat hy hier wordt uitgesloten. Het is: al die dorst heeft en wil, kome en neme." [4] Hy het die plig van die mens steeds baie sterk beklemtoon.

Ons het vroeër by die behandeling van ds. van Lier se bekering bemerk dat hy geen Metodis is, wat die bekering afhanklik stel van 'n sekere metode nie. Nee, hy het geglo dat dit nie aankom op die hoe van die oorgawe nie, maar op die dat. God werk verskillend in verskeie mense na gelang hulle opvoeding en temperament. „Sommigen der wedergeborenen worden met kracht overgebracht, zoo dat zij den tijd en de omstandigheden hunner verandering kunnen

bepalen/........

---

1) N.L. 25.

2) Idem, 193. Dat die natuurlike mens sondig en onbekwaam tot enige goed is, het hy voortdurend verkondig. Sien veral sy preek oor „die ongelukkige staat van die natuurlike mens," E.L., 33 v.v.

3) Idem, 200.

4) E.L., 124.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

bepalen. Anderen en wel vooral de zoodanigen die eene godvruchtige opvoeding genoten, worden zoo ongevoelig, langs zoo vele trappen, uit de duisternis tot het licht gebracht, dat zy den tyd en de omstandigheden hunner overbrenging niet weten, en onmogelyk aan anderen kunnen mededeelen." 1)

Trouens, ds. van Lier was daar op gesteld dat hy die evangelie suiwer verkondig. Hy sê: „Ja het zuivere Evangelium wordt ernstig in ons midden verkondigd. In vele protestantsche kerken, ook in de Hervormde Gemeenten, vreeze ik, wordt in deze dagen niets minder gepredikt dan het zuiver Evangelium; maar onder ons, God zy geloofd! staat het licht nog helder op den kandelaar. Jezus Christus, en die gekruist, wordt u onvervalscht en ernstig gepredikt." 2) Sy prediking was suiwer skriftuurlik deurdat dit Woordverkondiging was en hy elke stelling met 'n skriftuurplek gestaaf het.

Ds. M.C. Vos se oordeel was dat Helperus Ritzema van Lier die beste leraar was wat die Kaapse kerk ooit gehad het. 3)

HOOFSTUK 12/.........

---

1) E.L., 195.

2) E.L., 12.

3) Merkwaardig Verhaal, 115.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK 12.

## DS. MICHIEL CHRISTIAAN VOS.

### As jongeling aan die Kaap.

Ds. M.C. Vos was minder geleerd en begaafd as die geniale van Lier, maar nie minder ywerig en opofferend in diens nie. Veral as prediker staan hy nie ver agter hom nie. As 'n mens onthou dat hy van kindsbeen af siek was en dat hy byna nooit 'n enkele dag van sy lewe geken het dat hy na sy liggaam volkome gesond gevoel het nie, [1] verbaas jy jou vir alles wat hy tot stand kon bring.

Die jonge Michiel het aan die Kaap, waar hy gebore is, en groot geword het, die Piëtisme ontmoet. Hierdie geestesstroming is deur die sieketroosters en ander geestelike leiers op ons bodem oorgeplant, terwyl Piëtistiese skrywers uit Holland verder bygedra het om die rigting hier te bestendig. Vos vertel dat hy Sondae na kerk 'n sekere geselskap besoek het, die lede waarvan vir hom soos „Engele" voorgekom het „ofschoon zij, daar zij in nadruk schapen zonder herder waren, van geen bidden met elkander wisten, maar zonder dat by elkander kwamen, en ook even zoo van elkander gewoon waren te scheiden; sprekende slechts van hetgeen zij ondervonden, en nu en dan over eenen of anderen schriftuurtekst, waarvan somtijds evenwel wonderlijke verklaringen gegeven werden." [2] Hieruit moet ons aflei dat die Piëtisme aan die Kaap nog nie vaste vorm aangeneem het nie. Ewewel het hulle in konwentiekels vergader om geestelike ervaringe/........

1) „Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, als predikant der Hervormde Christelijke Gemeente op onderscheidene plaatsen in Nederland, Afrika en Azië; van zyne jeugd af tot den tijd van zijne Emeritusschap door hem zelven in den Jare 1819 briefsgewijze aan eenen vriend medegedeeld." Amsterdam A.B. Saakes 1824. Ek gebruik die B.B.V.-uitgawe deur Prof. J. du Plessis bewerk, 1, 74.

2) Idem, 10.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ervaringe in te ruil en te vergoed wat hulle in die offisiële prediking gemis het.

Van hierdie kerklike dekadensie getuig Vos veelvuldig. Hy kla dat die gebrekkige kennis van die godsdiens so algemeen was dat niemand aangebied het om hom tot 'n geestelike leidsman te wees nie. Sondae gaan hy twee keer kerktoe, maar kom soos die grootste getal hoorders, net so wys daaruit, as wat hy daar ingegaan het. Die skuld lê by die toehoorders natuurlik „maar ook menigmaal by de Predikers, die niet genoeg studeeren, om naar de vatbaarheid hunner toehoorders te prediken, en derzelver aandacht gaande te houden. [1] Sy ouers het ook nooit met hom oor die gehoue predikasie gepraat of gevra wat hy daaruit geleer het nie. Alleen moes hy snags worstel in die klipkuile „aan den Leeuwenbil" om van sy sondelas ontslae te raak. [2] Vir twee jaar verkeer hy in 'n staat van gedurige vertwyfeling en wanhoop totdat „het den Heere uit genade behaagde, mij, te zijner eigen tyd, een geloovig inzien in Jezus' lydende liefde tot zondaren te schenken, en my te doen gelooven, dat deze overdierbare Zaligmaker niet alleen aan anderen, maar ook aan mij, tot wijsheid, rechtvaardigheid, heiligmaking en volkomen verlossing geschonken was." Maar hy was tog nie heeltemal alleen in sy stryd nie, want hy praat van 'n vriend onder die „godvrugtiges" wat vir hom 'n „vader in die genade" was en verder lees hy 'n boekie van die Piëtis ds. Hermanus Harmsen van Doesburg wat hom ook nader gevoer het. [3]

Na sy bekering verneem Vos die roepstem om evangeliedienaar te word „en wel in dit land" en wil nou na Europa

om/.......

1) Idem 3, 5.

2) Dr. E. Conradie sien in hierdie tere sielsworsteling niks meer as 'n dwepende houding, wat uit sy gesondheidstoestand verklaar moet word nie. Sien Hollandse skrywers uit Suid-Afrika, 170.

3) Merkwaardig Verhaal, 38.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

om hom te bekwaam. Hy ondervind skerp teenkanting van sy familie en geestelike vriende wat meen dat sy gesondheid nooit bestand sal wees teen die seereis en die Hollandse winters nie. Ook die Weesheer wou hom sy erfgeld nie laat toekom nie omdat hy nog minderjarig was. Om hierdie tweede laaste hinderpaal te oorwen, besluit hy om 'n jongdame te trou wat hy in die godvrugtige geselskappe ontmoet en hom in Bybelkennis en vrymoedigheid oortref het. 1) Nou wil die Goewerneur nog 'n versperring in sy pad lê wat hy ook verwyder om op 11 Maart 1780 „land en maagschap om den wille van God en het Evangelie" die land te verlaat. So sterk was die besef van sy roeping as prediker van die evangelie.

<u>As student en hulpprediker in Nederland</u>.

Toe M.C. Vos in die Moederland arriveer, het hy dadelik kontakte met die Piëtiste gesoek. In Doesburg woon hy 'n konwentiekel by waar hy o.a. die reeds genoemde ds. Hermanus Harmsen ontmoet en die atmosfeer 'n „ware Bethel" vind. So gou moontlik het hy sy skrede na Utrecht gewend om aan die voete van prof. Gysbert Bonnet te gaan sit. Die eerste Sondag het hy driemaal die openbare godsdiens bygewoon en dit so geniet dat hy by homself gese het: „hier moet ik zijn! dit is, hoop ik, de plaats welke de Heere voor my bestemd heeft, en waarin Hy my tot het werk van een evangeliedienaar wil toebereiden."

Utrecht en Bonnet sou diep vormende invloed op die jong student uitoefen. Hy het meteens na sy leermeester getrokke gevoel, want hulle was geesverwante. Bonnet was Voetiaan en Piëtis. Dadelik is hy ook ingelyf by 'n godvrugtige studentegeselskap wat uit 17 lede bestaan en wat elke/........

1) Sy het 'n gees van ontevredenheid gehad, wat haar man geen rus besorg het nie. Sy tweede huwelik was blykbaar gelukkiger.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

elke Saterdagaand vergader om te sing, te bid, Bybelstudie te doen en hul ondervindinge te vergelyk. Hier is die jong Kapenaar opreg tuis en sug innig: „O, dat zulke gezelscappen van studenten op alle Akademiën, te allen tyde gevonden werden!" 1)

Drie jaar van studentetyd is reeds verby. Vos kuier by 'n oudlid van sy Saterdagaand-geselskap op Voorthuizen. Hier sou hy vir die eerste keer die kansel beklim om die evangelie te bring „om hetwelk...... ik veel verloochend had.......God hielp mij in het prediken zoozeer, dat de blijdschap, welke ik gevoelde, alle verlegenheid bijna geheel wegnam." Die ys was nou gebreek en nie lang daarna nie preek hy onder prof. Bonnet oor Ps. 73 v. 23, 24: „Maar ek is altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem," welke tekswoorde vir sy eie siel hoë waarde gehad het. Die kerk was daardie dag baie vol, want die mense het kom kyk hoe lyk 'n Kaapse student. 2)

Maar hy sou die ideaal van sy lewe verwesenlik sien deur 'n predikant met volle status te word. Na volbragte studies laat hy hom eksamineer deur die Classis van Amsterdam met die vurige begeerte om onder sy eie volk te gaan preek. Die Here was egter besig om hom deur sy raad te lei. Een van die Gedeputeerdes oor die Buitelandse Kerke weier om die aanstelling van Vos vir die Kaapse Kerk goed te keur, omdat hy „een leerling van Prof. Bonnet, en dus Voetiaan" was. Hulle het hom vir 'n „dweper" beskou. Wat was sy teleurstelling groot! Maar die Here het sy regterhand gevat en hom gelei om hulpleraar van ds. Jacobus Tijken van Amsterdam/.........

1) Idem, 38, 41, 45.

2) Idem, 47.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

te word. [1] Onder sy leiding kon hy veel baat, want ds. Tyken was 'n gevierde prediker, wat wis om veel van sy teks te maak. [2]

M.C. Vos was nie 'n prediker gebore nie. Hy moes veral aan die begin van sy loopbaan baie moeite doen om die kuns aan te leer. Hy sê van sy ampstyd in Amsterdam: „Ik had verbazend veel moeite, om mijne predikatiën op te stellen, en nog meer, om dezelve in mijn geheugen te brengen." [3] In die latere stadia van sy bediening het hy sonder manuskrip voor hom gepreek, maar voor dit moes hy nog baie harde bene kou. Aan ds. van der Veen, een van Amsterdam se vernaamste leraars het hy gesê: „As ek altyd soveel moeite met die prediking moet ondervind, lê ek my mantel en hef ten ene male af."

Een Sondagaand moes hy voor die gemeente optree en twee uur voor die aanvang maak die satan hom wys dat sy predikasie 'n sameweefsel van verwarring is, sodat hy die mense uit die kerk sal dryf en voortaan net vir stoele en banke moet preek. Hy kon later nie meer dink nie en gevul met vrees wil hy „in plaats van de predikstoel te beklimmen, de stadspoort uitgaan." Soos 'n skaap voor sy skeerders word hy vasgetrek in die konsistorie. Hy kan nie weg nie. Hy smeek ds. Tyken om in sy plek te preek en hy sal 'n vierde deel van sy jaarlikse traktement prysgee. Maar hierdie man is hard, groet hom slegs en gaan as toehoorder in die kerk sit. Onder die voorgebed egter kom die jonge prediker wel tot verhaal maar preek nog met angs in sy hart. Na die diens het ds. Tyken hom die hand gevat, sy ongeloof bestraf en getuig dat hy stigting ontvang het. Die volgende môre soek 'n juffrou hom op om met trane van blydskap hom te dank dat sy na 14 jaar van twyfel en wanhoop onder sy preek tot geloofs-/........

---

1) Idem, 51, 53.

2) Hartog a.w. 132, 133.

3) Merkwaardig Verhaal, 199.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

geloofsversekering geraak het. Sy teks was uit Jes. 42 v. 16a: „Ek sal die blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie." M.C. Vos is nou self skaam oor sy wantroue in die Heer en leer die vername homiletiese les dat die seën van die evangelie nie afhang van die opgewektheid van die prediker nie. [1]

Nog 'n frappante geval tydens sy proponentsdae is die volgende: 'n Dogter van godvrugtige ouers het na die kerk gekom om uit blote nuuskierigheid die jonge proponent vir die eerste keer te hoor. Sy was baie onbuigsaam en onverskillig teenoor die geestelike dinge. Wat sy nie verwag het nie, het toe gebeur. Die prediker het pas met sy toepassing begin of die dogter skreeu met wringende hande hardop: „O God, ik ga eeuwig verloren, eeuwig verloren!" Die skrik en vrees was duidelik op haar aangesig te lees. Dit spreek vanself dat hier-die ongewone stoornis 'n beroering in die gemeente te weeg gebring het, sodat die leraar verplig was om sy preek te verkort en so welvoeglik moontlik te sluit. Enige weke later het sy vrede in die Here gevind en is met blydskap vervul.

<u>As predikant van Woudenberg, Pynacker en Woerden.</u>

Toe ontvang prop. Vos 'n beroep na Woudenberg, 'n dorpie in die provinsie Utrecht, sorterende onder die Classis van Amersfoort. Hy neem dit aan, lê die <u>peremptoir eksamen</u> in dieselfde Ring af en word deur 'n ou akademie-vriend, ds. S. van Beuningen, georden en bevestig. Hy laat sy vrou van die Kaap na hom oorkom en voel hom reg gelukkig in sy eerste vaste werkkring. Ds. M.C. Vos het nie beskou dat hy betaal word om te preek nie; om te getuig was vir hom 'n lewensnoodsaaklikheid. Eenkeer was hy weer ernstig siek en die droefheid dat hy sy kanselwerk nie kan volbring

nie/.......

---

1) Idem, 57.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

nie, vertraag sy herstel. Hy wil nou met alle geweld sy plig vervul. Die voorleser wat met die eerste gelui die briefie vir die gesange en skriflesing kom haal, remonstreer met hom: „Dominé, gij kunt immers niet prediken, gij zult op den predikstoel sterven." Met 'n nouliks hoorbare stem antwoord hy: „dat is een goed plekje om te sterven." En wonderlik, hy het gepreek en nie omgekom nie. Inteendeel, hy kon sonder leidsman huistoe stap en het weer gesond geword.

In Woudenberg het daar 'n herlewing ontstaan. Die Gees van God het begin oortuig van sonde, van ongeregtigheid en van oordeel en die mense het tot bekering gekom. Een roep hom toe: „Wat moet ek doen om gered te word?" 'n Ander skreeu van ver af: „Liewe dominee, ek kom u vertel watter groot dinge God aan my siel gedoen het." As 'n mens saans die veld instap, dan vind jy hier iemand aan bid agter die bos en daar 'n ander wat die Here dank vir verlossing. So het 'n jong seun, 'n onverskillige losbol, op wie al hierdie dinge begin werk het, luidkeels uitgeroep: „Straks worden wy hier nog allen gek!"

Die gelukkige vierjarige verblyf in die gemeente van sy eerste liefde sou ten einde spoed. Die beroep na Hilversum het hy van die hand geslaan, maar dié na Pynacker aangeneem. Met die afskeid van sy Woudenbergers het die Here nog iemand soos 'n vuurbrand uit die vuur geruk. Hy het dit in sy afskeidsrede gehad oor Hand. 11 v. 23. 'n Ondeunde jongeling wat selde kerktoe gekom en die katkisasie versuim het, was die dag ook daar, al was dit net om die groot skare van mense te sien. In sy toepassing wys ds. Vos daarop dat al die preke wat hy daar uitgespreek het vir hulle rekening aangeskryf sal word, al het hulle dit nie gehoor nie. Hierdie woorde het soos 'n skerp swaard deur die siel van die seun gesteek, sodat hy later gered is. 1)

Ds./.........

1) Idem 65, 81.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Ds. Vos se dienstermyn op Pynacker het slegs agt maande geduur, maar ook daar het hy met buitengewone vrug gearbei. Reeds by sy intree sou daar blyke van wees. 'n Welgegoede landman wat geen liefhebber van die kerk was nie, het hom onder die gehoor bevind, maar hom baie vererg onder die preek. „Wat verbeeldt hy, die van half Oost-Indiën (hy meen die Kaap) komt, zich, dat hy ons, Pynackers, dwingen wil? dat heeft die groote van Rossum niet kunnen doen, en wil dan deze kleine kerel dat beginnen? Daar zal ik wel zorg voor dragen." Hy sinspeel op die teks wat ontvou was nl. Luk. 14 v. 23: „Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom....."

Ook sy oudste dogter was dit volkome eens met haar vader dat niemand hulle sal dwing nie. Maar sy was die eerste slagoffer wat later onder die prediking gevoelig getref is. Haar dartelheid en ydelheid het verander in erns en godsvrug. Hiermee was die vader egter nie tevrede nie en wou haar dwing om tot haar vorige leefswyse terug te keer. Maar die Here het hom gedwing en hy kom tot volkome oorgawe. Hierdie verandering het groot invloed gehad op die vrou, die ander kinders en die diensbodes en voortaan het hul nooit kerktoe gekom met 'n leë wa nie, maar ook die bure aangery. Dit was vrugte wat by die bekering pas. Dikwels het hulle gemymer oor die groot weldaad wat aan hulle geskied het: „Hoe komt het, dat wij ons ongeluk niet eerder gezien hebben? Wij hadden te voren toch ook een goeden leeraar, en gingen immers ook nu en dan by hem ter kerk." 1)

Sy derde en laaste gemeente in Nederland was Woerden. Andermaal het nuuskierigheid sy rol gespeel en 'n diensmeisie na die intreepreek gebring, net om die Afrikaner te sien. Toe ds. Vos die preekstoel bestyg sê sy aan haar tante: „Is het anders niet, hy ziet er even zoo uit als een ander/..........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

1) Idem, 84.

ander mensch!" En na hierdie teleurstelling wou sy somar die kerk uit, maar haar tante hou haar rok vas. Min het sy geweet dat dit nou Gods tyd was om haar te red. Sy het daarna innig begeer om in diens van die pastorie te wees en het die Vos-gesin gevolg na die Kaap, waar sy met die sendeling Vorster getrou het.

'n Ander interessante geval is die van die herbergier van 'n naburige dorp wat die verbygangers dikwels gevloek het omdat hulle na die kerk gaan. Een Nuwejaarsmiddag besluit hy uit 'n soort van boosaardigheid om na Woerden te reis om te kyk „wat daar te koop is." Hy kon nie meer 'n sitplek in die kerk kry nie en moes teenoor die kansel staan. Omdat dit Nuwejaar en tegelyk voorbereiding vir nagmaal was, neem die prediker tot teks die woorde van die skinker uit Gen. 41 v. 9: „Ek moet vandag my sondes in gedagtenis bring". Allengs word die herbergier oortuig dat hy teen al die gebooie van God gesondig het en 'n deur van hoop gaan vir hom oop. Terstond verander hy sy herberg van 'n voorportaal van die hel na 'n voorportaal van die hemel, waarheen hy die vroeër vervloektes nooi om saam die Here te dank. Later het hy sy bedryf prysgegee en 'n geseënde boer geword. [1]

M.C. Vos het vir 13 jare diep spore in Holland getrap. Hy self is deurgaans heel beskeie in sy „Merkwaardige Verhaal" oor die gebeurde in sy gemeentes. Prof. N.J. Hofmeyr sê dat hy as student geen vreemdeling in Nederland meer was nie toe hulle ontdek dat hy uit die land van M.C. Vos afkomstig is. „Er is in Holland wellicht geen boek, dat onder de Christenen zoo algemeen bekend is, als „Het leven van M.C. Vos". Ik heb haast geen enkelen Christen op myn reis gesproken, of hy had het gelezen. Zoodra men hoorde, dat ik van de Kaap was, vroeg men: heeft u Vos gekend: heeft u Vos gelezen?" [2] Maar hy wou nie daar bly/.......

1) Idem, 98, 102.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

2) J.D. Kestell: Leven van Prof. N.J. Hofmeyr, 27.

bly nie; sy een brandende verlange was om sy eie land tot diens te wees en veral die slawe tot die kruis te bring.

Terug in Suid-Afrika.

Deur middel van ou Piëtistiese Akademievriende kon hy later die „Paus over de Hollandsch Oost-Indische, West-Indische, en Kaapsche kerken" wat hom vroeër 'n aanstelling in Suid-Afrika geweier het, oorreed en kon hy voet na soveel jare weer op vaderlandse bodem plaas. In Waveren, waar hy deur die Goewerneur geplaas word, kies hy toevallig dieselfde teks as wat ds. H.R. van Lier vir sy intreepreek destyds gebruik het nl. Mark. 16 v. 15: „Gaat henen in de geheele wereld, predikt het Evangelie allen creaturen". Albei van hulle was deurtrek met 'n sterk evangeliese- en sendinggees. Reeds voor sy vertrek na Holland het die geestelike lot van die slawe swaar op sy hart gedruk. Nou verkondig hy aan sy nuwe gemeente dat hy o.a. gestuur is om die evangelie aan hul diensbares te preek. Elke Sondag- en Woensdagaand sou hy spesiale aandag aan hulle wy en vra die base om hulle slawe te stuur.

Hierdie intreerede het 'n storm van protes in Rodezand laat losbars. Die gemeentelede loop morrend van die kerkdiens weg. „Dit sal nooit goed gaan nie; as die slawe eers geleerd word, sal ons hulle nooit kan regeer nie; waarom het ons vorige leraars dit nooit van ons geëis nie? hulle het hulle eie diensbodes nie eers geleer nie, ens. ens." Daar was 'n gees van onrus onder die mense en hulle het die nuwe dominee nie vertrou nie. Tog het hulle 'n een en ander slaaf na hom gestuur, uit eerbied vir sy persoon en amp. Die onderwysinge het egter op die lange duur so'n gunstige uitwerking op die leerlinge se gedrag gehad, dat die klas al groter en groter aangegroei het. Aanstonds stel hy vir hulle 'n katkiseerboekie met vrae sonder antwoorde op, wat deur vele oorgeskryf en met vrug

in/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

in verafgeleë distrikte gebruik is.[1] Die weduwee Mathilda Smith dink dit ook nou goed om al haar belange in Kaapstad vaarwel te sê en na Waveren te trek om Vos in sy sendingwerksaamhede te steun. Sy laat vir haar 'n groot huis op die dorp bou, waar die leraar gereeld godsdiensoefening vir die slawe kom hou.[2]

M.C. Vos het 'n sterk geesverwantskap met die Morawiese Broeders met hulle Duits-Piëtistiese inslag gevoel. Net na hy voet aan wal in die Kaap sit, het hy dit goedgedink om die Goewerneur Sluysken te gaan spreek ten gunste van die Hernhutter-sendelinge Marsveld, Schwinn en Kühnel wat op Genadendal die werk van hulle pionier, George Schmidt, voortgeset het. Vos meen dat hulle vervolg word, maar dit was nie so nie; daar was net 'n gespanne houding tussen die Koloniste en sendelinge. Toe later in 1799 vier sendelinge, dr. J.T. van der Kemp, J.J. Kicherer, Johan Edmond en William Edwards namens die Londense Sendinggenootskap hier aanland, was Vos ook een van die eerste om na die hoofstad te snel om hulle te verwelkom. 'n Suid-Afrikaanse Genootskap ter uitbreiding van Gods Koninkryk word met sy hulp in dieselfde jaar nog gestig. Hy lei hulle vervolgens na sy gemeente, waar Edmond en Edwards deur dr. van der Kemp in sy kerk as missionarisse georden word. Vos skryf dat dit die eerste ordening is wat ooit in Suid-Afrika plaasgevind het.

Hy het nie 'n onbelangrike diens aan die bevordering van die Christendom onder die slawe bewys nie, deur die bepaling van die Regering dat gedoopte slawe nie verkoop mag word nie, afgeskaf te kry. Hierdie verordening was goed bedoel en reg in lyn met die Nuwe Testament, maar dit het/........

---

1) Hierdie boekie het volkome verlore vir ons geraak.

2) Merkwaardig Verhaal, 119, 125.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

het geblyk nog 'n hinderpaal in die weg van die sending te wees. Toe sir John Cradock 'n omsendbrief aan die verskillende predikante skryf om hulle aan te moedig om die heidene te bearbei, meen ds. Vos dat dit nou sy kans is en bring die saak pertinent onder die aandag van die Goewerneur. Laasgenoemde verklaar: „This measure was first suggested to me by die Rev. Mr. Vos, minister of the Swarteberg (hy was toe leraar van Caledon), and one of the most pious and enlightened of the Dutch clergymen." 1) Die predikant van Caledon wen sy pleidooi, die drukkende bepaling word herroep, en voortaan kon slawe lidmate van die kerk word, sonder dat hulle base daardeur gevaar loop om hulle reg van eiendom op hulle te verloor. Niemand was meer bly as ds. Vos nie.

Nou ondersoek hy 'n aantal slawe, waaronder een van sy eie, en doop hulle daarna. Die vreugde styg ten toppunt toe hulle vir die eerste keer toegelaat word tot die Heilige Nagmaal. Sommige eienaars verkies selfs om met hulle diensbodes aan dieselfde tafel te sit om die dood van die Verlosser te herdenk. Die gemoedere moes ontvlam gewees het, want sommige het onder trane uitgeroep: „O God! mijn slaaf naar den hemel, en ik naar het verderf. O! maak my zoo gelukkig als mijn slaaf!" Daar word ook, sowel as op Tulbagh, 'n „Hulp-Gezelschap" opgerig om die sending te bevorder. 2)

Waar die prediking in die sewentiende en agtiende eeu intellektueel en dogmaties, meesal weg van die praktiese lewe was, daar het ds. M.C. Vos, net soos van Lier, die sedekunde in sy preke ingevoer. Hy het sy hoorders gewys op hul plig teenoor hul God en hul naaste, in hierdie geval die heidene. Daarmee het daar 'n nuwe element in die prediking van Suid-Afrika gekom, wat 'n groot/.........

---

1) Theal: Records 9.130.

2) Merkwaardig Verhaal, 137, 215.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

groot invloed op wit en swart sou uitoefen en wat veel goeds vir die toekoms belowe het. Immers, welke waarde het die prediking as dit net gerig is tot die hoof en nie ook tot die hart, as dit nie die lewe van die hoorders verander nie.

M.C. Vos is die eerste groot sendeling van ons kerk. Dit lê in die wese van die Duitse Piëtisme om uiting vir hul ywer te soek in allerlei liefdadigheidsondernemings. So het A.H. Francke sy groot weeshuis in Halle opgerig en het die Graaf von Zinzendorf sy bekende sending van die Morawiese Broeders geloods. Al het Vos 'n ywer vir die bekering van die heidene gehad, kan ons nie sê dat hy ooit direk deur die Hernhutters beïnvloed was nie. Hy het net nou en dan die Morawiese sendelinge ontmoet en hul stasie Genadendal besoek. Baie duideliker is dit dat hy deur die Nederlandse Gereformeerde Piëtisme aan die Kaap en in die moederland gevorm is, soos ons reeds opgemerk het. Dit het hom met 'n groot liefde vir onsterflike siele aangevuur.

M.C. Vos word soms as 'n negrofilis gebrandmerk, [1) as iemand wat 'n onkeerbare voorliefde vir die gekleurde huid gekoester het. Maar dit is nie so nie. Nie alleen laat hy hom skerp uit teen die lasteringe van vreemde reisigers wat die Afrikaanse boere beswadder nie, maar hy stel homself selfs skrap teen „den grooten Van der Kemp" met wie hy dit in sommige opsigte nie eens kan word nie. Hy kon sy manier van sendingdryf nie in alles onderskryf nie. Dit lyk of hierdie gebrekkige waardering nie eensydig was nie, want die kerkraad van Graaff-Reinet kla by dié van Kaapstad dat dr. van der Kemp, terwyl ds. Vos daar 'n voorbereidingsdiens vir nagmaal waargeneem het, deur 'n onstigtelike optrede, publieke stoornis in die gemeente veroorsaak het. Wat die moeilikheid was weet ons nie, maar sommige het besluit om die kerk nie weer by te woon nie.[2)]

Tog/.......

1) E. Conradie a.w. 174, 177.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

2) Spoelstra II.362, 614.

Tog kon Vos in sy sendingywer baie versigtiger opgetree het. Hy praat gedurig in harde taal van sy „vyande" wat hom in die land van Waveren vervolg het, maar hy is vir 'n groot deel verantwoordelik vir die teenkanting. Die koloniste was onkundig omtrent hul roeping teenoor die inboorlinge, want soos hul dikwels kla: „ons vorige leraars het nie daarvan gepraat nie." En dan het hulle in die praktyk ook las van die slawe en Hottentotte ondervind. Om dan nou somaar met sy intreepreek oor Mark. 16 v. 15 met die deur in die huis te val en sy nuwe gemeente as't ware te oorrompel, was nie takvol nie. Ds. H.R. van Lier het met dieselfde tekswoorde aan die begin van sy ampstermyn, heel anders te werk gegaan. Ds. Vos kon dieselfde uitwerking in sy gemeente gehad het, as hy die groot waarheid van die laaste bevel van die Meester met meer verdrag bekend gemaak het.

Daar het vir hom 'n deur oopgegaan, maar daar was baie teenstanders. Verskillende klagte is teen hom ingebring. Die Duitser, H. Lichtenstein, wat (in Kaapland) van 1803 - 1806 verskillende reise onderneem het, kla dat sy tug oor die kudde te streng was. Hy druk dit sterker uit, daar het in Waveren „Bigotterie" geheers, wat die hele karakter van die bevolking verander het. „Leider ist nur seit einigen Jahren durch die verkehrten Bestrebungen schwärmerischer Missionäre ein Grad von Bigotterie in diesen Gegenden einheimisch geworden, der den gutmüthigen, heitern Character der Menschen ganz entstellt und sie zu tadelsüchtigen, verdriesslichen Kopfhängern umgeschaffen hat." [1] Musiek en dans is onder hulle in die ban gedoen en hulle kan die diensdoende leraar [2] skaars vergewe dat hy meer verdraagsaam is en die jongmense tot meer opgewektheid aanmoedig. Die seuns beoefen nog die landbou/........

1) H. Lichtenstein: Reisen im Südlichen Africa in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806 (Berlin, 1811 u.1812),230,232.

2) Ds. H.W. Ballot, van Duitse afkoms, het vir ds. M.C. Vos waargeneem, toe hy na die grensdistrikte afgereis het om daar te gaan preek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

landbou en gaan op die jag uit, maar die jong dames sit tuis met 'n vroom niksdoen. As hulle beweeg dan is dit met 'n gemaakte stroefheid asof hulle hulle oumas tot modelle geneem het. Elke openbaring van joviale lewe word onderdruk deur psalmgesang en gebede. En wie was, behalwe die sendelinge, die sondebok van dit alles? Die vorige leraar „ein Mensch ohne Kenntniss und würde."

Dit is opmerklik hoe die evangelieprediking die karakter van 'n volk kan beïnvloed. Hier kom 'n reisiger in 'n landstreek waar hy dadelik opmerk dat die mense van 'n ander aard is as dié van die ander oorde wat hy besoek het. Hulle is baie godsdienstig en toon 'n duidelike Piëtistiese of Puriteinse trek (dit het hierdie twee geestesstrominge gemeen) nl. dat hulle „Weltfremd" is. Hulle is sku vir die blyheid van die lewe en meen dat godsdiens net uit erns bestaan. En in daardie omgewing het 'n man gepreek met 'n innige Piëtistiese vroomheid. Natuurlik, ons kan Lichtenstein as Lutheraan en as verteenwoordiger van die Verligting, nie deurgaans vertrou nie. Moontlik het hy die godsdienstige afwyking in al te donker kleure geskilder. Sekerlik het hy gedwaal toe hy Vos as 'n man sonder kennis en waardigheid bestempel het. Die teendeel het veelvuldig reeds in ons verhandeling geblyk.

Net so het hy misgetas wanneer hy beweer dat ds. Vos met „pietistischen Salbung" die leer verkondig het „dat elkeen hom aan die saligheid van sy eie siel moet wy, 'n leer wat nie slegs alle maatskaplike minsaamheid ondermyn nie, maar ook die aandag van die noodsaaklike dinge van die lewe wegneem." Uit sy intreerede op Rodesand en ander sendingboodskappe lei ons af dat Vos sy hoorders gedurig gemaan het om aan die siele van hulle slawe te dink. Dit was 'n onselfsugtige godsdiens. Ek kan egter goed begryp dat hy sou geleer het dat hulle eers met die Here moes tereg kom, voordat hulle aan die siele van andere kan arbei. 'n

Blinde/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Blinde kan tog nie 'n blinde lei nie. Dit kan wees dat Lichtenstein aan hierdie aksent van die prediker Vos gedink het, toe hy die bogenoemde beskuldiging gemaak het.

„Denn die ganze Glaubenslehre dieser Menschen dreht sich um das Capitel von der Rechfertigung" is nog 'n aanklag wat deur Lichtenstein gemaak word, wanneer hy dit het oor Vos en sy aanhangers. Dit was so'n gerieflike leer en daarom was hulle aan hom innig verkleef. Jou sonde kan hoe groot wees, as jy net diep berou toon en dit bely, dan is jy seker om gered te word. So interpreteer sy kritikus die leer van Vos. 1) Maar die Skrif self leer duidelik: „As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig" (1 Joh. 1 v. 9). Dit is evangelie. Maar dan moet die sondaar sy geloof uit sy werke toon en kan hy nie in die sonde bly voortleef nie (Jak. 2 v. 18). Die Piëtisme het juis op die praktiese uitwerking van die godsdiens baie klem gelê. 2) En as 'n mens die „Merkwaardige Verhaal" deurlees, dan kry jy die indruk dat die skrywer die regverdigmaking deur die soenverdienste van die Verlosser, dat die saligheid uit vrye genade is, sterk leer, 3) Maar aan die anderkant, dat hy die verantwoordelikheid van die gelowige terselfdertyd onderstreep. Hy het 'n plig nie alleen om self nougeset te wandel nie, maar ook om andere daartoe te beweeg.

Sekere nadelige gerugte het hom in hierdie dae gevolg. Hy het nou besluit om liewers de land te verlaat en as 'n ekstra beweegrede voeg hy daarby: die sendingberigte uit Engeland bekoor hom sodat hy 'n ooggetuie van die werk van die Heer aldaar wil gaan word. In April 1802 neem hy afskeid van sy gemeente in die land van Waveren, waar hy soveel lief en/........

---

1) Lichtenstein a.w. 232.
2) „Piëtisme" in Christelijke Encyclopaedie iv. 570.
3) p. 139.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

en leed deurgemaak het. Terwyl die afskeidsdiens aan die gang was, kom daar 'n gerug dat 'n bende Hottentotte aan die nader is. Die aanbidders raak so verbouereerd dat hulle die kerk alleryl uitstorm, terwyl sommige die vensters aan stukke breek om so gou moontlik te ontsnap. Dit blyk dat dit net 'n troep „pandoers" was, wat gestuur is om die distrik te patrolleer. 1) Dit gee 'n mens 'n beeld van die onrus in daardie dae.

<u>Terug na die buiteland.</u>

Ds. Vos was trots daarop dat hy as prediker in drie wêrelddele kon optree, in Europa, Afrika en Asië. Na laasgenoemde oord sou die Here hom langs 'n ompad lei. Dit is vir ons vreemd dat hy die Kaap verlaat het sonder om die kerklike owerhede daarvan kennis te gee. Hy was net met 'n lasbrief van die Goewerment voorsien. Toe die Classis hiervan verneem, beloof hulle om „niet te verzuimen Ds. Vos ter verantwoording te roepen, zoodra hy in het vaderland aankomt." 2) Maar hy het daar nie aangekom nie. Hy het in Engeland vertoef en was in die wolke oor alles wat hy daar op sendinggebied sien gebeur. Sy uitroep is telkens: „O, gezegend Engeland." Gou is hy ook gevra om dienste waar te neem, maar hy moet weier omdat hy die Engelse taal nie magtig is nie. Tog word hy een Sondagmiddag aangekeer om 'n kinderdiens te lei. Hy was met vrees en bewing vervul, veral weens sy gebrekkige taalkennis, maar O, hoe was sy ongeloof nie beskaam nie! Hy het gemeen om slegs 'n kwartier besig te wees, maar toe hy die trane op die wange van vele sien biggel, is hy aangemoedig om met sy geradbraakte Engels 'n driekwartier vol te hou. Hy sê dat dit vir die Engelse lank genoeg was, want hulle is vyande van lang preke.

Her-/.........

---

1) Theal: History after 1795, 82.

2) Spoelstra II. 249.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Herhaaldelik het die Londense Sendinggenootskap hom genader om enige sendelinge na Asië te lei. Eindelik besluit hy om aan hulle wens te voldoen. Al langs die pad preek hy, nie net aan boord skip nie, maar ook waar die anker gewerp word. Hy het hom nooit 'n geestelike vakansie veroorloof nie. Op een van die Nikobaarse eilande praat hy in gebroke Protugees met die heidense bewoners en getuig tot hulle blydskap van die Here en sy diens. Vos was nie baie ingenome met die toestand van die kerk in Ceylon nie. Hy is tot predikant van die gemeente Punt de Gale aangestel, waar hy met vrug gewerk het, maar ook terdeë met die geestelik loue ampsbroeders op soveel terreine gebots het. Dit het ook vyandskap en stryd vir hom meegebring. Eenkeer het hy 'n katkisasieboekie opgestel en oorhandig dit aan die Goewerneur om dit deur die Goewermentsdrukkers te laat druk. Ongelukkig vir hom was dit aan 'n Remonstrant ter ondersoek gegee wat dit afkeur „omdat er maar iets van het Calvinistische in was." 1) Dit lyk nie of die konflikt tussen hom en die andere gebore was uit die feit dat Vos „so duidelik sy voorkeur aan die Engelse gegee het nie," 2) maar dat dit 'n botsing was tussen 'n slapper en ernstiger opvatting van die godsdiens. 'n Mens kan sê dat dit 'n stryd was tussen Remonstrantisme en Calvinisme. Immers, al was Vos 'n Piëtis, hy het die Gereformeerde lyn wat Voetius en Bonnet getrek het, vasgehou. Die Metodis, getrou aan sy naam, het o.a. geleer dat elkeen langs dieselfde bekeringsweg gelei moet word, anders is die bekering nie eg nie. Ds. Vos stem daarmee nie saam nie, maar sê dat die ondervindinge van mense baie onderling verskil; „dus moeten wy nooit die ondervindingen, maar altoos en alleenlijk het Woord van den levenden God,

of/........

1) Merkwaardig Verhaal 176.

2) E. Conradie a.w. 179.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

of (tot ons meerder gemak) de tweede vraag en antwoord van onzen dierbaren Heidelbergschen Catechismus, zoo duidelijk en getrouw uit het Woord van God getrokken, tot onzen toetssteen stellen." 1)

Na 'n sewejarige afwesigheid uit sy vaderland het die geroep van eie bodem hom weer gelok en het hy sy skrede huiswaarts gewend. Dit blyk dat hy hom nog nie gesuiwer het van die laster teen sy persoon nie. Toe hy op Zwartland aangestel word, wek dit groot ontevredenheid by die gemeente, want hulle vrees onenigheid. Daarom versoek die kerkraad aan die Goewerneur dat ds. Vos verplaas moet word. Dit is dan ook geen wonder dat hy van sy nuwe werkkring gesê het: „Hier moest ik tegen wind en stroom opzeilen". Na 'n korte bediening van agt maande het hy die laaste jare van sy evangeliebediening as eerste predikant van Zwarteberg (Caledon) deurgebring. Sy liggaamskragte het so snel afgeneem dat hy na die kerk gedra is en dat hy al sittende voor die kansel gepreek het. Vir sewe jaar het hy daar gewerk. Die aand van sy lewe het hy te midde van sy ou gemeente Tulbagh deurgebring, waar sy stof 'n laaste rusplek voor die preekstoel van die ou geskiedkundige kerk gevind het.

Pars Formalis.

So ver as wat ons weet is daar drie preke van hom vir ons bewaar gebly. 2) Dit is in sy eie handskrif en is soms moeilik om te ontsyfer. Bo-aan elke preek het hy geskryf waar en wanneer hy dit gelewer het. So lees ons bo-aan die een „Op't Avondmaal" oor Miga 7 v. 18 die volgende: „Te Woudenberg den 29 Apr. 1787; voorz psm 85: 1, 2; vor't avondm. ps. 103: 6, 7; Te Pynacker d' 31 Oct: 1790; Te Woerden d' 6 Jan: 93; te Waveren d' 5 Julij: 95; ten huijse van/......

1) Merkwaardige Verhaal, 19.

2) In besit van prof. dr. G.B.A. Gerdener en goedgunstig deur hom aan my ter insae geleen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van Juff Smith d' 12 Sept. 1797;[1] te Matina d' 14 Oct: 1805;[2] Caledon d' 6 Oct: 1816".

Uit so'n aantekening kan oa. twee dinge afgelei word:

(1) Die homiletiese vermaning dat opgewarmde voedsel nie goed smaak nie m.a.w. dat 'n ou preek nie herhaal moet word deur die prediker nie, hou nie altyd steek nie. Dit kan gebeur dat 'n boodskap wat by een gemeente ingeslaan het, met veel sukses elders ook gelewer word. Te oordeel na die drie preke voor ons het M.C. Vos met seën dieselfde leerrede in verskillende gemeentes, deur hom bedien, uitgespreek. Die goue reël is egter dat die prediker weekliks nuwe boodskappe van die Here moet ontvang.

(2) Dit is beweer dat in die tweede helfte van die agtiende eeu die taal van die koloniste baie afgewyk het van die Nederlands van die moederland, sodat die meeste van hulle, bv. op die platteland, nie 'n handelskoerant uit Holland goed kon verstaan nie.[3] Hier blyk dit nou dat, wat die godsdiens betref, hulle 'n preek, eers in Woudenberg gegee, en toe in Caledon, heeltemal kon waardeer. Maar dan moet natuurlik met die persoonlikheid van die prediker gereken word.

Om enigsins 'n denkbeeld van sy preekwyse te gee, volg nou 'n skets oor die teks Miga 7 v. 18: „Wie is een God gelyk Gij, die de ongerechtigheid vergeeft en de overtredingen van 't overblijfsel zijner erfenisse voorbygaat. Hy er houd zijnen toorn niet in Eeuwigheid, want Hy heeft lust aan goedertierenheid."

I. <u>Preparatio</u>: behandeling van die teksverband.

II. <u>Explicatio</u>:

A. <u>Die verheffing van die ware God bo al die afgode</u>.

Wie is 'n God soos U?

Die/....

1) Mev. (Wed.) Mathilda Smith, in wie se huis hy dikwels godsdiensoefeninge gehou het.

2) In Asië.

3) Theal: History before 1795, III. 354.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

ℵ Die strydende kerk van dié tyd is aan die woord.

ב Hulle praat van God;

α van God Wie alleen eer toekom;

β Hy word verhef bo die afgode;

A. Daar is geen ander God nie;

B. Die afgode is nietighede;

(a) Hy is werklik alleenstaande;

(b) Die afgode is versinsels van die menslike brein.

B. <u>Die kragtige bewyse daarvoor aangebring</u>.

ℵ Die tweede deel van die teks word gegee;

α Die ongeregtigheid word vergeef en oortredinge verbygegaan;

A. Behandeling van „ongeregtigheid" en „oortredinge";

(a) die ooreenkoms tussen die twee;

(b) die verskil tussen die twee;

1. sonde eis straf;

2. Instede daarvan, egter

B. Vergewe God.

(a) „oorblyfsel van die erfdeel" beteken die uitverkorenes;

1. die erfenis;

2. die oorblyfsel;

§ die gelowiges is steeds in minderheid;

§§ die oorblyfsel was veral klein in Miga se tyd.

(b) Die kerk sê aan die oorblyfsel: God vergewe die ongeregtigheid en gaan die oortredinge verby.

1. Hy

§ vergewe die ongeregtigheid;

α Hy gaan hul oortredinge verby;

β Hy het 'n welbehae in goedertierenheid;

A./....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

A. Eers sê die Kerk:

(a) Hy hou sy troon nie vir ewig vas nie;

1. Toorn van God = vaderlike ongenoeë;

2. Hy beoefen die toorn net vir 'n tydjie;

(b) Juis daarin het Hy 'n lus;

1. „Goedertierenheid" druk die wil van God uit;

2. Aan so'n goedertiernheid het Hy 'n lus;

§ Hy is baie geneë teenoor sondaars;

§§ Hy vermaak Hom met sodaniges;

§§§ Hy sal sy liefde hulle laat ondervind.

B. Eis sonde nie straf nie?

2. Hy vergewe sonder krenking van sy regverdigheid.

α Niemand anders kon dié uitweg bedink het nie;

β Die ware God alleen kan sonde vergewe;

A. In die ewige Raad is die heilsplan uitgewerk.

B. Maar dan moet die sondaars die Seun omhels.

III. Applicatio: hierdie deel ontbreek.

Wie is so'n God soos Hy?

Tot sover die skema. Dit is duidelik dat die analitiese metode hier hoogty vier. Elke woord van die teks word fyn ontleed en van herhaling is hy nie vry te spreek nie. Dit is jammer want die eenheid van so'n preek gaan maklik verlore. Al het hy dus andersins baie van sy Utrechtse leermeester oorgeneem en dieselfde Piëtistiese gees as hy geädem, tog het hy hom nie deur prof. Gisbertus Bonnet laat beïnvloed wat sy preekmetode betref nie. Bonnet wou wegkom van die streng analitiese en het die analities-sintetiese metode voorgestaan. Maar M.C. Vos het seker veral met sy „Applicatio" die nodige effek gekry. In die preke voorhande blyk dit dat hy sy toepassing nie uitgeskryf het nie, maar óf glad nie óf net die punte neergestip het,

sodat/.......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sodat hy dit ex tempore uitgespreek het. Hier het hy waarskynlik spykers met koppe geslaan. Die toepassing oor die preek: „Die gevangeneming van Jesus" na aanleiding van Matt. 26: 47 - 56 en gelykluidende plekke, is op 'n los velletjie geskryf. Die punte is as volg:

1. „De geldgierigheid is een wortel van alle quaad, ziet dat in Judas.
2. Die zich in 't quaad toegeevt, word in 't quaad verhard, ziet dat in de bende, J: kragtige daad bragt hun niet tot hun zelve.
3. J: zorg over de zijne, is onbegrypelijk groot, hoe zorgde Hy hier voor Zijne Discipelen, seggende: laat deze henengaan.
4. Wij moeten getrouw zijn omtrend onse vrienden, siet dat in J: Hy zorgde voor hun veiligheid, ja ook voor hunne goede naam.
5. Wreekt u zelven niet, wanneer geweld en list zich vereenigen om 't op uw verderf toeteleggen, wanneer schynvrienden door Judas kussen dit en op toeleggen om uwe val te berokkenen.
6. En elk wagte zich voor toorn opdat hy zich niet als Petrus vergrype.
7. Wij moeten onse vyanden goed doen.
8. Hoe weinig kan men zich op menschen verlaaten, J: vrienden lieten Hem in den nood.
9. Zochten en vongen J: vyanden Hem, wij moeten dat, ook doen tot een beter einde."

M.C. Vos se styl is nie baie vloeiend nie. Wat sy taal betref, hy is lief vir sulke uitdrukkinge soos : „een leesbare brief van genade" en „overdierbare Jesus," wat bekende terme van die Piëtiste of „fijnen" van Holland was. Hy skroom verder nie om Hebreeus en Grieks in sy preke in te vleg nie, wat vir die oningewyde hoorder

hinderlik/.....

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

hinderlik moes gewees het. As 'n mens sy preke deurlees, dan verbaas jy jou dat dit die groot uitwerking tydens sy bediening kon gehad het. Maar onthou, die man met sy diepe vroomheid en brandende ywer vir siele het agter hulle gestaan. Die persoonlike kontak van die prediker met sy gehoor sê so veel. Die mistieke krag van die persoonlikheid kan veel vergoed vir wat andersins ontbreek.

Vos moes 'n magtige prediker gewees het. Toe hy en Mathilda Smith saam op reis na Genadendal was en die evangelie langs die pad van verstrooides meegedeel het, getuig sy deur die pen van Philip die volgende: „The Lord's minister was so girded with strength, and spoke with such demonstration of the spirit and power from these words in 1 John 3 v. 8: „For this purpose was the Son of God manifested, that He might destroy the works of the devil", that the greater part of his hearers wept abundantly; many of them declaring that they had never before heard the things wherein they were now instructed." En op 'n later geleentheid kom hy met die eeu-oue uitnodiging van die Heiland na hulle toe: „Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is....." „whereby those present were so impressed, that many sobbed with emotion; and even persons who were previously as firm and unshaken in sin, as the deep rooted trees of the forest are in the earth, had now their hearts softened, and their eyes filled with tears. After the service, several of the people flocked around, speaking of their condition as sinners." 1)

Hoofstuk 13/.......

---

1) Dr. J. Philip: Memoir of Mrs. Mathilda Smith, 50, 55.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# HOOFSTUK 13.

## DIE PREDIKING VAN SENDELINGE EN OEFENAARS.

### Die Morawiese Broeders.

Die sieketrooster, Willem Barentsz Wijlant, was die eerste om hom te bemoei met die sieleheil van die onkundige inboorlinge. Hy het egter nie veel sukses gehad nie „overmits sie dat lopen int wilde so gewent sijn" en moeilik tot beskawing gedwing kon word. 1) Andere het sy voorbeeld gevolg met meerdere of mindere gevolg. Ds. Petrus Kalden wat origens in so'n ongunstige lig gestel word, moes tog met 'n evangeliese gees besiel gewees het, want hy het op sy plaas, Sandvliet, ernstige sendingwerk verrig. Valentyn vertel dat hy in 1705 daar 'n Hottentot-Katkisant teengekom het en dat hy verbly was „dat het God behaagde in so'n geringe vat zoo veel licht der genade tot verdere verlichting van deze allerwoeste, botste en vuilste heidenen, die ik oit ergens ontmoet heb, te geven, dat ik over de grootheid van zyne kennisse in Goddelyken zaaken ten uiterste verbaast stont." Kalden het hierdie vrug van sy arbeid selfs na Nederland geneem om hulle te toon waartoe die sending in staat is, maar die „bekeerling" het soos Demas die tegenwoordige wêreld liefgekry en tot sy ou sondige staat verval. 2)

In die tweede helfte van die agtiende eeu het die sendingywer baie verflou en het daarvan feitelik niks meer tereg gekom nie. Daar was baie faktore wat daartoe meegewerk het. Ons het reeds gelet op die teleurstellinge wat met die onderneming gepaard gegaan het. Die landwaartse trek het ook die aandag van die kerk heelwat besig gehou met/........

1) Spoelstra I.4.

2) Valentyn a.w. 158.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

met die bearbeiding van die verste trekkers. Maar die vernaamste rede vir die verflouing in die uitbreiding van Gods Koninkryk onder die heidene was ongetwyfeld die louheid en vormlikheid in die godsdiens wat toe baie algemeen in die land was. Trouens, die ganse christenheid oor die wêreld het eers teen die einde van die eeu ontwaak tot sy dure verpligting teenoor die heidenwêreld. 1)

Waar die plaaslike kerke die laaste bevel van die Meester nie behartig het nie, sou daar van elders hulp opdaag. Dit was die Morawiese Broeders, deur Graaf von Zinzendorf in Duitsland in die lewe geroep, wat die Masedoniese roepstem verneem en George Schmidt uitgestuur het na Suid-Afrika om die evangelie aan die verlore inboorlinge te bring. In 1706 reeds het twee Duitse sendelinge, Ziegenbalg en Plütschau, op reis na Indië by die Kaap aangekom en diep onder die besef geraak van die verwaarloosde toestand van die Hottentotte. Deur hulle bemoeiinge het enige godvrugtige manne in Nederland die Broedergemeente van Hernhut, wat hulself as een groot sendinggenootskap beskou, beweeg om Schmidt na die Kaapse Sion in 1736 af te vaardig. Hy word eers in Holland deur enige predikante na die suiwerheid van sy geloof ondersoek en 'n getuigskrif gegee dat aangesien Schmidt se „inclinatie tot het pieus einde strekt.... om het onweetent en onbeschaaft heijdendom tot bekeeringe, of ten minste tot een zedigen en beter leven te brengen" die Goewerneur en Politieke Raad alhier hom met ope arms moet ontvang. 2) Die ontvangs was dan ook allerhartelikst en die toekoms het vir die Morawiese sendeling mooi toegelag. Hy vestig hom eers op Zoetemelksvlei.

Ons veroorloof ons net hierdie digressie om aan te toon hoe dat hy in sy prediking soos Paulus op die

Areopagus/.......

---

1) Sien hoofstuk 6: "Gradual Relaxation of Missionary Effort" in J. du Plessis: "History of Christian Missions

2) Faure: Eeufees, 60.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Areopagus, 'n aanknopingspunt met die gehoor aan die heidene gesoek het. Schmidt het elke aand onder die Hottentotte gaan sit en aan hulle tabak en vrugte uitgedeel. Algaande vertel hy hulle van die liefde wat hom beweeg het om na hulle te kom. Hierop sê Afrika, een van die Hottentotte wat hom van die Kaap vergesel het: „Dit is goed, Baas." Schmidt vra hulle toe of hulle weet dat daar 'n Groot Baas is wat die vee en ander besittings aan hulle geskenk het. „Ja", antwoord Afrika, „Wat noem julle HOM?" „Tui' qua", kom weer die antwoord. Daarop roep die sendeling uit: „O mense, hierdie „Tui' qua" is ons Verlosser; Hy het vlees geword en vir ons het Hy aan die kruis gesterf!" [1)]

Daar het dan ook sigbare seën gerus op sy arbeid. Toe hy nou die eerste vyf bekeerlinge doop het daar egter ontevredenheid ontstaan. Reeds in Holland het daar 'n beweging ten ongunste van „de schandelijke gevoelens der Hernhutters" ontstaan, [2)] wat sy weerklank in Suid-Afrika gevind het. Sy bevoegdheid om die sakramente te bedien het erg in die gedrang gekom. Al was hy gewapen met 'n akte van ordening van Graaf van Zinzendorf het die predikante le Sueur, van Gendt en van Echten, na wie die Regering die saak verwys het, geoordeel „ dat dese soogenaamde Hottentot-bekeerder in het geheel niet is bevoegt om heidenen te onderwysen" omdat hy nooit deur die Classis ondersoek is en ook nooit van die Classis 'n „Bulle of Acte" om te doop ontvang het nie. [3)] Later sou hierdie selfde moeilikheid min of meer opduik in die geval van eerw. Erasmus Smit, met wie se ordening dit nie alles pluis was nie. Die volk het ook toe reeds verlang dat daar aan/........

---

1) Kaapsche Cyclopedie, No. 48.

2) Van Dubbeldam a.w. 182.

3) Spoelstra I. 195.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

aan die opleiding en toelating van hulle evangeliedienaars niks moet haper nie.

Ook die burgerlike owerheid het die daad van George Schmidt afgekeur. Die Goewerneur vind sy doop van die Hottentotte „stout en onbehoorlyk", want die ordeningsakte uitgereik deur 'n vreemde genootskap kan nie in hierdie land erken word nie en hy verbied hom dus om verder die sakramente te bedien. Hierdie optrede was kenmerkend van die eeu. Aan die beginsel van cinus regio, illius religio is streng vasgehou en die Here XVII het geen ander godsdiens as die Gereformeerde in hulle gebied toegelaat nie. Vir vyftig jaar moes byvoorbeeld die Lutherane aan die Kaap agiteer voordat hulle in 1780 hulle eie kerk en predikant kon kry.

Eerw. Schmidt wou egter nie toegee dat hy die heidene bekeer en dat die plaaslike predikante hulle doop nie. Nee, laasgenoemde soek daardie eer, maar die eer kom alleen aan die Heiland toe, sê hy. Hy het dus in 1743 van sy gemeente vertrek en na die vaderland skeep gegaan. Die punt is egter dit dat hy nie slegs die Hottentotte aan die Kaap beïnvloed het nie, maar ook die lede van die Hollandse kerk. Op Zoetemelksvlei het hy ene Kampen, die kommandant van die buitepos bearbei, sodat hy tot bekering gekom het. 1) Ons het reeds gelet op die geskiedenis van Louis van Dyk, hoe hy letterlik en figuurlik die „Hottentotbekeerder" omhels het. 2) Die sendeling self vertel dat met sy afskeid daar nege-en-dertig Europeane was wat hulle trane gemeng het met dié van die inboorlinge toe aan hulle geliefde pastor vaarwel gesê moes word. Die Morawiese prediking met sy hoofklem op die bloed en wonde van Christus het duidelik heelwat van die blankes behorende tot die Kaapse Kerk bekoor.

Dit/.......

1) Kaapsche Cyclopedie No. 48.

2) Spoelstra I. 201.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Dit het 'n halwe eeu geduur voordat die draad van Schmidt weer opgetel is. Die Hernhutters Marsveld, Schwinn en Kühnel het in 1792 na Suid-Afrika gekom en hulle op Baviaanskloof gevestig, wat die latere arbeidsterrein van die pionier uitgemaak het. Met die vermeerderde arbeidskragte het daar nuwe deure vir die sending oopgegaan en was vooruitgang te bespeur. Die omliggende boere stel nou ook belang in die werksaamhede en stuur wyn, tabak en vrugte aan die stasie. In 1799 was daar so'n harmonieuse gees onder wit en swart dat meer as honderd blankes op Kersfees die erediens op Baviaanskloof, later Genadendal genoem, bywoon. [1]

Dit is vir ons van belang dat behalwe die Nederlandse Piëtisme, soos deur M.C. Vos en die sieketroosters verteenwoordig, en die Engelse Piëtisme, soos deur Van Lier en sy aanhangers bevorder, die Duitse Piëtisme ook 'n woord in Suid-Afrika meegespreek het. Deur die Morawiese Sendelingpredikers het 'n gedeelte van die volk in aanraking gekom met 'n gevoelsgodsdiens, waarteenoor hulle vroeër vreemd was.

Hierdie invloed egter was baie beperk in sy omvang gewees. Die vooroordeel teen die sending was onder die boere daarvoor te groot. Hierdie vooroordeel was te verklaar omdat baie van die werkvolk weggeloop het om 'n makliker lewe by die sendingstasie te soek. Die meeste van die boere se kinders het ook nie die skoolgeriewe geniet nie as wat die deel van die Hottentotte op Genadendal was. Maar dat hulle vyandig teen die sending as sulks was en selfs planne beraam het om die sendelinge met giftige pyle dood te skiet, is onsin. [2] Die kerk self het verder die lidmate gewaarsku teen hierdie afwyking wat meer klem lê

op/.......

1) Geschiedverhaal van Genadendal de eerste sendingsstatie in Zuid-Afrika van 1737 - 1806, 27, 35.

2) Du Plessis a.w. 76.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

op die vroomheid van die hart as op die regsinnigheid in die leer. Ds. Meent Borcherds veral het die kerklike standpunt teenoor die Broedergemeente sterk gehandhaaf. Eindelik is die Morawiers self skuldig dat in die buiteland en aan die Kaap teen hulle gediskrimineer is, want hulle beweging het mank gegaan aan dweepsieke verskynsels. Veral het hulle 'n sieklike sentimentaliteit in die spreek oor die Here Jesus en sy verdienste openbaar. In plaas van die eer van God was die lyding van die Heiland die middepunt van hulle teologie en prediking.

Die kerklike sending.

Intussen het daar 'n ontwaking in die Kerk self gekom met betrekking tot die sending. Ons het reeds gelet op die ywer van sulke manne soos dr. H.R. van Lier en ds. M.C. Vos, wie J. du Plessis in sy standaarwerk oor die sendinggeskiedenis bestempel as „Heralds of the New Mission." 1) Hierdie manne het in die verband skool gemaak en andere aangevuur om mee te help. Onder die volgelinge van van Lier vind ons name soos Zulch, Jacobus Vos en C.P. Slotsboo, wat later medestigters van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap geword het.

Jan Jacob Zulch het weens swakke gesondheid van Holland hierheen gekom, omdat die vars lug vir hom bevorderlik sou wees. Maar sy toestand het inteendeel al slegter geword. Hy het hom met die gee van onderwys onledig gehou totdat die lig vir hom onder die prediking van ds. van Lier deurbreek en hy na die Wagenmakersvallei is om sendingwerk te gaan verrig. James Read wat later aan die Londense Sendinggenootskap rapporteer, skilder die omgewing soos die vallei van Esegiel, vol doodsbeendere; beide wit en swart het sonder God en sonder hoop in die wêreld geleef. 2) Deur die arbeid van Zulch/.......

1) History of Christian Missions, Lfst. 8.

2) Gedenkschriften der Maatschappy van Zendelingen, iv. 197 - 200.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Zulch egter het daar wonderlike verbetering gekom. „Hy het sonder enige besondere loon gewerk, baie ywerig, terwyl hy sy spyse en beloning ag om die wil van die Hemelse Vader te doen en siele te wen vir sy Verlosser." 1) Toe die heidene bemerk dat hulle hom deur die dood gaan verloor, dring hulle rondom hom met die vraag: „Gaan u ons verlaat? Wie sal vir ons die weg na die hemel aanwys?"

'n Ander vrugbare instrument onder die kudde van van Lier was Machteld Smith, gebore Combrinck. Haar eerste veertig jaar was moeite en verdriet, want behalwe dat sy self bewaar was van verdrinking en verstikking, het sy deur die dood afgegee twee mans, tien kinders, waaronder twee tweelinge, en een kleinkind. Dit het gelyk of die Here alles van haar weggeneem het, sodat sy daardie liefde in sy saak kon uitstort. Ook vir haar het van Lier tot seën gewees. Toe die gees van Christus haar begin dring, was daar byna geen perke aan haar opofferinge nie. Haar arbeid en reise saam met M.C. Vos na die grensdistrikte is vroeër gemeld. Toe sy terug in Kaapstad is, het sy in 1810 'n Vereniging vir Hulpbetoon aan die armes en in 1813 'n Junior Sending-vereniging (vergelyk ons Kinderkrans) gestig. Vir die Sending kollekteer sy jaarliks tussen £800 en £1000. 2) Haar huis was 'n middelpunt waar almal wat die Here Jesus liefhet, sonder onderskeid van belydenis, hulle verenig het. Daar het sy ook vergaderings na kerk gehou om die preek te bespreek. Sy het waarlik die deugde van 'n Miriam, Debora, Phoebe en Dorcas saam gesnoer. 'n Reisiger verklaar dat hy in die hele loop van sy lewe, deur al die lande wat hy besoek het, en onder al die godvrugtige karakters wat hy geken het, nooit haar gelyke gesien het nie. 3)

In/.........

---

1) De Zuid-Afrikaan, 30 Nov. 1841.

2) J. Philip: Memoir of Mrs. Mathilda Smith, 99, 119.

3) Kaapsche Cyclopedie, No. 37.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

In die vorige tydperk van ons kerkgeskiedenis word daar selde of ooit gewag gemaak van bekeringe en was die verskynsel van lekepredikers 'n ongekende. Wel was daar sieketroosters en voorlesers wat in 'n amptelike betrekking tot die kerk gestaan en vir wie daar reglemente voorgeskryf was. Onder die invloed van die Piëtisme egter kom daar nuwe lewe op die geestelike erf en bied baie godvrugtiges, kragtens die priesterskap van die gelowiges, hulle aan vir diens. Die gemeente van Roodezand het dit veral ondervind. Ouderling P. van der Merwe neem die geestelike heil van blankes en heidene in die Bokkeveld ter harte, sodat in baie families die huisgodsdiens „met alle staatelykheid" gehou word. C.F.N. Heerop werk in die Roggeveld, die ywerige broeder Jan M. Kok „wiens hart brandt van liefde voor Jezus" in die Olifantsrivier en Sederberge, terwyl die suster Cloje Burger aan die Vier-en-twintig Rivieren, en die jonge broeders Jan Jordaan en P. Vos aan die Hexrivier hulle besonder beywer in die onderwys van heidene. Een geval word genoem waar 'n meidjie telkens by die bed van haar siek nôi kom bid het. So getuig P.F. Theron van Waveren aan die Sendelinggenootskap [1] en altyd onthou ons dat die invloed van M.C. Vos met die meeste van dié werksaamhede gemoeid was.

## Die Genootskaplike Sending.

Die kerk het dus sy beskeie deel aan die uitbreiding van Gods Koninkryk gedoen, maar die kerk was as geheel te swak en het te veel onder die plak van die staat gestaan, om 'n driftige aksie in dié verband op tou te sit. Die genootskaplike sending het dus sy verskyning hier gemaak, met seën maar ook met groot droefheid en skade.

As gevolg van die „revivals" in Engeland het allerlei sendinggenootskappe ontstaan om die blye boodskap die wêreld

in/.........

---

1) Du Plessis a.w. 422, 423.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

in te dra, o.a. die Londense en Rotterdamse Genootskap, wat besondere belangstelling vir Suid-Afrika getoon het. Dr. J.T. van der Kemp is hier die leidende figuur. Net soos van Lier het hy ook 'n ronddobberende lewe gevoer en selfs 'n volslae defs gewees, totdat hy na 'n ontsettende ramp tot hartsverandering geraak het. Ongelukkig het hy daarna met die humaniteitsgedagte van Jean Jacques Rousseau in aanraking gekom en gedweep met die natuurlike mens. [1] 'n Mens is dankbaar dat Helperus van Lier vir hierdie dwaling bewaar was, anders sou daar vandag meer tot sy debiet as krediet aangeteken gestaan het. Maar tog is daar een punt van ooreenkoms tussen hulle, die gevoelsgodsdiens; Van der Kemp het die gevoelsfilosofie van Rousseau aangeneem en van Lier die emosionele aandoeninge van die Piëtisme. Dr. van der Kemp het besef dat hy self van die leer van die Gereformeerde kerk heeltemal afwyk, want toe die kerkraad van Graaff-Reinet hom vra om hulle predikant te word het hy geweier en dit as rede aangegee. [2] Later het hy met sy Liberalisme baie ergenis veroorsaak.

Saam met Kicherer, Edmond en Edwards het hy in Suid-Afrika voet aan wal gesit en kort daarna in 1799 is <u>De Zuid-Afrikaansche Maatschappy</u> tot bevordering van die Uitbreiding van Christus Koninkryk in Kaapstad gestig. 'n Tweede besending sendelinge arriveer en word een vir een na hulle bestemminge gevoer, Tromp na Wagenmakersvallei, A.A. van der Lingen na Graaff-Reinet, M.J. Bakker na Stellenbosch, H. Vorster na Roodezand, terwyl H. van Manenberg in die Hoofstad bly. Hierdie verkondigers aan die heidene is deur die Nederlandse Sendinggenootskap, in samewerking met dié van Londen, opgelei en uitgestuur, en aange-
sien/.......

---

1) P.J.S. de Klerk: Kerk en Sending in Suid-Afrika, 68-72.

2) Gedenkschriften van Nedl. Zendelinggenootschap II.124.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sien die genootskap geen omlyning van 'n belydenis geken het nie, is dit moeilik om hulle bepaalde teologiese rigting altyd te karakteriseer. Tog meen ons dat hulle nie van Piëtistiese invloede vry te pleit is nie.

Dit kan veral van Harmen Vorster gesê word. Hy is met die diensmeisie van ds. M.C. Vos getroud, 'n dame wat in een van sy Nederlandse gemeentes onder Vos se prediking tot die lig gekom het, [1] en het baie ooreenkoms met die rigting van die Waverense dominee getoon. Hy het met sy aankoms in die land hom dan ook in daardie gemeente gaan vestig. Die reisiger Lichtenstein wat aan die begin van die neentiende eeu saam met die Kommissaris-Generaal de Mist die landstreke besoek het, vertel hoe hulle by die warmbad van Worcester (Goudini) 'n aantal bewoners aangetref het wat smeek om 'n sekere missionaris daar te mag onderhou. Hy is te sieklik om sy eintlike doel onder die Hottentotte na te kom, maar as hy twee keer per week die Bybel vir hulle uitlê, 'n stigtelike woord spreek en saam met hulle bid, dan sal hulle hom verniet losies verskaf. Dit was vir hulle baie ver om na die kerk van Roodezand op te gaan. Hierdie begeerde prediker was Vorster, of Voster soos Lichtenstein hom noem.

Ons het laasgenoemde reeds ontmoet as iemand wat vir die Piëtiste geen goeie woord het nie. Hy het die sendelinge ook streng kritiseer. Hulle is mense wat 'n maklike bestaan soek en verkies om liewers onder die blankes te arbei. „Der Hang der Colonisten zum Frömmelei bahnte ihnen überall den Weg; eine ehrbare dehmütige Miene sicherte ihnen, wo sie nur hinkamen, einen ehrfurchtsvollen Empfang und mit ein Paar neuen Gebeten in mystischen Worten mit Segenssprücken und Vorlesungen aus der Bibel in dem klagenden Ton der holländischen Pietisten waren ihnen bald aller Herzen gewonnen." Die koloniste was maar te bly om hulle te ontvang want hulle was self onder mekaar uitgepreek, „da sie selbst sich/.......

1) Merkwaardig Verhaal, 93.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sich längst ausgesprochen und ihre alten Postillen einander bis zum auswendiglernen wiederholt vorgelesen hatten." [1]

Hy het ook geen goeie woord vir Vorster self nie. Terwyl de Mist binne besig is om die petisie van die burgers aan te hoor, staan hy buite, arms gevou, sugtende en besig om stilweg te bid. Hy is gekleed in 'n swart kortbroek met wit onderbaadjie, stukkende kouse en swaar gesoelde skoene, terwyl sy kop, as gevolg van rumatiek, in 'n aantal vuil sakdoeke gewikkel is. Hy groet niemand nie, nie omdat hy onbeleefd is nie - so sê sy aanhangers - maar omdat hy nie „van hierdie ou wêreld" is nie. Dit lyk of sy lewe van die beslissing daarbinne afhang, en sy vrou troos hom dat dit tog beter is om guns by God te vind as by die mens. Die Regeringshoof was hom en sy geesgenote nie gunstig nie en het die uitspraak teen Vorster gegee. As die oorvloed van die boere se tafels vir hom aangenamer is as die sprinkane en wilde heuning van die wildernis, dan moet hy liewers as sendeling bedank. Vorster het hom daaraan egter nie gesteur nie en met sy werk onder die blankes voortgegaan. Intussen bring sy optrede kerklike verwarring want die kerkraad van Roodesand kla dat hy in die distrik Bosjesveld „zonder communicatie met den kerkeraad eigendunkelijk in 't catechiseeren en voorstellen in form van predicatiën te werk ging." [2] Aan Vorster word nou die geleentheid gebied om hom deur die kerkraad te laat eksamineer en dan as katkiseermeester te bly arbei, maar hy maak van die kans geen gebruik nie en verkies om in diens van die L.M.S. te bly.

## Die hou van oefeninge.

Hierdie laaste beskuldiging teen Vorster is 'n saak waarby ons langer moet stilstaan. Ons het reeds gesien dat konwentiekelvorming 'n wesenskenmerk van die Piëtisme is.

Die/.......

1) Reisen II. 143, 144.

2) Spoelstra I.592; II. 497.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die toestroming van sendeling-oefenaars het nou 'n gunstige geleentheid geskep vir hulle wat in klein kringe gevoed wil word, want die predikante was min en die afstande na die kerk groot. Aan die ander kant is semi-teologies opgeleide mense al te gereed om groepe te vorm en aanhang aan hulle persone te bevorder. Dit het baie moeilikhede en twis in die gevestigde gemeentes te weeg gebring. In Stellenbosch het oud-ouderling Desch, 'n warme ondersteuner van die genootskaplike sending, as voorganger begin oefeninge hou, sodat die katkisasie wat Sondagmiddae in die kerk gehou word deur sommige versuim word. En Desch wat voorheen 'n gereelde kerkganger was, woon nie meer die dienste van ds. M. Borcherds by nie. In die Overbergse het „de op zichzelve loffelijke begeerte om oefening te houden" meer en meer toegeneem, sodat Abraham Stefanus le Roux ook op die gesag „wydloopige voorstellingen uit zijn hoofd" hou. 1)

In die gemeente Drakenstein het Sebastiaan Tromp ook beide vir heidene en christene begin oefening hou. Nadat hy enige tyd met die werk besig was het daar by die kerkraad klagtes teen sy leer ingekom; hy is van onregsinnigheid op die stuk van die wedergeboorte beskuldig. Dit het so ver gegaan dat 71 lidmate die kerkraad uitdruklik versoek „dat sy hunne slaven in de suijvere Gereformeerde religie wilden onderwezen hebben". Die Regering het hom ook later in die saak gemeng. 2)

Dit was nie slegs in die Overbergse en buiteplekke waar die verskynsel van oefeninghou hom voorgedoen het nie, want selfs die hoofstad het moeite ondervind. In 'n brief aan die Classis, d.d. 5 Januarie 1802, 3) kla die kerkraad dat Hermanus Manenberg „zijn tijd grootelijks doorbracht met/..........

1) Spoelstra II. 415 v.v.

2) Idem II. 481.

3) Die kwessie van oefening-hou neem ons verder as hierdie periode 1750 - 1800, maar ons kom nie weer daarheen terug nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

met het doen van predikaties, niet voor Heidenen, maar voor een Christenschaar, waartoe hy zich door een intreepredikatie plechtig verbonden heeft." Hierdie dienste word tweemaal in die week, Donderdag- en Sondagaande, gehou in 'n besondere gebou en hulle is besig om 'n groter struktuur daar te stel „dat inwendig geheel in den vorm van een kerk zal zyn ingericht." Die kerkraad meen dat dit nie ooreenkomstig die bedoeling van die Rotterdamse Genootskap kan wees nie, daar Manenberg volgens sy akte bestem was om na die binnelandse heidene te gaan, en nie „als het ware eene kerk in de kerk te stichten, of om zich met eenig dienstwerk der gewoone leeraren in gevestigde gemeenten te bemoeien." 1) Dit was juis die logiese gevolg van die konwentiekels dat 'n ecclesiola in ecclesia gevorm word, wat verbrokkeling in 'n gemeente in die hand werk.

Van kerklike kant het daar dus teenstand gekom teen die hou van oefeninge deur selfaangestelde predikers. Ds. Meent Borcherds van Stellenbosch het hom veral daarteen skrap gesit, al moes hy later erken dat die oefeninge kragtig daartoe meegewerk het om die Aufklärung, wat soveel geeste in die wêreld betower het, teen te hou en die lede getrouer aan die leer van hulle kerk te maak. 2) Hy meen tereg dat die sending deur die kerkraad self behartig moet word en aangesien die vreemde sendelinge hulle oë vir die nood van die heidendom oopgemaak het, word 'n sekere Jan Frieling deur die Kerkraad aangestel. Hulle erken in 'n skrywe aan die Goewerneur dat „by gelegenheid van een gesprek over het Z.A. Genootschap hunne attentie is gevallen op den beklagelijken toestand van het Overbergsche gedeelte hunner parochie." 3) Jan Frieling kry egter/.........

1) Idem I. 589.
2) N.Z.A.T. 1829, 115, 116.
3) Notule, 19 Julie 1799.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

egter baie strenge instruksies om hom te onthou „van alle politieke discoursen" en dat die oefeninge alleen bedoel was om hulle wat weens die afstand nie na die kerk kan kom nie, geleentheid te gee „om den Zondag goedsdienstig door te brengen, in een onderlinge byeenkomste tot schrifmatige stigtinge." [1] Ook Meeuwe Jan Bakker wat deur die predikant en oudste ouderling ondersoek word en „een zeer voldoend en loffelijk getuigenis van zyn kundigheid in de leer en goed stichtelijk gedrag" bekom, tree nou onder sorg van die kerkraad as onderwyser van die heidene op.

Ook van die kant van die burgerlike owerhede sou daar paal en perk aan die ongedwonge bedrywighede van die genootskaplike sending gestel word. Toe de Mist in Kaapstad kom het dit hom gehinder om te bespeur dat daar deur die sendinggenootskap nie slegs „een prachtig oefeninghuis, dat door deur, glazen en hoogte het uiterlyk aanzien van een kerk had, gebouwdt was, [2] maar dat er meer dan eenmaal ter weke door eenen aan de Kaapstad teruggebleven en niet naar de woestyn vertrokken zendeling eene ordelyke prediking onder den naam van oefening daarin gehouden werd, waarin de toeloop der hoorderen verreweg die der Zondagpredikatiën in de Hervormde kerk overtrof." [3] Ons bemerk hier hoe die mense die meer maklike en gemoedelike prediking van die sendelinge bo die sware en stroewe van die gevestigde leraars verkies het. De Mist was besorg oor dié verskynsel, hierdie „geestelijke misgewas", en besluit dat hy „geen scheuring in de kerk, en geene geboorte eener nieuwe secte" sal toelaat nie. Hy was bedug dat hulle netnou die sakramente ook daar sal begin bedien, maar wil geen imperium/.........

---

1) Spoelstra II.412.

2) Hy bedoel die „Gesticht" in die Langstraat wat in 1799 gehou is, en wat 'n belangrike rol in die vroeë kerklike lewe van die Kaap vervul het.

3) Sien Nederlandse Vertaling van Lichtenstein se Reise III, aanmerkings, 44.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

imperium in imperio duld nie, waarteen die Sinodes en Classis nog steeds deur die eeue gewaarsku het.

Toe hy die Regering die Kaap oorneem en die bestuurders van die Genootskap hulle opwagting by die Kommissaris maak om sy beskerming vir hulle onderneming aan te vra, het hulle 'n ongunstige onthaal ontvang. Hy het niks teen hulle oogmerke en bedoelinge nie, maar protesteer teen die hou van godsdiensoefeninge en meen dat die verrigtings slegs „by wyse van gezelschap" moet geskied. Ses maande later verbied hy Aart van der Lingen om te preek en in 'n onderhoud met die direksie beklemtoon hy dit weer dat die sendelinge nie toegelaat kan word om leerredes te hou, waar gevestigde leraars hulle bevind nie. Die christene kan in huise vir onderlinge stigting vergader word, maar die eintlike werk van die sending lê in die buitedistrikte, sodat die missionarisse hulle drie dagreise afstands van gevestigde kerke moet besighou. 1) In 1804 skryf hy aan die Landdros van Stellenbosch dat dit die plig is van die Regering om te waak „dat door onregelmaatige inkruipselen de beschikking over de openbaaren Godsdienst-oeffeningen niet ongevoelig overga in handen van private en ongequalificeerde perzoonen" wat hulle as leiers van die volk opwerp en hulle invloed gebruik om die swakke gemoedere te beweeg tot die aanneem van nuwe leringe „of om hen smaak te doen vinden in meer hartstogtelijke voorstellen, dan in de eenvoudige taal van het Evangelium - waardoor scheuringen in de gemeente ontstaan en derzelver leden ongevoelig afgetrokken worden van de Leeraren der openbaare kerk." 2)

Die Goewerneur-Generaal Janssens betoon hom inskikliker teenoor die Genootskap en gee in die afwesigheid van/........

1) De Honigby, 1843, v.v. (1843, 143 v.v.)

2) Notulen van Comm. Genl. J.A. de Mist 1803, 1804, 506, 509 K.S.A.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van de Mist verlof om die „oefeningshuis" in te wy toe ds. J.P. Serrurier 'n plegtige rede uitspreek. Tog het hy vir dr. van der Kemp en Read van Bethelsdorp na Kaapstad ontbied, waar hy hulle 'n tyd aangehou het. 1)

Hierdie hele stryd van kerk en owerheid teen die sektariese neiginge en die hou van konwentiekels deur sendelinge het uitgeloop op 'n poging om die saak deur reglemente onder beheer te kry. In 1774 reeds het die stedelike regering van Amsterdam 'n „Reglement noopens het houden van Godsdienstige Oefeningen" opgestel, waarin o.a. bepaal word dat deur „oefeninge" nie verstaan moet word besondere geselskappe waarin enige goeie vriende saamkom om deur onderlinge gesprekke, psalmgesang en gebede mekaar nuttig te wees in die bevordering van die kennis van die waarheid, wat na die godsaligheid is nie; maar openbare byeenkomste, waarin op gesette tye een of meer persone as onderwysers in teenwoordigheid van meerdere of mindere toehoorders oor religieuse waarhede spreek. Die ou bekende oefeninge in die stad kan onder toesig van die kerkraad voortgaan. Die wat egter vryheid kry om daarin voor te gaan moet beloof om seer spaarsaam vrye tekste tot onderwerp van hulle verhandelinge te neem, en hulle nimmer in die vorm van leerredes verklaar nie, maar deurgaans die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis of enige ander teologiese geskrif volg, en dan by wyse van vrae en antwoorde. Hulle moenie verdeeldheid in die gemeente bring nie deur die owerheid of die predikant te beskuldig, of wat op die preekstoel verkondig word weerlê. 2)

Hierdie reglement word in 1813 deur die kerkraad van Kaapstad in sy notule opgeneem „om in tijd en wijlen daarvan gebruijk te maaken", 3) en in 1824 neem die eerste Sinode/......

---

1) De Honigby, 1843.143.

2) Sien Bylaag, Moorrees a.w. 403.

3) Notule, 5 April 1813.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Sinode dit in toto oor as die „Reglement (conform art. 32) door de Algemene Kerkvergadering beraamd, waarnaar personen begeeren oefening te houden, zich by de uitvoering daarvan, zullen hebben te gedragen." 1) Met wette kan 'n mens egter nie alles regmaak nie en die kerk sou nog gedurig las ondervind met manne wat op eie houtjie oefeninge hou. So laat as 1845 het die Kerkraad van Wellington nog met ene Horak te doen wat godsdienstige onderwys aan andere meedeel sonder enige outorisasie daartoe. Die Reglemente word aan hom getoon met die versoek dat hy hom daarby sal hou. 2)

Afgesien van private byeenkomste het die genootskaplike sending tot lank nog invloed uitgeoefen deur in kerkgeboue of oefeningshuise hulle leer te verkondig. So vertel John Fawcett wat agtien maande in Kaapstad in 1835 vertoef het welke indruk dr. Philip op hom gemaak het. Hy het een aand die kerk binnegestap waar hy „a very impressive discourse" gehoor het oor die teks „meer liefhebbers van vermaak as liefhebbers van God" (2 Tim. 3 v.4). „When I left the chapel, I observed to a friend,'That is a fine preacher: he deserves the name of preacher. How many content themselves with tamely reading their sermons, and saying something about the Gospel. But here is a man who preaches the Gospel.' There was a boldness and manliness in his style, and an unction and impressiveness in his observations and appeals, that very much charmed me." 3)

En ons moet onthou dat die oefeningshuis se deure vir almal oopgestaan het en die wat wou het in aanraking gekom met 'n andersoortige prediking as waarmee hulle gewoon was.

Hoofstuk 14/........

---

1) Sien „Reglementen voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika", Kaapstad, 1825.

2) Brief van die scriba, d.d. 1 April 1845, in Brieweboek van ds. A.F. du Toit, 29, K.K.A.

3) „An Account of an Eighteen Months' Residence at the Cape of Good Hope in 1835 - 1836."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 14.

## DS. JOHANNES JACOBUS KICHERER.

### As Sendeling.

By een van die verteenwoordigers van hierdie groep van predikers moet ons 'n oomblik langer vertoef, want hy was nie slegs sendeling van die Londense Sendinggenootskap nie, maar ook later predikant van die Ned. Geref. Kerk. 1) Johannes Jacobus Kicherer was in 's Gravenhage gebore en van jongs af het die Here hom voorberei vir sy latere gewigtige roeping. As seun het hy die reisbeskrywinge van Kaptein Cook verslind, terwyl die edelmoedige denkbeeld om die blinde heidene eendag te gaan verlig al gaande in sy hart ontkiem het. Sy hele siel het die hoogste belang daarin gestel en hy voel hom weggesleep om die glanslig van die heerlike evangelie tot die verafgeleë lande oor te bring. Hoe, weet hy nie. „Het was hem nog geheel en al onbekend, dat er zulk een Wezen, als een Christen-zendeling is, bestond. Dan Hy, die hem buiten twijffel van Zyns moeders lyf aan tot dit Apostolisch werk verordend had, hield deze vonk glimmende, tot dat de tyd daar was, wanneer dezelve in eene goddelyke vlam moest uitbarsten....." 2)

Intussen het hy in Utrecht in die teologie hom bekwaam gaan maak en word in 1798 by die Classis van Meppel in Drenthe in die oorspronklike Bybeltale en in die Christelike godgeleerdheid ondersoek. Daarna is hy ingeseën tot die evangeliebediening deur die Utrechtse predikant G. Masman, met wie hy altyd vriendelike betrekkinge behou het.

Hy/........

1) Kicherer strek tot tamelik diep in die eerste kwartaal van die neëntiende eeu, maar omdat hy so na aan die Piëtisme staan, verkies ek om hom hier te behandel.

2) Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zijne zending tot de Heidenen (Amsterdam 1835), Voorbericht iii.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Hy was een middag by vriende aan huis, waar een van die leraars van die stad toevallig besoek aflê en die geselskap meedeel dat 'n sendinggenootskap in Engeland opgerig is om die evangelie na woeste oorde te voer; 'n skip lê in Portsmouth gereed om die heroute van die leer van verlossing na die Eilande van die Suidsee oor te bring. Kicherer se hart het in sy binneste met vreugde opgespring en onverwyld het hy sy dienste by die Genootskap aangebied „tot den dienst van den H. Jezus, meer opzettelyk onder afgodische volkeren."

Eerw. A. Dreyer maak melding van 'n „Annotatieboek"[1] van Kicherer wat in sy besit was, waarin 'n gedig van Dirk Adrianus Ditmar voorkom wat die blydskap van 'n boesemvriend oor Kicherer se besluit uitspreek:

„Mijn God zal u op uw smeeken
Onderwyzen - en met spoed
Vreemde talen u doen spreken
Dat u elk bewond'ren moet.
Houd maar moed - uw God zal zorgen
Eens na duistere avondstond
licht voor u de blijdste morgen
Die gy ooit op aarde vondt." [2]

Saam met dr. J.T. van der Kemp en eerww. Edwards en Edmonds het hy Engeland op Desember 1798 in die „Hillsborough" verlaat, 'n bandietskip wat vir Botany Bay bestem was. Die reis was baie lank en onaangenaam, want die bandiete is erg mishandel, maar die sendelinge het soos dienende engele tussen hulle rondbeweeg. Vier-en-dertig het vanweë koorssiekte beswyk. Toe die geselskap in Maart van die volgende jaar in Tafelbaai aankom het Kicherer besluit om hom na die Namakwas te begeef, maar ontdek dat hulle aan die oorlogmaak is en wil daarom liewers na die kaffers gaan. Juis op daardie tydstip het drie Boesmans van

Sakrivier/....

1) Ek het nie geslaag om dit onder oë te kry nie.
2) Die Huisgenoot, 18 Jan. 1924.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Sakrivier die Regering in die Kaap besoek om onderwysers vir hul landgenote aan te vra. Kicherer beskou dit as 'n wenk van die Voorsienigheid en neem nou voor om onder hulle sy woning te gaan maak. Nadat die sendelinge by ds. M.C. Vos en Mev. M. Smith 'n aangename verblyf op Roodezand geniet het, vertrek Kicherer en Edwards na die Noorde, terwyl hulle op reis gedurig die evangelie aan die Boere bring. Uiteindelik vestig hulle hulle op Goedvooruitzichtsfontein, waar die Boesmans met tabak aangelok word tot die genademiddels.

'n Tyd van eensaamheid en stryd volg nou, sodat Kicherer skryf: „Nimmer zal ik dezen gedenkwaardigen tyd vergeten. Dikwels verwonderde ik mij, wanneer ik opmerkte dat, hoe duisterer en akeliger mijne vooruitsichten ook waren des te meer de geest des gebeds over my uitgestort wierd; zoo dat ik in staat gesteld wierd, om by den Heere Jezus te schuilen, en door het geloof hem tot mijne sterkte aan te grijpen, op zijne beloften volkomen te vertrouwen, en deze woeste volkeren aan zijne vrye genade en liefde op te dragen." 1) Sy mistieke vroomheid en vaste geloofskrag het hom in hierdie kommervolle tye deurgehelp. Die opofferinge en ontberinge wat hy hom getroos wek 'n mens se bewondering op, want die Boesmans het op 'n uiters lae peil van beskawing gestaan en het dikwels nog probeer om hom die lewe te ontneem.

Aanvanklik was daar ook weinig vrug op die arbeid maar daarna het hy sy metode van onderwys verander en het die seën nie uitgebly nie. Vele mense wie se harte so hard soos die rotse wat hulle omring was, begin nou uit te roep: wat moet ons doen om gered te word? Die heuwels weergalm van hul klaagtone, soos hulle rou dryf oor hul sondes. Dikwels sien Kicherer persone agter 'n klip in die veld besig om te

bid/.......

---

1) Berichten, 31.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

bid. Hy vertel van Johan, 'n baster-hottentot, wat onder die prediking tot oortuiging van sonde geraak en tot bekering gekom het. Hy het eers vier vroue, later twee gehad, maar wil hulle nou verlaat omdat Christus vir hom dierbaarder as tienduisend vroue is. Hy sê hy gaan vir hulle bid en die een wat eerste tereg kom, met haar sal hy 'n christelike huwelik sluit. Van verskeie ander merkwaardige gevalle van hart- en lewensverandering maak hy melding, sodat 'n afskeidsgedig wat Ditmar op hom van toepassing gemaak het, nou bewaarheid word:

„Welk een geluk! O Zaligheid
Om uit een nacht van duisterheid
Verblinde heid'nen tot een zuivere gids te strekken,
Om den afgodsdienaar die nog zwerft
En't licht van 't Evangelie derft,
Tot liefde en dienst van Vorst Emmanuel te wekken."

Dit was by die Sakrivier dat iemand hom die tyding bring van die dood van sy verloofde, Catharina Allegonda van Lier, 'n suster van die bekende dominee van Kaapstad. Hy laat ons egter nie 'n kykie kry in die geheime van sy liefdeslewe nie, maar konstateer slegs: „myne droefheid hier over was ten uitersten grievend, doch dank zij God, die my in myne droefheid vertroostte." Haar wens was dat hy haar dagboek, wat sy gedurig bygehou het, in druk sou uitgee en dit het hy gedoen toe hy weer aan Nederland 'n besoek bring. Die opskrif daarvan was as volg: „Dagboek, Gemeenzame Brieven en Eenzame Overdenkingen van L.C. geschreven door wylend jufvrouw Catharina Allegonda van Lier van Cabo de Goede Hoop; en op haar verzoek, by haar leven gedaan, uitgegeeven door Johannes Jacobus Kicherer, predikant by de Hervormde Kerke en Zendeling onder de Heidenen in Afrika"/......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Afrika". [1] Daarin toon sy sterk Piëtistiese tendense en kan 'n mens aflei dat sy en haar verloofde geesverwante was.

<u>As Ned. Geref. Predikant.</u>

Ds. Kicherer was deurdring van die besef dat hy in die eerste plek gesondene van God na die heidene was. Eenkeer is hy beroep na die gemeente Paarl "een rijk dorp, naby de Kaapstad gelegen, het welk een fraaije kerk heeft" en twee keer na Roodezand, maar al hierdie versoeke het hy van die hand gewys. Hy was egter van 'n rustelose natuur en het dit moeilik gevind om hom by een taak aanhoudend te bepaal; nou is hy by die Sakrivier, dan langs die Oranje Rivier, later weer in Kaapstad op pad na Holland. As 'n geheel moet sy sending onder die Boesmans as 'n mislukking beskou word, maar as 'n opening na die verre Noorde en die ontwikkeling in die nadere toekoms van die werk onder die Griekwas en Betsjoeanas was die Sakriviersending nie van belang ontbloot nie.

In 1806 verlaat hy die diens van die L.M.S. en word predikant van die gemeente, Graaff-Reinet. Dieselfde liefde tot die Heer en ywer in die werk wat hom in sy arbeid onder die heidene besiel het, bly hom by gedurende sy bediening alhier. Hy tref die gemeente in 'n verwaarloosde toestand aan, want vir vier jaar was daar geen vaste leraar nie en die verblyf van die vorige een was van sulke korte duur, dat 'n mens nie veel daarvan kon verwag nie. Daar was ook gedurig staatkundige beroeringe in daardie dae.

Hy self gee 'n belangrike verslag van sy werksaamhede. Elke drie maande het hy vier of vyf weke met huisbesoek deurgebring in 'n omtrek van omtrent ses of agt myl. In die tyd het hy twee maal op 'n dag godsdiens gehou en

elke/.......

1) Te Utrecht by Willem van Yzerworst, 1804.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

elke Sondag drie maal. Die dienste is deur christene sowel as heidene bygewoon en hy het die geleentheid te baat geneem om die christene hul plig teenoor die heidene op die hart te druk. Wanneer hy op die dorp is, het hy Sondagmôre in die kerk gepreek voor 'n aansienlike gemeente van christene en heidene, terwyl hy saans meer besonder vir 130 tot 200 heidene, wat in die oefeninghuis bymekaar gekom het, diens hou. Op Maandag het sy vrou [1] 'n byeenkoms met die vroue gehou, omtrent vier-en-twintig in getal, waaronder ook gedoopte heidene. Elke suster het beurtelings gebid by die begin en aan die einde van die samekoms en 'n ander het 'n hoofstuk uit die Bybel of 'n godsdienstige boek gelees, waaroor dan onder mekaar gesels is. Ook het hulle liedere ter eer van die Heiland gesing. Op Woensdagaand het hy 'n soort van leesgeselskap in die oefeninghuis gehad, wat deur die christene sowel as heidene in groot getalle bygewoon is. Dit het met gebed begin, gevolg met Skriflesing en 'n toespraak oor die geleesde terwyl die diens met gebed weer afgesluit word. [2]

Op Saterdagaand hou hy 'n skrifuitlegging vir drie - a vierhonderd mense, van wie vele drie of vier myl gekom het om die godsdiensoefening op die Sondag by te woon. Sy doel was om te verhinder dat sy lede die aand in ledigheid deurbring. Op die eerste Maandag in die maand was daar 'n bidstond. By die kwartaallikse nagmaalsdienste was die kerk gewoonlik propvol. Die fees het Vrydagaand in die Oefeninghuis begin en Saterdagmôre is die Voorbereiding waargeneem in die kerkgebou. Die aand dien die oefeninghuis weer tot plek van aanbidding. Die aksiediens Sondagmôre duur van/......

---

1) Hy is later met Mej. Johanna Bosman getroud.

2) Transactions of the Missionary Society III. 413.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van drie tot vier uur, omdat daar soveel kommunikante was. In die aand verskuif die gemeente na die oefeninghuis om die rusdag in aanbidding af te sluit. Nog is die einde nie, want Maandagmôre geskied die nabetragting, terwyl die aand aan die sing van geskikte liedere gewy word. 1)

Wat 'n program vir enige evangeliedienaar! Hoe gunstig steek dit af by die werksaamhede van die meeste leraars van daardie tyd wat Sondae twee keer die kerk oopgesluit en met Nagmaal twee of drie erødienste bygevoeg het. Geen wonder dat so'n ywerige en toegewyde bediening geseënde vrugte moes afwerp. Na ses jaar het hy 1500 lidmate gehelp om belydenis van die geloof af te lê: „Whether the professions of many among them be sincere, is best known to God alone; I have however the satisfaction to observe that many are strongly convicted of the state of condemnation and sin in which they stand before God," is sy nederige kommentaar.

Sy kollega dr. van der Kemp skryf van sy sukses in 1809: „Brother Kicherer again visited this district, to preachtto the christians (so called)..... There seems to be a stir among several who heard him, and who are by the enemies of religion termed mad, which is a favourable sign. Some are coming to our place to hear the Word, who were before our most inveterate enemies." 2) Maar ds. Kicherer se sendingbeleid het in baie opsigte verskil van dié van van der Kemp. Waar Bethelsdorp gekenmerk was deur luiheid en vadsigheid, het Kicherer sy bekeerlinge aangespoor tot 'n werksame lewe. Daarvan getuig die verslag van die kommissie van Ommegang aan Sir John Cradock: „At Graaff Reinet there has been a clergyman for some years past who in this respect has been very zealous in his endeavours;
the/......

1) Idem, 415.

2) Transactions: Annual Report of Bethelsdorp (1809) xxii. 293.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

the desire to learn is very visible. [1]

Dieselfde Kommissie sê van sy werk in 1812: „The zeal of the inhabitants to attend public worship is particularly remarkable there, even many of them take the trouble to come up to the church with their families eight or ten hours with a horse waggon, so that there seems to be a general respect for religion.... all of which is to be attributed to the indefatigable zeal of the clergyman there, who has so deservedly attracted the general approbation and confidence." [2]

Wat die aard van Kicherer se prediking betref is daar tekens dat dit Piëtisties gekleurd was. In sy „Relaas" vertel hy hoe hy op die sendingstasie begin het om sy hoorders te oortuig met voorstellinge wat tot hulle verstand gerig was, maar dat daar geen sukses op sy pogings was nie. „Wy sloegen toen eenen anderen weg in; wy spraken voornamelyk van Christus liefde tot in den dood, op de eenvoudigste en aandoenelykste wyze: wij stelden Hem voor als den Algenoegzamen Vriend van verloorene en hulpelooze Zondaaren...." [3] Die Morawiers het altyd gedweep met die wonde en lyding van die Here Jesus. Net soos dr. van der Kemp moes ds. Kicherer in die besonder deur hulle beïnvloed gewees het. Hy vertel dikwels hoedat die hoorders na die prediking met trane in die oë na hom gekom het, sodat dit lyk of hy deurgaans nie die verstand in die eerste plek wou voed nie, maar hom ook tot die gevoel van die gemeente gerig het.

In 1813 is hy na Tulbagh verplaas waar hy in 1826 oorlede en in die ou kerk begrawe is. Johannes van Gogh het van hom 'n portret geskilder en onderaan staan 'n gedig/......

---

1) Theal: Records, ix.71.
2) Idem viii.297.
3) Berichten van den Predikant Kicherer, 39.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

gedig, wat 'n paslike opsomming van sy lewe gee:

„Geen duyzend zagte vriendschapsbanden
Geen goed, geen bloed, geen lof, geen eer,
Geen oceaan, geen woeste stranden
Bewoog zijn hart, hy volgt zyn Heer." 1)

HOOFSTUK 15/......

1) Die Huisgenoot. 18 Jan. 1924.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## HOOFSTUK 15.

## DS. JOHANNES PETRUS SERRURIER.

### Sy afkoms.

Dat die hele tweede deel van die neëntiende eeu nie deur die Piëtisme oorheers was nie, maar dat ander predikers, naas di. H.R. van Lier en M.C. Vos, opgetree het, wat geen tendense van daardie aard openbaar het nie, is 'n feit wat verder moet beklemtoon word. In 'n volgende afdeling sal ons sien dat ds. M. Borcherds selfs in heftige reaksie teen die Piëtisme van die sendelinge opgekom het. Ds. J.P. Serrurier, wat vir meer as twee-en-veertig jaar in die hoofstad gestaan en selfs as kollega van van Lier diens gedoen het, toon ook geen verwantskap met die Piëtistiese stroom nie.

Daar was vroeër baie min bekend gewees van hierdie leraar. In 1826 het ds. Abraham Faure, redakteur van Het N.Z.A. Tydschrift, sy lesers om meer besonderhede van Serrurier gevra, „want", het hy bygevoeg „wij zouden daardoor met veel belangryks voor de geschiedenis dezer oorden bekend worden." 1) In sy tweede tydskrif het hy in 1839 'n preek van hom geplaas met die kommentaar dat hy van geen ander preek van Serrurier weet wat bewaar gebly het nie en dat hy meen dat hy die lesers wat die leraar geken het, 'n diens bewys deur die leerrede weer te gee. 2) Daarin het Faure egter fouteer, want daar bestaan altesaam vier preke van Serrurier, waarvan ons kennis dra .

Die familie Serrurier is afkomstig uit die staatjie Hanau in Duitsland. Dit wil egter nie sê dat die jonge Johannes/........

---

1) N.Z.A.T. 1826, 12.

2) De Honigby 1838, 1839. 139.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Johannes Petrus 'n Duitser van geboorte was nie, want Hanau het aan Nederland behoort en daar is Hollands gepraat. Sy vader was predikant van Hanau en saam met hom het drie broers, Daniel, Philippus en Jan Jacob die voetstappe van die vader gevolg om evangeliedienaar te word. Die seuns het almal hul opleiding aan die hoëskool van Leiden geniet,[1] en twee van hulle sou later met Johannes Petrus aan die Kaap in kerklike korrespondensie tree. Laasgenoemde is deur die Classis van Amsterdam peremptoir geëksamineer en op 7 Mei 1759 gekwalifiseer „synde een jongeling, die door den Heere veel gaven zijn toegedeeld." [2]

Daarna het sy kop Kaaptoe gestaan. Op 19 April 1760 rapporteer die Kerkraad van Kaapstad aan die Classis dat „den Eerw. Heer Jan Pieter Serrurier, by sijn Eerw. gelukkig arrivement alhier, door den Edl. Heer Gouverneur ende Agtb. Raadt op ordre van onse Heeren ende Meesters, is aangestelt tot tweede vaste leeraar aan deese onse hoofdt-plaats, niet twyffelende, ofte Sijn Eerw. zal een gelukkig werktuijg in Godts hand sijn, tot uijtbreydinge van Messias Koningryk." [3] Hy het egter nie lank tweede predikant gebly nie, want ds. J.F. Bode het weer van Waveren teruggekom en hy word dus derde leraar van die Kaapstad. [4]

Daar was heelwat moeilikheid met sy aanstelling. Die Classis beskuldig Serrurier van voorbarigheid en ontydige ywer, by „die by ons geacht en geliefd, en zulk eene standplaatse anders wel waardig." Hy het gemeen „op een abusiev begrip" beveeg te wees om die aanstelling aan die Kaap te „sollicitteeren". Die Classis beskou sy gedrag as 'n gebrek aan/........

---

1) Van der Aa: Biographisch Woordenboek xvii.626, 627; vir Jean Pieter Serrurier sien Stud. Album Kol. 1041.

2) Spoelstra II.118.

3) Idem I.291.

4) Idem I. 295.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

aan deursig en volg daarom geen bestraffing daarby nie, maar hoop dat di. Serrurier en Bode in die toekoms hartelik sal saamwerk. [1]

Op 27 April 1760 hou hy sy intreerede oor Efese 6 v. 19: „En bidt voor mij, opdat mij het woord gegeven worde in de opening mijns monds met vrijmoedigheid, om de verborgenheid van het Evangelie bekend te maken", terwyl hy met die volgende woorde afsluit: „Aanschouw hier, waarde gemeente, uw leeraar die niets anders beoogt dan u rijk te maken in Gode." [2] 'n Mens kry die indruk dat hy getrou was aan hierdie oogmerk tot aan die einde van sy bediening in 1802. Op 3 Februarie 1819 het hy die tyd met die ewigheid verwissel.

Gedurende sy lange ampstermyn het ds. Serrurier baie wisselinge in die staatslewe meegemaak, veral in die jare tussen 1795 - 1806 en het die Kaap telkens van besitter sien verander. Sy naamtekening kom in die kerkboeke telkens voor, waar hy as predikant in die hoofstad met belangrike sake te doen gehad het. As scriba van die kerkraad korrespondeer hy met die Classis van Amsterdam, terwyl hy in die godsdiensverslae kykies in die kerklike lewe van daardie dae gee.

In die eerste jaar na sy aankoms kla hy in sy verslag, net soos van Lier dit kort daarna moes doen, oor „eene sorgeloose laauwheid aan die van Laodicea gelyk." Natuurlik daar is darem altyd nog die klein klompie „die het beproevde goud ende de witte klederen van Hem, die de getrouwe en waaragtige getuige is, koopen." [3] By al die teleurstellende gevaartekens wat die einde van die regime van/........

---

1) Idem II.120, 292, 293.

2) A. Dreyer: Historisch Album van de Ned. Geref. Kerk in Z.A. (Kaapstad 1907) by „J.P. Serrurier."

3) Spoelstra I.294.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

van die Oos Indiese Kompanjie voorspel het, was daar nog ligpunte in die kerk aan die einde van die agtiende eeu. Die Here het „nog niet geheel met Zijn Geest en genade uit het midden van ons geweeken" sodat daar van tyd tot tyd enige gevind word wat tot die gemeente toegevoeg en salig word. 1) Al is die prediking van die Woord vir vele vrugteloos, „aan anderen verstrekt het tot een zaat der wedergeboorte, waaruit vruchten des geloovs en der bekeeringe waardig voorkomen, en denzelven dus bevonden werdt te zijn tot eenen reuk des levens tem eeuwigen leven." 2) 'n Mens is bly dat ds. Serrurier in dié voege kon getuig van seën, maar tog blyk dit of opvallende bekerings voor die tyd van van Lier 'n seldsame verskynsel in die gemeente was.

Uit die ander amptelike briewe blyk dit dat die kerkraad van Kaapstad in 1763 aan die kerk in Gulick (Duitsland) 2,000 gulde tot steun gestuur het en dat Jan Pieter Serrurier die penninge moes oordra. Hy het van sy broer Daniel gebruik gemaak om die geskenk sy bestemming te laat bereik. Ds. D. Serrurier was scriba van die Classis van Amsterdam, een van die deputate ad res exteras en later selfs praeses van die Classis. 3) In die jare 1775 en 1776 was sy ander broer, Philippus, ook scriba van dieselfde Classis. 4)

As Prediker.

Ds. J.P. Serrurier moes 'n gevierde geleentheidsprediker gewees het, want telkens vind ons dat hy by 'n groot gebeurtenis die woord voer. In 1778 word besluit om die kerkgebou van 1704 te verander teen 'n koste van 60,000 gulde, terwyl die ervare beeldhouer, Antonie Anreith, 'n nuwe preekstoel uit die skoonste Indiese hout vervaardig.

By/.......

---

1) Idem I. 298.

3) Idem I.307.

4) Spoelstra I.136, II. 307, 149, 151.

4) Idem II. 172.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

By die inwydingsplegtigheid het hy opgetree. Agter die kansel staan 'n weggesteekte inskripsie: „De eerste predikatie daarvan gedaan door den oudsten Leeraar den Eerw. heer Jan Petrus Serrurier den 29ste Nov. anno 1789."

Met die afsterwe van die geliefde Goewerneur, Ryk Tulbagh, het die taak op hom gerus om die lykrede uit te spreek. Hierdie preek is in 1772 in Amsterdam in druk uitgegee, waaruit kan afgelei word in welke hoë agting Vader Tulbagh by die mense selfs in die vaderland gestaan het. Ds. A. Faure wat dit gedeeltelik in sy Z.A. Tydschrift publiseer, skryf: „geene taal kwam ons daartoe geschikter voor (nl. om die nageslag met die deugde van die oorledene bekend te maak) dan die van eenen man, wiens voortreffelijke leerredenen wij ons nog levendig te binnen brengen, en wiens nagedachtenis by eene dankbare nakomelingschap in zegening zal blyven." 1)

Hierdie lykpredikasie is 'n week na die heengaan van die Goewerneur in die Groote Kerk uitgespreek en het gegaan oor die woorde van Ps. 103 v. 15 - 17. Op twee dae na is dit nou twee jaar en drie maande, sê die prediker in sy inleiding, dat die oorledene die sewentig jaar-kerf bereik het en dat hy spesiaal van die kansel vir hom voorbidding gedoen het. Nou het die einde gekom. Die versoeking by elke grafredenaar is om die ontslapene se deugde breed uit te meet, maar die Goewerneur was altyd teen vleitaal gekant en wat meer is „aan de waarheid, welke wij hulde gedaan hebben, en die ons dierbaarder dan alles is, moet deze Leerstoel alleen geheiligd blyven." By die begrafenis van 'n ander Landshoof het hy dieselfde aanmerking gemaak en toon dat hy die waarde en waardigheid van die kansel hoog geskat het.

Die/.........

---

1) N.Z.A.T. 1826. 12 - 20.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die vroegste preke, op Afrikaanse bodem uitgespreek, bevat gedurig sinspelinge op gebeurtenisse in Nederland afgespeel, want daar het 'n baie noue verband tussen die twee lande bestaan. Wanneer Serrurier die kinderjare van Tulbagh in herinnering bring noem hy Bergen-op-Zoom „welker gedagtenis te levendiger in het geheugen wordt bewaard, door het streng beleg, en de gansch onverwagte wijze op welke dezelve, in den laatsten oorlog, in welken ons vry Gemeenebest is ingewikkeld geweest, in de handen van den Lelie Vorst is vervallen." Dit is 'n verwysing na die Oostenrykse Suksessie-oorlog; die „Lelie Vorst" sien op Frankryk wie se wapen van die Middeleeue tot die Franse Rewolusie drie lelies bevat het.

Die prediker sluit sy grafrede as volg af: „Vaar wel, vaar eeuwig wel, Geliefde Tulbagh, Gy zult voor onze oogen niet meer ingaan en niet meer uitgaan, maar door Uwe verdiensten zult gij langer in onze harten leven, dan of dezelve in van de prachtigste Grafnaald het hardste marmer gegraveerd waren. Nog lang zal, nog lang moet Uwe gedachtenis by ons in zegening blyven."

Nog 'n ander lykpredikasie is deur hom 'n anderhalwe jaar later uitgespreek en wel die van die Goewerneur van Reede van Oudtshoorn. [1] In sy voorafspraak roep hy uit: „O inwoonders van deeze plaatse, van dit land! het is heden juist 20 maanden dat ik U van deeze plaatse moest aanzeggen, O wee onzer, want onze plaage is smertelijk wanneer de onverbiddelyke bode der Eeuwigheid onzen waardigen, onzen

billyk/........

1) „Lykreden over den Hoogwelgeboren, weledelen Gestr. Heer Pieter Baron van Reede van Oudtshoorn, Heer van Oudtshoorn, Gnephoek en Ridderbuurt, Gouverneur en Directeur van Cabo de Goede Hoop, overleden aan Boord van het E. Comp. schip Azia, op de Reize uit Europa naar Cabo de Goede Hoop, den 23 January 1773, en aldaar plegtig begraven den 17 April. Uitgesproken den 18 van dezelve maand. Door Johannes Petrus Serrurier, bedienaar des Goddelyken Woords, aan Cabo de Goede Hoop. Te Amsterdam by H.W. en C. Dronsberg."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

billyk algemeen geliefden Tulbagh van ons had weggerukt...." Sy opvolger is hierdie keer betref. „En waarom helaas! moet het my wederom ten deele worden, om deeze rouwmare in dit Heiligdom te verkondigen? En hoe zoude ik 'er evenwel van konnen zwijgen?"

Die teks uit Openb. 2 v. 11 word in fyn besonderhede geëksegetiseer om in die toepassing die loopbaan van die ontslapene te skilder. As opperkoopman het hy in Suid-Afrika begin, daarna Independent Fiscaal geword en later tot Secunde of Tweede Bevelhebber gepromoveer. Hy vertrek in 1766 na Nederland om sy ontslag te ontvang. Met die dood van Tulbagh tree hy weer tot die Staatsdiens toe en word tot Goewerneur van die Kaap aangestel, maar beswyk onderweg.

Baie Kapenaars sou Serrurier se loflike getuienis van Utrecht, die geboorteplek van Van Reede van Oudtshoorn, wil onderskrywe: „Ik zeg met oogmerk het gezegende Utrecht, omdat dit kweekschool der zich in allerlei weetenschappen oeffenende Jeugd, en dus ook van jonge Mazireërs, boven anderen den lof heeft, dat ongeveinsde Godzaligheid ook onder menschen van den eerste rang, binnen derzelver muuren in groote hoogachting is, en het werk des geestes gezegd wordt zich daar vruchtbaar te betoonen, tot uitbreiding van de Koninkryk der genade." Ettelike Kaapse predikante het daar hul opleiding geniet.

Maar omtrent die Goewerneur self volg daar ook 'n mooi getuienis: „Hy was Christen, een yverig voorstander van onze zuivere hervormde waarheid en een naarstig voorbeeld in de bywooninge van den byeenkomsten der heiligen." Gelukkige land wat oor sulke kerkvaste leiers beskik!

Sy waarde is egter ook in die buiteland erken, want toe hy een keer buite die grense van Nederland was en terug-

keer/......

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

keer om „zijne plegtige intreede op de Heerlijkheid van Oudtshoorn" te doen, is 'n preek ter ere van hom aldaar gegee, wat later die lig in drukvorm gesien het. [1)]

Daar bestaan nog twee ander leerredes uit 'n later tydperk van Serrurier. Die eerste dateer van 26 Junie 1800 toe die oefeningshuis van die nuwe Sendinggenootskap in die Lange straat ingewy is. [2)] Sy teks uit 1 Tim. 7 v. 7, 8 „Oefen jouself in die godsaligheid, ens." is 'n fyn sinspeling op die „oefeningshuis" en word dwarsdeur goed benut om die doel van die nuwe gebou te verduidelik. Veral word 'n pleidooi vir die godsaligheid gelewer en sy deugde besing.

Toe de Mist wat die sendelinge nie so gunstig gesind was nie, na die grensdistrikte afreis, het sy plaasvervanger Janssens verlof tot die oprigting van die gestig gegee. Dit word vertel dat toe Komm.-Genl. de Mist van die inwyding van die gebou gehoor het, hy in toorn uitgeroep het: „Mag vuur van die hemel neerkom en dit verteer!" Die kroniekskrywer van die Z.A. Tydschrift wat hierdie besonderheid meedeel voeg daarby: „Maar wat hy as 'n kwaad gewens het, het in goed verander. Die vuur van God het neergedaal en - soos ons vertrou - die hart van menige sondaar versmelt." [3)]

Vier jaar voor sy dood het Serrurier nog as feesredenaar opgetree by die ingebruikneem van die nuwe weeshuis van Kaapstad. Hierdie feesrede is in 1815 in die hoofstad gedruk en tot voordeel van die weeshuis uitgegee. [4)] Die doel van sy hele betoog is „om u naar het voorbeeld der Godheid belang te doen nemen in het lot van zulke deernis-

waardige/......

---

1) Ons het nie geslaag om dit in hande te kry nie.

2) De Honigby 1838, 1839. 193 v.v.

3) N.Z.A.T. 1824. 25; du Plessis: History of Christian Missions, 95.

4) „Eene Leerrede uitgesproken op Dingsdag den 26 September 1815, by gelegenheid der Inwyding van 't gestigte weeshuis aan de Kaap de Goede Hoop, door den weleerw. Heer J.P. Serrurier."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

waardige voorwerpen, ten nutte van welke dit Gebouw voornamelijk gestigt is, om arme en hulpeloose weezen in hetzelve optenemen, te onderhouden, te verzorgen, optevoeden, en onder Gods zegen tot nuttige leden voor de tezamenleving te vormen." Hierdie leerrede is uiters landradig en styf. Ingewikkelde definisies word bv. gegee van sulke gewone begrippe soos „wees", „ontferm" en „armes".

Dit is jammer dat ons nie oor meer preekproewe van ds. J.P. Serrurier beskik nie. Dit tref ons egter dat met die materiaal voorhande, metodologies beskou, daar 'n verskil is tussen die twee lykpredikasies vroeg in sy loopbaan uitgespreek en die laaste twee aan die aand van sy lewe. Dit lyk of daar in die verloop van jare 'n wysiging in sy preekbou gekom het. Die begrafenisrede oor van Reede van Oudtshoorn is suiwer analities opgestel: die woorde van die teks word een vir een ontleed en laat dink aan die preek van ds. J.F. Bode. Die twee leerredes van die begin van die neëntiende eeu is meer analities-sintetties saamgeflans, terwyl die weeshuis-rede selfs na die sintetiese oorhel.

Sy teks, Hos. 14 vs. 4: „Immers zal een wees by U ontfermd worden" staan in verband met die drangrede in die mond van die skuldige Israel, wat deur God met wraak bedreig word en wat belowe dat hulle nie meer by Assur hulp sal gaan soek nie, nee, soos wese voor God in die toekoms sal wees. Maar die prediker wil die woord nie in sy oorspronklike en geestelike betekenis opneem nie. „Ons tegenwoordig bestek vordert niet, dat wij onze afgelezen woorden in dit verband en naar het eigentlijk oogmerk van den Profeet verklaren. Wij zullen dezelve beschouwen, en dit voldoet aan ons doelwit in het afgetrokkene, zoo als die op zich zelven ons deze onbetwisbare waarheid voorstellen, dat een wees by God wordt." 1) Hierdie manier van doen is homileties/.......

1) Leerrede p. 12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

homileties nie te regverdig nie, want die teks word nie in sy eintlike verband beskou nie. Hy kon dan veel liewer Jak. 1 v. 27 tot teks gekies het, wat die plig teenoor die weeskind as sodanig behandel.

In die lig van sy laaste twee leerredes beskou, vorm Serrurier tussen hierdie en die volgende afdeling van ons studie 'n gepaste skakel. Die ou Hollandse metode het al meer plek gemaak vir 'n nuwere.

Wat die materiële betref is dit moeilik om uit die powere materiaal ds. J.P. Serrurier se teologiese rigting te bepaal. Een saak is seker, hy is geen Piëtis nie; in die twee laasgenoemde preke word die naam van Christus nie eers genoem nie. Daar is eerder spore van die „redelike godsdiens." Hy praat dikwels van die „Hoogste Opperwezen" of die „Allerhoogste Wezen" as die naam vir God, wat baie laat dink aan die taal van die Kerkorde van De Mist. Verder hoor 'n mens dikwels van jou plig bv. om jou te oefen in die godsaligheid en die weeskind te eer.

Daar is nog 'n aanduiding hoedanig die aard en voordrag van sy prediking was. Dit word meegedeel dat toe ds. J.F. Berrangé in 1843 die eerste Sondag na sy legitimasie in die Kaapse kerk, volgens die ou gewoonte, in die Kaapstadse kerkgebou opgetree het, ds. T.J. Herold gesê het dat hulle vandag weer vir ds. J.P. Serrurier gehoor het. Wat was dan die besondere kenmerke van J.F. Berrangé se voordrag? Ds. E. de Beer noem hom een van die grootste redenaars in die Ned. Geref. kerk van S.A.. 1) „Toen hy in 1843 uit Holland aankwam, weergalmde Kaapstad van den roem des jongen mans die op den kansel sprak, sooals nooit een mensch tevoren te Kaapstad had gesproken, en de scharen verdrongen/.......

1) Ambtsbroeders naar den Hemel verhuisd, De Vereeniging 11 Jun. 1908, p. 393.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

verdrongen zich overal waar hy optrad." Hy vergelyk hom by die grote van der Palm, terwyl sir William Porter meen dat hy selfs vir dr. Chalmers van die Skotse Kerk nie hoef onder te doen nie. [1)]

As hierdie kenmerke aan J.P. Serrurier se woordverkondiging eie was, dan het die geheim gelê meer in die krag van sy persoonlikheid, in die vermoë om met die gesproke woord die gehoor weg te sleep, as in die karakter van sy preke self. Die paar leerredes tot ons beskikking laat hom nie juis veel uitmunt bo andere nie.

AANHANGSEL/.........

1) The Porter Speeches 1839 - 1845 (Cape Town 1886), uitgespreek op 7 Nov. 1843.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

# AANHANGSEL.

## LYKPREDIKASIES.

Met die aanvang van die hervorming was dit die gewoonte om, volgens die Engelse liturgie, vir alle afgestorwenes by die graf 'n lykrede te hou. So vind ons agter in die oudste Psalmberyminge 'n voorskrif omtrent lykpredikasies bv. in dié van Johannes Uytenhove (London 1566): „In den lyekprediken houdt men ghemeinlicken der Ghemeijnte voor dese stucken: hoe de doidt ingekomen sy door Adam, ende wederomme door Christum weghghenomen; van der opstandige des vleesches ende den eeuwighen levens; Item van der ongewissheit onses levens ende dage onses stervens ende dat derhalven een ieder denselven in bestandigen geloive, met waken ende bidden verwachte." [1]

Hierdie gewoonte was egter van korte duur, want in 1574 het die Sinode van Dordrecht gebied om „de lijkpredikatiën met groote voorzichtigheid (zoekende de opbouwing der kerken) af te setten, en daar zij niet ingevoerd waren niet in te voeren, om de gevaren der superstitutiën daaruit te kunnen vermijden." [2] Hierdie laaste sinspeel op die Roomse bygelowe. Die Gereformeerdes het sterk op hul standpunt gestaan dat hy wat sterwe ophou om lid te wees van die strydende kerk op die aarde en oorgeplant word in die triomferende kerk in die hemel. Aan die gestorwenes kan deur die kerk op aarde die Woord nie meer bedien word nie. [3]

Die Sinode van 1578 het die bogemelde besluit bevestig met 'n byvoeging dat waar geoordeel word dat die

begrafenisrede/....

---

1) Schotel: De Openbare Eeredienst, 348.

2) Idem, 347.

3) Dr. J.D. du Toit: Die Kerkblad, 9 Aug. 1946, oor „Begrafenisse".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

begrafenisrede tot nut kan dien, dit geduld moet word „mits dat se meer eene forme van onghepremiteerde vermaning dan van een predikatie..... hadden." So het die lykpredikasie al gaande tot 'n end gekom. In die Acta van die Kerkraad van Dordrecht, 3 Aug. 1578 staan omtrent die begrawing van 'n vrou van Antwerp aangetêken „dat de lyk-predikatiën hier en ook in andere steden afgestelt sijn van wegen der superstitie en quade consequentie, die men daer uyt besorget heeft." 1)

Die Sinode van Middelburg 1581 en van Den Haag 1586 het in dieselfde trant hulle uitgespreek en so het dit gevolg dat Dordt 1618 - 1619 die voorafgaande besluit in die Kerkorde Art. 65 as volg vasgelê het: „Daar deLijk-Predikatie niet en zijn, sal men se niet instellen; Ende daarse nu alreede sijn aangenomen, sal neerstigheijd gedaan worden om deselve met de gevoelijkste middelen af te doen."

Die besware wat die genoemde sinodes voel druk het, was van 'n tweërlei aard: (1) die gevaar dat die eenvoudiges die gebede wat in verband met die begrafnis gedoen word, gaan beskou as 'n voorbede vir die afgestorwenes. Daarom is in 1581 besluit om die „dankseggingshe by den begraeffenisse der dooden" agter in die Kategismus weg te laat; 2) (2) dat „de lof der afgestorvenen" alte seer verkondig word, terwyl die ontroerende erns van die dood op die agtergrond raak.

Is die lykredes op die leke afgeskaf, dié op vorste, vername magistraatspersone en predikante het bly voortbestaan. In sommige van hierdie predikasies is die afgestorwene so bewierook, dat dit sowel vir die redenaar as die dode tot oneer gestrek het. Enkele weer bevat treffende karaktersketse en roerende beskrywinge van sterfbeddens, sodat/.......

---

1) Schotel a.w. 347.

2) Van Oosterzee: Practische Theologie (1898) II. 141.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

sodat dit vandag nog met stigting gelees kan word. Tot die laaste behoort die lykrede van Hellenbroek op Wilhelmus á Brakel oor Pred. 12 v. 5. [1]

Die lykpredikasies op vername persone is gewoonlik op die eerste Sondag na die begrafnis in die kerkgebou uitgespreek, maar by die gewone teraardebestelling van grotes en vernames is slegs 'n diens by die graf gehou, waar 'n kort hartelike woord gedoen is. Dit is nie in die strenge sin 'n „kerklike begrafnis" nie, al word die predikant uitgenooi om die stoet na die graf te volg; die beskouing was dat 'n begrafnis die privaatsaak van die naaste familielede is.

Wanneer begrafnisse vandag dus vanuit kerkgeboue waargeneem en lykpreke uitgespreek word, soos in baie gemeentes die geval is, is dit nie in lyn met die ou geskiedenis nie.

Aan die Kaap is die gebruike van Holland in dié verband ook gevolg. „Civil servant" wat in 1822 [2] 'n besoek daar afgelê het skryf dat die begrafnis gewoonlik een dag na die oorlyde van die persoon geskied het, en wel omtrent vyf uur in die namiddag. Die aanwesiges word by die sterfhuis ontvang en met verversings trakteer. Die ondernemer verskyn en nooi die mense om die kis te volg, die naaste familie voorop. „No clergyman attends professionally, nor is any church service performed, on the principle that, the spirit having left the body, what remains is only worthless dust." [3] Hy maak geen melding van 'n toespraak by die graf nie, want dit het nie geskied nie.

Later/......

---

1) Schotel a.w. 349.

2) Ons sal by „lykpredikasies" nie weer stilstaan nie, dus oorskry ons die tydsgrense van hierdie periode 1750-1800.

3) State of the Church in 1822, 169. Ds. J.R. Albertijn vertel dat daar nie 'n woord gespreek of uit die skrif gelees is, 'n vers gesing of gebed geuiter nie. Die predikant is nie teenwoordig nie. Die koster spreek 'n woord van dank aan almal, Leven en Preken, 28.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Later egter het hulle begin toesprake hou by die graf. 'n Voorbeeld hiervan vind ons uit die pen van ds. P.E. Faure toe sy Oom, Abraham Faure, in Kaapstad oorlede en begrawe is. [1] Dit is geen preek nie, maar soos aangedui, 'n toespraak. Nadat hy sy teks noem nl. „En Abraham gaf den geest en stierf in goeden ouderdom, oud en des levens zat en hy werd tot zyne volken verzameld", gee hy net 'n praatjie oor die lewe van die oorledene aan enige vriende wat versamel is rondom die graf.

In teenstelling met die toespraak wat onoffisieel by die graf uitgespreek word, vind ons die lykpredikasies wat by die uitvaart van eminente volk- en Kerkleiers in die kerkgebou gelewer is. Proewe hiervan het ons uit die mond van ds. J.P. Serrurier op die dood van Vader Tulbagh en Goewerneur van Reede van Oudtshoorn verneem. Nadat die teks in besonderhede behandel is word slegs in die toepassing iets oor die loopbaan van die oorledene vermeld.

Behalwe oor heengegane staatshoofde, is ook oor gestorwe leraars gepreek. 'n Voorbeeld hiervan is die lykrede van ds. J. Scholtz van Zwartland by die heengaan van ds. H.W. Ballot op Tulbagh in 1814. Sy teks is uit Heb. 13 v. 7: „Dink aan julle voorvangers wat aan julle die woord verkondig het", wat hy met groot noukeurigheid aan sy gehoor verhandel. Hy bepaal hom egter nie net in die toepassing by die lewe van die heengegane leraar nie, maar bring dwarsdeur die preek voorbeelde aan hoe ds. Ballot getrou die Woord gebring het. [2]

Die/........

1) Toespraak aan eenige vrienden by de ter aarde bestelling van het stoffelijk overschot van den wel-edelen Heer Abraham Faure, Senior, overleden in Tachtigjarigen ouderdom in de Kaapstad op Maandag nacht, den 12 October 1846 (Kaapstad 1847). Vir nog 'n voorbeeld sien die rede deur ds. T.J. Herold met die dood van Mevr. D.J. van Ryneveld op 31 Mei 1855, in K.B. 1855. 248.

2) N.Z.A.T. 1828, 1 - 12.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

Die invoering van lykredes by gewone sterfgevalle het offisiële aanksie verkry by die Sinode van 1852. Op 'n vraag van dr. S.P. Heyns wat die beleid van die kerk is, word verklaar dat die leraars vryheid het om, as hulle dit nuttig en nodig oordeel, by die begrawe van gestorwenes 'n lykdiens te verrig. 1)

Proteste hierteen is van tyd tot tyd verneem. Ds. J.J. Beck van Tygerberg beskou dit in 1859 as 'n nuwe en ongewensde gewoonte. „De leeraar door ondervinding geleerd", staan in sy notule, „twijfelt grootelijks of aan het doel van het houden van lijkredenen wel wordt beantwoord. Liever vermeent hy dat de opspraak een geest van wrevel opwekt, waardoor de gewigtige godsdienstige belangen in de gemeente lijden." 2)

Ds. G.W.A. van der Lingen spreek hom ook ten sterkste daarteen uit. Hy het die wens ontboesem dat hy sy begrafenis so iets nie moes plaasvind nie. Net 'n gesang is by die ope graf gesing. Die Sondag daarna het ds. D. van Velden 'n behoorlike rede aan die nagedagtenis van die oorledene gewy. 3)

Toe ds. S.J. du Toit besluit om sy Geref. Kerk onder die kruis in Suid-Afrika te stig, was een van die besware teen „lykredenen" en word dit in 1910 deur hom afgeskaf. 4)

BESLUIT/........

---

1) Acta Synodi 1852, Sessie 18.
2) Dreyer: Kerksouvenir van Durbanville (Kaapstad 1926), 54.
3) M. de Villiers: Leven en Arbeid van G.W.A. van der Lingen, 290.
4) Notulen van Byeenkomsten van de Gereformeerde kerken onder het Kruis, 21 Feb. 1910.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## B E S L U I T.

Teen die dorre Skolastiek van die Nederlandse kerk het daar deur die Voetiaanse en Coccejaanse prediking al meer verset gekom. Hulle het hulle nie slegs tot die verstand van die hoorder gerig nie, maar ook die wil en die hart geraak. Wysgerige bespieëlinge en controversiae het van die kansel verdwyn om plek te maak vir 'n eenvoudige en lewende boodskap. Die psigologiese element is deur die Coccejane veral ingevoer, sodat die preek nie 'n droë betoog was nie. Die Gereformeerde Piëtisme het nou in Holland gebloei.

In Suid-Afrika is hierdie selfde verskynsel in die kerklike lewe waargeneem, veral gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu. Teen die vormelike godsdiens en verstandsprediking is al meer stemme van protes opgegaan. Besonder welkom was dus vir sommige die kanselklank wat daar van sekere sieketroosters en predikers verneem word en wat deur sekere Piëtistiese boekies versterk is. Daar was 'n nuwe geluid in die prediking. Di. van Lier en Vos het in Holland met die frisse stroom kennis gemaak en aan die Kaap dadelik 'n opskudding verwek. 'n Falanks van oefenaars en sendelinge het hulle opgevolg om die nuwe gedagtes en nuwe manier van Woordverkondiging by die volk ingang te laat vind.

Na die formele beskou was dit nog dieselfde preekmetode van ouds, nl. die analitiese, maar die gees en aksent was anders. Daar was 'n warmte in die toon van die prediking wat in skrille kontras met die dorre intellektualistiese van vroeër gestaan het. Die nuwe rigting was 'n histories-gewettigde reaksie van die gevoel teen die intellektualisme, van die subjek teen 'n versteende objekti-

visme/.........

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

wisme, van 'n warme lewe teen 'n verstarde leer. Van Lier en sy vriende preek dat bevindelike kennis nodig is en nie alleen letterkennis nie; alleen 'n persoonlike kontak met die Heiland kan jou in die hemel bring. Sendingprediking is ook voortaan aan die orde van die dag, soos dit tot uiting kom in sending, liefdadigheid en ywerige sielsorg.

Daar was egter ook 'n debiet sy aan die nuwe verkondiging verbonde. Deur 'n oordrewe klemtoon op die bevindelike godsdiens, het die subjektiewe element al te sterk na vore gekom en wou ds. van Lier bv. elke leerrede 'n evangelisasiepreek maak. Daardeur is aan die verkondiging 'n geforseerdheid gegee. In die konwentiekels is daar uit die hoogte kritiek op die kerk en die amptelike gesag uitgeoefen, het daar 'n geringskatting van kerk en amp gekom en also die kerklike bewussyn by die gemeente ondergrawe. Oor die algemeen genome egter was die voordele van van Lier, M.C. Vos en hul skool baie meer as die nadele.

Dat die Piëtisme egter nie die enigste geestesrigting of uitdrukking van die amptelike godsdiens van die kerk aan die Kaap gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu was nie, blyk uit die verkondiging van ds. J.P. Serrurier en ander predikers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## INHOUDSOPGAWE.

Inleiding 1

### AFDELING A.

### Periode 1652 - 1750.

### Predikers en hul prediking onder invloed van Dordt.

Hoofstuk 1. Die prediking in Nederland (1566-1750). 13

" 2. Die prediking van Sieketroosters en Voorlesers. 26

" 3. Kategismusprediking, kategese en belydenispredikasies. 39

" 4. Politiek op die kansel. 51

" 5. Die prediking onder die Hugenote. 66

" 6. Die preek in die erediens. 80

" 7. Die prediking en die staat van die godsdiens. 86

" 8. Proewe van enige predikers. 94

Besluit. 126

### AFDELING B.

### Periode 1750 - 1800.

### Predikers en hul prediking onder invloed van die Piëtisme.

Hoofstuk 9. Die Piëtisme in Nederland. 127

" 10. Piëtistiese reaksie-verskynsels aan die Kaap 140

" 11. Ds. H.R. van Lier. 155

" 12. Ds. M.C. Vos. 187

" 13. Die prediking van sendelinge en oefenaars. 211

" 14. Ds. J.J. Kicherer. 228

" 15. Ds. J.P. Serrurier. 237

Aanhangsel: Lykpredikasies. 248

Besluit. 253

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## AFDELING C.

### Periode 1800 - 1825.

### Predikers en hul prediking onder invloed van die Supra-Naturalisme.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofstuk | 16. | Kerk en prediking in Nederland. | 255 |
| " | 17. | Geestesrigtinge en godsdiens aan die Kaap. | 268 |
| " | 18. | Ds. Meent Borcherds. | 290 |
| " | 19. | Ds. J.C. Berrangé. | 306 |
| " | 20. | Ds. C. Fleck. | 316 |
| " | 21. | Ds. J.H. von Manger. | 335 |
| Besluit. | | | 354 |


## AFDELING D.

### Periode 1825 - 1860.

### Predikers en hul prediking onder die Voortrekkers.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Inleiding. | | | 356 |
| I. | Vas-aangestelde leraars. | | | |
| | Hoofstuk | 22. | Eerw. Erasmus Smit. | 357 |
| | " | 23. | Ds. Daniel Lindley. | 372 |
| | " | 24. | Eerw. J.L. Döhne. | 389 |
| | " | 25. | Ds. Andrew Murray, Jnr. | 396 |
| | " | 26. | Ds. D. van Velden. | 410 |
| | " | 27. | Dr. H.E. Faure. | 424 |
| | " | 28. | Ds. P.D.M. Huet. | 435 |
| II. | Besoekende leraars. | | | |
| | Hoofstuk | 29. | Wesleyaanse en Franse sendelinge. | 460 |
| | " | 30. | Ds. John Taylor. | 467 |
| | " | 31. | Ds. W.A. Krige. | 473 |
| | " | 32. | Die Eerste Sinodale Afvaardiging. | 478 |
| | " | 33. | Die Tweede Sinodale Afvaardiging. | 485 |
| | " | 34. | Preekreise van ds. A. Murray, Jnr. | 494 |
| | " | 35. | Die Derde Sinodale Afvaardiging. | 506 |
| | " | 36. | Leesdiens en Preekbundels. | 512 |
| | Besluit. | | | 525 |


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.

## AFDELING E.

### Periode 1825 - 1860 (voortgesit).

### Die Eerste Skotse Predikante en hul Prediking.


| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofstuk | 37. | Kerk en Prediking in Skotland. | 527 |
| " | 38. | Dr. George Thom. | 540 |
| " | 39. | Ds. Andrew Murray, Snr. | 550 |
| " | 40. | Ds. James Edgar. | 566 |
| " | 41. | Ds. Robert Shand. | 572 |
| " | 42. | Ds. Colin Fraser, Snr. | 588 |
| " | 43. | Ds. George Morgan. | 598 |
| " | 44. | Dr. W. Robertson. | 607 |
| Besluit. | | | 629 |


## AFDELING F.

### Periode 1825 - 1860 (voortgesit).


| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofstuk | 45. | By die Uitdraaipad. | 632 |
| " | 46. | Dr. A. Faure. | 647 |
| " | 47. | Dr. S.P. Heyns. | 662 |
| " | 48. | Dr. P.E. Faure. | 670 |
| " | 49. | Ds. P.N. Ham. | 681 |
| " | 50. | Ds. G.W.A. van der Lingen. | 697 |
| " | 51. | Ds. A.F. du Toit. | 731 |
| Besluit. | | | 740 |
| Samevatting. | | | 742 |
| Geraadpleegde werke. | | | 745 |


### Afkortings.

| | | |
|---|---|---|
| K.K.A. | = | Kaapse Kerkargief. |
| K.S.A. | = | Kaapse Staatsargief. |
| N.S.A. | = | Natalse Staatsargief. |
| O.V.S.A. | = | Vrystaatse Staatsargief. |
| T.S.A. | = | Transvaalse Staatsargief. |
| K.B. | = | Die Gereformeerde Kerkbode. |
| N.Z.A.T. | = | Het Zuid-Afrikaansch Tydschrift. |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019.